# ‘N POSTMODERNE, NARRATIEWE ONDERSOEK NA DISKOERSE OOR ROMANTIESE LIEFDE

ESME KEULDER
BA Komm, M. Bibl.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die vakgroep Sosiologie met spesialisering in Huweliks- en Gesinsvoorligting en – Beraad aan die Skool vir Gedragswetenskappe in die Fakulteit Vaaldriehoek van die Noord-Wes Universiteit.

STUDIELEIER: Dr H.W. Nell

VANDERBIJLPARK
NOVEMBER 2005

## OPGEDRA AAN:

As ek my vreemde liefde bloot moes lê,
Wat sou die vrome skenders van die skoonheid sê?
Sou hul met heilige verontwaardiging,
Besoedelde vingers God-waarts steek,
En na die selfregverdigende reiniging
Hul eer aan my kom wreek?
Of sou 'n sprank van hierdie vuur wat in my gloei
Ook hulle aanraak, sodat hul verstaan
Die liefde neem 'n duisend vorme aan?

III

Hierdie hunkering wat onophoudelik
Nou deur my gaan,
Is soos 'n siekte wat my onverbiddelik
Met lamheid slaan.
Ek verlang na jou
Soos die wind, tastend in die bome,
Soek na iets waarby hy stil kan staan.
Deur die haelwit dieptes van my drome
Is dit jy wat so verblindend gaan;
Maar by elke bittere ontwaking
Staar die lewe my met leë oë aan.

I.D du Plessis (1937)

# OPSOMMING

## Titel: 'n Postmoderne, narratiewe ondersoek na diskoerse oor romantiese liefde

Die doelstelling van hierdie skripsie was om mense se ideës en praktyke oor romantiese liefde in terme van hulle eie interpretasies en narratiewe, wat moontlik voorheen gemarginaliseer of ontken was deur bestaande sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse oor romantiese liefde, te ontdek en ontgin. Die studie het dus probeer om plaaslike, nie-wetenskaplike diskoerse oor die verskynsel van romantiese liefde, met 'n spesifieke fokus op die Tshwane area van Suid-Afrika, te ontbloot of te ontdek.

Om hierdie doelstelling te kon bereik het die navorser binne die postmoderne, sosiaal konstruktivistiese, narratiewe benadering gewerk. Bestaande sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse oor romantiese liefde is eers verken en bepreek. Dit het gedien as agtergrond waarteen die navorsingsbevindinge bespreek kon word. Deur van semi-gestruktureerde kwalitatiewe onderhoude gebruik te maak kon die navorser inligting oor plaaslike diskoerse en praktyke rakende romantiese liefde kry. Die inligting wat so bekom is, is kwalitatief evalueer ten einde die navorsingsresultate oor plaaslike diskoerse rakende romantiese liefde te kon blootlê.

Die navorsingsresultate steun die gedagte van die postmoderne, sosiaal konstruktivisme dat daar nie 'n enkelwaarheid is om die diskoers romantiese liefde mee te beskryf nie. Dit is nog 'n spesiale gevoel, nog is dit sommer net die beskrywing van gedragspatrone. Die belangrikste bevindinge van die studie sluit in dat mense se definisies van romantiese liefde verskillend is van persoon tot persoon. Die respondente se idees oor romantiese liefde is meer beïnvloed deur die voorbeeld van hulle ouers as deur die media. Ongeag die persone se definisie, het romantiese liefde 'n belangrike rol of funksie binne hulle verhoudings vervul. Negentig persent van die respondente was dit eens dat romantiese liefde oor tyd verander en in die meeste gevalle was die verandering 'n verdieping of verinniging. Sommige van die respondente het 'n onderskeid getref tussen liefde, verlief wees en romantiese liefde.

Die bevindinge van hierdie studie ondersteun die konsep dat romantiese liefde 'n verhouding tussen twee mense impliseer, wat uitgedruk en verstaan word deur die taal wat hulle daaroor praat.

# SUMMARY


## Title: A postmodern, narrative exploration of discourses about romantic love

The aim of this thesis was to describe, explore and uncover people's ideas en practices about romantic love in terms of their own interpretations and narratives. These narratives might have been marginalized or disclaimed by existing social, psychological and religious discourses on romantic love. The study attempted to discover local, non-scientific romantic love discourses, specifically within the Tshwane context of South Africa.

To accomplish this aim the researcher did this study within the postmodern, social constructivist, narrative approach. Existing social, psychological and religious discourses on romantic love were firstly reviewed extensively. It served as an essential backdrop to the qualitative analysis that was undertaken of the interviews. By employing semi-structured, qualitative interviews which were guided by broad themes that were identified during the literature review, the researcher was able to record local romantic love related discourses and practices. The data that was accrued was then qualitatively examined with the purpose of identifying and exploring current, local discourses related to romantic love.

The results of this research support the view of the postmodern, social constructivist approach that there is no single truth regarding romantic love. It is neither only a special feeling, nor is it just a description of behaviour patterns. The most important findings included that people's definitions of romantic love differ from person to person, but regardless of the definition romantic love did play an important role in their relationships. Their views on romantic love have been influenced more by their parents' example then by the media. Ninety percent of the respondents agreed that romantic love did change over time. Mostly the changes were a deepening or intensifying of romantic love. Some of the respondents made a distinction between love, 'being in love' and romantic love.

The results of this study supports the concept that romantic love implies a relationship between two people, which can only be expressed and understood through the language used to speak about it.

## DANKBETUIGINGS

Die voltooiing van hierdie skripsie sou nie moontlik gewees het sonder die insette en ondersteuning van verskeie mense nie. Daarom rig ek graag die volgende bedankings:

- My studieleier Dr Werner Nell. Ek is letterlik in sy hande gedruk ongeag sy eie doktoraal wat hy moes voltooi, en so met lof gedoen het! My innige dank Werner omdat jy sonder verwyt, met die grootste geduld vir my die onmisbare, kundige leiding gegee het wat ek broodnodig gehad het.
- Dr Ia Esterhuizen, dankie vir uitmuntende taalversorging.
- Al die dames van die Ferdinand Postma biblioteek, in die besonder mev. Hendra Pretorius, vir al die geduldige hulp met die verkryging van bronne. My dank ook aan mev. San Geldenhuys wat voor haar dood vir my die hoeksteen van inligtingverkryging was ...
- Dankie aan elkeen van die respondente wat bereid was om my deel te maak van hulle stories.
- Dr Elain Vlok. Wat sê mens van 'n ander mens wat altyd die ekstra myl loop? Dankie vir die 'rooi see' Elain, vir opbouende kritiek, vir geloof in my en dat jy bereid is om altyd die beste in my raak te sien. Jy is merkwaardig!
- My ouers Bartel en Vonda Senekal, vir die manier waarop hulle, hulle storie leef. Woorde skiet tekort om te sê hoe lief ek vir julle is! Dankie dat julle vir my onvoorwaardelik lief is met al my foute.
- My skoonouers, Pieter en Ria Keulder, wat nooit eise aan my gestel het gedurende die skryf van hierdie skripsie nie. Dankie dat julle baie keer verlang het na ons, sonder om my vir ons afwesigheid te kritiseer, veral tydens Pappa se behandeling. Julle ondersteuning en volgehoue liefde is 'n narratief op sy eie.
- My bestuurder, Lindie Dempsey, kollegas en vriende wat vir twee jaar moes hoor: "Ek kan nie, ek moet swot", of "Ek sal volgende jaar." Dankie vir eindelose begrip! Dankie Lindie vir elke keer wat jy my tegemoet gekom het!
- My man, Johan Keulder. Dankie vir begrip en ondersteuning! Jou hulp met die tegniese versorging was onontbeerlik! Dankie vir jou bereidwilligheid om te help en die las vir my ligter te maak. Ek het die opoffering raak gesien!
- My Hemelse Vader: Dankie Here dat ek my storie in Christus, toegegooi met genade, kan leef! Word verheerlik!

# Inhoudsopgawe


**HOOFSTUK 1** ........ 7

**1 ORIëNTASIE TOT DIE NAVORSING** ........ 7

1.1 Oriëntasie en probleemstelling ........ 7
1.2 Navorsingsdoelstelling ........ 9
1.3 Navorsingsontwerp en -metodologie ........ 10
1.3.1 Kwalitatiewe ontleding van die navorsing ........ 12
1.3.2 Geldigheid en betroubaarheid ........ 13
1.4 Sentrale teoretiese raamwerk ........ 14
1.5 Wetenskaplike waarde en bydrae van die studie ........ 15
1.6 Indeling van die studie ........ 15

**HOOFSTUK 2** ........ 17

**2 DIE POSTMODERNE EN SOSIAAL-KONSTRUKTIEWE EPISTEMOLOGIEë** ... 17

2.1 Inleiding ........ 17
2.2 Modernisme as diskoers ........ 17
2.3 Die postmodernisme as diskoers ........ 19
2.4 Die sosiale konstruksie en narratiewe diskoers ........ 22
2.5 'n Oorsig van die narratiewe metafoor ........ 25
2.6 Samevatting ........ 27

**HOOFSTUK 3** ........ 28

**3 DISKOERSE OOR ROMANTIESE LIEFDE** ........ 28

3.1 Inleiding ........ 28
3.2 Dominante diskoerse oor romantiese liefde ........ 29
3.2.1 Sosiologiese diskoerse ........ 29
Die huwelik, seksualiteit en romantiese liefde ........ 31
Paradoksale kwaliteite van liefde ........ 37
Prototipes van liefde ........ 37
Romantiese liefde as voorwaarde vir 'n huwelik ........ 39
3.2.2 Psigologiese diskoerse ........ 42
Eenwording met die geliefde ........ 43
Veridealisering van die objek ........ 46
Die seksuele uitdrukking van romantiese liefde ........ 47
3.2.3 Religieuse diskoerse ........ 50
Die huwelik as 'n kontrak ........ 51
3.2.4 Romantiese liefde en die sosiale konstruksiediskoers ........ 55
3.2.5 Die narratiewe konstruksie van romantiese liefde ........ 63
3.2.6 Geslagsdiskoerse ........ 64
3.3 Die rol van die media in die vorming van diskoerse oor romantiese liefde ........ 68

**HOOFSTUK 4** ........ 75

**4 DIE METODE VAN NAVORSING** ........ 75

4.1 Inleiding ........ 75
4.2 Oriëntasie tot die gesprek ........ 75
4.3 Modernistiese epistemologie ........ 76
4.4 Postmoderne epistemologie ........ 77
4.5 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing ........ 79
4.6 Kwalitatiewe navorsing ........ 80
4.7 Kwalitatiewe navorsing binne die narratiewe metafoor ........ 82

4.8 Die navorsingsontwerp ... 83
4.9 Die literatuurstudie ... 84
4.10 Benutting van semi-gestruktureerde kwalitatiewe onderhoude ... 85
4.10.1 Seleksie van die respondente ... 87
4.10.2 Identifisering van die temas wat die onderhoude gerig het ... 90
4.10.3 Kwalitatiewe ontleding ... 91
4.11 Samevatting ... 93
**HOOFSTUK 5 ... 94**
**5 KWALITATIEWE ONTLEDING VAN DIE ONDERHOUDE ... 94**
5.1 Inleiding ... 94
5.2 Kwalitatiewe ontleding van die hooftemas wat in die onderhoude ontgin is ... 94
5.2.1 Tema 1: Die definisie van romantiese liefde ... 95
5.2.2 Tema 2: Die oorsprong van respondente se idees oor romantiese liefde ... 98
5.2.3 Tema 3: Die moontlike verandering van idees oor romantiese liefde ... 101
5.2.4 Tema 4: Die belangrikheid van romantiese liefde ... 104
5.2.5 Tema 5: Die funksie of rol van romantiese liefde ... 107
5.2.6 Tema 6: Die verskil tussen romantiese liefde en liefde ... 110
5.2.7 Tema 7: Die impak van romantiese liefde op die verhoudings van respondente 112
5.3 Opsomming ... 116
**HOOFSTUK 6 ... 117**
**6 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS ... 117**
6.1 Inleiding ... 117
6.2 Opsomming van die studie ... 117
6.3 Opsomming van die navorsingsbevindings ... 118
6.3.1 Tema 1: Die definisie van romantiese liefde ... 118
6.3.2 Tema 2: Die oorsprong van respondente se idees oor romantiese liefde ... 118
6.3.3 Tema 3: Die moontlike verandering van idees oor romantiese liefde ... 120
6.3.4 Tema 4: Die belangrikheid van romantiese liefde ... 120
6.3.5 Tema 5: Die funksie of rol van romantiese liefde ... 121
6.3.6 Tema 6: Die verskil tussen romantiese liefde en liefde ... 122
6.3.7 Tema 7: Die impak van romantiese liefde op die verhoudings van respondente 123
6.3.8 Algemene opmerkings ... 124
6.4 Moontlike leemtes van hierdie navorsing ... 124
6.5 Moontlikhede vir toekomstige navorsing ... 125
6.6 Moontlike bydraes van die studie ... 126
**Bibliografie ... 128**
**Bylaag: Onderhoude met respondente ... 137**
Repondent 1 ... 137
Respondent 2 ... 147
Respondent 4 en Respondent 3 ... 159
Respondent 5 en Respondent 6 ... 180
Respondent 7 en Respondent 8 ... 202
Respondent 9 ... 211
Respondent 10 ... 221

# HOOFSTUK 1

# 1 ORIëNTASIE TOT DIE NAVORSING

## 1.1 Oriëntasie en probleemstelling

Van die vroegste tye af getuig literatuur van mense se belangstelling in romantiese liefde. Fisher (1996:31) stel dit soos volg: "Poems, songs, novels, operas, plays, films, sculptures, and paintings have all portrayed romantic love in a variety of Western cultures for centuries. The love story of Isis and Osiris was recorded in Egypt more than 3 000 years ago. Ovid composed poems to romantic love in the first century B.C. in ancient Rome. And many other myths and legends about love come from antiquity."

Romantiese liefde is ook sigbaar in die navorsing van baie ander dissiplines. Liefde is bestudeer vanuit die mediese biologie (Money, 1980; Liebowitz, 1983), die evolusie-teorie (Mellen, 1981; Buss, 1988), die psigologie (Hendrick & Hendrick, 1992; Shaver & Hazan, 1993), linguistiek (Kovecses, 1991) en die antropologie (Fisher, 1992). Volgens Waller en Shaver (1994:268) wys hierdie navorsing op groot individuele verskille ten opsigte van romantiese liefde, maar die oorsprong van hierdie verskille is steeds onduidelik omdat intensiewe navorsing oor liefde dekades lank deur die westenskap versuim is. Uit bestaande navorsing, kom een gevolgtrekking egter gedurig te voorskyn – hoewel die vermoë om lief te hê universeel skyn te wees, verskil die presiese vorm wat dit aanneem van kultuur tot kultuur en van individu tot individu. Sommige mense raak versonke, amper histeries oor liefde. Ander beweeg kalm van 'n uitgebreide vriendskap na 'n warm, romantiese betrokkenheid. Sommiges is toegewyd aan 'n enkele romantiese maat, terwyl ander sielsalig rondspeel tussen verskeie romantiese maats.

Tereg vra Fisher (1996:32): "What is love?" Hy verwys na die sielkundige, Dorothy Tennov, wat ongeveer 200 verskillende definisies gekry het van die 400 mans en dames wat sy daaroor uitgevra het. Tennov het 'n konstellasie van eienskappe geïdentifiseer wat algemeen is aan die toestand 'verlief wees'. Tennov noem hierdie toestand *limerence* en Fisher noem dit 'versot wees op' (*infatuation*). Sy is van mening dat "culture also plays an essential role in infatuation – particularly in whom one chooses". Kinders word groot met spesifieke voorkeure en afkeure ten opsigte van hulle reaksies teenoor familie, vriende, ervarings en verandering. Teen die tyd wat hulle tieners is, besit alle individue 'n onbewuste 'liefdeskaart', 'n groep fisiese, psigologiese en gedragskenmerke van dit wat 'n maat aantreklik maak. Die belangrikheid van kultuur word deur Jankowiak en Fischer (1992:149) beaam: "Cultural traditions bind the individual

emotionally into a web of dependency with others, thereby rechanneling or defusing the intensity of an individual's emotional experience. This web of dependency, in turn, undermines the individual's proclivity to fantasize about a lover or the erotic."

Waller en Shaver (1994:268) wys daarop dat sosiale wetenskaplikes al indrukwekkende vordering gemaak het met betrekking tot navorsing oor romantiese liefde en individuele verskille, maar dat hulle steeds betreklik min van die oorsprong van sodanige verskille weet.

Die sosioloog, Stevi Jackson, tree ook tot die gesprek toe met die opmerking: "Love, like other emotions, has received little attention from sociologists." (Jackson, 1993:201). Terwyl die institusionalisering van liefde in die huwelik en die uitbeelding daarvan in romantiese fiksie oorwegend aandag in sosiologiese en feministiese skrywes geniet het, is die kulturele betekenis van liefde as 'n emosie geïgnoreer. Jackson se opmerking wys op die leemte om romantiese liefde uit te druk as 'n emosie wat deur kultuur gevorm word. Aansluitend hierby gebruik Averill (1985:90) liefde as 'n konteks om emosies as sosiale konstruksies te illustreer. Die aanname van die sosiale konstruksieteorie is dat kennis 'n sosiale fenomeen is en dat persepsies deur middel van taal ontstaan (Swanepoel, 2002:17). Hierdie teorie impliseer 'n verhouding tussen beide romantiese liefde en die gemeenskap, asook tussen kulturele ideale en die gedrag van die individu: "People attribute emotions to themselves, based on paradigms provided by culture, and on their acceptance of, or attitudes toward those paradigms" (Averill, 1985:93). Laubscher (2001:15) beaam dat 'n diskoers – verbandhoudende standpunte of stories oor hoe die wêreld moet wees – deur die samelewing waarin ons grootword, ons kultuur, geslag en ons interpretasies beïnvloed word.

Die moontlikheid bestaan dat ons begrip van romantiese liefde deur sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse beïnvloed word. Swanepoel (2002:17) meen dat daar binne kulture stories of diskoerse bestaan wat dominante stories word. Die vertel van stories wat van die laasgenoemde afwyk, word bemoeilik. So word daar binne kulture sekere stories gelegitimeer en ander word verwerp, gemarginaliseer en verdring. Die navorser wonder oor die moontlikheid dat die algemene man op straat in 'Tshwane' se storie van romantiese liefde moontlik deur kulturele, psigologiese en religieuse stories gemarginaliseer is, en wat sodanige van romantiese liefde dink.

Dit is ook van belang vir die huidige studie dat daar baie min navorsing gedoen is vanuit 'n sosiologiese oogpunt oor plaaslike (veral in die Tshwane-area) diskoerse en gelowe wat verband

hou met romantiese liefde (Jackson, 1993:201; Waller & Shaver, 1994:268). In ag genome dat die bestudering van kulturele gelowe en diskoerse 'n belangrike oorweging van die sosiologie is (sien Mostert, 2001:10), is die voorgenoemde leemte verrassend. Vanuit 'n sosiologiese oogpunt het dit gelei tot 'n beperkte begrip van plaaslike Suid-Afrikaanse gelowe en diskoerse wat verband hou met romantiese liefde.

Die navorser wil graag die volgende algemene navorsingsvraag stel:
Wat is die aard van bestaande, plaaslike Suid-Afrikaanse diskoerse oor romantiese liefde en meer spesifiek in die Tshwane-area?

## 1.2 Navorsingsdoelstelling

Hierdie skripsie het ten doel om die vraag te beantwoord deur plaaslike diskoerse – mense se denke oor romantiese liefde in terme van hulle eie interpretasies en narratiewe - wat moontlik voorheen gemarginaliseer of ontken is deur bestaande sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse oor romantiese liefde, te ontdek en ontgin. Die studie probeer dus om plaaslike, nie-wetenskaplike diskoerse oor die verskynsel van romantiese liefde, met 'n spesifieke fokus op die Tshwane-area van Suid-Afrika, te ontdek of te ontgin. Dit sal bereik word deur van semi-gestruktureerde, kwalitatiewe onderhoude gebruik te maak, om sodoende toegang te kry tot plaaslike diskoerse en praktyke rakende romantiese liefde. Die inligting wat so bekom word, sal dan kwalitatief geëvalueer word, met die doel om plaaslike diskoerse oor romantiese liefde te ondersoek.

Om die doel te bereik, moet die volgende sekondêre navorsingsvrae aangespreek word:

- Wat is die dominante sosiologiese, religieuse en psigologiese diskoerse wat verband hou met romantiese liefde, wat 'n invloed mag hê op plaaslike diskoerse oor romantiese liefde? Voortspruitend hieruit behoort gevra te word wat die aard van die verskeie diskoerse is?
- Verskil mans en vrouens se konstruksies van romantiese liefde, en indien wel, in watter opsig?

Om die vrae te antwoord, stel die navorser die volgende subdoelwitte:

- Om 'n literatuurstudie te doen oor romantiese liefde met spesifieke fokus op verskeie sosiologiese, religieuse, psigologiese en plaaslike diskoerse. Dit sal dien as agtergrond vir die kwalitatiewe ontleding van die onderhoude met gespreksgenote.
- Om deur middel van die literatuurstudie, maar ook die kwalitatiewe ontleding van die onderhoude met die respondente, ondersoek in te stel na die moontlikheid en aard van verskille ten opsigte van mans en vrouens se konstruksies van romantiese liefde binne die Tshwane-konteks.

## 1.3 Navorsingsontwerp en -metodologie

Die doel van die studie vereis dat die sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse wat 'n invloed op romantiese liefde het, blootgestel moet word. Dit sal gedoen word aan die hand van **relevante literatuur** oor die onderwerp. Outeurs wat al baanbrekerswerk op die gebied gedoen het en wat gebruik gaan word, is Gray (1992), Jackson (1993), Duncombe en Marsden (1995) en Burns (2002).

Die studie is gebaseer op 'n sosiaal-konstruktiewe, narratiewe epistemologie. Ten einde hierdie posisie te bespreek, sal 'n literatuurstudie gedoen word. Die werk van Anderson en Goolishian (1988, 1992), en Freedman en Combs (1996) sal hier as basis gebruik word, omdat hulle wyd as kenners beskou word.

Andersyds onderneem die navorser 'n **kwalitatiewe studie** met 5 blanke pare tussen die ouderdom van 25 en 40 jaar.

Die pare in die studie is almal blanke Afrikaanssprekendes. Hierdie kulturele ooreenkoms sou moontlik 'n besondere vormende rol in hulle uitdrukking van romantiese liefde kon speel. Die sosiologiese, sowel as die religieuse konteks is 'n sterk algemene faktor tussen die respondente, aangesien al die respondente aan een van die drie susterskerke behoort. Die doelwit van die studie is om die plaaslike, nie-wetenskaplike diskoerse en gelowe van die algemene man op straat, spesifiek binne die Tshwane-area, met betrekking tot romantiese liefde bloot te stel. Binne die konteks van die studie word plaaslike, nie wetenskaplike diskoerse gedefinieër as kontemporêre diskoerse wat nie afgelei is vanuit 'n wetenskaplike metode of wetenskaplike dissipline soos byvoorbeeld die psigologie nie. Nog is dit geformaliseer as 'n wetenskaplike, psigologiese, of religieuse teorie. Daarom neig dit om meer geïndividualiseerd en informeel as

die genoemde diskoerse te wees. Sulke plaaslike diskoerse mag moontlik in 'n mindere of meerdere mate deur bestaande formele diskoerse beïnvloed word, maar mag ook elemente bevat wat nie deur die formele diskoerse gereflekteer word nie. Burns (2002:16) se stelling dat ons juis moet fokus op die taal wat die verskillende weergawes van romantiese liefde konstrueer, eerder as om eie ervarings as die regte weergawe te aanvaar, ondersteun die doelwit van die studie. Swanepoel (2002:17) reken dat die gedrag van mense deur hulle konstruksies van die werklikheid beïnvloed word. Hierdie konstruksies word deur hulle agtergronde bepaal. Mense rangskik hulle ervarings van die verlede en hede en hulle toekomsverwagtings en maak narratiewe of stories daarvan. Sodoende definieër hulle, hulle werklikheid en gee 'n sin van betekenis aan hulle lewens.

Navorsers kan inligting aan die hand van een of meer tegnieke insamel. Hierdie tegnieke kan in twee hoofkategorieë ingedeel word, naamlik kwantitatief en kwalitatief. Volgens die kwantitatiewe metode word inligting in die vorm van getalle of statistiek ingesamel, terwyl die kwalitatiewe metode van woorde of prente gebruik maak (Mostert, 2001:13). Die **kwalitatiewe** benadering stel die navorser in staat om mense te probeer verstaan in terme van hulle eie definisie van die werklikheid. In die geval van hierdie navorsing stel die kwalitatiewe benadering die navorser in staat om mense te probeer verstaan in terme van hulle eie definisie van romantiese liefde. Andersyds pas die benadering goed in by Michael White (1991) se siening dat die primêre fokus van die narratiewe oriëntasie mense se uitdrukking van hulle ervaring van die lewe is. Mense se kennis van romantiese liefde is sosiale kontruksies, en dus sosiale skeppinge wat hulle uitdruk in 'n storie, in eie taal, wat betekenis aan hulle lewe gee.

Die navorser gebruik in hierdie studie die kwalitatiewe benadering. Die benadering bied nie net ruimte vir die postmoderne benadering nie, maar skyn volgens Mostert (2001:15) ook komplementerend te wees tot die sosiale konstruksiediskoers. Potgieter (2000:103) wys op die volgende gemeenskaplikhede tussen die twee konsepte:

- daar bestaan 'n rekursiewe verbintenis tussen die navorser en die navorsing;
- die navorser poog om te verstaan;
- die navorser en die navorsingsobjek het 'n wedersydse invloed op mekaar;
- die omgewing van die navorsingsobjek vertolk 'n rol;
- daar word op 'n veelheid van konstrukte, en die konstruksies van nuwe taal en betekenis gefokus;
- die konteks is bepalend vir die betroubaarheid van die navorsing, met die klem op gekontekstualiseerde kennis; en

- beskrywings, eerder as evaluerings, is belangrik.

Die kwalitatiewe studie behels **semi-gestruktureerde onderhoude** waarin breë temas voor die tyd bepaal word. Respondente sal tydens gesprekke aangemoedig word om oor hulle eie ervarings met die sosiale konstruk 'romantiese liefde' te praat. Daar sal met elke tema saam met respondente op 'n gespreksreis gegaan word vanuit die nie-weet-nie posisie van die navorser. Anderson en Goolishian (1992:29) noem dat die nie-weet-nie-posisie klem plaas op die skep van spasie vir dialoog en nie op verandering nie. Respondente sal gedurende die navorsing deur middel van storievertelling (narratiewe), beskrywings gee van hulle idees of diskoerse oor romantiese liefde. Daar sal gepoog word om die sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse wat moontlik hulle begrip van romantiese liefde onderlê, in die ontleding van die gesprekke te identifiseer en bloot te stel.

### 1.3.1 Kwalitatiewe ontleding van die navorsing

Gedurende die navorsingsreis sal die navorser en die deelnemers reisgenote wees. Die navorser sal met ander woorde nie die ekspert waarnemer wees nie, maar met 'n oop en ontvanklike gesindheid na die deelnemers se stories luister. In hierdie studie is die navorser 'n ondersoeker wat sal verslag doen oor wat ontdek is. Deelnemers sal die vryheid hê om hulle eie stories te vertel. Hulle sal nie die navorser se vrae hoef te beantwoord, indien hulle nie wil nie. In die proses sal respek getoon word vir individue en hulle privaatheid. Vrae sal so gevra word dat dieselfde soort inligting (antwoorde) uit verskillende hoeke ontdek word. Die navorser is van mening dat verskillende vrae met die doel om dieselfde inligting in te samel tot die kwaliteit van die studie sal bydra.

Elke deelnemer se storie sal verbatim gedokumenteer word. Elke gesprek sal met die grootste vertroulikheid hanteer word. Die gesprekke wat gevoer is, sal in 'n aparte bylae gereflekteer word.

Die inligting wat tydens die onderhoude ingesamel word, sal kwalitatief ontleed word met die doel om ondersoek in te stel na die gelowe of diskoerse wat die algemene man op straat, spesifiek in die Tshwane-konteks, oor romantiese liefde het. Ooreenkomste en verskille tussen die respondente sal ondersoek word, en vergelykings met bestaande sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse oor romantiese liefde sal getref word.

Ten einde inligting kwalitatief te ontleed, moet die navorser dit herhaaldelik lees, daaroor besin en belangrike temas aanteken. Die temas word gegroepeer volgens die aantal kere wat hulle deur die gespreksgenote genoem is. Verbatim aanhalings van die deelnemers gaan gebruik word om die temas uit die data te ondersteun.

### 1.3.2 Geldigheid en betroubaarheid

Volgens Swanepoel (2002:34) word geldigheid in die empiriese wetenskappe, op die stabiliteit, konstantheid en voorspelbaarheid van die fenomeen gegrond. In die postmoderne, narratief-georiënteerde wetenskaplike benadering word die klem na meervoudige, veranderende en gekonstrueerde realiteite verskuif. Hierdie benadering neem dus enige faktore wat verandering mag meebring in ag. Postmoderne kennis streef nie daarna om sekerheid te bewys nie, maar wel die geldigheid van 'n verskeidenheid perspektiewe. Die doel van die postmoderne data-analise is om ryk beskrywings te genereer en die geldigheid van hierdie studie sal deur die gemeenskap van wetenskaplikes beoordeel word.

Met betrekking tot die betroubaarheid van die studie, meen Grobler (1991:40) dat wetenskapsbeoefening 'n subjektiewe aangeleentheid is. Hy stel dit dat betroubaarheid 'n persoonlike saak is. Hy voeg by dat die navorsingsproses en verslag aan die lesers voorgelê moet word. Die lesers kan self besluit of die hantering daarvan as betroubaar aanvaar kan word, al dan nie.

Die navorser gaan verder poog om die betroubaarheid te bekom deur:

- verantwoordelikheid te neem vir en openlikheid te toon oor die sosiale konstruksies/aannames wat die navorser self oor romantiese liefde het;
- die 'studieobjek' of gespreksgenoot self aan die woord te stel;
- die gespreksgenoot se storie spesifiek te verstaan en om data akkuraat weer te gee deurdat:
  - gesprekke op band opgeneem sal word.
  - gesprekke gou neergeskryf sal word ten einde akkuraatheid te bevorder;
- bewus te wees dat die navorser binne die postmoderne, narratiewe modus werk, wat veronderstel dat sy subjektief betrokke is by dit wat sy waarneem; en
- voortdurend bewus te bly dat daar ander moontlikhede vir die verstaan van romantiese liefde kan wees.

### 1.4 Sentrale teoretiese raamwerk

Die studie sal gedoen word vanuit 'n postmoderne sosiaal-konstruktiewe, narratiewe benadering. Postmoderne denke aanvaar dat ons in 'n pluralistiese wêreld leef en gee aan 'n verskeidenheid stemme en narratiewe erkenning. Die postmoderne benadering is 'n viering van spontaneïteit en fragmentering (Swanepoel, 2002:16). 'n Aanname wat uit hierdie denkrigting voortvloei, is dat kennis sosiaal gekonstrueer is. Die sosiale konstruksieteorie meen dat kennis 'n sosiale fenomeen is, en dat persepsies deur middel van taal ontstaan (Hoffman, 1990:3). Op sy beurt kan die narratiewe benadering beskou word as 'n uitvloeisel van die sosiale konstruktivisme (Potgieter, 2000:34). Van Graan (2002:25) merk op dat mense betekenis maak deur gebeure en idees in stories te omskep. Sy voer selfs aan dat mense die stories wat hulle oor hul lewens vertel, kan verander deur gebeure te herwin wat die dominante storie weerspreek. Sodoende kan hulle vir hulself betekenis skep wat sin aan hulle lewens gee. Van Graan (2002:27) som dit op deur te sê die narratief is 'n lewensverhaal wat sin en struktuur aan die mens se lewe bied. Die gekose benadering van die studie sal die wyse rig waarop die onderwerp verstaan en aangepak word. Dit sal uiteraard ook die navorsingsmetode bepaal.

Die navorser voel gemaklik binne die bogemelde benadering waar gedrag nie meer toegeskryf word aan die diepste wese van 'n persoon nie, maar waar dit beskou word teen die agtergrond van die familiestruktuur, groepsdruk, ekonomie en sosiale omgewing. Die mens kan nooit losgemaak word van sy konteks, of van sy taal wat betekenis en rigting daaraan gee nie (Van Heerden , 2003 : Klasaantekeninge)

Aangesien die navorser vanuit die sosiale konstruksiediskoers navorsing doen, maak sy deel uit van die navorsingsproses (Potgieter, 2000:101). Die navorser en respondente gaan medeverantwoordelik vir die uitkoms van die navorsingsproses wees. Omdat die navorser as reisgenoot nie weet in watter rigting die stories van die gspreksgenote gaan beweeg nie, kan 'n hipotese vir die studie nie geformuleer word nie. Dit is egter nie die doel van die studie om hipoteses reg of verkeerd te bewys nie, maar eerder om elke paartjie se ervarings van plaaslike diskoerse oor romantiese liefde weer te gee, en om te probeer verstaan watter aannames dit onderlê het.

Volgens die sosiale konstruksiediskoers is kennis nie objektief verifieerbaar nie. Kennis word beskou as sosiaal, deur taal gekonstrueer. Omdat kennis en begrip binne die konteks van taal

geskep word en omdat hierdie proses in die sosiale domein gesetel is, kan kennis nie 'n objektiewe weerspieëling van realiteit wees nie. Daarom kan die mens nooit in 'n posisie wees waar hy aanspraak maak op 'n allesomvattende enkelwaarheid nie (Anderson en Goolishian, 1988:372; Nell, 2000: 11; Potgieter 2000: 29-31; Burns, 2002: 153). Die navorser is daarom van mening dat die hoofstroom-narratiewe oor romantiese liefde nie as die enigste waarhede beskou kan word nie, en dat dit moontlik plaaslike diskoerse en praktyke van minder belang gemaak het en selfs onderdruk het. Hierdie plaaslike, nie-wetenskaplike diskoerse het waarde binne die postmoderne benadering. Die navorser deel soos Kvale (1997:34) die opvatting van die postmoderne perspektief dat daar intrinsieke waarde in diversiteit en die plaaslike is. Fokus behoort nie altyd op die algemene en die universele te wees nie. Vanuit hierdie perspektief kan 'n individu net verstaan word binne sy/haar konteks. Konteks word beïnvloed deur plaaslike en individuele faktore en daarom is die oorweging van plaaslike oortuigings en diskoerse belangrik.

## 1.5 Wetenskaplike waarde en bydrae van die studie

In ag genome die tekort aan navorsing en inligting oor romantiese liefde binne die sosiologie (Jackson, 1993:201), mag die studie moontlik waardevol wees om leemtes in bestaande kennis oor plaaslike, nie-wetenskaplike diskoerse en praktyke oor romantiese liefde in die Suid-Afrikaanse, en veral Tshwane konteks aan te spreek.

Die studie hoop dus om by te dra tot die teorie en navorsing op die terrein van romantiese liefde deur te put uit die navorser se eie ondersoeke van die plaaslike, sosiale konstruksies oor romantiese liefde by die alledaagse man op straat. Eintlik lê die waarde van die navorsing in die ontdekking van wat gewone jong Suid-Afrikaners oor romantiese liefde dink en voel. Die navorsing poog dus om by te dra tot die sosiale bewustheid van ander navorsers vir die gewone man op straat se ervarings rakende romantiese liefde. Hierdie sosiale bewustheid mag moontlik nuwe navorsing stimuleer omdat lesers se nuuskierigheid oor die onderwerp verdere studie kan noop of omdat leemtes in die studie verdere ondersoek aanmoedig. Dit mag selfs bydra tot 'n verhoogde sensitiwiteit by beraders vir plaaslike diskoerse en moontlike verskille by mans en vroue se sienings oor romantiese liefde.

## 1.6 Indeling van die studie

Benewens hoofstuk 1, word die epistemologiese konteks waarop hierdie studie gebou is in hoofstuk 2 aan die leser voorgehou. In hoofstuk 3 word verskeie diskoerse oor romantiese liefde bespreek en verduidelik. 'n Literatuurstudie van die gekose sosiologiese, religieuse en

psigologiese diskoerse, sal gedoen word ten einde 'n vertrekpunt te vorm waarteen die algemene man op straat se idees van romantiese kwalitatief ontleed kan word. Die navorsingsmetode wat in hierdie studie gebruik gaan word, word in hoofstuk 4 bespreek word. In hoofstuk 5 word die kwalitatiewe ontleding van die onderhoude met die respondente gereflekteer. Ter afsluiting sal hoofstuk 6 'n gevolgtrekking en samevatting van die doelwitte en bevindings van hierdie studie wees. Daar sal ook bepaal word of die doelwitte van hierdie studie bereik is en moontlikhede vir toekomstige navorsing, sowel as leemtes van die bestaande studie sal uitgelig word.

# HOOFSTUK 2

# 2 DIE POSTMODERNE EN SOSIAAL-KONSTRUKTIEWE EPISTEMOLOGIEë

## 2.1 Inleiding

Atwood (1997, soos aangehaal deur Van Graan, 2002:8) meen dat alle samelewings die lewe verstaan en evalueer volgens bepaalde wêreldbeskouings. Hierdie wêreldbeskouings vorm mense se houdings, skryf spesifieke metodologieë voor en tree op as die konteks waardeur hulle alle kennis prosesseer. Epistemologie omvat die bogenoemde en volgens Van Heerden (2003:klasaantekeninge) beskryf dit hoe daar deur mense tot kennis gekom word, gedink word en besluit word. Persoonlike epistemologie speel 'n belangrike rol in navorsing omdat die navorser die produk is van sosiale konstruksies wat op sy taal- en kenniswêreld 'n impak het (Swanepoel, 2002:24). Navorsers kyk uit verskillende perspektiewe na navorsingsobjekte. 'n Navorser sal dus sy epistemologiese aannames toepas op die navorsing wat gedoen word, sowel as die metodes wat gebruik word. Dit impliseer dat die bevindings nie onaangeraak sal wees deur die navorser se epistemologiese aannames nie (Swanepoel, 2002:33). Die epistemologiese uitgangspunt van hierdie studie is die sosiaal-konstruktiewe en narratiewe denkrigting. Die hoofstuk het dus ten doel om die leser bekend te maak met die algemene opvattings van hierdie denkrigting, aangesien dit die proses onderlê wat in die studie gevolg word. Om die belangrikheid van die sosiaal-konstruktiewe en narratiewe benadering te verstaan, is dit nodig om 'n basiese insig te hê in die epistemologieë waaruit dit ontwikkel het. Daarom word die bespreking voorafgegaan deur 'n kort gedeelte oor die modernisme. Die 'leemtes' van die modernisme het geleenthede geskep waaruit die post-modernisme ontstaan het. Op sy beurt het die sosiaal-konstruktivisme - wat die aanname maak dat kennis 'n sosiale fenomeen is en dat persepsies deur middel van taal ontstaan - uit die postmoderne denkrigting voortgevloei. Die narratiewe benadering maak die aanname dat stories bepaal watter aspekte van ons beleefde ervarings of kennis uitgedruk word. Volgens White en Epston (1990:10) gee mense betekenis aan hul lewens en verhoudings deur hulle ervarings te storie. Die sosiale konstruktivisme vorm volgens die navorser die basis van die narratiewe benadering (Van Heerden, 2003 : Klasaantekeninge).

Die modernisme word vervolgens as aanvangsgedagte omskryf.

## 2.2 Modernisme as diskoers

Volgens Potgieter (2000:12) kan die modernisme teruggevoer word na die werk van Francis Bacon (1873), wat kennis beskou het as "a happy match between the mind of man and the nature

of things". Anderson (1997:29) beskryf die modernisme as 'n filosofiese Westerse tradisie, 'n diskoers wat die mens as die middelpunt van die heelal sien. Verder verwys dit na die kulturele konsepte van objektiwiteit. sekerheid en waarheid.

Monk *et al.* (1997:304) verwys na die modernisme as die tydperk van die rede waar die soeke na universele, wetenskaplike waarhede ander kennis domineer. Dit is duidelik dat die wetenskap hier as die enigste regte manier en die mees aanvaarbare manier vir die mens om vooruitgang te toon, beskou word. Anderson (1997:30) meen dat die modernisme 'n eensydige diskoers geword het waarin die 'waarheid' oorheers en stabiliteit hoog aangeskryf word. Die allerhoogste voortreflikheid waarna die modernisme strewe, is suiwerheid. Potgieter (2000:12) meld dat een van die probleme van die modernisme is dat dit soek na een enkele waarheid en dat dit ander menings en beskouings nie maklik erken nie.

Anderson (1997:31) is van mening dat die kultuur van psigoterapie, psigologie, psigiatrie, maatskaplike werk en familieberading histories gegrond is op die gesaghebbende, dominante diskoers, naamlik die modernisme. Swanepoel (2002:68) skryf dat moderne denke vir 'n geruime tyd baie van die diskoerse van die Westerse kultuur oorheers het. Die navorser maak dus die stelling dat baie idees, norme, waardes en algemeen aanvaarde waarhede deur middel van gesaghebbende instansies geïnstitusionaliseer is. Dit kan volgens die sosiale konstruktivisme 'n vormende invloed hê op die idees van die algemene man op straat. Die navorser is selfs van mening dat die funksionering van tradisionele magsinstansies soos skole, ouers en werkgewers geskoei is op die kenner wat alles weet en die daarstelling van standaarde en norme waarteen persone gemeet word. Potgieter (2000:14) skryf dat dit wil voorkom of berading binne die modernistiese benadering steun op die kategorisering van menslike gedrag en voorskriftelikheid. Die persoon wat vir hulp aanklop se narratief word vervang deur 'n narratief wat volgens die berader se standaarde ontwerp is, nog voor hy/sy die vertrek binnegekom het. Soos reeds genoem, is die navorser egter van mening dat dit nie net binne die konteks van berading is wat die gespreksgenoot se stem stilgemaak word nie. Swanepoel (2002:69) sluit by die navorser aan en meen dat die moderne denke dit moeilik vind om 'n openheid vir ander persepsies te openbaar. Die hele samelewing, ouers, onderwysers, werkgewers, vriende, kerke en vele meer hou ideale en norme aan mense voor, en met behulp van 'deskundige kennis' word mense 'gedwing' om daarna te strewe. Moderne teorieë oor kennis beklemtoon wetenskaplik bewysbare 'feite'. Swanepoel (2002:69) meen dat dit dikwels daartoe aanleiding gee dat ander wyses waarop die mens tot kennis kom, genegeer word. Mostert (2001:56) sluit hierby aan

wanneer sy noem dat die modernistiese formaat gehandhaaf is in terme van die negering van sosiale strukture onderliggend aan etniese, geslags- en rasseverhoudings, asook die groter kulturele en historiese kontekste.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die modernisme aanspraak maak op:

- objektiwiteit van wetenskaplike kennisaansprake, en
- rasionaliteit van die metode van wetenskaplike kenniswerwing.

Die modernisme veronderstel dus dat die wetenskap die werklikheid beskryf presies soos wat dit is. Verder impliseer dit ook dat die wetenskap die manier waarop kennis van die werklikheid verwerf word, ondergeskik maak aan die dissipline van universeel en geldige aanvaarde beperkings (Mostert, 2001:57). Van Graan (2002:11) sluit aan as sy sê dat kennis volgens die modernisme verteenwoordigend is van 'n objektiewe wêreld wat onafhanklik van die verstand en gevoelens bestaan. Kennis word beskou as objektief waarneembaar en onveranderlik. Vanuit hierdie kennis ontstaan groot, oorkoepelende, veralgemeenbare teorieë. Die modernisme word dus 'n eensydige diskoers waarin die waarheid oorheers en stabiliteit hoog aangeskryf word.

Hierteenoor wys Gergen (1994:166) op die leemtes van die modernisme wanneer hy sê dat ons lewe in 'n wêreld waar verandering vinnig plaasvind en wat daagliks meer kompleks word. Hierdie sosiale transformasie en inherente onsekerhede beïnvloed ons alledaagse lewens en ons toekoms, wat politiese, ekonomiese en kulturele veranderings en uitdagings insluit. Daarom vereis dit 'n nuwe denkraamwerk en verandering in die manier waarop die mens sy wêreld en homself verstaan.

Die navorser is dit eens met Van Graan (2002:13) wat meen dat die snelveranderende omgewing, kultuur en sosiale konstruksies waarbinne die mens in totaliteit funksioneer, dit noodsaak om aandag te skenk aan die postmoderne denke wat fokus op die hedendaagse lewenstyle en -standaarde.

### 2.3 Die postmoderne denke as diskoers

Die postmoderne denke het as 'n alternatief ontwikkel onder teoretici en navorsers, nadat verskillende dissiplines die sekerheid, metodes en gebruike van die modernisme begin

bevraagteken het (Anderson, 1997:34). Met ander woorde, die postmoderne denke het die algemeen aanvaarde idees rakende kennis, realiteit en die mens wat deur modernisme onderskryf is, uitgedaag. Potgieter (2000:17) lê klem daarop dat die postmoderne denke nie die modernisme as diskoers verwerp nie, maar wel die outoritêre siening van die modernisme dat daar onbetwyfelde 'objektiewe waarhede' in 'n 'ware' wêreld bestaan. Met ander woorde, die postmodernisme stem nie saam met die grondbeginsel - die mens word verstaan deur middel van objektiewe wetenskaplike kennis en hierdie kennis lei tot regverdiging en universele waarheid - van die modernisme nie.

Die postmoderne diskoers konsentreer op dialoog, veelvuldige perspektiewe en die proses, eerder as die doelwit. Die benadering is gekant teen die etikettering van menslike gedrag omdat sulke statiese en algemene etikette mense se geloof in die moontlikheid van verandering ondermyn (Potgieter 2000:18). Doan (1997:128) meen dat die postmoderne diskoers 'n hele aantal voordele inhou, onder andere:

- dit skep potensiaal vir meer geleenthede en minder beperkings;
- dit streef na buigsaamheid en diversiteit;
- die postmoderne benadering skep die geleentheid dat 'n nuwe storie geskryf kan word wat gebaseer is op die outeur se eie persepsies, betekenisse en herinnerings;
- dit verwerp die invloed van onbetwisbare outoriteit; en
- laastens verwerp dit die siening dat die wêreld soos 'n masjien opgebreek kan word in dele en so verstaan word.

Uit die bogenoemde blyk dat die postmoderne diskoers sê dat ons in 'n wêreld van verskeie realiteite lewe. Die postmoderne diskoers wil eerder na spesifieke aspekte wat bepaal word deur die konteks kyk, as na universele waarhede. Potgieter (2000:21) stem hiermee saam wanneer sy sê die uniekheid van elke mens word binne die postmoderne diskoers erken en sy innerlike ervarings en unieke betekenisskepping word as iets spesiaal beskou. Omrede postmoderne waarhede as veelvuldig, benaderingties en kontekstueel beskou word, word die omvangrykheid en diversiteit van elke mens erken. Daarom is die outeur van mening dat die diskoerse van die gewone man op straat, met betrekking tot romantiese liefde ook as alternatiewe erken moet word. Dit is belangrik dat mense bewus word daarvan dat hulle sosiaal gekonstrueerde realiteite en betekenissisteme ook geldend is en bestaansreg het. Swanepoel (2002:72) meld dat die postmoderne benadering die regte van mense in ag neem en die moderne siening van 'één wat die beste is', en 'één wat reg is', verwerp. Reeds bestaande teorieë en ander waarhede oor

romantiese liefde is met ander woorde, vanuit die postmodernisme, nie die enigste waarheid en outoriteit nie.

Aangesien opinies oor wat die modernisme en die postmodernisme alles behels wyduiteenlopend is, is dit nie die bedoeling van die werk om in 'n debat oor die konsepte betrokke te raak nie, maar eerder om 'n breë raamwerk te kon stel van die konteks waarin narratiewe idees gesetel is. Met ander woorde, dit is net 'n kort bespreking van die epistemologiese basis waarop die narratiewe idees gebou is.

Anderson (1991a: 27) gee die volgende opsomming van die aard van die modernisme en die postmodernisme en lig kortliks die hoofverskille uit:

"The emergence of a postmodern narrative in the human sciences challenged the modernist perspective of seeing and thinking about the world and our experiences in it. The modernist view is that knowledge is objective and fixed, and the knower and knowledge are independent – presupposing universal truths and objective reality. Postmodernism refers not to an era, but to different, discontinuous theoretical direction: Knowledge is socially constructed and generative, and knowledge and the knower are interdependent – presupposing the interrelationship of context, culture, language, experience, and understanding. Postmodernism offers alternatives to many of the long-held modernism-based assumptions and enshrined traditions of psychotherapy theory and practice, including problems and symptoms as dysfunction, language as representational, the therapist as the knower and curer, the client as an independent object, the notion of a core self and a reflective mind, and the education of therapist."

Soortgelyke idees word uitgespreek deur Freedman en Combs (1996: 19-25).

Vir die doel van hierdie studie word die bostaande bespreking as voldoende beskou, sonder om aanspraak daarop te maak dat al die moontlikhede van die postmoderne benadering verteenwoordig is.

Die navorser voel gemaklik binne die postmoderne benadering waar gedrag nie meer toegeskryf word aan die diepste wese van 'n persoon nie, maar waar dit beskou word teen die agtergrond

van die familiestruktuur, groepsdruk, ekonomie en sosiale omgewing. Die mens kan nooit losgemaak word van sy konteks, of sy taal wat betekenis en rigting daaraan gee nie, en daarom is dit belangrik om ook net kortliks die sosiale konstruksie en narratiewe diskoers te bespreek.

## 2.4 Die sosiale konstruksie en narratiewe diskoers

Binne die postmoderne benadering ontwikkel die sosiaal-konstruktivisme as 'n diskoers. Die verhouding tussen die sosiale konstruksiediskoers en die narratiewe benadering kan met behulp van Freedman en Combs (1996:22) se vier idees oor die postmoderne beskouing van die realiteit geïllustreer word. Volgens die outeurs word realiteite sosiaal gekonstrueer; realiteite word deur taal gekonstrueer; realiteite word deur stories georganiseer en gehandhaaf; en daar is geen enkele waarheid nie. Die eergenoemde twee aspekte is die kern van die sosiale konstruksiediskoers, naamlik dat realiteite sosiaal deur taal gekonstrueer word. Die narratiewe benadering hou egter hiermee verband omdat die sosiaal gekonstrueerde realiteite waarin ons leef deur mense se stories daarvan lewendig gehou word. Dit is die stories wat mense van hulle geleefde realiteite vertel, wat sin aan hulle realiteite gee. Van Graan (2002:15) stel dat omdat ons as mense geen essensiële waarheid kan ken nie, word die ervaarde waarhede van ons daaglikse lewe gevorm deur die stories wat ons leef.

Die sosiale konstruksie en narratiewe diskoers dien nie slegs as 'n epistemologiese raamwerk nie, maar ook as 'n basis vir die navorsingsmetodologie van hierdie studie.

Aangesien die navorser vanuit die sosiale konstruksie en narratiewe diskoers haar navorsing doen, maak sy deel uit van die navorsingsproses (Potgieter, 2000:101). Die navorser se benadering tot die navorsingsproses is gebaseer op die nie-weet-nie-beginsel, in plaas van 'n voorafbeplande posisie van weet. Navorser en respondente gaan medeverantwoordelik wees vir die uitkoms van die navorsingsproses. Omdat die navorser as reisgenoot nie weet in watter rigting die stories van die respondente gaan beweeg nie, kan hipoteses vir die studie nie geformuleer word nie. Daar is egter vroeër melding gemaak dat dit nie die doel van die die studie is om hipoteses reg of verkeerd te bewys nie, maar eerder om elke paartjie se ervarings van die diskoers oor romantiese liefde weer te gee, en te probeer verstaan watter aannames dit onderlê.

Die sosiale konstruksie en narratiewe diskoers verwerp die idee van 'n objektiewe of enkel waarheid, en poog eerder om alternatiewe diskoerse te ontgin (Monk, *et al.*, 1996: 40). Die onderneming van hierdie studie is om te verken en te ontdek. Dit wil eenvoudig vasstel of daar plaaslike diskoerse is oor romantiese liefde, wat die aard van hierdie diskoerse is, en of daar verskille aangaande die diskoerse by mans en vrouens bestaan. Indien daar wel verskille is, wat is die aard daarvan? Die respondente in die studie is almal blank en Afrikaansprekend. Soortgelyke verskille of ooreenkomste is 'n moontlikheid in ander kulture. Geen diskoers sal as beter of meer waar as 'n ander uitgelig word nie. Vanuit hierdie perspektief is elke diskoers 'n antwoord, en nie dié antwoord nie.

Volgens die sosiale konstruksie en narratiewe perspektief is kennis nie objektief verifieerbaar nie. Kennis word beskou as sosiaal gekonstrueer deur taal. Omdat kennis en begrip binne die konteks van taal geskep word, en omdat hierdie proses in die sosiale domein gesetel is, kan kennis nie 'n objektiewe weerspieëling van die realiteit wees nie. Daarom kan die mens nooit in 'n posisie wees waar hy aanspraak maak op 'n allesomvattende enkelwaarheid nie (Anderson en Goolishian 1988:372; Potgieter 2000: 29-31; Nell, 2000: 11; Burns, 2002: 153). Die sosiale konstruksie en narratiewe diskoers handel dus oor kennis, taal en die wyse waarop betekenis deur middel van interaksie of gesprekvoering gekonstrueer word.

Ander outeurs wys soos volg na die sosiale konstruksiediskoers:

Freedman en Combs (1996: 1) sê die sosiale konstruksiediskoers stel ondersoek in na die wyse waarop 'n persoon se interpersoonlike realiteit gekonstrueer word deur middel van interaksie met ander mense. Dit ondersoek verder ook die invloed wat die sosiale realiteit op die betekenis van mense se lewens het.

Hierdie perspektief beskou die waarheid as meervoudig. Die navorser meen dat dit 'n uitdaging bied om die sosiale oorsprong van algemeen-aanvaarde aannames in ag te neem. Van Graan (2002:16) beklemtoon dat die waarheid nie onthul kan word nie, en dat daar nie slegs een enkele verklaring van 'n gebeurtenis is nie. Dus is daar geen regte interpretasie van 'n gebeurtenis nie. Waarheid word gekonstrueer deur interaksie met ander mense en dit is kontekstueel. 'n Baie belangrike deel van hierdie studie is om die huidige aannames of sogenaamde waarhede oor romantiese liefde te verken, ten einde as agtergrond te dien vir die kwalitatiewe ontleding van respondente se onderhoude. Burns (2002:153) se stelling is hier van belang: "A very different

way of approaching love, emotion and gender is to conceptualize them as gaining their meaning from the narratives within which they are evoked. When [love] is taken not as an attribute but as a system of meanings, we can deconstruct those meanings in order to understand how differences are created, and question the potential consequences of accepting these differences as factual." Hierdie mening lê weereens klem daarop dat die meeste van ons idees en aannames oor romantiese liefde sosiale konstruksies is eerder as refleksies van enige absolute waarhede. Nell (2000:12) voeg by dat die denkvorm dat ons aannames en realiteite sosiale konstruksies is, impliseer dat hulle geherkonstrueer kan word op verskillende, meer persoonlik aanvaarbare maniere. In die lig van die studie beteken dit dat individue verskillende diskoerse oor romantiese liefde het. Bestaande sosiale, religieuse en psigologiese diskoerse oor romantiese liefde is alternatiewe 'waarhede', maar elke mens skep betekenis en kennis deur sy interaksie met mense en kontekste, om sy 'realiteit' te verstaan, betekenis daaraan te gee en dit aanvaarbaar te maak. Uit hierdie teorie word die algemene man op straat se siening oor romantiese liefde gesien as sosiaal gekonstrueer.

Die diskoers laat ons besef dat ons realiteit immer veranderend is. Nie alleen word realiteit voortdurend gekonstrueer nie, maar die betekenis daarvan is ook intersubjektief (Anderson en Goolishian, 1988:372). Met intersubjektief word bedoel dat soos wat 'n gesprek/saak ontwikkel, stem twee of meer mense in gesprek saam (verstaan hulle) dat hulle dieselfde gebeurtenis op dieselfde manier ervaar. Om saam te stem is baie 'breekbaar', dus is die ooreenkoms die hele tyd onderworpe aan heronderhandeling en dispuut. Met ander woorde, romantiese liefde het waarskynlik vir verskillende mense verskillende betekenisse. Maar hoewel verskillend, het dit 'n werklike invloed of effek op hulle lewens.

Samevattend kan gesê word die sosiale konstruktivisme fokus op die wyse waarop kennis binne 'n sosiale konteks geskep word. Van Graan (2002:21) merk op dat dat die sosiale konstruktivisme vas staan by die idee dat daar geen onbetwisbare sosiale waarheid bestaan nie, maar slegs stories oor die wêreld wat mense vir hulself en ander vertel: "Dit is deur stories dat ons sin van onsself as aktiewe, relasionele wesens die beste uitgedruk word." (Van Graan, 2002:22). Vanuit die sosiale konstruktivisme ontwikkel die narratiewe benadering wat meen dat die gedrag van mense deur hulle konstruksies van die werklikheid beïnvloed word (Swanepoel, 2002:17). Die narratiewe manier van dink sal grootliks die navorser se gesprekke en die beskrywing van hierdie gesprekke beïnvloed. Die narratiewe metafoor sal vervolgens in meer diepte bespreek word.

## 2.5 'n Oorsig van die narratiewe metafoor

Volgens die narratiewe metafoor dien stories as 'n bindmiddel wat mense se lewens en hul omgewing bymekaarhou (Mostert, 2001:54). Adams-Westcott en Isenbart (1996, soos aangehaal deur Van Graan, 2002:24) definieer die narratiewe benadering soos volg: "Narrative approaches are influenced by social constructionist conceptualisations that argue that what we call the 'self' is a socially generated phenomenon. (A person's sense of 'self' emerges when interpersonal conversation are internalised as inner conversations.) These conversations are then organised in stories that we use to understand our experience."

Omdat hierdie studie binne die raamwerk van die narratiewe metafoor saamgestel is, is dit belangrik om die grondbeginsels daarvan aan die leser bekend te maak. Die narratiewe benadering heg baie waarde aan 'n persoon se storie. Stories vorm die raamwerk van 'n persoon se lewenservaring (Epston, 1998:11). Hierdie benadering, met Michael White en David Epston (1990) as voorlopers, sien menslike realiteit as verwant aan die realiteit van 'n storie of 'n narratief. Mense se lewens bestaan uit 'n eindelose vertoon van geleefde ervaring. Dit sluit al die gevoelens, aksies, gedagtes, gebeure en ervarings in wat ons deurleef het. Die aanname wat gemaak word, is dat mense hulle konstruksies van die werklikheid, of interpretasies van hul ervarings in narratiewe organiseer om so sin aan hulle lewens te gee. Die mens verhaal die wêreld, en dit beteken dat ons die wêreld deur middel van ons stories daaroor skep en begryplik maak (Morgan, 2000:5; Nell, 2000: 13; Potgieter, 2000: 35; Swanepoel, 2002: 98). Elke persoon is uniek in die uitleef en ervaring van hierdie stories (White & Epston, 1990: 13) en daarom is mense nie replikas van mekaar nie.

Stories het 'n begin, 'n einde en 'n geïmpliseerde toekoms. Stories ontvou oor tyd volgens 'n bepaalde storielyn. Ons lewenstories is soortgelyk hieraan, want ons het 'n geskiedenis, 'n hede en 'n verwagte toekoms (Nell, 2000:14; Morgan, 2000: 5; Swanepoel, 2002: 103). Ons konstrueer egter ons stories op so 'n manier dat hulle nie ons geleefde ervaring ten volle verteenwoordig nie.

Volgens Nell (2000:14) is 'n sentrale aanname van die narratiewe diskoers dat ons nie al ons geleefde ervaring in ons self-narratief kan inpas nie. Daar is altyd sekere aspekte wat nie geakkommodeer word nie. White (1990) verwys na hierdie aspekte van geleefde ervaring as

unieke uitkomste. Swanepoel (2002: 132) sluit hierby aan wanneer hy sê die mens is ryk aan ervarings, maar slegs 'n klein porsie daarvan word in stories omskep en dan in woorde uitgedruk. Daardie aspekte van die geleefde ervaring wat buite die dominante storie val, met ander woorde, die unieke uitkomste, verskaf 'n ryk en vrugbare bron vir die skep of herskep van alternatiewe stories. Nell (2000:14) voeg by: "The existence of these unique outcomes imply that when life narratives carry hurtful meaning or seem to offer only unpleasant choices, they can be changed by highlighting, different, previously unstoried events or by taking new meaning from already storied events, thereby constructing new narratives."

White en Epston (1990:12) wys daarop dat hierdie stories ons lewens en verhoudings vorm. Op 'n manier is 'n storie 'n realiteit op sigself, en het 'n direkte invloed op elke vlak van ons lewens. Die manier waarop ons oor die wêreld dink, (hoe ons oor romantiese liefde dink), hoe ons die dinge wat rondom ons gebeur interpreteer en daarop reageer, sowel as hoe ons voel en optree, word in 'n groot mate deur ons self-narratief bepaal. Hierdie dominante storie bepaal ons ervaringsrealiteit, omdat alle nuwe inligting daardeur gefiltreer word. 'n Gebeurtenis of ervaring mag dus in sekere gevalle minder belangrik wees as die interpretasie van die ervaring. Implisiet beteken dit dus dat die mens se leefwêreld slegs uit interpretasies bestaan en betekenis deur taal, diskoers en verhaal gekonstrueer word (Mostert, 2001: 63). Die handeling van interpretasie gee betekenis aan ervaring. Met betrekking tot romantiese liefde meen die outeur dat dit moontlik tot gevolg kan hê dat dit wat 'n man as die werklike ervaar nie noodwendig vir 'n vrou ook so is nie.

Die klem val dus nie op die 'objektiewe' gebeurtenisse wat plaasvind gedurende ons lewens nie, maar op die betekenis wat ons daaraan toeskryf (Nell, 2000:16). Soos reeds bespreek aan die hand van Anderson en Goolishian (1988:372), is betekenis die hele tyd onderworpe aan heronderhandeling en herinterpretasie. Binne die konteks van die studie is dit dus belangrik om ook te luister na dit wat nie gesê is nie, en onvolledighede en teenstrydighede te ondersoek. Vir die doel van die studie is dit belangrik om te onthou dat die betekenis van romantiese liefde konstant geherinterpreteer kan word, met ander woorde, nuwe betekenis kan vanuit dialoog na vore tree.

Wanneer ons eie stories, die storie waarin ons is, of die stories van ons kultuur ons nie laat voel dat ons kan doen wat ons wil en moet doen nie, sal ons waarskynlik ons lewens as problematies

– op een manier of 'n ander – beskryf. Nell (2000:17) sê: "This occurs when our story deprives us of our perceived ability to act, and to be what we want to be."

Hieruit volg dit dat mense hulleself in sekere posisies binne samelewingsdiskoerse mag bevind wat hulle nie noodwendig as nuttig of bemagtigend beskou nie. Die studie mag moontlik uitwys dat baie van die 'probleme' met betrekking tot romantiese liefde, waarskynlik hulle ontstaan te wyte het aan samelewingsdiskoerse daaroor (Nell, 2000:17; Evans, 2004:259).

In 'n samelewing waar meer geskei word, meer slaapmaats geruil word, en verwagtings oor die duur van liefde hoër is (Evans, 2004:259), wil die studie graag die diskoerse oor romantiese liefde verken. Romantiese liefde word verstaan deur middel van 'n storie wat mense daaroor konstrueer, met moontlikhede om geïnterpreteer en herinterpreteer te word. Dit is die doel van die studie om sommige van hierdie interpretasies te identifiseer en te eksploreer.

### 2.6 Samevatting

Hierdie navorsing berus op die postmoderne benadering dat daar nie objektiewe toegang tot die werklikheid moontlik is nie. Die postmoderne benadering - aanvaar dat ons in 'n pluralistiese wêreld leef en aan 'n verskeidenheid narratiewe erkenning gee - is as 'n uitvloeisel van die modernisme in die hoofstuk bespreek. Die hoofstuk het ook aangedui dat die sosiaal konstruktivisme 'n diskoers is wat vanuit die postmoderne benadering ontwikkel het. Dit fokus op die sosiale prosesse en die invloed van taal en kultuur. Die sosiaal-konstruktivisme ondersteun die aanname dat oortuigings en idees bepaal word deur 'n persoon se posisie in sy konteks en dat kennis sosiaal gevorm is.

In die volgende hoofstuk sal die sosiologiese, religieuse en psigologiese diskoerse, wat moontlik die algemene man op straat se interpretasie van romantiese liefde kan beïnvloed, in meer diepte ondersoek word.

# HOOFSTUK 3

# 3 DISKOERSE OOR ROMANTIESE LIEFDE

## 3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk verken en bespreek sommige van die belangrikste Westerse diskoerse oor romantiese liefde, ten einde te probeer verstaan waaruit die man op straat sy persoonlike narratiewe trek. Persoonlike narratiewe omsluit plaaslike diskoerse - stories oor 'n bepaalde onderwerp wat deur die algemene persoon op straat gekonstrueer word. Plaaslike diskoerse oor romantiese liefde word onder meer onderlê deur persoonlike waarneming, inligting wat van ander mense af gekry word, die media, boeke sowel as die sosiologiese, psigologiese en religieuse voorstelling van romantiese liefde. Die navorser wil in die hoofstuk die sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse ondersoek wat 'n moontlike invloed kan hê op die algemene persoon op straat se storie oor romantiese liefde. Sodoende kan daar kwalitatief geëvalueer word hoe die algemene man op straat se sienings met die kontekste ooreenstem, hoe verskil dit en in watter opsig dit uniek is. Die kontekste skep dus 'n agtergrond waarteen plaaslike diskoerse kwalitatief gemeet kan word.

Buiten die genoemde diskoerse word die narratiewe benadering ook bespreek. Hoewel mense hulle kennis oor romantiese liefde uit verskeie diskoerse of sosiale kontekste kan skep, is dit deur die stories wat hulle daaroor vertel dat hulle sin van hulself as aktiewe, relasionele wesens die beste uitgedruk word (Van Graan, 2002:22). Die narratiewe benadering maak die aanname dat mense interpreterende wesens is, wat hulle ervarings oor romantiese liefde interpreteer en binne 'n intelligente raamwerk betekenis daaraan koppel. Mense se gekose dominante narratiewe bepaal watter aspekte van romantiese liefde in hulle ervarings ingesluit gaan word en watter nie (White, 1995:16; Swanepoel, 2002:223). Die navorser stem saam met McLeod (1997:93) wanneer opgemerk word dat mense se narratiewe die uitdrukking is van die samesmelting tussen hul unieke persoonlike ervaring en die beskikbare storielyne of diskoerse binne die kultuur.

## 3.2 Dominante diskoerse oor romantiese liefde

### 3.2.1 Sosiologiese diskoerse

Met diskoerse word volgens Lee (1998:39) bedoel: "a set of closely related beliefs accepted as fact or truth in a particular culture". Sodanige diskoerse word in taal uitgedruk wat vir die mense in 'n bepaalde kultuur niks minder as vanselfsprekend is nie. Lee (1998:39) sê "the notion that people fall in love or have sex are the words of a discourse we take for granted. We swim in this language, and we do not question it any more than fish question water".

Binne die sosiologie word beweer dat die sosiale diskoerse van romantiese liefde beïnvloed word deur die samelewing waarin ons grootword, ons kultuur, geslag en ons eie interpretasies (Laubscher, 2001:15). Tog na eeue van bespreking en debat het nog sosioloë, nog filosowe of minnaars daarin geslaag om liefde te beskryf sodat almal daarmee saamstem. Die sosioloë gee die afgelope klompie jare meer aandag aan diskoerse oor romantiese liefde. Dit het tot gevolg dat verskeie, wyduiteenlopende sienings oor die aard van romantiese liefde ontwikkel het. 'n Aantal van hierdie sienings word vervolgens in oënskou geneem.

Lee (1998:41) meld die volgende: "At least one hundred studies have now validated the multidimensionality of love." Tussen die honderde is die van Hatfield en Rapson (1996:63) wat glo dat mense geskeur word tussen twee definisies van liefde, naamlik passievolle en kameraderlike liefde, maar slegs een van die twee is ware liefde: "Passionate love is infatuation, love sickness, or obsessive love, while companionate love is affectionate love, tender love, true love and marital love".

Regan (1998:412) voeg 'n derde soort liefde by as sy sê die belangrikste klassifikasies van liefde verwys na romantiese, passievolle of erotiese liefde. In 'n ander skrywe stel Regan (1992:8) romantiese liefde as 'n spesifieke soort liefde wat van spesiale belang is vir navorsing oor persoonlike verhoudings en teoretiese diskoerse oor liefde. Sy gee 'n paar redes vir haar stelling, naamlik:

- Romantiese liefde word dikwels deur individue gesoek en word opgehef in die Westerse kultuur.
- Romantiese liefde het die sine qua non van die huwelikskontrak geword.
- Die afwesigheid van romantiese liefde mag 'n faktor wees in die ontbinding van huwelike.

Hoewel passievolle liefde gemeld is in die siening van Regan sowel Hatfield en Rapson, beskryf Giddens (1993:37) – in sy strewe om die suiwer verhouding te omskryf – romantiese liefde as iets veel meer as passie. Hy (1993:37) definieer passievolle liefde soos volg: "Passionate love is marked by an urgency which sets it apart form the routines of everyday life with which, indeed, it tends to come into conflict. The emotional involvement with the other is pervasive – so strong that it may lead the individual, or both individuals, to ignore their ordinary obligations. Passionate love has a quality of enchantment which can be religious in its fervour. On the level of personal relations, passionate love is specifically disruptive in a similar sense to charisma; it uproots the individual from the mundane and generates a preparedness to consider radical options as well as sacrifices. For this reason, seen from the point of view of social order and duty, it is dangerous. It is hardly surprising that passionate love has nowhere been recognised as either a necessary or sufficient basis for marriage, and in most cultures has been seen as refractory to it." Jackson (1993: 208) sluit by Giddens aan en beskryf die aard van hierdie eksotiese, opwindende, passievolle begeerte as "a form of ecstasy akin to a mystical experience ...comparable in force and in momentum to a religious conversion".

Dit is opvallend dat Giddens en Jackson op die betowering van passievolle liefde wys. Hierdie betowering of mistiese ervaring kan in konflik wees met die alledaagse take. Dit kan selfs 'n euforiese illusie skep, waarin geen opoffering te groot is om te maak vir die geliefde nie (Chapman, 2003:30). Die navorser beskou passievolle liefde as een van die opwindendste fases in 'n persoon se lewe: 'n Mens sou ure lank kon soen of hande vashou, sou mens nie moes skool of werk toe gaan nie. Drome en ekstase is volop, maar die vraag kan gevra word: Wat sou geword het van die roetines van die daaglikse lewe as mense so 'obsessief' oor mekaar sou bly? Chapman (2003:30) antwoord die vraag en sê "... almal sou in ernstige moeilikheid gewees het. Die skokgolwe sou deur die sakewêreld, die industrie, die kerk, onderrig en die res van die samelewing getrek het. Hoekom? Omdat mense wat 'verlief' is belangstelling verloor in ander werksaamhede. Die student wat halsoorkop verlief raak, sien hoe sy punte tuimel..., maar wie gee nou om...Wanneer jy verlief is, lyk alle dinge irrelevant." Giddens meld ook dat passievolle liefde mense uitlig bo die gewone en die roetine-gebeure van elke dag, maar wys tog daarop dat dit nie 'n sterk genoeg hoeksteen vir 'n huwelik of permanente verhouding is nie. Laquercia (2001:43) ondersteun die stelling: "The elements that dwindle first in the pressure of reality are romance, eroticism and sex. In ordinary day to day relationships these elements fall prey to the mundane and routine. When the relationship burned with the mystery of newness and excitement, romance, eroticism and sex flourished." Mol (2001:13) beklemtoon ook die afname

van passie: "Die [romantiese opwinding] kwyn wel vir die meeste paartjies. Wanneer die wittebroodsdae verby is en die lewe weer sy normale gang begin gaan, vind daar 'n besliste verandering in die verhouding plaas."

Vir Giddens (1993) is romantiese liefde veel meer as hierdie passie. Dit omsluit elemente van 'n verhewe liefde, wat meer is as net seksuele genot. Om dit te verduidelik, is 'n kort historiese interpretasie van die huwelik, seksualiteit en romantiese liefde nodig:

**Die huwelik, seksualiteit en romantiese liefde**

Die geskiedenis van die huwelik en die invloed daarvan op seksualiteit en romantiese liefde word deur verskeie outeurs bespreek (Hendricks & Hendricks, 1992:82-86; Niehaus, 2001:6-10).

In die eeue voor Christus se geboorte was die belangrikste rede vir die huwelik om erfgename te produseer wat eindelik vir die land, en dus 'n stad se voortbestaan kon sorg. Vrouens moes sorg vir die huishouding en om produkte vir die mark te skep. Evans (2004:260) sê dat die huwelik as 'n instelling om sekere materiële behoeftes te voorsien, gekenmerk is deur 'n verhouding van manlike mag en vroulike onderworpenheid. Liefde was beslis nie die basis van die huwelik nie. Vrouens was seksueel tot een man verbind, maar dit was nie een van sy verpligtings teenoor haar nie. Vrye seksuele verhoudings was aan die orde van die dag, hoewel net die vrou waarmee 'n man getroud was, die 'voorreg' gehad het om wettige erfgename te produseer. Die navorser meen dat hierdie 'voorreg' 'n ontneming is van vrouens se regte en waarde, of die geboorte van 'n kind kon vergoed vir die vernedering om jou man met ander vrouens te deel.

In die Hellenistiese tydperk het die klem verskuif na die huwelik as 'n instelling wat ervaar is as 'n gedeelde bestaan, 'n persoonlike band en respek vir die deelnemers in die verhouding. Die huwelik was dus nie meer die bestuur van 'n suksesvolle huishouding nie, maar 'n manier om saam te leef ten einde 'n gemene bestaan te vorm. Daar is ook 'n skuif na gelyke seksuele regte vir beide die man en die vrou gemaak, hoewel die doel van seksuele omgang steeds vir die produksie van erfgename was. Die genot van passievolle sensasie was nie die rede vir 'n huwelik nie. Lantz (2001:352) wys egter op die kommer van die Hellinistiese Romeinse wêreld: "Plutarch viewed romantic love as disruptive for the family. He was fearful that romantic love was becoming publicly recognized and widely espoused, and romantic love was becoming the ideal goal for Romans."

Volgens Niehaus (2001:8) was huwelike in die tyd van Christus nog meer beperkend vir vroue. Vrouens moes hulle mans in alles gehoorsaam. Gehoorsaamheid was 'n religieuse verpligting. Al die fasette van 'n vrou se persoonlikheid en identiteit het om die huishoudelike gedraai. Haar eerste verpligting was huiswerk en ander het ingesluit om haar man se gesig, hande en voete te was. Omdat 'n man toegelaat is om meer as een vrou te hê, het vrouens maar hulle lot aanvaar. Die reg om te skei het uitsluitlik aan die man behoort.

Tydens die Middeleeue is romantiese liefde as anti-sosiaal en as hoerery ervaar. Liefde was 'n vervloeking, 'n wond en 'n plaag. Seks was verbode en hoerery was strafbaar met die dood. Seksuele onthouding is van getroudes en ongetroudes verwag. Die voorgenoemde sake word beaam deur Lantz (2001:352). Die kerk was anti-seks en anti-romantiese liefde. Gedurende die Hervorming van Martin Luther verander die prentjie heeltemal. Huwelike word nou gesien as die hoogste status van lewe en die voorwaarde vir die verkryging van die status van burgerskap en manlikheid. Mans respekteer vrouens nou as kamerade. Vrouens het met die jawoord ingestem om hulle mans te respekteer, hulle vrywillig in die bed gelukkig te hou en vir hulle te sorg. Terselfdertyd kon sy haarself ervaar soos ander haar gesien het, as 'n seksuele wese met die reg op liefdevolle seksuele omgang. Die Hervormers het ook 'n nuwe debat tussen die Rooms Katolieke en die Protestante ontketen. Eersgenoemde het die huwelik as 'n sakrament beskou en die Protestante het gesê dit is 'n verbond.

Protestantse moraliste wou die huwelik verlos van die beperking dat die huwelik en seksuele omgang slegs vir voortplanting nodig is. Evans (2004:261) sowel as Duncombe en Marsden (1993:227) meen die bevryding van vrouens van die plig van seksuele omgang ter wille van voortplanting, asook die verbeterde ekonomiese en materiële situasie van vrouens, het 'n veel groter impak op vrouens se emosionele aspirasies gehad as wat in die literatuur erken word. Die Protestante wou die huwelike as 'n wedersydse vriendskap tussen die man en die vrou, gegrond op liefde beskou.

Die navorser maak uit die bogenoemde die gevolgtrekking dat huwelike oorspronklik 'n wetlike transaksie was, wat ontwerp is om sosiale verpligtings te implementeer en 'n stabiele omgewing te voorsien waarin kinders grootgemaak kon word. Liefde self was vir sommige minnaars slegs 'n begeerte om te besit en te beheer. Onder diegene met 'n hoër sosiale status was dit die gebruik om koninkryke te verenig, om alliansies te verseker en om die uitruil van rykdom en eiendom te reguleer. Eindelik is huwelike tog gesien as 'n natuurlike hoogtepunt en instelling

van liefde, 'n sakrament tussen twee individue, en nie net 'n sosiale kontrak nie. Die idee dat liefde 'n sacrament is, sal verder bespreek word onder die religieuse diskoerse.

Die Protestante het die idees wat met romantiese liefde geassosieër is, vir die eerste keer met vryheid in verband gebring. Daarom is romantiese liefde vir Giddens (1993:40) meer as passie. Passievolle liefde is bloot bevryding van die alledaagse roetine en plig, terwyl die ideale van romantiese liefde direk geplaas word binne die verbintenis wat daar tussen vryheid en selfverwesenliking is.

Dit blyk hieruit dat romantiese liefde elemente van 'n verhewe liefde insluit, wat veel meer as net seksuele vurigheid is. Giddens (1993:40) sê in hierdie verband: "Love breaks with sexuality while embracing it; 'virtue' begins to take on new sense for both sexes, no longer meaning only innocence, but qualities of character which pick out the person as 'special'." Giddens (1993:2) neem die tema nog verder wanneer hy suggereer dat huwelike en langtermyn- romantiese verhoudings besig is om te beweeg na 'n 'suiwer liefdesverhouding', 'n verhouding van seksuele en emosionele gelykheid.

Hoewel Giddens (1993), Hatfield en Rapson (1996) sowel Regan (1998) elk 'n eie onderskeiding maak van passievolle en romantiese liefde, is almal dit gelyk dat passievolle liefde alleen nie 'n hoeksteen vir 'n huwelik of permanente verhouding is nie.

In kontras hiermee, meen Schaik (1982:14) daar is vier algemene eienskappe van liefde wat skynbaar deur alle vorme van liefde gedeel word en die kern van liefde vorm:

- Die belang van die minnaar by sy geliefde: Beide seksuele begeerte en die begeerte om 'n ander mens te help, kan gesien word as 'n uitdrukking van belangstelling.
- Liefde sluit altyd voorkeur in: "The beloved may be preferred as a means or as an end – or both ... To be loved, then, is normally to be singled out in the respect in which one is loved and for however long one is loved" (Schaik 1982:14).
- Liefde is verwant aan 'n aksie.
- Liefde word as 'goed' gesien: Daar word meestal na liefde verwys as op sigself 'goed', of dat dit op iets goeds gerig is.

Die voorgaande siening van Schaik (1982) verteenwoordig egter 'n minderheid in vergelyking met die multi-dimensionele benaderings (onderskeid tussen verskillende soorte liefde) wat hierbo bespreek is.

Die teorie van die sosioloog John Lee bou die multidimensionele aanslag nog verder uit. Sy sienings word meer omvattend bespreek omdat dit in ag neem dat mense verskillende benaderings in die lewe het. Dit is veral toepaslik vir die doeleindes van hierdie studie wat wil vasstel wat is die verskillende sienings wat mense oor romantiese liefde het. Lee (1998:35) noem hierdie opvattings 'liefdestyle' (*lovestyles*). Hierdie verskillende liefdestyle sal kortliks omskryf word.

Lee vermeld ses belangrike liefdestyle in die Westerse kultuur. Hy verdeel dit in primêre liefdestyle, naamlik Eros, Ludus en Storge; asook sekondêre liefdesstyle, naamlik Mania, Pragma en Agape.

- Eros

Eros is 'n liefdeskonsep wat op 'n verwagting van 'n intense emosionele en fisiese aangetrokkenheid tot die geliefde sentreer. Selfs nog voor die erotiese minnaars hulle geliefdes ontmoet het, het hulle alreeds 'n beeld in hulle gedagtes van hoe hierdie ideale maat gaan lyk. Daar is 'n gretigheid om hierdie maat te leer ken. Die erotiese komponent van liefde word ook deur Lantz (2001:29) erken: "[Romantic love] is a love based on personal-emotional attraction, with a strong erotic component which is often repressed because of moral conflict. Compensatory features include idealization of the loved one, the notion of a one and only, and the idea that true love overcome all obstacles."

Lee noem dat teleurstelling groot is wanneer sodanige persone uitvind dat hierdie ideale beeld sekere minder mooi fisiese eienskappe soos oormatige hare op die liggaam het. Erotiese beelde van 'n geliefde is individueel, maar word tog beïnvloed deur kultuur. Die kontemporêre kultuur neig om 'n gladde, haarlose mansliggaam in advertensies en die modewêreld te beklemtoon. Net so word klem geplaas op vrouens as brandmaer. Nussbaum (2001:470) steun Lee se gedagte oor die beeld van 'n wonderlike maat wanneer sy sê: "Erotic love also involves characteristic ways of viewing the beloved person, who is seen as radiant and wonderful, and also as necessary for the lover's happines" Hierdie sienswyse is skerp kontras met die diskoers van eenwoording binne die psigologie en die Christelike diskoers dat vrouens ondergeskik is aan hulle mans:

"Finally, the beloved person is also seen as independent – as uncontrolled and unpossessed, not simply as part of the lover, or submissive to his will" (Nussbaum, 2001:470).

- Storge

Storge (uitgespreek 'stor-gay') is die idee van 'n stil, vriendelike, diep en kalm verbintenis – soos tussen jarelange skoolvriende. Daar is min passie betrokke in hierdie styl. Selfonthulling kom stadig, maar met die verwagting van 'n langtermyn-verbintenis. Die storgiese minnaars vermy gewoonlik gedagtes soos 'ek is verlief', en uitdrukkings soos 'ek het jou lief'.

- Ludus

Ludus sien liefde as 'n spel wat deur sekere reëls gerig word. Die minnaars verwag van hulle geliefdes om die reëls te verstaan en daarvolgens te speel. Dit is 'n liefde sonder jaloesie of toewyding aan 'n enkel maat. Vir die ludiese minnaar is liefde pret sonder beklemming of lyding. Hulle dink oor liefde soos oor alkohol: geniet dit, maar moenie afhanklik wees daarvan nie. Hulle uitdrukking van emosie is beheersd en hulle herstel maklik van opgebreekte verhoudings en beweeg na die volgende maat toe. Hulle plaas klem op styl, nie op opregtheid nie.

Lee (1998:35) noem die volgende belangrikste sekondêre liefdestyle, naamlik mania, pragma en agape.

- Mania

Mania is 'n obsessiewe, besitlike, ongesond intense benadering tot liefde. Die minnaar word verstandelik gepreokkupeer met gedagtes oor die geliefde, maar is nie vaardig in die uitdrukking van die affeksie nie. Maniese liefde kan selfvernietigend wees, en dit floreer op hindernisse en (soms verbeelde) beserings. Die minnaar het 'n desperate behoefte om herhaaldelik van liefde verseker te word, en sukkel ten spyte daarvan om dit te glo.

- Pragma

Pragma is 'n praktiese benadering tot liefde. Die vind van 'n geskikte maat vir 'n verhouding – of dit nou 'n kort- of langtermynverhouding is – is 'n praktiese saak. Die pragmatiese minnaar het 'n inkopielys met kwaliteite waaraan 'n maat moet voldoen. Die kwaliteite is nie soveel fisies (soos met Eros nie), maar neig om demografiese en persoonlike eienskappe te wees soos ras, godsdiens, sosiale klas en atletiese of artistieke kwaliteite. Pragma kombineer eienskappe van Ludus en Storge.

- Agape

Agape kombineer aspekte van Eros en Storge. Agape is altruïstiese, intense en vriendelike liefde, wat meer deur die verstand as deur die emosies gerig word. Hierdie liefdestyl is nie algemeen om romantiese liefde in die Westerse kultuur te onderlê nie.

Lee (1998:38) wys ook daarop dat hierdie style in verskillende kombinasies in die samelewing voorkom. Hy maak veral melding van die Ludies-erotiese minnaar wat 'n versamelaar is van verskillende liefdeservarings en vrolik aanbeweeg van een eroties aantreklike maat tot die volgende. Die Ludies-erotiese styl is 'n aanpasbare styl van liefde in die dag en tyd waarin ons leef. Huwelike en verhoudings word intens geniet terwyl dit hou (Eros), maar die verwagting is nie 'n lewenslange toewyding nie en die minnaar beweeg aan (Ludus) na die volgende vrolike liefde.

Dit is belangrik om te verstaan dat Lee nie probeer sê dat elke mens gebore word met 'n spesifieke styl nie. 'n Mens word nie Ludies of Eroties gebore nie. Met voldoende vaardigheid en ervaring, kan enige minnaar enige liefdestyl gebruik. Vir gerief kan 'n persoon as 'n pragmatiese minnaar beskryf word, maar wat eintlik bedoel word is dat 'n minnaar op 'n gegewe tydstip, in ag genome sy maat, poog om die pragmatiese liefdestyl te beoefen. Die navorser vind die navorsing van Lee insiggewend gesien in die lig van haar eie epistemologiese raamwerk, omdat hy die liefdestyle as diskoerse beskou: "I fully realize that the theory of lovesstyles is also an ideological platform. I just happen to think that its adoption would be more beneficial for both societies and individuals that the continued belief in one or another kind of love as the one true love" Lee (1998:42).

Hendrick en Hendrick (1986:401) meen dit is selfs moontlik om verhoudings van verskillende liefdestyle op dieselfde tyd te geniet. 'n Mens kan byvoorbeeld een maat op 'n vriendskaplike manier (Storge) liefhê en passievol aangetrokke voel tot 'n ander se skoonheid (Eros). Keuses van liefdestyle word beïnvloed deur persoonlikheidseienskappe. Die navorsing van Lee (1970, 1973, 1976) het geargumenteer dat maniese minnaars meer geneig is om eensame en ongelukkige mense by die huis en werkplek te wees. Erotiese en Ludiese minnaars, daarteenoor, is meer geneig tot 'n hoë eiewaarde: "Given your personality traits, some styles will come more easily than others" (Lee, 1998:39). Die navorsing van Hatfield en Walster (1978:38-44) ondersteun die liefdestyle van Lee.

Sonder om die belangrikheid van die bespreekte siening te reduseer, kan geen poging gemaak word om liefde te omskryf sonder om die komplekse, selfs paradoksale aard daarvan te noem

nie. Liefde omsluit teenstrydighede en die betekenis of interpretasie van elke faset is onderhandelbaar. Die studie behoort die diversiteit van hierdie kwaliteite te meld.

**Paradoksale kwaliteite van liefde**

Strong *et al.* (2001:143) is van mening dat romantiese liefde beide 'n gevoel en 'n daad is: "We feel love for someone and act in a loving manner. But we can also be angry with the person we love as well as frustrated, bored, or indifferent. This is the paradox of love; it encompasses opposites." Liefde is hiervolgens paradoksaal. Dit sluit affeksie en woede, opwinding en verveling, stabiliteit en verandering sowel as gebondenheid en vryheid in. Dit is juis hierdie paradoksale kwaliteite van liefde wat sommige laat wonder of hulle lief is vir iemand as hulle nie perfek verlief voel nie.

Hoewel liefde teenstrydige kwaliteite het, is daar tog navorsers wat die bestudering van die onderwerp probeer vergemaklik deur gebruik te maak van prototipes om die einskappe of kwaliteite van liefde te ontgin.

**Prototipes van liefde**

Strong *et al.*, (2001:150) erken dat dit moeilik is om liefde te bestudeer en maak gebruik van prototipes of modelle om mense se gebruik van die woord 'liefde' te bestudeer, asook hoe die betekenis wat mense aan liefde koppel, die vooruitgang van hulle verhouding help definieer. Prototipes is nie formele definisies van liefde nie, maar kan help om te verstaan wat mense met liefde bedoel.

Beverly Fehr het 172 respondente gevra om die sentrale eienskappe van liefde te lys. Twaalf sentrale eienskappe is geïdentifiseer (Strong *et al.*, 2001:151; Regan, 1998:413):

- Vertroue.
- Omgee.
- Eerlikheid.
- Vriendskap.
- Respek.
- Omgee vir die ander se welstand.

- Lojaliteit.
- Toewyding.
- Aanvaarding.
- Ondersteuning.
- Om saam met die ander te wil wees.
- 'n Belang in mekaar.

Ander eienskappe van liefde soos euforie, om heeltyd oor 'n ander te praat en 'n skoenlapper-in-die-maag-gevoel is ook geïdentifiseer, maar was nie so sentraal nie.

Waarnemings het aangedui dat die sentrale eienskappe meer betroubare barometers is om te bepaal of liefde in 'n verhouding sal groei. Oortreding van die sentrale eienskappe was meer ernstig van aard as oortreding van die rant-eienskappe. 'n Verlies van omgee, vertroue of respek bedreig liefde. Die verlies van die skoenlapper-in-die-maag-gevoel is nie 'n bedreiging nie. Op haar beurt identifiseer Regan (1998:419) in haar ondersoek oor prototipes die volgende kenmerke van romantiese liefde: vertroue, eerlikheid, geluk, kameraadskap, goedheid en respek. Dit sluit ten nouste aan by Fehr.

Strong *et al*. (2001:153) sê verder dat sekere positiewe gesindhede en gevoelens mense bymekaar bring en noem die gesindhede en gevoelens wat met liefde geassosieer word:

- Omgee.
- Nodig hê.
- Vertroue.
- Verdraagsaamheid met mekaar se foute.

Tog is liefde nie net sentrale eienskappe of positiewe gevoelens en gesindhede nie, dit word ook deur sekere optredes uitgedruk. Romantiese liefde kan op verskeie wyses uitgedruk word:

- Verbale uitdrukking: 'Ek het jou lief.'
- Selfontbloting: Om intieme feite oor jouself te deel.
- Nie-materiële bewyse: Die gee van geskenke of om 'n gunsie te doen.
- Fisiese uitdrukking van liefde: Soentjies, drukkies en seks.
- Verdraagsaamheid teenoor jou maat se foute en snaakse gewoontes.

Strong *et al.*, (2001:53) merk op dat die optredes wat liefde uitdruk konsekwent is met die prototipe eienskappe van liefde.

Die navorser tree hier tot die gesprek toe deur op te merk dat die eienskappe – sentraal of perifeer, wat mense gebruik om romantiese liefde mee te beskryf beperk is, aangesien die betekenis van sodanige eienskappe verskillend is vir verskillende mense. Anderson en Anderson (1988:371) beskryf mense tereg as taalsisteme. Mense is dus sosiale 'eenhede' met 'n eie taalsisteem wat beïnvloed is deur die sosiale omgewing en kultuur waarin hulle grootgeword het. Betekenis en begrip van woorde soos 'respek', 'toewyding', 'vriendskap' en andere word sosiaal deur taal gekonstrueer, en boonop lewendig gehou en oorgedra in die stories wat mense leef en vertel. Daarom kan hierdie eienskappe wat romantiese liefde beskryf, nie as essensiële waarhede geken word nie, maar as ervaarde waarhede.

Ongeag of romantiese liefde paradoksaal is (Strong *et al.*, 2001), of verhewe bo die seksuele is (Giddens, 1993), die belangrikheid daarvan behoort nie onderskat te word nie, want mense neem groot besluite soos om te trou al dan nie op die basis van liefde (Jackson, 1993:207; Strong *et al.*, 2001:142). Die navorser is van mening dat romantiese liefde beide verliefwees en liefde kan omsluit. Sommige mense raak verlief en vertel hoe wonderlik hulle maats hulle laat voel. Sommiges se ingesteldheid verander oor tyd om 'n ander persoon onselfsugtig lief te he ten spyte van eie gevoellens. Die navorser is egter skepties oor liefde wat onselfsugtig is.

**Romantiese liefde as voorwaarde vir 'n huwelik**

Die idee dat romantiese liefde 'n voorwaarde vir 'n huwelik is, is 'n diskoers wat reeds geruime tyd as vanselfsprekend aanvaar word (Lee, 1998:50). Die verbintenis tussen liefde en heteroseksualiteit wat in die huwelik ingestel is, is fundamenteel in die Westerse kultuur: "Since the fall of mankind in the Garden of Eden, man has found refuge in marriage. Marriage gives protection against loneliness and gives hope in a world where there is little love but a great deal of sin" (Anon, 1998:3). Selfs die feministe erken liefde as 'n sentrale konsep vir die familiale ideologie, vir die instandhouding van heteroseksuele monogamie en patriargale huwelike.

Baie mense word deel van 'n paartjie op 'n sekere tydstip in hul lewens. Landis en Landis (soos aangehaal deur Niehaus, 2001:1) sê: "Our society has been called a love orientated and marriage orientated society, in that people are under pressure (whether consciously or not) to fall in love or to be in love with someone." Daar kan amper gesê word dat om 'verlief te wees', as die bewys van 'normaliteit' beskou word; 'n manier om met die verwagtings van die samelewing te konformeer. Regan (1998:412) wys ook op die belangrikheid van romantiese liefde: "Romantic love is generally sought after by individuals and exalted in western culture: romantic love has become the sine qua non of the marriage contract; and the absence of romantic love may be a factor in marital dissolution." Spanier (1972:481) sluit aan by Regan wanneer hy die rol van romantiese liefde beskryf in sy definisie van romantiek: "A general disposition an individual has toward love, marriage, the family, and with relationships involving male-female interaction in which the affective component is regarded as primary and all other considerations are excluded from conscious reflection."

Indien Regan en Spanier reg is en liefde aanvaar word as die sine qua non van die huwelikskontrak, maan die sosioloog Ira Reiss dat dit belangrik is om te vra of die liefde wat 'n persoon voel die soort liefde is waarop 'n standhoudende verhouding of huwelik gebou kan word (Strong *et al.*, 2001:143). Die kwaliteite waarop mense 'verlief raak' is nie altyd maklik om in stand te hou deur die lewenslange duur van 'n huwelik nie. Mense mag dus moontlik hulle huwelike as mislukkings sien wanneer hulle dink dat sodanige eienskappe verdwyn het. Reiss meen dat hoewel mense hulself gewoonlik aan 'n verhouding toewy omdat hulle iemand liefhet, is liefde alleen nie genoeg om hierdie toewyding te laat hou nie. Sy glo daar is drie belangrike faktore wat bepaal of 'n verbintenis sal hou (Strong *et al.*, 2001:154):

**Die balans van koste en voordele**: Mense is nie altyd bewus daarvan dat hulle verhoudings meet nie, maar sodra daar spanning of konflik in die verhouding is, vra mense dikwels 'wat kry ek uit hierdie verhouding uit?' Die resultaat van die plusse en minusse bepaal of 'n persoon met dieverhouding sal aangaan al dan nie. Nussbaum (2001:503) beklemtoon ook dat liefde, soos deur Spinoza gesien, voordele moet inhou: "[Love] is an awareness of a significant transition in the direction of a greater flourishing ..." Dit is met ander woorde beide nodig en genoegsaam vir liefde om iemand te vind wat baie nuttig is om die mens se wese te preserveer. Die intensiteit van liefde wat deur minnaars ervaar word, is niks anders as 'n poging om hulself te verbeter en te beskerm nie: "Love certainly involves seeing another person as salient and essential; but the

content of our thought is that the person is essential to us, someone without whom our well-being will suffer" (Nussbaum, 2001:503).

**Normatiewe insette**: Die waardes wat twee persone in 'n verhouding het rakende liefde, verhoudings, die huwelik en familie. Vrae soos – 'Glo jy dat 'n huwelik vir altyd is?' 'Beïnvloed die teenwoordigheid van kinders jou siening oor toewyding?', en ander kan veroorsaak dat 'n verhouding volhou of nie.

**Strukturele beperkinge**: Die struktuur van 'n verhouding sal totale toewyding beperk of aanhelp. Afhangende van die soort verhouding -'n huwelik, 'n saambly-verhouding, of 'n gaan-saam-uit-verhouding – word die verskillende rolle en verwagtings gestruktureer.

Die interaksie van hierdie faktore bepaal die toename of afname van toewyding. (Strong *et al.*, 2001:145) merk ook op dat vriendskap die hoeksteen vir liefde en toewyding is, maar dat minnaars mekaar meer fassineer, en 'n groter sin van eksklusiwiteit koester. Die standpunt van eksklusiwiteit word ook deur Schaik (1982:30) gehuldig. Nussbaum (2001:464) skryf oor eksklusiwiteit: "However much I try to describe the wonderful features of my lover to my friend ... this explanation must always prove insufficient." Mense mag dalk saamstem oor sekere kenmerke van die geliefde, of empatie hê met hulle verwagtings van geluk, maar "the particularity of the attachment seems groundless ...". Dit is egter gelukkig vir die minnaar, want liefde is nie net onverklaarbaar nie, maar ook eksklusief: "The lover does not wish his love to be shared or seen by any spectator, he wants to be the only one to see and feel just that for that person, and to receive those emotions in return" (Nussbaum,2001:466). Op hulle beurt beklemtoon Morrow en O'Sullivan (1998:195) se studie die belangrikheid van emosionele intimiteit en vertroue/sekuriteit as bepalers van tevredenheid en toewysding in romantiese verhoudings.

Gesien in die lig van Reiss se opmerkings oor toewyding is die navorser van mening dat die klem wat geplaas word op liefde as basis vir die keuse van 'n huweliksmaat moontlik ook bydra tot egskeiding en weer trou. Sodra die kwaliteite waarop 'n persoon verlief raak nie meer daar is nie, of nie meer raakgesien word nie, of nie meer gevoel word nie, is dit vir heelparty mense voldoende rede om te skei en 'n volgende persoon te soek vir wie hulle lief is. Die liefdestyle wat Lee (1998) bespreek is van waarde.

Opsommend kan dus gesê word dat daar sommige aanduidings van die belangrikheid van romantiese liefde by die keuse van 'n huweliksmaat is, maar ook sprake van ontnugtering soos wat die verhouding ontwikkel en die ideale prentjie van 'n maat verbrokkel.

Binne die sosiologiese diskoers wil dit voorkom of romantiese liefde multidimensioneel is. Dit het dus vele fasette. Romantiese liefde word deur sommige gesien as verhewe bo passievolle liefde en van genoeg waarde om die hoeksteen te wees waarop 'n huwelik gebou kan word. Romantiese liefde kan moontlik beskryf of uitgedruk word deur sekere eienskappe daaraan toe te ken. Die navorser maan net om in gedagte te hou dat die betekenis van sulke eienskappe subjektief en nie algemeen geldend is nie. Lee (1998) se teorieë van die ses liefdestyle is waardevol omdat dit die veelheid van mense se uitdrukking van liefde in ag neem. Die volgende konteks waarbinne romantiese liefde omskryf word, is die psigologiese diskoerse.

### 3.2.2 Psigologiese diskoerse

Romantiese liefde se assosiasie met belangrike lewensgebeure, soos die keuse van 'n lewensmaat, die huwelik en selfs die ontbinding van 'n huwelik (Regan, 1992:8; Jackson, 1993:207), is moontlik verantwoordelik vir die baie teoretiese spekulasie wat daar oor die voorgeskiedenis, manifestasie en gevolge van romantiese liefde is. Hierdie teoretiese spekulasies binne die psigologie mag moontlik 'n vormende rol op die algemene man op straat se idee van romantiese liefde hê, omdat die teorieë van psigoloë, veral binne die modernisme, 'n belangrike rol gespeel het om die ervaring van romantiese liefde te verstaan. Hierdie sienings is vrylik beskikbaar vir die algemene man op straat. Dit kan in enige boekwinkel of in die biblioteek gekry word. Die teorieë word kortliks van nader beskou.

Ross (1992:462) meen dat romantiese liefde binne die psigologie veelvuldige faktore omsluit: "[R]omantic love cannot be reduced to one or more instinctual impulses. Nor can this phenomenon be conceptualized even as a single affect, whose underlying determinants are already more various and complex. Passionate love must be seen essentially as a complex and sustained affective disposition, structurally rather like a mood in its amalgamation of emotion, fantasy, and perception, but specifically object directed and impelled. The state of love is characterized essentially by the concatenation of desire and longing (the affective derivatives of Freud's sensual and tender libidinal currents), in which the lover's paradoxical aim is to possess

or devour a specific person, while simultaneously preserving his or her existence." Volgens Ross word romantiese liefde later erotiese liefde en word dit uitgedruk in genitale seksualiteit. Hierdie seksualiteit kan beoefen word in fantasie (kyk ook Nussbaum, 2001) of in die werklikheid. Romantiese liefde ontwikkel dus in stadiums wat elkeen die gevoelens waaruit dit saamgestel is, aanpas en verdiep.

Meer onlangs het Hatfield en Rapson (1993) gesuggereer dat romantiese liefde die beste verstaan word as 'n staat van intense verlange vir eenwording met 'n ander. Sodanige eenwoording sluit kognitiewe waardering, subjektiewe gevoelens (vervulling, ekstase, vrees, vertwyfeling), fisiologiese prosesse, aksiegeneigdhede en instrumentele gedrag in.

Die idee van eenwording word deur verskeie outeurs uitgelig as 'n sentrale tema binne die psigologie en sal vervolgens kortliks in meer diepte bespreek word.

**Eenwording met die geliefde**

Die idee van eenwording word reeds deur Plato vermeld. Plato se siening van liefde ontstaan vanuit die mite oor die oorsprong van die geslagte. Volgens hierdie mite is "love an attempt by man to regain his former state by uniting himself to his lost half. Love is therefore a longing or desire to regain a lost happiness or state of wholeness" (Schaik, 1982:27). Nussbaum (2001:512) lig ook eenwording uit as 'n eis vir die herstel van heelheid: "Love is as form of painful awareness of a gap or lack in the self, accompanied by a demand for a restoration of wholeness."

Evans (2004: 260) merk die volgende op: "Famous lovers of history all wished to fuse themselves with their loved ones. When the young Catherine, in Emily Brontë's Wuthering Height, cries that 'I am Heathcliff', she gives voice to the idea that epitomizes romantic love – the idea that the individual self has been fused with another to make, we must assume, the persons whole." Sy meen die psigoanalitiese implikasie hiervan is dat individue uitroep vir 'n einde aan die gewaagde en moeilike outonomiteit van die volwasse lewe en wil terugkeer na die hemelse warmte van eenheid met die moeder. Indien die idee van eenwording 'n moontlike verduideliking vir romantiese liefde is, is romantiese liefde nie 'n groot projek van volwasse liefde nie, maar 'n kinderlike passie vir die toestand van onvolwassenheid. Delaney (1996:340) lewer ook kritiek op die sogenaamde eenwording. Hy omskryf dit met die term 'we', binne die

konteks van die volgende definisie: "Romantic love is characterised by 'the desire to form and constitute a new entity in the world, what might be called a we.'" Merino (2004: 123) sluit hierby aan: "A common claim about romantic love is that it entails developing a joint identity, also called a we, union, fusion, and shared identity." Delaney meen dat die belangrikste ding wat mense assosieer met die ideaal van romantiese liefde is hierdie begeerte om met 'n ander persoon een te word op grondige psigologiese en fisiese maniere. Die begeerte om te identifiseer met 'n ander persoon, om sy/haar belange jou eie te maak en te wens dat hy/sy dieselfde sal doen, word deur Delaney (1996) en Merino (2004) onder die vergrootglas geplaas.

Die begeerte dat jou maat jou belange sy/haar eie moet maak, ontstaan vanuit 'n basiese spanning tussen die wens om 'n baie intieme eenheid met 'n ander te vorm, die sogenaamde 'romantiese ons'. Maar beide Delaney en Merino maan dat 'n mens behoort te hoop dat jou maat jou belange sal waardeer sonder om dit toe te eien of beslag daarop te lê. Delaney (1996:342) merk op: "Insofar as you can rightly regard your lover as taking her well-being to be directly connected with yours, while at the same time appreciating the distinctively personal dimensions to your achievements, the relationship looks to be maximally fulfulling. It must just be kept in mind, however, that needs and interests come in all shapes and sizes." Dit is merkbaar uit Delaney se stellings dat die begeerte vir 'n 'ons' wat gekenmerk word deur innige psigologiese en fisiese intimiteit, uiterse nuanses het. Selfs binne die 'romantiese ons' behoort daar altyd onderskeid, met gepaardgaande respek en belang, tussen sy belange en haar belange te wees. Schaik (1982:74) meld ook die volgende: "For Fromm, good love is a mature form of interpersonal union or 'fusion' in which each individual actively gives to the other without surrendering his or her individuality"en geniet ook die steun van Merino (2004:130): " The relationship of love profoundly alters and helps to define the individual identity in virtue of the participation in a joint identity, but not because there are two types of identities and they can affect each other. Rather, the change in individual identity that occurs in love as a result of the impact the lovers have on each other is what is meant by having a joint identity."

Die navorser wil byvoeg dat dit nie alleen belangrik is om te kyk na hoe jou maat jou belange en behoeftes in ag sal neem nie, maar om ook te besin oor hoe wil 'n persoon hom- of haarself in verhouding met sy / haar maat sien. Delaney (1996:342) sluit hierby aan: "An important part of the romantic ideal, consists in taking yourself to be a significant contributor to the other's well-being." Op sy beurt merk Laquercia (2001:44) op dat dit vir 'n individu nodig is om behoeftes te onderskei / differensieer sodat 'n verhouding gevestig kan word binne 'n realistiese skatting

van 'n maat se vermoë om in jou behoeftes te voorsien. Hy en sy behoort dus 'n belangrike ondersteunende rol te speel in die ander se vooruitgang, of ten minste in sommige van sy/haar maat se belangstellings.

Delaney (1996:339), in sy ontleding van die romantiese ideaal wys ook daarop dat 'n verhouding tussen twee persone bestaan. Dit bestaan nie tussen 'n persoon en 'n stel eienskappe nie. Hy waarsku oor die stelling 'ek wil vir die regte redes liefgehê word'. Deur aanspraak te maak daarop dat A verwag dat hy vir eienskappe bemin moet word, wat hy sentraal aan sy eie selfvoorstelling sien, maak aanspraak daarop dat A hierdie eienskappe – en nie die objek - as die basis vir B se gesindheid wil hê: "...the claim that you want to be loved for the right reasons is equivalent to saying you want the love to focus on appropriate aspects of you, or that you want to be loved for the right sorts of properties" (Delaney, 1996:343). Die belangrike punt is dat mense gewoonlik die dinge wat hulle as die kern van hulle identiteit sien, wil sien as die basis van hulle minnaar se gesindheid teenoor hulle. Dit kan egter probleme veroorsaak. Die volgende sketse poog om hierdie stelling te verduidelik:

'n Goedhartige tienerrebel, wat homself as 'n rowwe ou sien, is onder dit alles eintlik 'n sagmoedige siel. Indien hy 'n meisie ontmoet wat deur sy bravade sien en die goedheid in hom bewonder, mag dit in 'n romantiese verhouding ontwikkel. Die vraag is egter of dit blywend sal wees as sy hom nie waardeer vir die redes waarvoor hy homself waardeer nie, of anders gestel, as sy hom nie waardeer vir dieselfde eienskappe wat hy sentraal aan sy eie selfvoorstelling sien nie, naamlik dat hy 'n rowwe ou is nie.

Delaney (1996:346) beskryf die dilemma: "In essence, the dilemma is this: while you want to think of your lover as unselfish (since you don't want to be exploited), you also want to think that your lover's love for you is merited by you instantiating various attractive properties. But given that a lover is going to select only someone whose attractive features fit her own needs and interest, it would seem that wanting to be loved on merit requires wanting your lover to love you for selfish reasons. How can we reconcile the desire to be loved for properties central to your self-conception with the wish that love be primarily altruistic?"

Uit die teorieë van Delaney en Merino wil dit lyk asof die basis waarop 'n persoon met sy geliefde wil een word, onduidelik is. Word eenwording gegrond op eienskappe wat 'n persoon

dink sentraal aan sy eie selfbeeld is, of word dit gegrond op selfsugtige behoeftes en belange, of word dit ingebed in 'n aanname dat eenwording beteken twee mense in 'n verhouding ontwikkel 'n gesamentlike identiteit wat beïnvloed word deur hulle individuele persoonlikhede en andersom? Hoewel die basis vir die begeerte van eenwording mag verskil, speel die teoretiese stellings aangaande fusie met die geliefde, en intense fisiologiese opwekking tog 'n rol om mense se kennis en geloof oor die aard van romantiese liefde te help vorm. Regan (1998:412) stel dat "people may rely upon their existing beliefs and assumptions about the nature of romantic love when interpreting events and experiences in their own relationships". 'n Individu mag moontlik elemente van sy huidige verhouding (ek voel seksueel aangetrokke tot X, ek kan openlik met X kommunikeer, ek vertrou X) vergelyk met 'n kognitiewe voorstelling van romantiese liefde (want saam met ander dinge, sluit romantiese liefde seksuele begeerte, openlike kommunikasie en interpersoonlike vertroue in) en tot 'n gevolgtrekking kom wat direkte gevolge vir die verhouding het (ek moet verlief wees op X).

Binne die psigologiese diskoers speel die verstandelike voorstelling van romantiese liefde dus 'n belangrike rol. Liefde word gesien as eenwording met 'n objek in 'n poging om die self heel te maak. Die objek van liefde word gewoonlik veridealiseer.

**Veridealisering van die objek**

Veridealisering van die geliefde word deur Spector (1992:384) beskryf as die kern van passievolle liefde: "The real core of passionate love, as distinguised from carnal love or affectionate bonding, is the lover's idealization of and yearing for an Other, as revealed through the urgency to be with the beloved, it is this nucleus that draws to itself the aggregate of other feeling." Volgens Spector (1992:392) het Freud die kontinuïteit van emosionele lewe – baba tot volwassene - wat begin by die baba se bande met sy ma erken. Hy ontdek ook hoe dit uitgedruk word in die minnaar se keuse van 'n huweliksmaat. Freud het verstaan dat alle minnaars se onvervulde behoeftes, wat terugdateer uit hulle vroegste dae, oorgedra word op die geliefde, wat dan as gevolg van hierdie oordrag, as die bron van alle goed ervaar word. Daarom is die geliefde so belangrik vir die minnaar. Volgens Freud is romantiese liefde 'n heruitgawe, of herontdekking van 'n mens se vroegste liefde. Dit word beaam deur Ross (1992:336).

Ross wys die leser ook op die interpenetrasie van self en ander in passievolle liefde: "Bergman stressed the interpenetration of self and other in passionate love. With this meeting there also emerges an interplay of idealization and identification. Thus, falling in love makes for an

expansion, rather than depletion, of the sense of self and for an awareness of the complex nature of the beloved" (Ross, 1992:450).

Spector (1992:392) gaan verder deur te sê dat romantiese liefde nie 'n primêre affek is nie, maar 'n kragtige saamgestelde passie, waarin affektiewe en kognitiewe komponente deurvleg is. Romantiese liefde word die beste gekonseptualiseer as 'n kreatiewe sintese van verskillende gevoelens, impulse en wense wat op een persoon, naamlik die ideale geliefde fokus. Spector vul die navorser se sosiaal-konstruktiewe en narratiewe benadering tot romantiese liefde aan, wanneer sy romantiese liefde 'n kulturele konstruk noem: "The best evidence that romantic love is not hard-wired into the emotional repertoire of humanity but is a cultural construct is the fact that there are so many cultures in which it is virtually absent." As 'n grootskaalse verskynsel is liefde egter grootliks 'n produk van die Westerse kultuur (Spector, 1992:392). Die keuse van 'n geliefde word deurslaggewend beïnvloed deur die verbeelding wat reageer op vroeëre ervarings. Die aanvanklike impuls om verlief te raak word bykomend gevorm deur die impak van liefdestories, mites en waardes (wat kenmerkend van ons kultuur is) – op die verbeelding.

Dit wil vir die navorser voorkom of romantiese liefde binne die psigologiese diskoers gereeld onderlê word deur 'n soeke na 'n heel self. Dit spruit voort uit die dualistiese eenheid tussen moeder en kind. Wetherell (1995:138) bevestig die vermoede: "Romance represents a form of nostalgia, the hankering for a return to some early sense of wholeness, subjective unity and self/other diffusion."

Met die sosiale konstruksiediskoers as verwysingsraamwerk wys die navorser op die gevaar dat die psigologiese benadering nie rekening hou met die besonderhede van die sosiale konteks waarbinne mense ontwikkel nie. Die oorsteek van seksuele grense skyn meer te wees as net die herlewing van hierdie simbiose. Romantiese liefde word nie gereduseer tot net blote fusie nie. Dit is 'n eenheid tussen twee bepaalde en seksueel verskillende persone. Die navorsing van Hendrick en Hendrick (2002:361) demonstreer "romantic love and sexual expression as linked constructs". Dit is hierdie verbintenis tussen seks en romantiese liefde, wat so dikwels deur gedigte, drama en die literatuur gesuggereer word, wat in die volgende gedeelte bespreek word.

**Die seksuele uitdrukking van romantiese liefde**

Binne die verskeie sienings van romantiese liefde word die belangrikheid van die seksuele voortdurend gesuggereer dat "romantic love also requires transgression, a symbolic sally, at least, across generational barriers into the forbidden domain of sensuality, the arena of primal

scene. Therein the lover rediscovers and revels in the once hidden sexuality of the parents and that of the imaginative oedipal child he or she once was" (Ross, 1992:450). Die stelling van Ross impliseer genetiese voorwaardes en emosionele gevolge. Daarteenoor het Freud elke liefdesverhouding wat uitgeloop het op verbode omgang gesien as afvoer of afwatering van bloedskande (Ross, 1992:451).

Sigmund Freud se sienings oor liefde en menslike seksualiteit is byna 'n onderskrywing dat liefde niks meer en niks minder is as seksuele begeerte nie. Freud was een van die bekendste figure wat beswaar gemaak het teen die anti-seksuele houding van die Christelike kerk. Hy het beweer dat die onderdrukking van die mens se seksuele drange of die blote afwesigheid van seksuele bevrediging, skadelike neurotiese en psigiese gevolge kan hê (De Bruyn, 1998:6). Vir Freud is seksuele begeerte die prototipe van alle menslike begeerte en die oorsprong van alle menslike aksie: "The sex instinct and its need to be gratified determine, within the context of the life of the family and the greater social world beyond, how the individual relates to his fellow human beings" (Schaik, 1982:19). Freud se benadering het 'n raakpunt met die siening dat liefde tussen geslagte 'n uitdrukking is van die begeerte om die spesie te laat voorplant, omdat beide liefde reduseer tot onderliggende fisiese gronde (oorsake). Die navorser wil noem dat indien die prokreasie-benadering die 'waarheid' sou wees, homoseksuele liefde 'n afgedwaalde vorm van menslike liefde is, omdat die oogmerk daarvan nie voorplanting is nie.

Nussbaum (2001:476) meen erotiese liefde is onafskeidbaar van seksuele begeerte in een of ander vorm, bedoelende 'n soort begeerte vir omgang en ander verwante liggaamlike handelinge. Die idee dat erotiese liefde nie liefde kan wees sonder seksuele begeerte nie, word deur sommige outeurs in die Christelike benadering teengestaan. Die navorser is tog van mening dat seksuele begeerte die erotiese liefde van ander vorme van liefde onderskei. Ross (1992:466) is in sy psigoanalise van romantiese liefde baie spesifiek oor die aard van seks in 'n romantiese verhouding: "A man, in particular, must have the control to delay his orgasm until either a woman reaches her climax in intercourse or he recognizes the need ultimately for other forms of stimulation. Both partners must exercise empathy in reacting erotically to the flush of excitement in the other person without exploiting this as a defensive screen obscuring their own arousal because of the conflict associated with it." Dit wil met ander woorde voorkom dat seksuele plesier 'n gedeelde plesier binne werklike romantiese eenheid is. Minnaars behoort gemaklik genoeg met hul eie liggame te wees om dit heeltemal te ontbloot tydens voorspel en penetrasie, gemaklik te wees in hierdie posisie, mekaar te vertroetel en daarna te gesels. Die navorser meen dat hierdie gedagte vandag nog bevorder word in films en boeke. Dit mag moontlik ook die gewone man op straat se idee van romantiese liefde onderlê, en om te misluk in

bogestelde diskoers mag moontlik ook verantwoordelik wees vir teleurstelling en wantroue binne 'n romantiese verhouding. Nussbaum (2001:475) stel egter dat seksuele begeerte nie spesifiek in seksuele omgang uitgedruk hoef te word nie want: "sexual desire itself is a matter of thought and fantasy more than any particular bodily manifestation".

Seksualiteit is 'n onbetwiste deel van die menslike natuur, maar dit is nog geensins duidelik watter rol seksualiteit speel, of behoort te speel in interpersoonlike verhoudings nie. Die debat oor seks en liefde en die geslagte word wyd bespreek. Morrow en O'Sullivan (1998:191) se studie het gewys dat mans meer seksuele kontak in hulle verhoudings begeer het, terwyl vrouens groter emosionele intimiteit verlang het. Dit is konsekwent met die navorsingsbevindings van Duncombe en Marsden (1993), en Burns (2002). Die navorser meen dat sulke bevindings ook in gedagte behoort te hou dat mans en vrouens se konseptualisering of idee van intimiteit moontlik mag verskil. Beide geslagte mag intimiteit in hulle verhouding begeer, maar die manier hoe die behoefte vervul word, mag verskil. Fisiese nabyheid en seksuele omgang mag vir mans dalk die uitdrukking van intimiteit wees, maar nie noodwendig vir vrouens nie. Die stelling sal verder bespreek word onder die sosiale konstruksiediskoers.

Hendrick en Hendrick (2002:362) het tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Love and sex are inextricably linked, with love as the basis for much of our sexual interaction, and sex as the medium of expression for much of our loving." Vir die doeleindes van hierdie studie wil die navorser egter probeer vasstel wat die verband tussen seks en liefde in die romantiese verhoudings van die respondente is.

Die religieuse diskoers word vervolgens bespreek omdat dit ook 'n moontlike konteks is wat mense se sienings van romantiese liefde kan beïnvloed.

### 3.2.3 Religieuse diskoerse

Giddens (1993) se betoog vir die seksuele vryheid van die vrou om te kan kies wanneer en met wie sy seksueel verkeer, sonder vrees vir diskriminasie – soos bespreek onder die sosiale diskoers, is in skrille kontras met die religieuse diskoerse oor liefde. Hierdie diskoerse maak dikwels aanspraak op 'n enigste waarheid en beweer dat die huwelik deur God ingestel is en die enigste plek is waar die seksuele uitdrukking van romantiese liefde beoefen moet word. Die navorser vermoed dat hierdie diskoers die idees van die algemene op straat tot 'n groot mate mag beïnvloed binne die Suid-Afrikaanse, Christelike konteks. Aan die anderkant mag dit moontlik ook die hoeksteun wees vir baie pare se skuldgevoelens met betrekking tot die seksuele uitdrukking van romantiese liefde buite die huwelik. Sommige van die religieuse diskoerse word kortliks bespreek ten einde te dien as 'n agtergrond waarteen die algemene man op straat se siening van romantiese liefde ondersoek kan word.

Nussbaum (2001:528) meld dat Augustinus regdeur sy loopbaan herhaaldelik twee tipes liefde gekontrasteer het, naamlik menslike of aardse liefde en Christelike liefde, waarin die kern liefde vir God is. Nussbaum (2001:528) skryf: "The good Christian life becomes, as it goes on, a life progressively emptied of erotic longing and tension." Augustinus het menslike passie verwerp. Tog meen Nussbaum dat sy werk *Confessions* deurtrek is met uitdrukking van erotiese spanning en verlange. Vir Augustinus was dit nie erotiese eenwording wat vir die lewe van belang was nie, maar erotiese verlange, afstand en onvolledigheid, "unattainability [of the lover's aim] is precisely what the Christian ought to value for himself in this life, the pride of a human joy just what he should avoid" (Nussbaum, 2001:545). De Bruyn (1998:5) meen dat die erotiese liefde soos uitgedruk in seks radikaal verander het die afgelope 40 jaar. Die manier waarop mense oor seks dink en praat het verander. Die verandering het beweeg van 'n negatiewe houding na 'n positiewe houding teenoor seks; van 'n onderdrukking van enige ernstige besprekings daarvan tot die aanmoediging van studie en navorsing daaroor; van 'n streng en rigiede beheer oor die belewing van seksualiteit tot 'n verdraagsame en permissiewe houding daarteenoor. De Bruyn (1998:4) skryf dat indien die Christelike kerk dit nie deur die Victoriaanse lewensbeskouing tot 'n antiseksuele houding laat verlei het nie, sou hierdie seksuele rewolusie van totale seksuele ongebondenheid moontlik uitgeskakel gewees het.

Retief (1998) net soos De Bruyn, is ook van mening dat die seksuele uitdrukking van liefde nie rigied verbied moet word nie, maar moedig die beoefening daarvan binne die huwelik aan. Die vervulling van erotiese liefde binne 'n huwelik is reg. Die huweliksbegrip is binne die

religieuse diskoerse belangrik om te verstaan omdat dit voorkom asof die huwelik 'n sentrale rol speel binne die religieuse konteks. Die Christelik religieuse diskoers oor romantiese liefde omsluit meestal die huwelik as kontrak tussen 'n man en 'n vrou wat mekaar liefhet. Hierdie kontrak sal vervolgens verken word.

**Die huwelik as 'n kontrak**

Retief (1998:119) is van mening dat die huwelik meer as net sentiment of 'n sterk emosionele verbintenis is. Dit is 'n kontrak.

'n Kontrak is 'n ooreenstemming tussen twee partye wat sekere ondernemings gemaak het, wedersyds aanvaarbare voorwaardes neergelê het, en hulleself verbind het aan hierdie terme. Die Bybelse kontrak-tema is volgens Retief baie belangrik omdat dit verleng om die realiteit van persoonlike omgee en toewyding in te sluit. Lathrop en Gibson (1990:1) noem dit ook dat toewyding belangrik vir die groeiproses in die huwelik is, omdat die huwelik bestaan uit twee individue wat elkeen gebruik maak van hulle eie relasionele proses met mekaar. Die Bybel sien die huwelik as die basis vir die hele menslike samelewing. Die essensie van die huwelik is kameraadskap. Retief (1998:120) haal die volgende teksgedeeltes aan:
"Proverbs 2:17 (NKJV) speaks of a woman who forsakes the companion of her youth, and forgets the covenant of her God. Malachi 2:14 (NKJV) adds that the Lord has been witness between you and the wife of your youth, with whom you have dealt treacheroulsy; yet she is your companion and your wife by covenant."
Die kameraadskap van die huwelik word beskerm deur die feit dat die huwelik 'n kontraktuele verhouding is.

Binne so 'n huwelikskontrak identifiseer Retief (1998:122) ses belangrike beginsels:

- Wedersydse onderdaninheid

  Wedersydse onderdanigheid van beide partye is 'n vrywillige handeling van kameraadskap. Baie boeke beklemtoon die hiërargiese rol in die huwelik en die hoofskap van die man, maar vergeet van Efesiërs 5:21 "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig." Ons is met ander woorde aan God en dan aan mekaar onderdanig. Die implikasie is dat ons veronderstel is om ander-persoon-gesentreerd te wees.

  In die huwelik beteken dit dat 'n mens se liefde, respek en toewyding aan jou maat maak dat sy/haar belange eerste gestel word. In teenstelling hiermee sê Jackson (1993: 210) dat "love is not really about caring for another, but it is a very self centred emotion. Love has generally being associated with individualism in terms of free choice of partners, but it may

also be individualistic in a deeper sense. To be in love is to make one unique other the centre of your universe, but is also demands the same in return." Die navorser meen dat dit die ideaal is om ander-persoon-gesentreerd te wees omdat dit eie verwagtings om te ontvang uitskakel. Om 'n mens se maat die hele tyd eerste te stel behoort te lei tot onselfsugtige optrede, sowel as minder woede en seer vanweë onvervulde verwagtings. Binne die navorser se eie Christelike lewensbeskouing is gehoorsaamheid aan die beginsel die versekering van God se seën op 'n huwelik. Tog kan die navorser nie anders as om met Jackson saam te stem oor die selfsugtigheid van liefde nie. Binne die gebroke wêreld waarin ons leef, sal dit 'n voortdurende stryd wees om ander-persoon-gesentreerd te wees. Uit eie ervaring meen die navorser dat die meeste mense wat 'n verhouding betree iemand liefhet omdat die persoon hulle laat goed voel – daarom maak die geliefde so graag opofferings vir sy/haar maat. Sodra die goedvoel-gevoel oor is, is dit ook moeiliker om onselfsugtige opoffering te maak (Jackson, 1993: 210).

– Orde, struktuur en hoofskap

Die idee dat maats mekaar se belange dien, beteken nie dat daar geen rolle in die familie is nie. Die struktuur en orde wat God gee, belê die hoofskap in die man. Maar ... dit is nie 'n wapen van superioriteit nie. Dit is veronderstel om 'n las van die vrou se skouers af te haal wanneer haar man in liefde beheer neem van familiesake. Dit voorsien 'n sin van vryheid en bring haar nader aan haar man. Dit is deel van wat die Bybel bedoel het met kameraadskap.

– Opofferende liefde

Toewyding aan mekaar behoort volgens Retief verleng te word tot die punt waar eie belange en gemak sekondêr tot die van 'n persoon se maat is. Met ander woorde dit is nie meer belangrik om die argument te wen nie, jou maat word nooit in ander se teenwoordigheid verneder nie, en daar is nie ongeskikte en growwe 'op-jou-plek-sit-sessies' nie. Eenvoudig gestel, soos wat Christus Homself ontneem het vir die mens se onthalwe, ontneem die mens homself vir sy maat se onthalwe.

– Versorgende liefde

Versorgende liefde sluit fisiese en emosionele versorging, omgee, teerheid, voorsiening en beskerming in. Die navorser kan nie genoeg saam met Retief stem wanneer hy sê dat een van die grootste probleme waarmee huweliksberaders te make het, is vrouens se gevoel dat hulle mans hulle nie liefhet het nie. Die navorsing van Moschetta en Moschetta (1990:57) en Burns (2002:167) steun ook die stelling. Retief (1998:125) meen: "This nurturing, verbal

and physical love, romantic and sentimental though it may be, is a crucial factor in making your marriage work."

- Liefde soos Christus

  Christene neig om te vergeet dat huwelike veronderstel is om prente te wees van hoe Christus met Sy kerk verwant is. Hy het Sy kerk liefgehad en Homself vir die kerk gegee. So moet mans hulle vrouens liefhê. Die kerk reageer in liefde, gehoorsaamheid en 'n toewyding aan Christus – so behoort vrouens op hulle mans te reageer.

- Eksklusiewe liefde

  'n Huwelik is 'n kontrak wat verseker dat beide partye se toewyding eksklusief met mekaar is. Daar is nie plek vir 'n derde party nie!

Vanuit die Christelike oogpunt kan seksuele liefde net bestaan tussen 'n man en 'n vrou binne die konteks van 'n monogame huwelik (La Haye en La Haye, 1995:15). Seksuele uitdrukking van romantiese liefde word ook deur Anon (1998:4) gesteun as hy verwys na erotiese liefde as liefde wat begeerte en aangetrokkenheid tussen mense van die teenoorgestelde geslag omsluit: "Erotic love is good and necessary, but only in the God-ordained context of Christian marriage." Wanneer 'n man of 'n vrou die liggaam van 'n ander buite die huwelik begeer, is dit sonde. Terwyl Lee die konsep Eros omskryf as 'n konsep van liefde wat sentreer op 'n verwagting van 'n intense emosionele en fisiese aangetrokkenheid tot die geliefde, meld Anon dat hierdie erotiese liefde egter net 'n derde van liefde is: "[T]he physical side of love (sex) is only one third of love. Love consist of all three parts [Eros, friendship type of love and God-kind of love] ... and only then will it be able to satify all the needs of a human being" (Anon, 1998:4).

Die navorser lei af dat binne die religieuse diskoerse die seksuele uitdrukking van liefde nie noodwendig verkeerd is nie, maar dit hoort binne die huwelik. Die huwelik is 'n langtermynkontrak tussen twee partye wat mekaar liefhet.

Liefde word deur Anon (1998:38) omskryf aan die hand van sewe stellings deur Walter Trobisch:

- Liefde is uitgaande. Dit reik uit na die ander persoon, om die ander persoon gelukkig te maak, en nie net om self gelukkig te wil wees nie. Dit is teenstrydig met die siening binne

die psigologiese diskoers dat 'n persoon soek na eenwording met 'n maat net ter wille van eie heelwording.

- Liefde gee sterkte en moed. Dit maak 'n persoon gretig om iets te bereik.
- Liefde is 'n ons-gevoel: Ons sal daarvan hou om dit en dat te doen.
- Liefde beteken om verdraagsaam teenoor mekaar te wees. Dit beteken dat 'n persoon sy/haar maat sal liefhê ten spyte van hulle tekortkominge.
- Mense wat liefhet, gee en ontvang respek.
- Liefde deurleef die stormagtige en die goeie tye.
- Seks is nie die toets van liefde nie.

Mol (2001:152) sluit by Anon aan wanneer hy vermeld dat liefde binne die Christelike konteks 'n werkwoord is. Dit beteken dat 'n persoon nie van sy huweliksmaat hoef te hou nie, of 'n gevoel van liefde hoef te ervaar nie, om liefdevol op te tree nie. Mol (2001:153) meen dat namate mense liefdevol optree, sal die gevoel van liefde volg. Hiermee word die rol van emosies en gevoelens in liefde nie ontken nie, maar word gemaan dat dit nie noodwendig gevoelens is wat tot optrede lei nie; maar optrede wat die gevoelens teweegbring.

Die navorser is van mening dat die huwelik wel 'n instelling van God is, maar dat die rol van romantiese liefde daarin sosiaal gekonstrueer word. Heelparty mense mag dalk hulle romantiese diskoers onderlê in die gedagte van Efesiërs 5:24-25: "Now as the church submits to Christ, so also wives should submit to their husbands in everything. Husbands, love your wives, just as Christ loved the church and gave Himself for her." Tog lyk dit hedendaags asof daar 'n funksionele passing tussen romantiese liefde en die moderne samelewing is. Feministe verwerp die blote gedagte van 'n onderdanige vrou. Ander, soos Giddens (1993), betoog vir seksuele gelykheid en vryheid van die vrou. Die aanhangers van patriargale dominansie, mag waarskynlik aanklank vind by die idee van onderdanigheid in Efesiërs. Die navorser glo dat beide die feminste en ondersteuners van patriargie die betekenis van sodanige teks misbruik om hulle konsep van 'waarheid' te steun, sonder om die betekenis daarvan binne die konteks van God se Agapé liefde te probeer verstaan.

Die gevolgtrekking wat die navorser maak uit al bo bespreekte sienings, idees of diskoerse is dat romantiese liefde meer as die somtotaal van hierdie bespreking is. Die sosiale konstruksiediskoers steun die stelling omdat dit die idee van 'n objektiewe of enkelwaarheid verwerp en poog om alternatiewe diskoerse te verken wat die veelvuldigheid van romantiese liefde erken.

Romantiese liefde sal in terme van die sosiale konstruksiediskoers in die volgende gedeelte bespreek word omdat dit ruimte laat vir die veelheid van sienings oor romantiese liefde. Dit is immers die onderneming van hierdie studie om die algemene persoon op straat se verskillende idees van romantiese liefde te verken en te ontdek. Binne die sosiale konstruksiediskoers word geen diskoers as beter of van meer waarde as 'n ander beskou nie. Die sosiale konstruksiediskoers adem die gees van die narratiewe perspektief wat sê elke diskoers is 'n antwoord, en nie dié antwoord nie.

### 3.2.4 Romantiese liefde en die sosiale konstruksiediskoers

"Societies cannot exist without the production of ideology any more than they can exist without the production of material goods" (Sinfield, 1992:32). Om liefde as 'n diskoers te oorweeg is nie net 'n saak van intellektuele of wetenskaplike belang nie. Lee (1998:46) sê in hierdie verband: "Every day, people 'look for love' and enter 'relationships' because they believe they have found love, or they leave relationships because they believe the have 'lost' love. Most do not stop to notice that this is not merely an attitude change but an ideological conversion, much the same as converting to a new religion in search of faith, or joining a new political party, or 'becoming a feminist'."

Romantiese liefde as 'n diskoers is meer as net 'n stel idees, dit sluit 'n oorredende / oortuigende element in. Mense het 'n verbondenheid teenoor sekere idees, omdat hulle meen dat dit in hulle beste belang is. Parsons (1951:354) merk op: "[Discourses] distort any totally 'objective' approach to life and society because the goals of any one discourse exclude or oppose the goals of the others." Die sosiale konstruksiediskoers steun Parson se denkrigting. Dit verwerp die idee van 'n objektiewe of enkelwaarheid, en moedig die verkenning van alternatiewe diskoerse aan (Monk *et al.*, 1996: 40), ongeag of die diskoerse mekaar teenstaan of uitsluit.

Volgens die sosiale konstruksiediskoers is kennis nie objektief verifieerbaar nie. Kennis van romantiese liefde word beskou as sosiaal gekonstrueer deur taal. Schaik (1982:47) meen: "Understanding what it is to have a particular emotion – what it means to be in love – has to do with our understanding of how the emotion word functions in a particular linguistic context. And this implies a familiarity with social conventions." Omdat kennis en begrip binne die konteks van taal geskep word, en omdat hierdie proses in die sosiale domein gesetel is, kan kennis nie 'n objektiewe weerspieëling van die realiteit wees nie. Daarom kan die mens nooit in

'n posisie wees waar hy aanspraak maak op 'n allesomvattende enkelwaarheid nie (Anderson en Goolishian 1988:372; Potgieter 2000:29-31; Nell, 2000: 11; Burns, 2002:153).

Freedman & Combs (1996:1) sê die sosiale konstruksiediskoers stel ondersoek in na die wyse waarop 'n persoon se interpersoonlike realiteit gekonstrueer word deur middel van interaksie met ander mense. Anderson en Goolishian (1996:26) sluit hierby aan wanneer hulle noem dat betekenis geskep en beleef word deur individue wat in gesprek met mekaar is. Die realiteit kan dus as onderhandelbare betekenis nie buite die domein van linguistiese interaksie bestaan nie. Hieruit maak die navorser die aanname dat mense se realiteite en sienings van romantiese liefde deur interaksie en taal, sosiaal gekonstrueer word.

Burns (2002:153) konstateer: "A very different way of approaching love, emotion and gender is to conceptualize them as gaining their meaning from the narratives within which they are evoked. When [love] is taken not as an attribute but as a system of meanings, we can deconstruct those meanings in order to understand how differences are created, and question the potential consequences of accepting these differences as factual." Hierdie stelling lê weereens klem daarop dat die meeste idees en aannames oor romantiese liefde sosiale konstruksies is, eerder as refleksies van enige absolute waarhede. Nell (2000:12) voeg by rakende die benadering dat aannames en realiteite sosiale konstruksies is. Die implikasie is dat dit herkonstrueer kan word op verskillende, meer persoonlik aanvaarbare maniere. Die algemene man op straat in Tshwane kan moontlik bestaande konstruksies van romantiese liefde herplooi of herkonstrueer sodat dit sin gee aan sy ervaring van romantiese liefde. Dit dra by tot die bestaansreg of geldigheid van alternatiewe diversiteit, en diversiteit word binne die postmoderne benadering gevier.

Volgens die sosiale konstruksiediskoers is die realiteit met betrekking tot romantiese liefde immer veranderend. Nie alleen word die realiteit voortdurend gekonstrueer nie, maar die betekenis daarvan is ook intersubjektief (Anderson en Goolishian, 1988:372). Met intersubjektief word bedoel dat soos wat 'n gesprek/saak ontwikkel stem twee of meer mense in gesprek saam (verstaan hulle) dat hulle dieselfde gebeurtenis op dieselfde manier ervaar. Om saam te stem is baie 'breekbaar', dus is die ooreenkoms die hele tyd onderworpe aan heronderhandeling en dispuut. Met ander woorde, romantiese liefde het vir verskillende mense verskillende betekenisse, en hoewel verskillend, het dit 'n werklike invloed of effek op hulle lewens.

Jackson (1993) verwys net soos Averill (1985) na romantiese liefde as 'n sosiale konstruksie. Mense se romantiese oortuigings laat hulle glo dat liefde in essensie ondefinieerbaar, misterieus en buite die rasionele diskoers is. Hulle stel dat die betekenis van romantiese liefde net intuïtief, op die gevoelsvlak, geken kan word. Dit behoort nie in presiese terme uitgedruk te kan word nie. Jackson (1993:207) meen die volgende: "Emotions, in the sense of what is subjectively felt by individuals, are not observable phenomena." Dit sal dus moeilik wees om liefde op enige ander manier te verken as deur die manier hoe daaroor gepraat en geskryf word: "Language itself, moreover contributes to the cultural construction of emotions and is a means by which we participate in creating a shared sense of what emotions are" (Jackson, 1993:207).

Jagger (soos aangehaal deur Jackson, 1993:207) het bevind dat ons geen toegang het tot ons eie of ander se emosies, onafhanklik of onbemiddeld deur die diskoers van ons kultuur nie. Dit wil vir die navorser voorkom dat mense emosies aan hulleself toedig op grond van die benaderings wat deur hulle kultuur voorsien word, en op hulle aanvaarding van en gesindhede teenoor hierdie benaderings. Die manier waarop liefde gekonseptualiseer en gebruik word, is 'n funksie van kultuur. Die stelling word gesteun deur Nussbaum (2001:171); Spector (1992:390) en Jackson (1993:12).

Jackson maan egter dat mense hierdie invloed nie sommer passief aanvaar nie. Hulle neem aktief daaraan deel om hulself in hierdie strukture in te werk. Dit verduidelik ook – gedeeltelik ten minste – onderwerping daaraan. Mense skep vir hulself 'n sin van wat emosies is, van wat dit is om verlief te wees: "We do this by participating in sets of meanings constructed, interpreted, propagated and deployed throughout our culture, through learning scripts, positioning ourselves within discourses, constructing narratives of self" (Jackson, 1993:212). Mense maak sin van gevoelens en verhoudings in terme van liefde, omdat 'n stel diskoerse oor liefde, individue voorafgegaan het. Hierdeur leer mense wat liefde beteken.

Dit wil dus voorkom dat minnaars se beskrywing van liefde as 'n unieke, persoonlike en onverklaarbare ervaring, kultureel voorgeskrewe patrone volg. Spector (1992:390) sê die volgende: "Romantic love ... appears much more regularly in cultures that provide ready-made scripts for love."

Dit is egter nodig om ondersoek in te stel na die maniere en prosesse waardeur hierdie stelle van gekonstrueerde betekenis en voorskrifte aan die individu voorgehou word, omdat mense se vermoë om 'n emosie soos liefde te ervaar, soos alle ander menslike ervarings, deur taal en kultuur bemiddel word. Jackson (1993:209) sê: "It is also deeply embedded in our subjectivities and must in some way be formed in and through the processes by which our subjectivities are socially constituted." Die sosiale vorming van konstruksies soos romantiese liefde word beïnvloed deur belangrike rolspelers soos die media. Die invloed en mag van die media in hierdie proses sal bespreek word in die gedeelte oor die media.

Jackson (1993) het klem geplaas op romantiese liefde as 'n sosiale konstruk en Averill (1985:91) sluit by Jackson aan wanneer hy sê dat romantiese liefde 'n sosiale konstruk is wat in sy wydste sin verwys na die beginsels waarmee mense hulle verhoudings met mekaar organiseer.

In sy omskrywing van liefde as 'n sosiale konstruk bespreek Averill (1985:93) liefde as 'n romantiese ideaal. Die romantiese ideaal omsluit vier komponente of prosesses van romantiese liefde, naamlik

- Veridealisering van die geliefde.
- Skielike aanvang.
- Fisiologiese opwekking.
- Toewyding en die bereidwilligheid om opoffering te maak vir jou geliefde.

Elk van die komponente van die romantiese ideaal sal kortliks verder bespreek word.

**Veridealisering van die geliefde**

Averill (1985:101) meen dat romantiese veridealisering sy basis in die gemeenskap het en dat dit verder strek as die vasstelling van voorwaardes vir veridealisering. Die gemeenskap help ook die inhoud van romantiese liefde te bepaal. (Veridealisering was ook 'n belangrike tema binne die psigologiese diskoerse. Kyk paragraaf 3.2.2)

Hoewel daar nie vandag ideologies eksplisiete modelle vir romantiese veridealisering is nie, neig mense steeds om verlief te raak op ander wat 'gepas' is in terme van ouderdom, etiese agtergrond en sosiale status. Liefde mag blind wees, maar dit is nie onbewus van sosiale reëls en standaarde nie. Evans (2004:260) beklemtoon ook die invloed van sosiale reëls en standaarde. Sy merk op dat al die groot liefdesverhale van minnaars soos Romeo en Juliet; Anthony en Cleopatra en Anna Karenina hartseer eindes gehad het, omdat hulle op sosiaal onvanpaste mense

verlief geraak het: "[T]he social has always been more powerful than the individual: women and men have tried to love across class, national and ethnic lines, but this has seldom had happy results" (Evans 2004:260).

Averill voeg by dat die veridealisering van 'n geliefde ook 'n persoon se evaluering van'n situasie sal insluit. Emosies soos liefde het objekte. 'n Mens is verlief op iemand of iets. Nussbaum (2001:501) stem saam oor die evaluering: "[L]ove always involves the appraisal of a situation for its bearing on the person's own well being." Hierdie objek wat geëvalueer word, is dikwels die kenmerkendste eienskap van enige emosie: "In a strict sense, the object of my love is not even the girl whom I meet; but, rather, an idealization of her" (Averill, 1985:100). Schaik (1982:30) beklemtoon ook dat die eienskappe wat die minnaar aan sy geliefde toedig, nie noodwendig eers deur die geliefde besit word nie. Wanneer veridealisering so ekstreem is dat net die persoon se goeie eienskappe raakgesien word en geen foute nie, grens dit volgens Averill aan delusie. Meer algemeen egter word die foute erken, maar die belangrikheid daarvan word ontken. Die stelling 'ek het hom lief vir wie hy is as persoon, nie vir sy voorkoms of sy gedrag nie', is tekenend hiervan.

Dit kan egter ook wees dat veridealisering ideosinkrasie van smaak en waardes insluit. Averill gebruik die voorbeeld dat 'n mens van skaapvleis kan hou, sonder om noodwendig te dink dat dit beter is as beesvleis. Soortgelyk kan Pieter vir Anette liefhê en dink sy is die beste vir hom sonder om onrealistiese aannames oor haar sterkpunte en foute te hê. Aansluitend meen Nussbaum (2001:177) dat "all human emotions are in part about the past, and bear the traces of a history that is at once commonly human, socially constructed, and idiosyncratic".

Uit Averill se opmerkings is dit duidelik dat daar baie gespekuleer is oor die prosesse wat verantwoordelik is vir die veridealisering van die geliefde. Sommige teoretici soos Freud en Jung (soos aangehaal deur Averill, 1985:101) sê romantiese liefde is 'n geïntegreerde respons wat gedissosieerde aspekte van die self verenig. Ander soos Maslow sê liefde help ontwikkeling van die self deur nabye interaksie en identifikasie met ander aan. Schaik (1982:29) skryf: "In the tradition of courtly love, the beloved is perceived to possess a host of virtues which bestow upon her an ideal status. It is precisely the ideality of the beloved that captures the imagination of the lover and to which his love is directed."

Wat hierdie hipoteses egter volgens Averill faal om te illustreer is die sosiale basis vir die veridealisering van die geliefde. Veridealisering vereis dat die geliefde erken word as 'n unieke en waardige individu in sy/haar eie reg, en dit vereis individualisering of onderskeiding van die self. Solomon (1981, soos aangehaal deur Averill, 1985:101) skryf: "Only in a society with an enormously powerful ideology of the individual, in which the 'alienation' of the individual form the larger society is not only tolerated but even encouraged and celebrated, can the phenomenon of romantic love be conceivable."

Volgens Lantz (2001:254) ondersteun die sosiale omgewing in die Westere wêreld individualisme, wat dit moontlik maak om aangetrokke te voel tot iemand van eie keuse teenoor streng tradisionele en ouerlike kontrole. Tradisionele waardes rakende die huwelik en familie word al hoe meer gefragmenteerd. Lantz (2001: 354) verduidelik: "[T]he spread of romantic love is one aspect of the rise of affective individualism. Affective individualism was made possible by macro events such as the spread of capatalism. One result was the emergence of a large and selfconfident middle class, able to maintain a life style based on privacy and leisure ... affective individualism worked against traditional patriarchy and put in its place romantic love and companionate marriage." Evans (2004:260) lewer insiggewende kommentaar op individualisme en sê "the social has always been more powerful than the individual". Mans en vrouens het regdeur die geskiedenis probeer om oor klasgrens, rasgrens en nasionaliteite lief te hê, maar dit het selde gelukkige eindes gehad. Individualisme is 'n sosiale voorskrif en norm, 'n sosiale imperatief, net soveel soos die geloof in die instandhouding van die klassehiërargie. Morrow en O'Sullivan (1998:171) gaan so ver om te sê dat veridealisering selfs 'n verhouding kan skade berokken in terme van die negatiewe impak wat onrealistiese verwagtings oor die romantiese ideaal op die individu se romantiese betrokkenheid kan hê: "Individuals often enter relationships imbued with fantasies and unrealistic expectations concerning their partners and their relationships ... This realization often results in disillusionment and dissatisfaction."

Die punt wat Averill egter wil maak, is dat die veridealisering van die geliefde nie net verstaan kan word in terme van psigiese prosesse, soos projeksie en selfintegrasie, nie. **Die romantiese ideaal het 'n sosiale basis ook.**

**Skielike aanvang ("love at first sight")**

Liefde met die eerste oogopslag! Averill en Boothroyd (1977:235) stel dit soos volg: " Love is a passion: One does not enter into love quietly and with deliberation: rather, one is 'gripped,'

'seized,' and 'overcome' by love." Hoewel dit deur baie mense as 'n sentrale komponent van romantiese liefde gesien word, is dit eerder die uitsondering as die reël. Tog gebeur dit soms en Averill (1985:102) noem vier moontlike redes:

- 'n Toestand van 'voorbereidheid'. Die individu se kern persoonlike konstrukte, met ander woorde, maniere waarop daar op gebeure gereageer word, is onstabiel. Dit kan wees omdat die sisteem hoogs vloeibaar of baie broos is.
- 'n Motivering, nie noodwendig bewustelik nie, om te verander. Of andersyds ten minste 'n positiewe houding teenoor verandering.
- 'n Onmiddellike omgewing, somstyds kan dit 'n spesifieke gebeurtenis wees wat verandering bevorder.
- 'n Ideologie wat die verandering legitiem maak, en sodoende die sosiale steun vir instandhouding gee.

**Fisiologiese opwekking**

Averill (1985: 103) stel in hierdie verband dat: "unexplained physiological arousal may enhance attraction toward a potential love partner". Die navorser steun Averill se stelling dat fisiologiese opwekking aangetrokkenheid tot 'n spesifieke persoon mag aanhelp, maar wil byvoeg dat romantiese liefde meer as fisiologiese opwekking is. Dit is nie 'n primitiewe impuls of blote seksuele opwinding nie. Fisiologiese liggaamsveranderings in die teenwoordigheid van die objek is 'n moontlike faset van romantiese liefde. Die navorser stel dit egter dat die voorreg om 'n geliefde se liggaam te ontdek ook sekere eise stel. Die eise en grense sal egter bepaal word deur die persone in die betrokke verhouding.

**Toewyding en die bereidwilligheid om opoffering te maak vir jou geliefde**

'n Sin van toewyding impliseer 'n besluit om te reageer as gevolg van sekere algemene beginsels, of omdat die reaksies 'n persoon se 'ware' self reflekteer. Die persoon wat toegewyd is, kan nie help om op die bepaalde manier te reageer nie. Veral as sodanige aan eie oortuigings, of die self wil trou bly. Delaney (1996:346) sluit by Averill aan: "The loving commitment expresses itself in a sincere willingness to attend to the other's interests and needs, and reflects a choice to sustain the relationship as its customary degree of intimacy, a choice that is always open to renewal and always freely renewed. It is a commitment to another that emerges from romantic love, and the obligations it creates are always viewed in this context."

Tesame vorm hierdie genoemde vier eienskappe 'n ideale tipe of benadering. Persone wie se gesindheid teenoor hierdie benadering gunstig is, sal maklik daarmee identifiseer en hulle ervarings van romantiese liefde ook so uitdruk. Diegene wie se gesindheid teenoor die romantiese ideaal ongunstig is, sal hulle ervaringe verwyderd daarvan uitdruk.

Averill (1985:105) skryf dit daaraan toe dat die romantiese ideaal slegs een substel van liefde verteenwoordig, maar dat benaderings soos die romantiese ideaal die individu voorsien met 'n model en 'n rasionaal vir gedrag. Deur met die benadering te konformeer, help individue om die breër kulturele netwerk waarvan die benadering 'n aspek is, te bevestig.

Hieruit blyk dit dat daar 'n verhouding is tussen die kulturele ideale en die gedrag van die individu. Dit beteken dat mense sekere emosies aan hulleself toedig, gegrond op die benadering wat deur kultuur voorsien word, en hulle aanvaarding al dan nie van die benadering. Jackson (1993:212) se vroeëre opmerking dat mense die invloed van 'n benadering nie sommer passief aanvaar nie, maar aktief daaraan deelneem om hulself in hierdie strukture in te werk, word dus ook deur Averill ondersteun. Nussbaum (2001:171) brei hierop uit: "Culture itself has an explanatory role to play: the fact that something is a widely endorsed cultural norm gives people a reason for following it that is not reducible to an overlap of individual endorsements." Sy sê kultuur is nie 'n magsmasjien wat 'n reeks identiese mense – soos koekies deur 'n koekiedrukker – maak nie. Dit is eerder 'n terrein van sterk debat en heelwat verskeidenheid, waarbinne daar spasie geskep word waarin die individu kan rondbeweeg. Voorts is individuele ouers die eerste, en in baie gevalle die primêre medium van kultuuroordrag: "Individual parents and individual children vary greatly, and parents have at least some latitude to choose what elements of culture will enter the lives of their children" (Nussbaum, 2001:171). Hierdeur wil sy dit waarskynlik duidelik maak dat sosiale konstruksies van emosies oorgedra word deur ouerlike leidrade, aksies en instruksies, lank voordat die groter gemeenskap die kind vorm, hoewel sy erken dat "no parent is an island free from culture" (Nussbaum 2001:173). Nussbaum neem sterk standpunt in dat die sosiale konstruksiediskoers aanneemlik is, sou dit plek maak vir kruiskulturele intelligensie (beide biologiese en algemene omstandighede maak dit onwaarskynlik dat die emosionele repertoriums van twee gemeenskappe volkome onduidelik of duister vir mekaar sal wees) en individuele vryheid. Dit blyk egter uit Nussbaum se stellings dat volwassenes se emosies - soos romantiese liefde - nie verstaan kan word sonder om hulle geskiedenis as baba en kind te verstaan nie.

Opsommend kan daar dus gesê word dat romantiese liefde binne die sosiale konstruksiediskoers nie objektief verifieerbaar is nie. Kennis van romantiese liefde word sosiaal gekonstrueer, en die betekenis van romantiese liefde is verskillend vir verskillende mense. Romantiese liefde is dus volgens die sosiaal konstruktivisme 'n sosiale konstruksie. Die sosiale konstruksie is nie onafhanklik van die kultuur van ons samelewing nie, maar word ook nie sommer passief deur mense aanvaar nie.

Vervolgens sal die narratiewe konstruksie van romantiese liefde kortliks bespreek word. Hierdie studie is binne die raamwerk van die sosiaal konstruktiewe en narratiewe benadering saamgestel en die grondbeginsels daarvan is reeds in hoofstuk 2 verduidelik. Die belangrikheid van die narratiewe benadering tot romantiese liefde word vervolgens oorsigtelik beskryf omdat die navorser van mening is dat mense se idees en persoonlike ervaring van romantiese liefde verstaan en herproduseer word in verhouding tot die kulturele narratiewe wat hulle beskikbaar het.

### 3.2.5 Die narratiewe konstruksie van romantiese liefde

Die sosiale konstruksiediskoers is 'n belangrik hoeksteen van die narratiewe benadering. Die narratiewe benadering kan beskou word as 'n uitvloeisel van die sosiale konstruktivisme (Potgieter, 2000:34). Die narratiewe manier van dink sal grootliks die navorser se gesprektemas motiveer en respondente behoort moontlik gedurende die navorsing deur middel van storievertelling (narratiewe), beskrywings te gee van hulle idees of diskoerse oor romantiese liefde. Daarom is dit belangrik om in die volgende gedeelte kortliks die narratiewe konstruksie van romantiese liefde te bespreek. Die narratiewe benadering laat die klem val op die betekenis wat mense aan 'n konstruk toeskryf (Nell, 2000:16). Die konstruk wat in hierdie studie ondersoek word, is romantiese liefde.

Stories of narratiewe help mense om betekenis te maak van gebeure en idees (Van Graan, 2002:26). Rosaldo brei uit op die stelling deur te sê dat gevoelens ook georganiseer word deur die stories wat mense daaroor vertel: "Feeling are not substances to be discovered in our blood, but social practices organized by stories that we both enact and tell. They are structured by our forms of understanding" (Rosaldo, 1984:143). Narratiewe of stories kom nie net voor in boeke, toneelstukke en films nie. Dit is 'n deel van alledaagse kulturele bevoegdhede. Mense vertel voortdurend stories: gebeure waaraan ons deelgeneem het, of waargeneem het, word aan ander mense oorvertel en selfs in ons gedagtes hervertel. Swanepoel (2002:17) meld dat mense hulle

ervarings van die hede en die verlede rangskik, sowel as hulle toekomsverwagtings en maak narratiewe of stories daarvan maak. Die sukses van hierdie proses gee aan mense 'n sin van betekenis in hulle lewens. Narratiewe oor romantiese liefde mag moontlik die verskeidenheid en veelheid van die betekenis van romantiese liefde blootlê: "[Love] cannot be well understood unless we examine it as part of the complex fabric of a story that extends over time" (Nussbaum, 2001:473).

Downes (1996:50) sluit by Nussbaum aan wanneer sy stel dat narratiewe 'n manier is om liefde te probeer verstaan: "Narratives is, etymologically and psychologically, a way of knowing. A narrative involves us with something more or less unfamiliar or elusive – something like love – and tells us about it. It cannot, however, present that thing directly to us, its heart quivering on the end of painted words, it cannot deliver its 'essence' straight into our 'essence'. Rather, a narrative tells us about something. We receive the knowledge metaphorically, in translation, touching those new angles of truth, these revelations, peripherally the only we can. The relationship between us and that otherness is phenomenological, delivered by a narrative which is itself, of course, metaphoric, not 'real'."

Opsommend maak die navorser die stelling dat vanuit die narratiewe perspektief die ervaring van romantiese liefde en die begrip van die betekenis daarvan moontlik beperk word deur die stories wat mense in staat is om daaroor te vertel. Burns (2002:153) beaam die stelling wanneer sy skryf: "A very different way of approaching love, emotion and gender is to conceptualize them as gaining meanings from the narratives within which they are invoked" Narratiewe oor romantiese liefde word onder andere ook deur geslag gedifferensieer, en vorm soms diskursief geslagspesifieke ondergeskikte posisies. Omdat dit van belang mag wees vir die moontlikheid dat mans en vrouens se diskoerse oor romantiese liefde mag verskil, word dit hier verder bespreek.

### 3.2.6 Geslagsdiskoerse

"Fictional and factual accounts of intimate heterosexual relationships ubiquitously depict women who want love and men who want sex and have problems 'committing' and giving love" (Burns, 2002:150). Die navorser is dit eens dat dit gewoonlik vrouens is wat kla dat hulle mans of minnaars van etlike jare 'verander het'. Daar sal in die gedeelte kortliks aandag gegee word aan geslagsverskille ten opsigte van die uitdrukking van emosionele intimiteit en selfonthulling. Selfonthulling word deur Strong *et al.*, (2001 :174) gedefinieer: "When we disclose ourselves,

we reveal ourselves – our hopes, fears, our everyday thoughts – to others. Self-disclosure deepens other's understanding of us. It also deepens our own understanding."

Vrouens voel in heelwat gevalle dat mans se uitdrukking van liefde verander as die hofmaakproses verby is. Die gedagte word ook ondersteun deur die navorsing van Jackson, 1993; Duncombe en Marsden, 1995 en Wetherell, 1995.

Volgens die navorsing van Jackson, 1993; Duncombe en Marsden, 1995 en Wetherell, 1995 vind mans dit moeilik om selfonthullend teenoor hulle maats te wees. Jackson (1993:214) merk op: "To be overly emotional for a western male is to bring his masculinity into question. Most discourses around gender, sexuality and love represent women as the more emotional gender: not only as being more nurturent and expressive but also as more deeply emotional beings."

Die diskoers dat vroue meer emosionele wesens is, word ook deur Duncombe en Marsden (1993:223-224) bespreek. Hulle meen dat twee mense mekaar ontmoet as 'intieme vreemdelinge'. Wanneer die vals romantiese beelde van die verliefde stadium afgebreek is, wil dit voorkom asof die getroude maats onversoenbare emosionele doelwitte in die huwelik het: "Most men seek a life in common with their wifes, a home life, a physical and psychological base; somewhere to set out from and return to. In contrast, the wives wanted a common life with and empathetic partner ... a close exchange of intimacy which would make them feel valued as a person and not just as a wife" (Duncombe en Marsden, 1993:224). Die meeste vrouens aanvaar die ongelykheid van werkverdeling – vrouens doen die huistake en mans het veeleisende beroepe – maar is ontevrede met die emosionele asimmetrie van die verhouding. Vrouens voel hulle is die party wat moet gerusstel, en begrip aan die dag moet lê en teer moet wees teenoor hulle mans, maar dat mans faal om wederkerig te handel met betrekking tot intimiteit en oopheid van hulle emosies. Mansfield en Collard (1988:178-9) sê dat hierdie leemte vir baie vrouens die genot van seks verminder: "Sex doesn't make me feel warm and secure. I'd rather he give me a cuddle, that makes me warm and secure, more than anything else. I tell him I love him, but he doesn't tell me. Many husbands talked of love only in the context of sex or resisted romantic expression altogether." Manlike respondente in 'n studie deur Duncombe en Marsden (1993:228) het erken dat hulle gevoelens het, maar dat hierdie gevoelens hulle eie is, en dat hulle dit nie wil onthul nie. Hulle sien weer hulle vrouens se behoefte aan uitdrukking van emosionele intimiteit as onredelik: "[W]hen they returned home from a hard day's work, either bringing work home or wanting only to relax with the newspaper, women's' emotional demands could too easily be seen as unreasonable, undermining and basically disloyal or even threatening" (Duncombe en Marsden, 1993:228).

Dit blyk dat mans se onwilligheid of onvermoë om hulself te kan onthul prominent in die bespreking van geslagsdiskoerse is. Duncombe en Marsden (1993:229) stel dit baie sterk: "[O]ur account mirrors the phenomena of male non-disclosure and gender asymmetry in emotional behaviour."

Strong *et al.*, (2001:147) sluit hierby aan en beweer dat mans moontlik makliker verlief raak as vrouens, meer instrumentele style van liefde beskryf en meer waarskynlik is om seks te sien as 'n uitdrukking van liefde. Omdat mans minder diep en selfonthullende vriendskappe het, is hulle meer geneig om 'n verhouding waarin hulle hierdie kwaliteit kry as spesiaal te sien. Vrouens, daarteenoor, het meer diep, spesiale vriendskappe waarin hulle gevoelens kommunikeer en sal minder geneig wees om 'n spesifieke verhouding as 'n liefdesverhouding te karakteriseer.

Wanneer die navorser Strong se stelling met die van Duncombe en Marsden, asook Mansfield en Collard vergelyk wil dit voorkom asof mans ook selfonthullend is in die vroeë fase van romantiese verhoudings. Emosionele verandering oor die langtermynverhouding kom moontlik voor, en hierdie aspek behoort interessant te wees vir verdere navorsing.

Die navorsing van Averill (1985) wys dat ander geslagsverskille na vore kom in die verband tussen liefde en seks. Daar word dikwels voorgestel dat mans seks en liefde maklik skei, maar daar is ook bewyse dat hulle seks sien as 'n manier om liefde uit te druk. Vrouens mag aan die ander kant moontlik meer as seksuele uitdrukking nodig hê om bemin te voel. Sosialisering van geslag is ook 'n faktor wat vrouens se siening van romantiese liefde vorm. Gray (1993:133) identifiseer ses dinge waaraan mans en vrouens as maats moet voldoen: Mans moet vir vrouens omgee, begrip, toewyding, respek, validering en versekering gee, terwyl vrouens vir mans vertroue, aanvaarding, waardering, bewondering, goedkeuring en aanmoediging moet gee. Die navorser is van mening dat hoewel waardevol, Gray se storie van die verskille tussen mans en vroue die dominante kulturele konstruksie van manlikheid beklemtoon. Mans word as kompeterend, rasioneel en minder ekspressief uitgebeeld. Volgens Gray is hulle ongemaklik daarmee om hulle diepste gevoelens, veral kwesbaarheid en affeksie, te deel.

Duncombe en Marsden (1993:222) sluit by die navorser aan wanneer hulle suggereer dat konflik ontstaan omdat individuele vermoëns om emosie uit te druk, sosiaal gereguleer word op so 'n manier dat mans en vrouens verskil ten opsigte van vermoëns of bereidwilligheid om te dink en te praat in terme van liefde en intimiteit. Hulle verskil ook oor die emosionele werk wat nodig is (vir vrouens ten minste) om 'n nabye heteroseksuele verhouding in stand te hou.

Niehaus (2001:12), net soos Burns (2002) en Jackson (1993), lewer kommentaar op die stelling van Duncombe en Mardsen (1993) en steun die standpunt dat bepaalde konstruksies van manlikheid en vroulikheid binne 'n spesifieke en kulturele konteks gesetel is. Sy stel dit dat hierdie konstruksies van geslagsverhoudings op mense afgedruk word deur die verskynsel van patriargie. Patriargie is "the institutionalization of male dominance over women and children in the family and the extension of male dominance over women in general" (Peace soos aangehaal deur Niehaus 2001:13). Sy sluit ten sterkste by Burns aan wanneer sy noem dat die diskoers van 'hegemoniese of heersende manlikheid', neig om mans te beperk betreffende emosionele ekspressiwiteit en moontlikhede om op lieftallige maniere uiting in verhoudings te gee. Mans word dus geleer om hulle gevoelens te verontagsaam en nie met hulle emosies op hulle mou te loop nie. Manlikheid mag moontlik beperkend wees vir mans se siening van wat liefde is en mag daartoe lei dat mans meen liefdevolle gedrag en emosionele intimiteit is vroulik en daarom behoort alle gevoelens vermy te word. Seidler (1985:158) skryf hieroor: "In order to maintain control, men repress and compartmentalise emotion to such an extent that they have no way of identifying, nor even a language for discussing, their own needs and their expectation of women's emotional support."

Niehaus (2001:13) sowel as Jackson (1993:214) beweer dat intimiteit geassosieer word met kwesbaarheid en vrees, en 'n man wat intimiteit nodig het, word gesien as swak Dominante diskoerse oor manlikheid moedig mans aan om van vrouens te verwag om hulle te versorg, maar brei nie uit oor hoe mans vir vrouens moet sorg nie

Tradisionele Westerse rolle het mans verder gestereotipeer as diegene wat finansieël moet voorsien en daarom ru en kompeterend moet wees. Niehaus (2001:13) maak 'n kommerwekkende opmerking: "Yet there is a threat to male dominance the social organization of their work, which implies that they are 'bossed around' by superiors and pushed to meet production targets. Compensation for having to put up with these indignities and oppressions in the workplace is found within the family."

Aan die anderkant verwag die stereotipe van die tradisionele vroulike rol vaardighede ten opsigte van verhoudings en intimiteit wat verband hou met ouerskap, versorging, empatie, sensitiwiteit en emosionele ekspressiwiteit. Die dominante diskoers van die vrou se rol is een van emosionele versorging van die familie en die oplos van emosionele probleme daar word immers deur die tradisionele manlike rol verwag om probleme op 'n rasionele manier op te los (Jackson, 1993: 214; Niehaus 2001: 14; Duncombe & Marsden, 1993:222 en Hare-Mustin, 1994: 22).

Uit die bespreekte aannames het die volgende herhalende teoretiese temas na vore gekom:

- Dit wil voorkom dat mans minder vaardig is in die uitdrukking van hulle emosies. Kontrasterend hiermee onthul vrouens hulle emosionele behoeftes en gevoelens makliker.
- Mans sien seks as 'n manier om liefde uit te druk Vrouens mag aan die ander kant moontlik meer as seksuele uitdrukking nodig hê om bemin te voel.
- Sosialisering van geslag speel 'n rol in mans en vrouens se siening van romantiese liefde.
- Geslagsverskille met betrekking tot romantiese liefde mag 'n bron van wrywing en ongelukkigheid word onder heteroseksuele pare soos wat die huweliksinstelling getransformeer word deur diskoerse van persoonlike verhoudings met meer klem op emosionele kommunikasie: "Men's difficulties in expressing intimate emotions will emerge as a major source or the 'private troubles' underlying 'public issues' of rising divorce and family breakdown, or the instability of cohabitation among couples who may often be parents" (Duncombe & Marsden, 1993:233).

### 3.3 Die rol van die media in die vorming van diskoerse oor romantiese liefde

Burns (2002:153) konstateer in hierdie verband die volgende: "From a postmodern perspective, identities and personal experience are understood and reproduced in relation to the cultural narratives we have available, so romance reading, or more general knowledge or romantic stories, may be a powerful force in shaping heterosexual relationships, sex, love and gendered desire." Die navorser wil in die gedeelte poog om te wys hoe die media se uitbeelding van romantiese liefde moontlik die diskoers van die algemene man op straat kan onderlê, deur te kyk na die verskillende soorte media en die boodskap wat dit kommunikeer. Die moontlike vormende invloed van boeke, stories en films op romantiese verhouding kan nie ontken word nie en die beskikbaarheid daarvan is vrylik. Jackson (1993:212) steun die stelling: "Those who feel themselves to be 'in love' have a wealth of novels, plays, movies and songs on which to draw to make sense of and describe their passions."

Strong *et al.*, (2001:11) brei hierop uit: "There are a variety of forms of media communication other than television. Films, popular music, and advertising could, themselves, merit our attention." Anon (1998:8) spreek homself sterk uit oor die voorstelling van romantiese liefde wat in die media uitgebeeld word: "The world seems to worship sexual pleasure, for in every possible way, passions are aroused by advertisements and posters of women's bodies, films on TV and in cinemas, pornographic literature, music which quickens the heartbeat and awakens

lustful desires. It seems as if many people are acting like animals. Such people are slaves of their passions and will do anything to satisfy their needs. This is radically opposite to what God intended." Sy siening word gesteun deur De Bruyn (1998:1) wanneer hy die volgende sê: "Realistiese romans word verslind, nie vanweë die skoonheid van styl of karaktertekening nie, maar omdat seksualiteit al hoe meer die sentrale motief in die huidige letterkunde geword het. Boeke waarin seks 'n belangrike rol speel, verkoop immers goed en besorg aan die skrywer en uitgewer 'n groter inkomste. In die advertensiewese neem seks 'n baie prominente plek in. Plakkate en strooibiljette met verleidelike vrouefigure daarop, word aan oud en jonk voorgehou. In die populêre pers is daar 'n eindelose verskeidenheid advertensies van korsette, nylonkouse, hemde, swempakkies, parfuum, lipstiffies, sigarette – alles geklee in die gewaad van afdruppende seksualiteit. Oor seep, poeier, velroom en parfuum word in advertensies gesê dat dit die vel sagter maak, die soen aangenamer, die omhelsing heerlik en die seksuele aangetrokkenheid onweerstaanbaar." Hieruit blyk dit dat die erotiese element van romantiese liefde in die media oorbeklemtoon word. Dit mag moontlik 'n sterk invloed hê op die algemene man op straat se weergawes van romantiese liefde.

Dit is egter nie net die seksdiskoers wat prominent in die media is nie. Geslagsdiskoerse is 'n sentrale tema met betrekking tot romantiese liefde in die media. Burns (2002:156) meen die herhaling van diskoerse oor geslag soos dat vrouens meestal die emosionele werk in 'n verhouding moet doen, is so deurdringend dat dit lyk asof sodanige diskoerse die werklikheid reflekteer, gebaseer op universele (en genetiese) predisposisies. Die navorser sluit by Burns aan deur op te merk dat binne die sosiale konstruksiebenadering kan moontlik gesê word dat die media deur taal weergawes skep van hoe geslagsrolle behoort te funksioneer. Dit is ook die navorser se mening dat die algemene man op straat sulke voorstellings moontlik as die 'norm' kan vertolk, in stede daarvan om dit te interpreteer as 'n moontlikheid uit 'n kaleidoskoop van alternatiewe. Burns (2002:169) stel dat "gender differences is continually taken to be an organizing principle of intimate heterosexual relationship... gender differences reinforces the power of such organizing principles to inhabit our ways of talking about relationships, which in turn, through repetition, reproduce and reinforce this version of gender relations". Beide Wetherell (1995:134) en Burns (2002:150) sê die invloed van geslag in romantiese stories is gewoonlik tiperend van vrouens wat wil hê, en mans wat verwerp; vrouens wat veronderstel is om al die romantisering te doen, en mans is veronderstel om die seksuele te doen: "In popular culture, women and girls are assigned romantic fiction and men and boys are pornography. Particularly within the genre of romantic fiction, the Mills & Boon, women and men are also

empowered differentially by romance and given contrasting positions and identities" (Wetherell, 1995:134). Gill en Walker (soos aangehaal deur Duncombe en Marsden, 1995:239) sien novelle ook as potensieel ontwrigtend: "In these deeply unsound [Mills & Boon] fantasies men 'sweep us of our feet', wrap us *in their 'strong tanned arms' and, of course, adore* us ... These dreams accompany us through our daily lives ... making us feel disappointed and cheated by the humdrum reality of our actual relationships with men."

Geslagsdiskoerse binne die romantiese konteks is gereeld teenstrydig oor die kwessie van mag. Aan die een kant lyk dit of romanse mag uitwis in sy uitbeelding van wederkerigheid. Aan die ander kant word mans soms voorgestel as die inisieerders van romanse en vrouens as die ontvangers. Die navorser wil byvoeg dat indien die kwessie oor mag en geslag gesien word as diskoerse, met ander woorde, 'n weergawe wat in die samelewing deur taal gekonstrueer is, of 'n sisteem van betekenis, kan sodanige betekenis ondersoek word om te probeer verstaan hoe geslags- en magsverskille geskep word. Dit mag mense moontlik in staat stel om die potensiële gevolge te bevraagteken indien hulle sulke verskille as feitelik sou aanvaar.

Diskoersontleding verwerp die model dat 'n sekere waarheid verteenwoordigend is. Dus stel die ontleding van romantiese fiksie met behulp van dekonstruksie van die diskoers voor dat die oorweldigende emosie, die ervaring, die psigologie, die gevoel is meestal onvermydelik geïdentifiseer, geëtiketteer en gekonstrueer is deur narratiewe, taal en stories. Burns (2002:149) onderstreep dat: "the experience of, and emotional approach to, heterosexual love is constrained by the stories able to speak or write of them." Vir die gewone man op straat word sy idee van romantiese liefde dus onder andere gevorm deur die aanhoudende herproduksie van huidig beskikbare linguistiese bronne en narratiewe. Burns (2002:151) stel dat "these reiterations and reifications underpin constraints on behaviour". Sy word ondersteun deur Wetherell (1995:134): "It is the narrative which packages and this, in some sense, creates and produces the identity and the desire, and, indeed, it is the narrative we adopt which defines the experience as one of those sorts of experiences and not some other kind of experience."

Die geleenthede wat deur die media gebied word, lei daartoe dat publieke en privaat narratiewe oor romantiese liefde binne die Westerse kultuur dikwels oorvleuel. Volgens Jackson word privaat narratiewe publiek gemaak deur lesersbriewe in tydskrifte, 'probleembladsye' en stories oor emosionele drama wat in die 'regte lewe' afspeel. Televisie en radiostasies bied soortgelyke

geleenthede deur die gesels- of inbelprogramme: "Through these sorts of media products we are invited to construct narratives and to make use of narrative strategies already available through some media" (Jackson, 1993:213). Die stelling wat Jackson maak, impliseer dat mense se verwysingsraamwerke oor romantiese liefde moontlik beïnvloed word deur die stories of narratiewe wat hulle daarvan sien en hoor. Geselsprogramme soos Dr Phil vertel vir die kykers hoe om aan hulle verhoudings te werk, maar maak ook privaat narratiewe publiek deurdat mense op die program persoonlike probleme kom deel met kykers. Hulle word heel dikwels sommer so in die program 'beraad' vir die probleem. Die oplossings kan waarskynlik deur 'n kyker as 'n 'enkelwaarheid' of norm geïnterpreteer word. Dr Eve maak in die Huisgenoot van 6 Januarie die stelling: "Vind eers die ideale jy voor jy die ideale maat gaan soek." Beide dr Phil en dr Eve word uitgebeeld as kenners. Mereah Moore, skrywer van die boek *Find a man in 30 days*, moedig mense aan om die karaktertrekke van hulle droommaat neer te skryf, alvorens hulle na hom/haar begin soek. Dus word narratiewe of benaderings van romantiese liefde en elemente van romantiese liefde, voortdurend aan mense voorgehou, en uit hierdie reeds bestaande narratiewe kan hulle dan hul eie narratiewe konstrueer.

Dit is nie net volwassenes wat aan die media en literatuur oor romantiese liefde blootgestel word nie. Die taal van romanse word al op 'n jong ouderdom aan kinders gekommunikeer by wyse van sprokies. Jackson (1993: 214) noem dat Bronwyn Davies 'n studie gedoen het met Australiaanse kleuters, waarin sy gewys het dat kleuters van beide geslagte al soveel oor romantiese konvensies geleer het, dat hulle ontsteld was indien dit beskimp of bespot is. Nie die dogtertjies of die seuntjies was beïndruk met die eindes van feministiese sprokies nie. In die sprokies het die prinses besluit dat die prins nie goed genoeg is nie, en heel gelukkig op haar eie in die sonsondergang weggeloop! Hulle het almal gewens dat die storie eerder 'n konvensionele einde moes hê. Die implikasie is dat 'gelukkige eindes' moontlik reeds van kindsbeen af 'n vormende effek op mense se verwagtings van romantiese verhoudings kan hê. Spector (1992:395) steun die navorser wanneer sy skryf dat: "the popular love story, itself a product of important by not fully articulated cultural aims, can shape the expression of an individual's hope, wishful fantasies, and behaviours".

Voort is die navorser van mening dat konvensionele sprokies poog om vrouens se lewenstories uit te beeld as gedomineer deur die moontlikheid van eenwording met 'n man, en 'n 'altyd gelukkige' toekoms. Die feministe deel hierdie mening. Hulle het 'n probleem met romantiese eenheid, veral met die mag van die tradisionele liefdesverhaal. Hulle verduidelik dat die begeerte

vir romantiese eenheid 'n masker plaas op die moontlikheid dat die toekoms vir getroude vroue nie altyd so rooskleurig is nie: "It served to tie us to monogamous marriage which, given the power relation between men and women and the ways in which femininity and masculinity were constituted, was a relationship doomed to failure" (Jackson, 1993: 205). Die feministe kritiseer ook die voorstelling van romantiese liefdesverhale dat vrouens deur mans gered of verlos word. Radway (soos aangehaal deur Duncombe en Marsden, 1995:239) is minder negatief oor romantiese fiksie. Hy redeneer dat anders as die meeste getroude mans, is die helde in fiksie manlik en passievol, maar ook teer en ondersteunend. Dus lees vrouens romanse om hulself emosioneel te 'diens', om te kompenseer vir die emosionele vereistes van mans en kinders. Sodoende probeer hulle om hul emosioneel onvervulde huwelik draaglik te maak.

Ander kritiek teen die romantiese verhale, hetsy geskrewe of as film, kom van Wetherell (1995:132) as sy skryf dat die eindes van romantiese teks die afsluiting van emosionele dubbelsinnigheid verteenwoordig. Dit beweeg weg van toevalligheid en die onvoorsiene na eenheid en 'n emosionele paradys van wederkerigheid en sekerheid. Sulke stories eindig in romanse. Romanse is die storie agter die storie: "... the couples loved each other; that particularly in the Mills & Boons genre, is what it all seems to be about" Wetherell (1995:132). In fiksie en films verskyn romantiese diskoerse dikwels as 'n verligting van die soeke na betekenis: "We move from the image of the couple (usually newly met) locked in maelstrom of ambiguities, partial disclosures, interpretations and formulations of their relationship to the predictable ending of romance which stiffles other interpretations and imposes its authority over other accounts" (Wetherell 1995:133). Aan die einde van die storie het hy haar lief, en dit is skynbaar al wat nodig is om gesê te word. Dit is sodanige eindes wat veroorsaak dat romantiese diskoerse soms 'n baie statiese beeld voorhou: Die paartjie word vir ewig in hulle omhelsing agtergelaat.

Ongeag die kritiek van die navorser en die feministe, blyk storieboeke ook 'n manier te wees waardeur mense sin maak van hul eie en ander mense se ervarings. Dit is deel van 'n verskeidenheid kulturele meganismes wat individue leer dat hulleself en ander mense 'n subjektiewe self het. Jackson (1993: 215) stel dit soos volg: "For young teenage girls romance fiction may be quite explicitly read in an attempt to learn the scripts and conventions of heterosexual relationships... romance reading may be for girls a form of literacy consumption about which they can demonstrate knowledge and competence. Romantic fiction, soap operas and other feminine genres are not something girls merely consume: they are narrative forms

which they can learn to manipulate, second guessing the plots of what they read or see, using similar narrative structures and devices in what they themselves write, or employing them to construct their own private fantasies."

Dit blyk dat die leer van die romantiese narratief nie 'n proses is waarin meisies passiewe ontvangers van romantiese inprentings is nie, maar dat dit eerder 'n bron is wat hulle kan ontgin om sin te maak van hulle eie verhoudings, emosionele en sosiale wêreld.

Dit vraag wat in verdere navorsing aandag behoort te geniet, is waarom mans nie noodwendig soortgelyke emosionele vaardighede aanleer wanneer hulle romantiese fiksie lees nie. Hoekom is word die romantiese diskoers van vrouens meer deur romantiese fiksie onderlê? Hoekom het mans nie geleer om romantiese narratiewe te konstrueer en te manipuleer nie? Veral gesien in die lig daarvan dat manlike helde in romantiese fiksie buitengewoon manlik is, maar altyd met 'n sweem van 'sagtheid' onder sy hulle harde, manlike uiterlike. Hierdie 'sagtheid' word ontbloot wanneer 'n man sy liefde aan die heldin verklaar. Gaan vrouens voortdurend poog om mans se meer emosionele kant na vore te bring, en is dit 'n 'realiteit' dat mans op vrouens vir versorging sal vertrou? Of is die vraag eerder: Verkry vrouens 'n magsgevoel wanneer hulle lees hoe die heldin die ruwe held op sy knieë dwing met sy liefdesverklaring aan haar?

Die antwoorde op die vrae is onseker, maar die navorser maak een afleiding uit die gedeelte. Literatuur suggereer dat die uitbeelding van romantiese liefde in die media 'n benadering vir emosie voorsien, 'n model en 'n moontlike grondige rede vir gevoel en aksie. Averill (1985) in sy sosiale konstruksie ontleding van romantiese liefde sê: "In taking on the paradigm the individual confirms the broader cultural networks of which the paradigm is an aspect. Romance is, supposedly, highly individual, yet it is also another of those moments through which the individual affirms their sociality and instantiates their culture." Die grootste probleem wat die navorser het met romantiese liefde soos uitgebeeld deur die media, is die stilte aan die einde van die storieboek of film. Wat gebeur die oomblik na die redding, wat gebeur in die lewe na die held en heldin se omhelsing?

### 3.4 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het sommige van die belangrikste Westerse diskoerse oor romantiese liefde verken en bespreek, ten einde te probeer verstaan waaruit die man op straat sy persoonlike narratiewe trek. Plaaslike diskoerse oor romantiese liefde word onder meer onderlê deur persoonlike waarneming, inligting wat van ander mense af gekry word, die media, boeke sowel as die sosiologiese, psigologiese en religieuse voorstelling van romantiese liefde. Die hoofstuk het die sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse ondersoek wat 'n moontlike invloed kan hê op die algemene persoon op straat se storie oor romantiese liefde. Dit sal dien as 'n agtergrond waarteen die respondent-data kwalitatief geëvalueer kan word om te bepaal hoe die algemene man op straat se sienings met die kontekste ooreenstem, hoe verskil dit en in watter opsig dit uniek is.

Buiten die genoemde diskoerse is die narratiewe benadering ook bespreek, want hoewel mense hulle kennis oor romantiese liefde uit verskeie diskoerse of sosiale kontekste kan skep, word dit ingebed in die stories wat hulle daaroor vertel. Sodoende maak hulle sin van hulself as aktiewe, relasionele wesens.

In die volgende hoostuk word die navorsingsmetode aan die leser voorgehou.

# HOOFSTUK 4

# 4 DIE METODE VAN NAVORSING

## 4.1 Inleiding

Binne die postmoderne denkraamwerk wat objektiewe, eksterne realiteite en algemeen geldende waarhede wil bevraagteken, ontstaan daar 'n ongemak met die tradisionele empiriese metode van navorsing. In die postmoderne denkraamwerk bestaan daar nie meer iets soos 'n onfeilbare metode van navorsing nie. Dit wil sê, navorsing is nie 'n waarborg dat die waarheid of essensie van 'n onderwerp bewys kan word nie, aangesien die realiteit nie as 'n objektiewe waarheid beskou word nie (Pauw, 1997:73).

Graag wil die navorser in hoofstuk 4 die leser bekend stel aan die navorsingswerkswyse wat gevolg sal word om te poog om die algemene man op straat se idees oor romantiese liefde te ondersoek. Eerstens sal die literatuurstudie as 'n navorsingsmetode bespreek word. Voorts sal die gebruik van kwalitatiewe onderhoude bespreek word as 'n proses waardeur inligting bekom is. Die onderhoude impliseer respondente en daarom sal die seleksie van die respondente, die proses van kwalitatiewe onderhoudvoering, sowel as die proses van kwalitatiewe data-ontleding ook kortliks aandag geniet. Daarna sal beide die kwalitatiewe en die kwantitatiewe navorsingsmetode uiteengesit word, ten einde te verduidelik hoekom kwalitatiewe navorsing in hierdie studie verkies is.

## 4.2 Oriëntasie tot die gesprek

Elke navorser behoort die vraag rakende sy epistemologiese posisie te kan beantwoord (Potgieter, 2000:96). Die navorser behoort haarself te oriënteer ten opsigte van die raamwerk waaruit sy navorsing wil doen. Aan die ander kant voorsien die teoretiese begronding van die navorsing die invalshoek waaruit die navorser met die respondente in gesprek sal tree. Daar behoort 'n passing te wees tussen die epistemologie van die navorser en die navorsingsmetode wat gevolg sal word.

Die manier hoe die navorser na die werklikheid kyk, gaan moontlik bepaal watter rigting sy gaan inslaan ten opsigte van haar navorsing. Die eerste stap sal die afbakening wees van die doelwit waarop sy wil fokus. 'n Modernistiese kyk na die werklikheid sal heel waarskynlik modernistiese navorsingsmetodes gebruik. Net so sal 'n postmoderne benadering tot die werklikheid, gebruik maak van postmoderne navorsingsmetodes. Die navorser wil kortliks net

'n paar gedagtes oor die modernistiese en die postmodernistiese maniere van navorsing met die leser deel.

### 4.3 Modernistiese epistemologie

Vir baie jare is die siening gehandhaaf dat die modernisme as epistemologie die enigste wyse is om navorsing te doen oor menslike gedrag (Van Heerden, 2003:klasaantekeninge). Die modernisme glo dat objektiewe kennis bestaan en die mens se gedrag en wese totaal verstaan kan word (Anderson, 1997:30). 'n Navorser is volgens die moderne epistemologie in staat om menslike gedrag en oortuigings objektief te kan bestudeer en objektiewe waarnemings te kan maak wat as algemeen geldende waarhede beskou kan word. Die modernisme handhaaf die siening dat die waarnemer los staan van die objek wat waargeneem word en juis daarom in staat is om feite te ontdek (Potgieter, 2000:97).

Modernistiese navorsing huldig die siening dat universele waarhede rakende sisteme of objekte bepaal kan word deur empiriese navorsingsmetodes (Potgieter, 2000:97). Navorsing binne die modernisme fokus op die vermeerdering van kennis en die objek word bloot beskou as iets wat ontdek, ontleed of beskryf word. Inligting rakende kategorisering, diagnosering en etikettering van die mens word as objektiewe waarhede gereken. Potgieter kritiseer die benadering omdat hierdie waarhede volgens die modernisme konstant bly en beskou word as algemeen geldend ongeag die konteks, of wie die navorser was.

Die navorser stem saam met Potgieter se kritiek, maar wil byvoeg dat die kritiek teen die moderne epistemologie nie beteken dat laasgenoemde totaal waardeloos is nie. Dit het sekere voordele, solank die kennis beskou word as 'n sosiale konstruksie en nie as 'n spieël van die werklikheid nie. Die navorser se kritiek teen die modernistiese epistemologie stem ooreen met die van Van Heerden (1999), naamlik:

- modernistiese epistemologie neem dikwels nie die konteks in ag nie;
- die 'korrekte' wetenskaplike metode van navorsing lei nie noodwendig tot universeel 'korrekte' waarhede nie;
- die navorser is nie noodwendig objektief nie;
- absolute waarhede moet bevraagteken word en nie net aanvaar word nie;
- moderne epistemologie kan nie antwoorde op alle vrae gee nie; en

- fragmentering van inligting vind dikwels plaas.

Ter afsluiting haal die navorser graag vir Neuman (2000:83) aan waar hy die modernistiese epistemologie soos volg opsom:

> "Modernism relies on logical reasoning: it is optimistic about the future and believes in progress: it has confidence in technology and science and it embraces humanist values. Modernism holds that there are standards of beauty, truth and morality about which most people can agree."

Vervolgens sal die postmodernistiese epistemologie bespreek word.

### 4.4 Postmoderne epistemologie

Die postmoderne epistemologie wat die sosiale konstruksiediskoers insluit, kritiseer die handelinge van die modernistiese epistemologie op grond van twee redes:

- die aanname dat kennis iets is wat vasgevang kan word en dan algemeen geldend is; en
- die ignorering van die sosiale konteks wat dikwels binne die modernistiese epistemologie plaasvind (Potgieter, 2000:99).

Navorsing vanuit 'n postmoderne epistemologie verskuif die fokus op objekte na 'n fokus op die verhouding tussen mense. Postmoderne navorsing berus op die aanname dat realiteite geskep word in gesprekke tussen mense en dat verskillende konstruksies moontlik is (Van Graan, 2002:65). Sy voer verder aan dat ons in 'n wêreld leef waarin veelvuldige moontlike realiteite geskep en beskryf kan word.

Aangesien die hoofdoelwit van navorsing binne die postmoderne epistemologie nie meer die ontdekking van universeel geldende wette is nie, word die klem meer gelê op individue, hul kontekste en hul stories soos wat dit in taal ingebed is (Pauw, 1997:14). Taal word beskou as die medium waarbinne betekenis geskep word (Anderson & Goolishian, 1988:372). Volgens die laasgenoemde twee skrywers het woorde nie betekenis onafhanklik van hulle sosiale gebruik nie, maar verkry eers betekenis binne die sosiale gebruikskonteks. Net so is navorsing 'n sosiale skepping en nie die die ontdekking van 'n objektiewe realiteit nie.

Volgens Van Graan (2002:65) skep mense betekenis deur onderskeidings oor die werklikheid te maak. Net so maak die navorser ook sekere onderskeidings in 'n sisteem wat aanleiding gee tot betekenisse wat voortdurend geskep word in die interaksie tussen mense. Nicol (1996:60) meen dit is die taak van die navorser om die wyses uit te lig waarop onderskeidings in 'n bepaalde navorsingsisteem gemaak word en om te soek na rekursiewe prosesse wat die onderskeidings met mekaar verbind. Deur hierdie onderskeidings te maak, word verskillende stemme hoorbaar omdat mense die realiteit elk op 'n ander wyse konstrueer en deur ander lense na die werklikheid kyk. Wanneer gesprekke in taal gevoer word, word 'n realiteit geko-konstrueer. Nicol is van mening dat die navorsingsproses gesien kan word as 'n sosiaal gekonstrueerde wêreld deur die navorsers wat deelneem aan en ingesluit is by dit wat waargeneem word.

Vervolgens sal 'n paar eienskappe van die postmoderne sosiale navorsing aan die hand van Neuman (2000:84) genoem word:

- Postmoderne navorsing bevraagteken alle ideologieë en georganiseerde oortuigingsisteme, insluitende alle sosiale teorieë wat aanspraak maak op objektiwiteit.
- Sterk vertroue op intuïsie, verbeelding, persoonlike ervaring en emosie.
- Minder klem op objektiwiteit, wat daartoe lei dat daar nie gefokus word op die onderskeiding tussen die verstandelike en eksterne wêreld nie.
- Ywerige relativisme waarin daar oneindige interpretasies is, wat almal as van gelyke waarde geag word.
- Staan diversiteit en kompleksiteit voor wat voortdurend verander.
- Is oortuig dat oorsaaklikheid nie bestudeer kan word nie omdat die lewe te ingewikkeld en vinnig veranderend is.
- Handhaaf die beskouing dat navorsing nooit dit wat in die wêreld gebeur, absoluut kan verteenwoordig nie.

Samevattend kan opgemerk word dat navorsing 'n sosiale skepping is, en dat 'n postmoderne benadering tot navorsing die geleentheid skep vir nuwe ontdekkingsreise. In die volgende gedeelte wil die navorser kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing bespreek.

## 4.5 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is twee metodologiese benaderings wat uiteenlopend van mekaar is (Van Graan, 2002:67). Potgieter (2000:102) meen die skuif van kwantitatiewe na kwalitatiewe navorsing het veranderinge te weeg gebring ten opsigte van:

- die eensydige ontleding en verklaring van objekte;
- die soeke na die waarheid en werklikheid;
- kennis ten opsigte van 'n bepaalde navorsingsresultaat – resultate word nie meer veralgemeen en geldig verklaar vir alle situasies nie; en
- die navorser – staan nie meer objektief en op 'n afstand van die verskynsel wat waargeneem word nie.

Creswell (1994:42) beskryf die kwantitatiewe navorsingsbenadering as verteenwoordigend van positivistiese, eksperimentele en empiriese denkskole wat wetenskaplike verduideliking as nomoteties beskou. Van Graan (2002:67) sluit hierby aan wanneer sy skryf dat hierdie nomotetiese eienskappe van kwantitatiewe navorsing dui op die doel van die tipe navorsing naamlik om die sosiale wêreld objektief te meet, om hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel. In teenstelling hiermee, verteenwoordig die kwalitatiewe navorsingsbenadering volgens Creswell (1994:43) konstruktivistiese, interpreteerbare, post-positivistiese of postmoderne denkskole en is dit ideografies of holisties van aard. Hierdie ideografiese eienskappe van kwantitatiewe navorsing dui op die doelwit daarvan om die sosiale wêreld te verstaan, asook die betekenis wat mense aan die alledaagse lewe gee.

Dit is ook nodig om te noem dat nie alle kwalitatiewe navorsingsmetodes noodwendig postmodern, en alle kwantitatiewe navorsingsmetodes noodwendig modernisties is nie. Die navorser wil graag die verskil tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing na aanleiding van Van Heerden (1999) soos volg aandui:

| **Kwantitatiewe navorsing** | **Kwalitatiewe navorsing** |
|---|---|
| Meestal modernisties | Meestal postmodernisties |
| Konsentreer op feite | Konsentreer op konstrukte: een van vele alternatiewe |
| Getal en hoeveelheid is belangrik | Werk meer beskrywend |
| Geheel word in segmente opgebreek en ondersoek | Die geheel van die saak word beskou |

| | |
|---|---|
| Die navorser staan onafhanklik van die objek wat nagevors word | Die navorser en die objek het wedersydse invloed op mekaar |
| Grense vir die ondersoek word afgebaken: steekproewe | Die omgewing waarin die objek dit bevind, speel ook 'n rol |
| Veralgemening van data en feite | Konsentreer eerder op ideografiese waarhede / gekontekstualiseerde kennis |
| Klem word geplaas op die ontdek van nuwe feite | Nuwe taal en betekenis word eerder gekonstrueer |
| Nuwe aspekte moet bewys word | Nuwe aspekte wil eerder geïllustreer word |
| Betroubaarheid van die navorsing hang van die metodes af | Betroubaarheid van die navorsing hang van die konteks af |
| Evaluering is belangrik | Beskywing is belangrik |
| Die navorser het ten doel om te verklaar | Die navorser het ten doel om te verstaan |
| Daar bestaan 'n dualisme tussen die navorser en die navorsing | Daar bestaan 'n rekursiewe verbintenis tussen die navorser en die navorsing |

By kwantitatiewe navorsing is die grense vasgestel en die navorsing is baie gekontroleer. Die navorser beskou kwalitatiewe navorsing as navorsing wat minder begrens is en meer filosofies te werk gaan. Die navorser sluit by Pauw (1997:79) se stelling aan dat dit nie noodwendig die afwesigheid van getalle is wat 'n studie kwalitatief maak nie. Nog is dit die aanwesigheid van getalle wat 'n studie kwantitatief maak. Dit is eerder die ingesteldheid en benadering van die navorser wat bepalend gaan wees.

## 4.6 Kwalitatiewe navorsing

Binne die navorsingsmilieu ontstaan die behoefte aan 'n navorsingsmodel wat navorsingsvrae vanuit die sosiale konstruksiediskoers kan beantwoord (Nicol, 1996:58). Navorsing kan beskryf word as 'n proses om betekenis te ontdek deur gesprekvoering tussen die navorser en die respondente (Van Niekerk, 1999:156). Daarom stem die navorser met Nicol (1996:58) saam wat noem dat so 'n navorsingsmodel rekursiewe terugvoering, patrone van verbintenis, selfverwysing, kompleksiteit, konteks, betekenis en die ko-konstruksie van veelvuldige realiteite deel van die navorsingsproses behoort te kan maak. Pauw (1997:80) sluit hierby aan wanneer sy sê dat natuurwetenskaplike metodes nie noodwendig begrip en aanvoeling het vir die unieke konteks waarin die mens hom bevind nie.

Sy gaan van die standpunt uit dat kwalitatiewe navorsing ontwikkel het in reaksie teen die metodes van positivistiese navorsing wat natuurwetenskaplike metodes op die sosiale wetenskappe wou toepas.

Die gebruik van kwalitatiewe navorsingsmetodes het die afgelope paar jaar uitgebrei (Potgieter, 2000:104). Verskeie navorsers soos Pauw (1997) en Potgieter (2000) meen dat daar 'n aantal beperkings is ten opsigte van kwalitatiewe navorsing waarvan 'n navorser kennis behoort te dra, onder andere dat:

- kwalitatiewe navorsing dikwels moeilik is om te rapporteer, want die inligting wat ingesamel word, is verkry deur onderhoude, observasie en klankopname van gesprekke;
- die resultaat van die studie nie veralgemeen kan word onder alle omstandighede nie, omdat dit van toepassing is op 'n bepaalde konteks;
- die fokus op stories van mense is en dikwels kan die respondent net selektief onthou, interpretasie vind dikwels plaas en eie gedagtes kan ook soms bygevoeg word; en
- die gedagtes en begrip van die navorser dikwels gedekonstrueer moet word om te bepaal of dit by die respondent se narratief inpas.

Lincoln en Guba (1985: soos aangehaal deur Nicol, 1996:67) vestig die navorser se aandag op die positiewe eienskappe van kwalitatiewe navorsing:

- kwalitatiewe navorsingsmetodes is vloeibaar en responsief ten opsigte van data;
- kwalitatiewe navorsing wys duideliker die interaksieprosesse uit;
- die wedersydse vormende invloede en waardepatrone wat binne die navorsingsproses teenwoordig is, word gerespekteer binne kwalitatiewe navorsing;
- die menslike sintuie, naamlik sien, hoor en die intuïtiewe sesde sintuig word uitgebrei; en
- binne kwalitatiewe navorsing word die realiteite so ryk en omvattend as moontlik beskryf.

Neuman (2000:146) is van mening dat kwalitatiewe navorsers klem lê op die belangrikheid van die sosiale konteks om die sosiale wêreld te verstaan. Volgens hom hang die betekenis van 'n sosiale aksie of stelling in 'n groot mate af van die konteks waarbinne dit voorkom. Betekenis en realiteite word geskep binne die domein van taal. Kennis word gekonstrueer deur interaksie met mense binne 'n spesifieke konteks, kultuur en taal (Van Graan, 2002:70). Die navorser wil saam met Potgieter (2000:106) stem as sy sê dat die wêreld op verskeie wyses beskou of beskryf

kan word, afhangende van die konteks en taal. Omdat navorsing binne 'n spesifieke konteks en tydsraamwerk plaasvind, kan die inligting wat ingewin word nie noodwendig op verskillende kontekste van toepassing gemaak word nie. Die inligting sal slegs verstaanbaar wees binne die bepaalde konteks en tyd waarin die navorsing plaasgevind het. Die navorser se keuse van dan juis om hierdie rede op kwalitatiewe navorsing, omdat daar in die narratiewe benadering baie klem geplaas word op die konteks waarbinne gebeure plaasvind. Dieselfde gebeurtenis of gedrag kan verskillende betekenisse hê in verskillende kulture of historiese eras. Van Graan (2002:70) sê kwalitatiewe navorsing plaas dele van die sosiale lewe in 'n groter geheel.

Verder is die keuse vir hierdie ondersoek kwalitatiewe navorsing omdat die navorser hiervolgens uit die kalklig kan beweeg. Daar word eerder gefokus op die deelnemer se gevoelens, interpretasies en simboliek wat telkens op 'n eie unieke manier in sy/haar eie taal uitgedruk word (Potgieter, 2000:106). Die respondente word as mede-navorsers beskou wat 'n aktiewe rol in die navorsingsproses speel. Kwalitatiewe navorsers is verder geneig om gesprekke in diepte te bestudeer en maak nie veralgemenings nie.

Vanweë die feit dat hierdie studie gedoen word vanuit 'n postmodernistiese, narratiewe benadering, ag die navorser dit nodig om kwalitatiewe navorsing binne die narratiewe metafoor te verduidelik.

## 4.7 Kwalitatiewe navorsing binne die narratiewe metafoor

Volgens Pauw (1997:71) bevraagteken kwalitatiewe navorsing binne die narratiewe metafoor die aanname dat daar 'n realiteit onafhanklik van die waarnemer kan bestaan. Swanepoel (2002:33) sluit by haar aan deur te sê dat verskeie aspekte van die navorser in die navorsingsproses in aanmerking geneem moet word. Dit sluit die epistemologie en die lewenservarings van die navorser in. Die narratiewe modus van denke sien die mens met ander woorde as 'n deelnemer in sy/haar realiteit. Hierdie benadering wil die verhouding tussen die waarnemer en dit wat waargeneem word, herdefineer. Beide die waarnemer en dit wat waargeneem word, word binne die wetenskaplike storie geplaas en die waarnemer word as 'n bevoorregte outeur van die konstruksie van hierdie storie beskou. Van Niekerk (1999:156) brei uit deur te noem dat die oortuiging bestaan dat die realiteit deur middel van taal op 'n sosiale wyse gekonstrueer word. Sosiale sisteme word as belangrik beskou, aangesien betekenis ontstaan deur sosiale netwerke.

Van Niekerk (1999:156) is voorts van mening dat kennis die resultaat is van sosiale interaksie tussen mense en dat dit bemiddel word deur voortgesette gesprekke tussen mense. Anderson en

Goolishian (1988:371-372) opper dieselfde standpunt. Taal speel 'n belangrike rol omdat dit die medium is waarbinne betekenis geskep word. Swanepoel (2002:32) skryf dat taal binne die narratiewe modus op die toevoegingsaspek ("*subjunctive mood*") staatmaak om so nuwe wêrelde van implisiete, eerder as eksplisiete betekenisse te probeer skep. Van Niekerk (1999:156) meen dat navorsing beskryf kan word as 'n proses om betekenis te ontdek deur 'n proses van gesprekvoering tussen die navorser en die deelnemer. Van Graan (2002:71) sê die mens se leefwêreld is hoofsaaklik in taal gekonstitueer en daarom behoort die taal die onderwerp van ondersoek te wees, omdat dit 'n sentrale rol in die konstruksie van realiteit speel. Mense konstrueer spesifieke weergawes of interpretasies van hulle realiteit en die navorser probeer daardie realiteit verstaan deur taal en deur gesprekvoering met die deelnemer. Die doel van die navorsing is om daardie realiteite sowel as die manier waarop betekenis deur die deelnemer gekonstrueer word, binne 'n realiteit te verteenwoordig (Van Graan, 2002:71). 'n Narratiewe benadering tot die navorsing voorsien 'n integrasie van die konteks waarin die konstruksie van betekenis vasgestel is. Wanneer die konteks van 'n gebeurtenis deur die navorser geïgnoreer word, kan dit lei tot verdraaiing van sosiale betekenis en verduideliking (Van Niekerk, 1999:156).

Die navorser wat kwalitatiewe navorsing binne die narratiewe metafoor toepas, kan nie beskou word as 'n neutrale aanwesigheid nie. Swanepoel (2002:33) stel dat die navorser altyd ingesluit is by dit wat waargeneem en beskryf word. Die navorser is meestal in sy beskrywing van 'n objek besig om iets van sy eie sosiaal gekonstrueerde leefwêreld weer te gee. McLeod (1997:143) meld dat die voornemens en ervarings van die navorser en die kwaliteit van sy verbintenis tot die saak van kenniskonstruksies, sentraal word tot die proses van ondersoek. Die navorser lei af dat narratiewe nie meer beskou word as stories wat buite die bestek van die wetenskap val nie, maar navorsers neig eerde al hoe meer om stories en metafore in navorsing te gebruik.

### 4.8 Die navorsingsontwerp

In die afdeling poog die navorser om die spesifieke ontwerp van die navorsing en die prosedure wat gevolg is, te verduidelik. Die doelstelling van die studie is om 'n beskrywende prentjie van die algemene man op straat se diskoerse en praktyke oor romantiese liefde te verkry, is daar besluit om semi-gestruktureerde kwalitatiewe onderhoude met die gekose respondente te voer.

Die navorser sal vervolgens verduidelik hoekom sy van semi-gestruktureerde kwalitatiewe onderhoude gebruik gemaak het. 'n Sentrale aspek van beskrywende en verkennende kwalitatiewe navorsing is die prosedure vir die selektering van respondente. Die aard van die respondente-steekproef en die proses wat gevolg is om hulle te kies, sal ook bespreek word.

### 4.9 Die literatuurstudie

Om begrip te hê vir die navorsingsonderwerp op so 'n manier dat die aard en betekenis van die probleem en navorsingsdoelstelling duidelik is, het die navorser agtergrondinligting nodig (Fouché & De Vos, 2001: 64). Die proses waarin relevante literatuur oor 'n onderwerp nagegaan en aangebied word, word 'n literatuurstudie genoem. Dit speel 'n sentrale rol in enige wetenskaplike studie.

Nell (2005:148) sowel as Fouche & De Vos (2001: 65-66) wys op die belangrike doelwitte van 'n omvattende literatuurstudie:

- Eerstens voorsien 'n literatuurstudie 'n belangrike agtergrond waarteen die bevindings van die huidige studie beter gekontekstualiseer en verstaan kan word. Dit fasiliteer die proses van kwalitatiewe ontleding van die inligting wat met behulp van die onderhoude bekom word. Deur 'n literatuurstudie te doen van sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse wat met romantiese liefde verband hou, is dit moontlik om die invloed van sodanige diskoerse op die respondente se lokale idees van romantiese liefde te bepaal. Dit stel ook die navorser in staat om elemente in die plaaslike diskoerse te identifiseer wat nie in die sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse gereflekteer is nie.
- 'n Literatuurstudie het ook ten doel om die teoretiese raamwerk van die navorsing te verskerp en verdiep deur verskillende teorieë te ondersoek wat verband hou met die verskeie kontekste waaruit romantiese liefde ontwikkel.
- Voorts voorsien die literatuurstudie 'n raamwerk vir die navorsing en identifiseer die kennisarea waarop die studie wil uitbrei.
- Dit laat die navorser ook toe om leemtes in bestaande kennis oor praktyke en diskoerse wat met romantiese liefde verband, te identifiseer.

Hoewel die nut van 'n deeglike literatuurstudie nie onderskat moet word nie, is dit nodig om te noem dat die navorser vanuit 'n postmoderne oogpunt, tog in 'n mate beïnvloed word deur haar eie teoretiese en voor-teoretiese aannames oor romantiese liefde. Daar kan dus nie aanspraak gemaak word op neutraliteit ten opsigte van die onderhoude en ontleding van die data nie.

Die doel van die studie vereis dat die sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse wat 'n invloed op romantiese liefde het, blootgestel moet word. Dit sal gedoen word met behulp van **relevante literatuur** oor die onderwerp. Outeurs wat al baanbrekerswerk op die gebied gedoen het en wat gebruik gaan word, is Gray (1992), Jackson (1993), Duncombe en Marsden (1995), asook Burns (2002).

Die literatuur wat bestudeer is met betrekking tot romantiese liefde, postmodernisme en sosiaal konstruktivisme behels boeke, artikels in tydskrifte, hoofstukke in versamelwerke en skripsies. Relevante literatuur is opgespoor met behulp van inligtingsontsluitingsbronne soos SABINET, EBSCOHOST, FERDICAT, NEXUS, en R-SAT by die biblioteek van die Noordwes-Universiteit. Outeurs wat al baanbrekerswerk op die gebied gedoen het en wat gebruik gaan is, is Gray (1992), Jackson (1993), Duncombe en Marsden (1995) en Burns (2002).

### 4.10 Benutting van semi-gestruktureerde kwalitatiewe onderhoude

Nadat daar van 'n literatuurstudie gebruik gemaak is om inligting te kry oor die verskillende epistemologiese uitgangspunte, die onderwerp, die narratiewe benadering sowel as die beskrywing van die navorsingsmetodes, is verdere inligting ingesamel met behulp van semi-gestruktureerde, kwalitatiewe onderhoude.

Die navorser het besluit om van die semi-gestruktureerde, kwalitatiewe onderhoude gebruik te maak, want die kwalitatiewe benadering adem die gees van die postmoderne, sosiaal konstruktivistiese epistemologie. Nell (2005:13) skryf dat semi-gestruktureerde onderhoude binne die kwalitatiewe benadering die navorser in staat stel om die konteks van die respondent beter te verstaan. Die studie wil die respondente juis beter verstaan in terme van hulle eie definisie van realiteit. Die onderhoud kan gedefinieer word as een of meer aangesig-tot-aangesig interaksies tussen 'n onderhoudvoerder en 'n respondent. Die doel van die interaksie – in aansluiting by die doel van die studie - is om die respondente se ervaringe of situasie, soos uitgedruk in hul eie woorde, te verstaan (Schurink, 2001:299). Dit kan dus uit Schurink se definisie afgelei word dat navorsers van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik kan maak om 'n prentjie te vorm van respondente se persepsies en idees oor sekere onderwerpe. Aangesien dit die doel van die studie reflekteer, is die semi-gestruktureerde onderhoud gepas om die bereiking van die navorsingsdoelstellings te steun. Voorts is dit die bedoeling van die studie om plaaslike,

nie-wetenskaplike diskoerse van romantiese liefde te ondersoek en daarom is 'n kwalitatiewe benadering en 'binnekringperspektief' toepaslik vir die studie.

'n Kwalitatiewe opname deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude het die doel van die navorsing gedien en sal vervolgens meer volledig beskryf word.

Soos bespreek is die doel van die studie nie alleen om plaaslike diskoerse oor romantiese liefde te ondersoek nie, maar ook om dit te beskryf. Marshall en Rossman (1989:78) sê dat: "in-depth interviewing constitutes a highly suitable data collection strategy in the context of exploratory and descriptive research".

Nell (2005:163) meen dat dit belangrik is om te onderskei tussen die gebruik van onderhoude vir kwalitatiewe navorsing, teenoor die gebruik daarvan binne die konteks van opname-navorsing: "In the latter, the emphasis is on structured responses to structured questions. It is assumed that the interviewer can manipulate the situation and has control over a set list of questions that have been formulated before the interview and which are to be answered rather than considered, rephrased, re-ordered, discussed and analysed. In contrast, qualitatively inclined researchers prefer to use more unstructured or informal interviews, i.e. interviews which employ a set of themes and topics in order to form questions in the course of conversation." Volgens Nell gee die semi-gestruktureerde kwalitatiewe onderhoud aan die respondent die geleentheid om antwoorde te ontwikkel buite 'n gestruktureerde formaat. Die klem is op die gesprekagtige karakter van die onderhoud as 'n wyse waarop 'n verhouding en vertroue tussen die navorser en die respondent gevestig kan word. Sodoende laat die proses toe dat die sienswyse van die respondent – in stede van die navorser se perspektief van die sosiale verskynsel ter sprake, ontvou. Dit reflekteer 'n basiese aanname in kwalitatiewe navorsing. Die navorser wat gebruik maak van die semi-gestruktureerde onderhoud is volgens Schurink (1988:137) gemoeid met begrip, waarneming en subjektiewe ontdekking van die realiteit vanuit die oogpunt van die respondent. Die semi-gestruktureerde onderhoud het ten doel om te ontdek, eerder as om te verifieer (Schurink, 1988:138).

Die sleuteleienskappe van die kwalitatiewe onderhoud is:

- Dit kombineer struktuur met buigsaamheid.
- Dit is interaktief van aard. Die materiaal word gegenereer deur die interaksie tussen die navorser en die respondent.

- Dit stel die navorser in staat om in diepte response te kry ten opsigte van ontdekking en verduideliking, en maak dit ook vir die navorser moontlik om al die faktore wat die respondent se antwoorde onderlê, te ontgin.
- Dit is vrugbaar in die sin dat nuwe kennis of gedagtes moontlik geskep kan word op 'n sekere stadium van die onderhoud (Legard *et al.*, 2003:141-142).

Eie aan die gees van postmoderne navorsing wat die raamwerk van hierdie studie uitmaak, maak Schurink (1988:136) die volgende opmerking: "There is no universally acceptable method that can be used by social science researchers to construct reality, and therefore data collection instruments obtain significance only when placed in a particular context or meaning system."

Die navorser is van mening dat semi-gestruktureerde, kwalitatiewe onderhoude met groot sukses gebruik kan word binne 'n postmoderne raamwerk, omdat dit die geleentheid skep vir gekontekstualiseerde kennis en die respondent se eie narratiewe blootlê. Hoewel die navorser self by die proses betrokke is, het die navorser ten doel om die persoon te probeer verstaan binne sy/haar eie konteks. Die navorser sal poog om eie opinies opsy te skuif om plek te maak vir die respondent se unieke narratief soos dit vir hom/haar sin maak.

### 4.10.1 Seleksie van die respondente

Kwalitatiewe navorsing gebruik doelbewuste, nie-waarskynlikheidsmonsters om die respondente of populasie vir 'n studie te kies. Met ander woorde, respondente word opsetlik, op grond van sekere eienskappe geselekteer om sekere kenmerke van die steekproefpopulasie te reflekteer. Sodanige steekproef het nie ten doel om statisties verteenwoordigend te wees nie (Ritchie *et al.*, 2003:78). Die akkuraatheid en stiptheid van 'n steekproef in kwalitatiewe navorsing word gedefinieer deur die steekproef se vermoë om die vernaamste eienskappe te verteenwoordig, en sodoende is dit hierdie eienskappe wat prioriteit in die steekproefontwerp moet kry (Nell, 2005:156).

Hoewel die studie hoofsaaklik poog om die algemene diskoers oor romantiese liefde tussen Suid-Afrikaners in die Tshwane-streek te verken, het die navorser tog besluit om die studie deur doelbewuste steekproefkriteria af te baken. Drie kriteria is geïdentifiseer waarop die doelbewuste steekproefbenadering gebaseer is. Geslag, kultuur en taal is gekies as die primêre kriteria vir die keuse van die steekproef. 'n Gelyke aantal mans en vrouens (getroude pare) tussen die ouderdom van 25 en 40 is gekies. Al die respondente maak deel uit van die Westerse

(blanke, Afrikaanssprekendes) kultuur. Sodoende kan 'n kwalitatiewe vergelyking tussen diskoerse oor romantiese liefde by hierdie respondente gefasiliteer word, bykomend tot die algemene verkenning van diskoerse oor romantiese liefde by Suid-Afrikaners, spesifiek in die Tshwane-gebied.

Bykomend mag religieuse affiliasie en ouderdom ook 'n rol speel in die vorming of beïnvloeding van die respondente se sienings oor romantiese liefde. Die respondente in die studie was almal lidmate van een van die drie Susterskerke, naamlik die Nederduits-Gereformeerde kerk, die Hervormende kerk of die Gereformeerde kerk. Die religieuse affiliasie en ouderdom van elke respondent is genoteer op rekord en sal in die kwalitatiewe ontleding oorweeg word waar relevant.

Kwalitatiewe steekproewe is vanweë drie redes gewoonlik klein:
Eerstens, as die data behoorlik ontleed word, sal daar 'n punt kom waar min nuwe inligting vanaf 'n nuwe respondent verkry word. Dit is so omdat 'n verskynsel slegs nodig het om een keer voor te kom, om deel te wees van die analitiese kaart (Nell, 2005:158).
Tweedens, stellings oor insidensie of algemeenheid is nie die oorweging van kwalitatiewe navorsing nie, en sodoende is daar nie 'n vasgestelde vereiste vir die grootte van die steekproef nie. Steekproewe hoef nie statistiese beduidendheid te bewys nie (Ritchie *et al.*, 2003: 83-84).
Laastens, die tipe inligting wat kwalitatiewe navorsing oplewer, is ryk in detail. Om reg aan elke ingesamelde eenheid inligting te laat geskied, en om te voorkom dat die taak onbeheerbaar word, moet steekproewe se grootte redelik klein gehou word (Ritchie *et al.*, 2003: 83-84).

Om inligting met behulp van die kwalitatiewe onderhoude in te samel, kan 'n tydrowende proses wees, en noop ook die beperking van die steekproefgrootte. Ten opsigte van die keuse van respondente maak Nell (2005: 15) die volgende opmerking: "It should be kept in mind that inclusivity and depth of description are generally more important in qualitative studies informed by a postmodern epistemology than representativity. In selecting a sample, the qualitative researcher aims for diversity in order to obtain a richer description of the phenomenon in question, rather than to obtain a sample that is statistically representative of the general population and upon which generalizations can be based."

Met al die bogenoemde oorwegings in gedagte, is daar besluit om 'n totaal van 10 respondente (vyf pare) te kies, waarvan vyf mans en vyf vrouens was. Respondente se name is ter wille van etiese redes vir die doeleindes van hierdie navorsing verander. Die steekproef is groot genoeg

geag om 'n redelike uitbeelding te gee van diskoerse en praktyke wat verband hou met romantiese liefde. Tog was dit ook klein genoeg om die detail-ontleding van elke element toe te laat.

Die respondente wat die navorser vir die studie gekies het, is telefonies gekontak om toestemming vir 'n onderhoud te vra, nadat aan hulle 'n kort oorsig gegee is van die doelwit van die studie. As die respondente ingestem het, is 'n datum vir die onderhoud vasgestel. Die respondente is die keuse gegee van onderhoude in pare of afsonderlik. Die navorser het sodoende respek vir die respondente se voorkeur gewys en ryker beelde, uit verskillende perspektiewe is ook so bekom. Die respondente is by hulle huise besoek, omdat dit vir hulle gerieflik was, en hulle dit so verkies het. Daar is op die Tshwane area gefokus omdat die navorser daar bly en werk. Om te werk met respondente binne die gebied was dus meer uitvoerbaar in terme van tyd, vervoer en koste oorweging. Die respondente het bestaan uit getroude pare tussen 25 en 40 jaar wat aan die navorser bekend was, en volgens die navorser 'n betekenisvolle verhouding het. Die doel was nie om respondente met 'huweliksprobleme' te selekteer nie, omdat die doel van die studie is om uit te vind wat is mense se diskoerse en idees oor romantiese liefde.

Voor die aanvang van die onderhoude is toestemming by elke gespreksgenoot verkry om hulle response op band op te neem. Die respondente was gemaklik met die reëling. Die navorser is van mening dat die respondente se bekendheid met die navorser sowel as die omgewing van hulle eie huise ook 'n rol in hulle gemak met die opneem van die onderhoude gespeel het. 'n Informele en geselstoon is tydens die gesprekke gehandhaaf. Ter wille van die deursigtigheid vir die prosedure wat gevolg is, is dit belangrik dat enige leser toegang behoort te hê tot die data wat in die navorsingsproses gebruik is. Daarom word die volledige, getranskribeerde gesprekke tussen die navorser en die respondente as 'n bylaag ingevoeg. In retrospek moet die navorser meld dat die metode nie die nie-verbale response van die gesprekgenoot weergee nie, maar dat dit tog voordelig is dat die respondente se eie woorde en uitdrukkings genoteer word.

Die kwalitatiewe benadering demonstreer interaktiewe prosesse baie goed en omskryf veelvuldige realiteite sodat die leser meer insig kan kry oor gebeure tydens die gespreksituasie.

### 4.10.2 Identifisering van die temas wat die onderhoude gerig het

Die afdeling fokus op die aard en keuse van temas wat gedien het om die onderhoude te rig. 'n Lys van die belangrikste temas wat verken is tydens die onderhoude en voorbeelde van vrae wat gereeld vir respondente gevra is om hulle diskoerse en praktyke oor 'n spesifiekte tema te ontgin, word vervolgens genoem:

- 'n Definisie of prentjie van romantiese liefde

Tipiese vrae het ingesluit: Skets/vertel/beskryf vir my hoe lyk jou prentjie van romantiese liefde. Hoe definieer jy romantiese liefde? Omskryf die stelling 'n bietjie meer. Watter eienskappe het romantiese liefde?

Deur vir respondente te vra wat romantiese liefde **nie** is nie kon hulle prentjie oor wat dit wel was, verfyn word.

- Die oorsprong van respondente se idees oor romantiese liefde

Tipiese vrae het ingesluit: Hoe het jy leer dink oor romantiese liefde? Wat onderlê jou prentjie van romantiese liefde? Hoe het dit gebeur dat jy so dink oor romantiese liefde? Wat was die oorsprong van jou gedagtes oor romantiese liefde? Watter faktore het 'n invloed gehad op jou prentjie van romantiese liefde? Watter invloed het die flieks/boeke/tydskifte gehad?

- Die funksie of rol van romantiese liefde

Tipiese vrae het insluit: Watter rol speel romantiese liefde in jou lewe? Hoekom is romantiese liefde nodig? Hoekom is romantiese liefde belangrik? Het romantiese liefde sekere funksies in jou lewe? Wat dink jy van die rol van romantiese liefde?

- Verandering van idees oor romantiese liefde

Tipiese vrae het ingesluit: Het jou prentjie van romantiese liefde oor tyd verander? Dink jy nog oor romantiese liefde soos toe jy op skool/universiteit was? Het romantiese liefde verander van julle uitgaan-dae af tot waar jy nou in jou huwelik is? Het romantiese liefde oor tyd 'n ander persoonlikheid ontwikkel?

- Die belangrikheid van romantiese liefde

Tipiese vrae het ingesluit: Hoekom is romantiese liefde belangrik? Wat is die betekenisvolheid van romantiese liefde? Is romantiese liefde in jou lewe nodig?

- Moontlike verskille tussen romantiese liefde, liefde en verlief wees

Die navorser sal slegs hierdie tema verken wanneer respondente 'n verskil aandui.

Tipiese vrae het ingesluit: Verstaan ek jou reg – is daar 'n verskil tussen romantiese liefde en liefde? Is daar 'n verskil tussen romantiese liefde en verlief wees? Hoe dink jy oor die verskil tussen romantiese liefde en liefde?

- Moontlike impak van romantiese liefde op die verhoudings van respondente:

Tipiese vrae het ingesluit: Het romantiese liefde 'n impak op jou verhouding? Hoe? Wat is die impak? Hoe beïnvloed romantiese liefde jou lewe?

Verdere vrae met betrekking tot elke tema is gevra waar dit toepaslik was om duidelikheid te kry, te verken, te verklaar, 'n stelling toe te lig of om respondente se response op die bovermelde temas op te volg. Legard *et al.* (2003:150-151) verwys na sulke vrae as "content mining questions or probes". Tipiese vrae in die verband sluit in: "Vertel my meer ..." , "Verduidelik vir my ..." en "Verstaan ek jou reg?"

In die gees van die postmoderne benadering was die navorser en die gespreksgenote deel van die navorsingsproses. Met ander woorde, kennis en begrip is gesamentlik gekonstrueer, en die verloop van die interaksie tydens die onderhoude was ook bepalend van die tipe vrae wat gevra is. Enige ander vrae wat die navorser dus in die onderhoude gebruik het, is mede-bepaal deur die konteks van die interaksieproses.

### 4.10.3 Kwalitatiewe ontleding

Die kwalitatiewe ontleding van data het nie besliste reëls wat die reg of verkeerd daarvan bepaal nie. Poggenpoel (2001:344) brei hierop uit wanneer hy stel dat daar nie 'n regte of verkeerde manier is om kwalitatiewe data-ontleding te doen nie, maar dat dit belangrik is dat die navorser logies moet kan rekenskap gee van die fases van ontleding en dat die finale gevolgtrekking op die gegenereerde data gebaseer moet wees.

Hoewel daar nie 'n algemeen aanvaarde reël vir kwalitatiewe ontleding is nie, omskryf Spencer *et al.* (2003:200) die fases en prosesse betrokke by kwalitatiewe ontleding in die vorm van 'n konseptuele diagram:

| | |
|---|---|
| Soek toepassing op wyer teorie | |
| Ontwikkel verduidelikings | ↑ |
| Spoor patrone op (assosiatiewe ontleding) | ↑ |
| Stel tipologieë vas | ↑ |
| Identifiseer elemente en dimensies, klassifiseer data | ↑ |
| Som die data op | ↑ |
| Sorteer data volgens temas (kruisseksie-ontleding) | ↑ |
| Merk data volgens konsepte of temas | ↑ |
| Identifiseer aanvangstemas of konsepte | ↑ |
| Rou data | ↑ |

Dit is belangrik om te onthou dat hierdie proses nie liniêr is nie, maar dat herhaalde beweging na bo en onder nie net moontlik is nie, maar aangemoedig word as 'n sentrale deel van die analitiese proses wat groter verfyning of suiwering van die analitiese verslag meebring.

Die stappe wat in die huidige studie gevolg is, word vervolgens kortliks genoem:

- Rou data is bekom deur middel van semi-gestruktureerde, kwalitatiewe onderhoude.
- Die onderhoude is opgeneem en verbatim genoteer. Data is op geen manier aangepas of gereduseer nie.
- Sleuteltemas of konsepte is geïdentifiseer. Nell (2005:182) stel dat sodanige temas dikwels deur die navorser gekies word en temas op gesonde verstand gebaseer kan insluit, of temas wat deur die literatuur beïnvloed is, of konsepte wat deurdie navorser ontwerp is om beslag te lê op die essensie van die interaksie. Sodanige temas is gebruik om die onderhoude te rig. Die navorser wil ook graag noem dat die keuse van temas geensins neutraal of volledig is nie. Dit is onteenseglik tot 'n mate beïnvloed deur die navorser se formele en informele teoretiese aannames.
- Data is hierna gemerk volgens die temas (deur van kleurkodering gebruik te maak), gerangskik, opgesom en saamgestel op grond van die vooraf geïdentifiseerde temas om 'n beskrywende verslag te produseer.

Dit is gedoen deur belangrike en minder belangrike temas met betrekking tot diskoerse oor romantiese liefde wat deur die onderhoude gereflekteer is, te identifiseer, te ontgin en te dokumenteer.

In die lig van die studiedoelwit, naamlik 'n beskrywende en verkennende ontleding van plaaslike diskoerse en praktyke wat verband hou met romantiese liefde, en binne die konteks van die sosiaal konstruktivistiese en narratiewe epistemologie, word geen besliste kousale verwantskappe of verhoudings tussen aspekte van die data voorgestel nie.

Die bevindinge wat tydens die proses gemaak is, word verder in hoofstuk 5 bespreek. Daar sal ook in hoofstuk 6 daarop uitgebrei word.

## 4.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk het die navorser haar epistemologiese posisie verduidelik en aangedui dat die navorsing gedoen is vanuit 'n postmoderne, sosiaal konstruktivistiese benadering. Die navorser het die leser kortliks bekend gestel aan die moderne en postmoderne epistemologie, en daarna die impak van die laasgenoemde op hierdie navorsing uitgewys. Ook is aangedui dat die navorsing nie ten doel gehad het om universeel geldende waarhede te ontdek nie, maar dat die navorser die klem wou laat val op individue binne 'n bepaalde konteks en taal, met 'n unieke storie oor romantiese liefde. Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is genoem, en daar is aangedui waarom die navorser se keuse op kwalitatiewe navorsingsmetodes val. Kwalitatiewe onderhoude is bepreek as 'n manier om inligting te verkry aangaande plaaslike diskoerse oor romantiese liefde. Die proses van kwalitatiewe ontleding is ook bespreek as 'n manier om te bepaal tot watter mate plaaslike diskoerse oor romantiese liefde, die psigologiese, religieuse en sosiale diskoerse reflekteer, of selfs daardeur beïnvloed word. Dit is ook gebruik om te bepaal tot watter mate plaaslike diskoerse elemente bevat wat nie in die genoemde diskoerse gereflekteer word nie.

# HOOFSTUK 5

# 5 KWALITATIEWE ONTLEDING VAN DIE ONDERHOUDE

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die kwalitatiewe ontleding van die data wat uit die onderhoude na vore gekom het, bespreek. Die ontleding is tematies uitgevoer, ten einde die navorser in staat te stel om die bevindings te integreer, te vergelyk en aan te bied. Onderhoude sal dus tema vir tema ontgin word in hierdie hoofstuk en subtemas sal ook aangedui word.

## 5.2 Kwalitatiewe ontleding van die hooftemas wat in die onderhoude ontgin is

Die hooftemas – soos uitgewys in hoofstuk 4 – het gedien as riglyne vir die voer van die onderhoude, maar is ook as die basis van die kwalitatiewe ontleding gebruik. Elke tema wat dus sentraal tot die navorsing is, is ondersoek om hooftemas en subtemas te identifiseer wat daarmee verband gehou het. 'n Sekere mate van oorvleueling het soms voorgekom tussen die respondente se stories wat verband gehou met die temas, en dus is inligting in meer as een gedeelte bespreek. Direkte aanhalings uit die onderhoude kom dus op plekke meer as een keer voor waar subtemas vir 'n tweede of derde keer bespreek word. Deur gebruik te maak van die respondente se eie woorde kan die omvang en verskillende nuanses van hulle idees en gebruike van romantiese liefde, duideliker geïllustreer word.

In relevante gevalle word temas en subtemas in verband gebring met bestaande sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse (soos bespreek in hoofstuk 3) oor romantiese liefde. Sodoende kon ooreenkomste of 'n moontlike invloed van die diskoerse op die temas geïdentifiseer word. Aan die ander kant laat die proses ook die identifisering van temas toe wat nie deur bestaande diskoerse, soos beskryf in die huidige studie, gereflekteer word nie.

Dit is vir die navorser belangrik om daarop te wys dat die klem van kwalitatiewe navorsing nie op die algemeenheid of frekwensie van 'n gebeurtenis val nie. Schurink (1988:138) beaam dat verkenning die doel van kwalitatiewe navorsing is. Die semi-gestruktureerde onderhoud het ten doel om te ontdek, eerder as om te verifieër. 'n Siening of gebruik betreffende romantiese liefde hoef slegs by een respondent voor te kom om geldend te wees en 'n respondent se siening van die realiteit te reflekteer. Dit is moontlik dat sommige van die sienings, diskoerse en gebruike wat in die onderhoude geïdentifiseer is, relevansie op groter skaal mag hê. Dit word egter aangebied as 'n refleksie van die voorkoms van sekere oortuigings en praktyke tussen die

respondente. Die gevolgtrekkings en voorbeelde wat aangebied is, is beskrywend van die situasie wat bestaan tussen die respondentgroep, en mag moontlik toestande suggereer wat bestaan in die algemene Tshwane-gebied. Die studie maak nie aanspraak daarop dat die waarnemings algemeen geldend is nie.

### 5.2.1 Tema 1: Die definisie van romantiese liefde

In hierdie tema is die respondente se algemene definisie van romantiese liefde verken. Respondente se ideës, sienings en prentjies oor romantiese liefde is in hierdie tema ontgin.

Met verwysing na tema 1 het al die respondente 'n definisie geformuleer, hoewel twee respondente (Respondent 6 en Respondent 2) baie lank gedink het en telkens opgemerk het dat dit 'n moeilike vraag is om te antwoord. Hulle antwoord op sigself eggo die siening van Averill (1985) en Jackson (1993) wat na romantiese liefde verwys as 'n sosiale konstruksie wat in essensie ondefinieerbaar en buite die rasionele diskoers is. Romantiese liefde behoort volgens hulle nie in presiese terme uitgedruk te kan word nie. Tog sal dit moeilik wees om liefde op enige ander manier te verken as deur die manier waarop daar oor liefde gepraat word.

Response wat tydens die onderhoud verkry is:

- **Romantiese liefde is 'n gevoel.** "... dis 'n gevoel wat jy kry in jou hart ook ... dit moet jou laat goed voel... dit maak jou sterk voel. Dis 'n sterk gevoel wat jou amper laat voel jy blom" (Respondent 10). " ... jy voel gelukkig... " (Respondent 5). Ook van die manlike respondente het romantiese liefde as 'n gevoel beskryf. "... dit is hoe ek voel ... 'n samewerking van kragte wat liefde saambring. Respondent 1 het gesê: "Dit is goed wat mens vir mekaar doen, om die ander een beter laat voel en goed te laat voel." Sy brei later uit: "... romantiese liefde is ook hoe hy oor my voel en die dinge wat hy met my deel. Respondent 8 het ook later in die gesprek genoem dat toe sy romantiese liefde ontmoet het dit haar laat goed voel: "Ek het anders gevoel. Dit was 'n ander gevoel. Dit het my laat goed voel. Dit is hoe ek geweet het dit is romantiese liefde."; "Om jou te laat goed voel oor jouself" (Respondent 7). 'n Subtema wat hier na vore is kom dat romantiese liefde nie net as 'n gevoel beskryf was nie, maar dat 3 respondente die tipe gevoel beskryf het, naamlik 'goed'.

- Drie respondente het romantiese gesien as klein goedjies wat mens vir mekaar doen. "Ek dink dit is 'n manier van hoe jy met mekaar praat, hoe jy deur die dag goedjies doen,

klein simpel goedjies, en hoe jy hallo sê as jy in die aand by die huis kom" (Respondent 5). "Dis goed wat mens nie elke dag doen nie ... 'n verrassing so nou en dan, 'n briefietjie in die kosblik, 'n blommetjie op die bed, 'n oproep of 'n sms deur die dag ... sulke tipe goetertjies" (Respondent 3). Respondent 9 sluit by hulle aan: "En dan romanse vir my is die klein dingetjies wat tel". Maar hy voeg ook by dat sy prentjie van romantiese liefde atmosfeer insluit en skaar hom ook by die respondente (Respondent 6, Respondent 2, Repondent 1 en Respondent 10) wat gesê het romantiese liefde kan net tussen twee mense wees. Respondent 1 het pertinent genoem dat dit tussen twee mense van die teenoorgestelde geslag moet wees. Dit reflekteer die opmerking van Lee (1998:50) dat die verbintenis tussen liefde en heteroseksualiteit wat in die huwelik ingestel is, fundamenteel aan die Westerse kultuur is. "Romantiese liefde is iets wat jy net tussen twee deel" (Respondent 6); "Romantiese liefde is meer as erotiek. " ... dit is beslis baie meer as dit, maar die erotiese gedeelte speel 'n groot rol" (Respondent 6). Respondent 2 het gesê romantiese liefde is 'n glimlag oor sy lewensmaat, want "... daai persoon moet die beste in jou uitbring, so as jy kan glimlag beteken dit jy is gelukkig ..."

- Romantiese liefde is ook uitgedruk as om 'n persoon te verstaan en aanvaar soos hy/sy is: "... om met daai persoon saam te leef, om daai persoon te verstaan soos daai persoon nog altyd is" (Respondent 4). Respondent 8 se prentjie van romantiese liefde was een van dink en doen: "Romantiese liefde is tussen twee persone waar die een persoon hom kan indink in die posisie van die ander persoon en dan deur sy optrede dit wys. Haar idee reflekteer die siening binne die religieuse diskoers dat maats in'n huwelik veronderstel is om ander-persoon-gesentreerd te wees (sien hoofstuk 3). Respondent 7 se idee impliseer ook om te gee wanneer hy sê: "Romantiese liefde is om in die ander een se behoeftes te voorsien, dan sal dit outomaties gebeur."

- Dit is interessant dat heelwat respondente hulle huweliksmaats se name onverskrokke genoem het met 'n vraag soos: Wat sou jy romantiese liefde noem as dit 'n persoon was? Respondent 2, Respondent 10 en Respondent 6 het met hul huweliksmaats se name op die vraag gereageer. Respondent 1 het dit genoem: "sagkens spesiaal", respondent 5 het van 'n "bos rooi rose" gepraat, terwyl respondent 6 dit as "gesmelte sjokolade" beskryf het. Respondent 4 het onmiddellik die naam "eerlikheid" genoem, en respondent 3 "bederf." Respondent 8 het "omgee" gebruik om romantiese liefde te benoem en respondent 7 het gesê: "Liefkoos." Rrespondent 9 het van "omgee, met passie" gepraat.

- Die respondente het ook eie sienings gehad oor wat romantiese liefde **nie** is nie. Respondent 1 het gemeen romantiese liefde is nie iets wat jy deel met vriende of familie nie. "Romantiese liefde is iets wat tussen twee mense gebeur wat vir mekaar lief is, en romanse tussen mekaar het. Ek kan nie romantiese liefde met my Ma hê nie, want ek het nie daai romantiese gevoel teenoor my Ma *nie* ..." Respondent 5 het genoem dat romantiese liefde nie afkrakerig en bakleierig is nie. Respondent 5 se eggenoot het 'n opmerking met 'n soortgelyke strekking gemaak: "Dit is nie 'n bakleiery en stryery as gevolg van liefde wat dalk nie ooreenkom nie." Respondent 10 het gesê: "Dis nie afkrakerig nie, daar is nie perke daarop nie, dit word nie in 'n *boksie* gesit nie." Die multi-dimensionele aanslag van liefde wat Lee (1998) binne die sosiologiese diskoers beskryf, word gereflekteer in die respondente se unieke en uiteenlopende sienings van romantiese liefde.

**Eienskappe van romantiese liefde**

Die tien respondente het die volgende eienskappe aan romantiese liefde toegeskryf:

- Vertroue.
- Eerlik (x3).
- Reguit.
- *Butterflies.*
- Koestering.
- Gevoel.
- Opreg.
- Openlik.
- Verrassings.
- Smeulend.
- Sensueel.
- Borrelend.
- Energiek.
- Nat.
- Groen oë.
- Vol lippe.
- Opbeurend.
- Opbouend.
- Saggeaard.
- Onderskragend.

- Sterk (x2).
- *Sparkle in the eye.*
- Sensitief.
- Oplettend.
- Geduldig.
- Erkenning.
- Dankbaarheid.
- Omgee.
- Diepe verstaan van mekaar.

Van die bogenoemde eienskappe reflekteer sommige van die sentrale eienskappe van liefde wat Beverly Fehr in Strong *et al.*(2001:151) geïdentifiseer het.

Dit was ook opmerklik dat nie een van die respondente romantiese liefde gekarakteriseer het as intense fisiologiese opwekking nie. Volgens die navorser mag skaamheid moontlik respondente se opmerkings hieroor beperk het. Die seksuele was maar 'n suggestie of 'n ondertoon in sommige van die respondente se antwoorde, byvoorbeeld "Romantiese liefde is **meer as erotiek.** ... dit is beslis baie meer as dit..." (respondent 6), en is teenstrydig met die siening van Ross (1992) binne die psigologiese diskoers wat sê romantiese liefde word later erotiese liefde en word uitgedruk in genitale seksualiteit. 'n Idee wat sterk na vore kom binne die psigologiese diskoers is 'n toestand van eenwording met die geliefde. Tog reflekteer nie een van die respondente se opmerkings dat romantiese liefde 'n toestand van intense verlange vir eenwording met 'n ander persoon is nie.

### 5.2.2 Tema 2: Die oorsprong van respondente se idees oor romantiese liefde

In hierdie tema het die navorser probeer vasstel wat respondente se sienings van romantiese liefde onderlê? Waar het respondente leer dink oor romantiese liefde soos hulle daaroor dink? Was hierdie invloede intern of was dit ekstern? Die volgende gedeelte illustreer die uiteenlopende menings van die respondente met betrekking tot vormende invloede op hulle sienings van romantiese liefde.

- Twee respondente (een manlik en een vroulik) het geen of min plek gelaat vir eksterne invloede op hulle sienings van romantiese liefde nie. Respondent 8 merk op: " ... nie TV nie, nie boeke nie, ook nie my ma en pa nie. Ek dink dit was maar net 'n behoefte. My beeld van romantiese liefde het gekom uit my behoefte. My eie fantasiewêreld het romantiese

liefde se prentjie gevorm." Sy het ook gesê dat haar fantasie deur haar eie behoefte gestimuleer is. Later stel sy baie beslis: "Ek dink romantiese liefde is ... 'n konstante ding, omdat die behoefte dieselfde gebly het. Dit word nie aan die lewe gehou deur 'n eksterne gebeurtenis of verhouding nie. Ek dink nie dit [die behoefte] is al ooit vervul nie, ek dink dit is iets wat by tye aangeraak word. Die behoefte bly konstant, maar die vervul daarvan bly nie konstant nie." In die psigologiese diskoers word behoeftes ook vermeld, maar Delaney (1996:342) sê dat dit nie alleen belangrik is om te kyk hoe jou maat jou belange en behoeftes in ag sal neem nie, maar om ook te besin oor hoe wil 'n persoon hom- of haarself in verhouding met 'n maat sien.

Hoewel respondent 4 meen dat hy romantiese liefde in sy ouerhuis leer ken het: "My ma was nooit bang om liefde te wys nie", meld hy tog later in die gesprek dat sy idee oor romantiese liefde in homself ontwikkel het: "So oor die jare is dit maar 'n gevoel wat mens in jouself het, dinge wat jy ervaar, wat jy sien, wat jy hoor." Ten spyte van sy melding van ervaar, sien en hoor, sê die respondent bykomend: "... ek lees dit, maar ek streef dit nie na nie. Dit gaan iewers in en uit.": "Samelewingsdruk en mense wat opinies het, is welkom om hulle opinies te lig, maar of ek daarmee saamstem is 'n ander ding. *Loving* en *The Bold and Beautiful* is sommer 'n klomp snert. Dis die grootste klomp breinspoel *rubbish* wat op hierdie aarde is. Almal kyk daarna en dis 'n sprokiesverhaal en die werklikheid is ver daarvandaan." Hy noem weer oor romantiese liefde: "Dis 'n menslike gevoel, 'n persoonlike ding wat jy in jouself het wat na vore kom ... Dis 'n *gutfeeling.*" Respondent 4 noem wel dat godsdiens 'n rol gespeel het in sy siening van romantiese liefde: "Dis 'n reguit lyn. Iets is of reg of weg, ons kan nie in al die detail ingaan nie."

Die meerderheid respondente het aangedui dat hulle ouerhuise en ander eksterne invloede soos flieks, boeke en tydskrifte wel 'n invloed op hulle sienings of idees van romantiese liefde gehad het. Maar volgens die respondente het die voorbeelde in hulle ouerhuise meer gewig gedra en 'n groter invloed op die respondente se sienings van romantiese liefde gehad. Respondent 3 wat romantiese liefde met bederf assosieer, sê: "My ma sou haarself tekort geskied het om vir my iets te gee, sy sou haarself ingedoen het." Dit wil voorkom of die invloed van die media verminder is deur ouers se respons op TV en rolprente sowel as respondente se gunstige / ongunstige houding teenoor die inhoud van die media: "Mens lees boeke en jy lees die ou het dit gedoen of daai vrou het dat gedoen, en jy gaan in 'n mate dit seker toepas op jou lewe ook ... Ek kan 1000 boeke lees en as dit nie my geaardheid is nie, gaan ek dit nie doen nie." Die stelling van respondent 3 reflekteer Jackson (1993:212) se siening wanneer hy maan dat mense hierdie

invloed van sosiale strukture nie sommer passief aanvaar nie. Hulle neem aktief daaraan deel om hulself in hierdie strukture in te werk. Dit verduidelik ook – gedeeltelik ten minste – onderwerping daaraan. Mense skep vir hulself 'n sin van wat emosies is, van wat dit is om verlief te wees: "We do this by participating in sets of meanings constructed, interpreted, propagated and deployed throughout our culture, through learning scripts, positioning ourselves within discourses, constructing narratives of self" (Jackson, 1993:212).

Sommige van die respondente het hulle ouers gekrediteer vir die manier waarop hulle prentjie oor romantiese liefde gevorm is: "Ek sou sê in 'n mate het ek oor romantiese liefde begin dink as gevolg van my ouers. In 'n sekere stadium van ons grootword was Pa, ek wil amper sê, meer liefkosend met my ma voor ons, en dit was goed. Mens het toe jy jonger was ouer kinders se verhoudings gesien. Ek sou nie sê flieks nie, want 'n fliek is 'n fliek en jy kyk daarna, maar ek dink nie mens leer iets daaruit nie" (Respondent 7). "Ek dink dit kom baie van my ma en pa ook af. Die wete en die sekerheid dat hoe sleg dit ook al gaan en wat ook al met jou gebeur in die lewe dat die liefde is altyd daar ... So romantiese liefde het vir my baie met sekuriteit en sekerheid te doen" (Respondent 10). Oor die invloed van boeke en flieks sê sy: "Glad nie!"; "Ek dink dit het seker baie te doen met die manier waarop ek grootgeword het, my ma het my alleen grootgemaak. Ek dink dit het nogal baie effek op my in die sin van ek hou van aanraking ...", "Ek het meer films gekyk, dit het dalk meer 'n invloed gehad" (Respondent 6). Die volgende respondent skryf die oorsprong van haar prentjie toe aan beide die media en haar ouers: "Ek dink dis seker die manier hoe mens grootword en stories kyk.", "Ek dink dis maar my ouers – hoe hulle met mekaar was, en toe my ouer suster se kêrels by haar gekuier het, het ek gesien hoe gelukkig sy is. Dan natuurlik is daar flieks wat 'n groot rol speel" (Respondent 5). Respondent 1 het onomwonde na haar ouers se voorbeeld verwys: "... ons was in matriek op 'n leerlingraadskamp, nê, en die Sondag het ons ouers saam met ons na die kamp toe gekom en saam met ons geëet en een van die meisies het na my toe gekom, toe staan my ma en pa daar, toe hou hulle hande vas, die hele tyd. Toe sê sy vir my sy kan nie glo twee mense is so lank getroud en hulle wys nog so openlik liefde vir mekaar nie dat hulle die hele nag sal staan en hande vashou in in die publiek nie ... Maar net die manier hoe hulle teen mekaar optree.", "Ek moet met jou eerlik wees. My grootste vrees as ek gedink het aan trou ... was dat dit nie so wonderlik gaan wees soos die verhouding tussen my ma en my pa nie.", "Ek het baie boeke gelees op skool ... jy weet mos hierdie Mills & Boon. Baie flieks gekyk, dit speel 'n groot rol, want jy dink mos: oe, kyk hoe romanties is dit in die fliek."

Een van die respondente het dit ook duidelik gestel dat die voorbeeld wat hy in sy ouerhuis gehad het nie 'n goeie voorbeeld was nie: "Ek het nie 'n baie goeie voorbeeld gehad nie, want my ouers is geskei en beide weer getroud.", "Ek weet nie, ek kan nie aan enige goeie voorbeeld dink nie. Ek meen hulle is albei weer gelukkig getroud, maar ek het myself daar uitgehou. Ek wou nie betrokke wees nie. So ek dink ek het maar alles vir myself geleer. Ek het maar probeer uitkry uit 'n verhouding uit wat ek gedink het ek gaan uitkry" (Respondent 2).

Net soos respondent 5 is respondent respondent 9 se prentjie ook onderlê deur sy ouer broers en susters, maar hy maak dit duidelik dat die media geen invloed op sy prentjie gehad het nie: "Weet jy my oudste broer en suster, omdat hulle soveel jare ouer is as ek. Toe ek in standerd 6 was,is hulle getroud. So baie wat ek gesien het wat hulle gedoen het en hoe hulle met mekaar opgetree het ... dis waar ek dit gesien het. Definitief nie boeke nie, definitief nie TV nie, want dit is vir my absoluut vals."

Respondent 7 en respondent 8 maak pertinent melding van die rol wat Christus gespeel het in die prentjie wat hulle gevorm het oor romantiese liefde: "Dit het 'n groot rol gespeel, want Christus was die bruidegom. En dit het my beeld makliker gemaak. Want hy is manlik, sterk" (Respondent 8). "Die feit dat 'n ou *common ground* in Christus het, is tog 'n trekpleister. Ek weet nie of dit regtig 'n romantiese trekpleister is nie, maar op 'n sekere *level* is dit 'n trekpleister na mekaar. As jy mekaar ontmoet weet jy, *ok,* sy's 'n Christen, hy's 'n Christen" (Respondent 7).

Die idee dat mense se diskoerse en oortuigings onderlê word, of beïnvloed word deur die samelewing waarin ons grootword, word ook deur die sosiologiese diskoerse, soos bespreek in hoofstuk 3, gereflekteer. Maar dit blyk ook uit die onderhoude dat die erotiese element van romantiese liefde wat volgens De Bruyn (1998) in die media oorbeklemtoon word, nie so 'n sterk invloed op die respondente se weergawes van romantiese liefde het nie.

### 5.2.3 Tema 3: Die moontlike verandering van idees oor romantiese liefde

In hierdie tema is gepoog om vas te stel of die respondente se idees van romantiese liefde oor tyd verander. Dit kon wees van voor die huwelik tot na die huwelik, of van skooltyd tot getroud wees. Die tydspan is nie noodwendig vasgemaak nie.

Die meeste van die respondente het verandering vermeld. Respondent 2 sê dat hy oor tyd geleer het om te vertrou:"*Well*, sy het vir my gewys jy kan en jy moet vertrou. Ek kon niemand anders vertrou nie, nie eers myself nie. Sy het my geleer vertrou." Respondent 1 wys op die verskil tussen die ontvang van fisiese geskenke op skool en die nabyheid en aandag van haar man tans: "Die verskil tussen [kalwerliefde op skool] en dit wat ek vandag beleef, is klein goedjies wat Respondent 2 hoef te doen, soos om by my te kom staan en my 'n drukkie te gee, of te sê hy's lief vir my, of ek waardeer wat jy vir my doen ... Ek bedoel Respondent 2 kan dit tien keer 'n week doen, maar elke keer wat hy dit doen, gaan dit van vooraf vir my romanties wees ..." (Respondent 1). Hierteenoor is haar siening van romantiese liefde op skool: "Toe het ek gedink romantiese liefde is as jy hierdie *boyfriend* op skool gehad het ... en die dag toe dit Valentynsdag is toe kom hierdie man met 'n bos blomme en 'n present en 'n hangertjie. Toe dink ek, sjoe hierdie ou kan romanties wees as hy wil ...daai wat op skool gebeur, dit is *fine*, ma' *you passed that.*"

Respondent 5 sê oor haar verwagtings van romantiese liefde voor sy getroud is: "Sjoe – dat hy baie ryk sou wees, dat ek nie hoef te werk nie. Dat hy 'n goeie vriend sou wees en dat ons goed oor die weg sal kom ...", tans meen sy: "Party dae gaan dit nogal rof. Daar gaan partykeer weke om dat mens nie tyd kry om vir hierdie romantiese liefde water te gee nie ...", "Ek dink mens bou maar nog steeds lugkastele, en daar is nog steeds die invloed van boeke en flieks en dan dink jy net ... mens kan nog steeds na 20 jaar voel oor die persoon en oor romantiese liefde voel soos voor jy getroud is. Maar dit is werk, want mens raak gewoond aan mekaar en dan sien mens nie meer die tekens raak nie. Mens moet 'n punt maak om uit te kyk daarna." Respondent 6 sê: "Ek dink die ding is 'n ou was nie vas toe jy uitgegaan het nie en 'n ou het *boundaries* ma' miskien 'n bietjie ge*push*... maar noudat 'n ou getroud is, is dit half meer dat mens net een keer 'n maand saam uitgaan of saam weggaan of saam iets gaan doen – en dis nie 'n verskoning nie – en mens het werksverantwoordelikhede en verantwoordelikhede teenoor jou die familie so jy maak nie altyd vir jouself tyd om meer romanties te wees nie."

Die stelling dat werk en kinders respondente minder tyd gee om romanties te wees, is deur al die respondente met kinders gemeld en word ook gereflekteer in die sosiale diskoers, wanneer Laquercia (2001:43) opmerk: "the elements that dwindle first in the pressure of reality are romance, eroticism and sex." Respondent 6 verwys na 'n tyd voor die huwelik: "As ek miskien ook kan teruggaan na die gedagte van romantiese liefde saam uitleef. Voor ons getroud was, was romantiese liefde 'n klein groen bakkie (sy skoonpa sin), baie sensueel. Nou is dit meer 'n naweek weg, waar jy gaan rooiwyn ... Voor die tyd was dit bysake."

Respondent 10 vertel hoe haar allesoorheersende behoefte voor haar huwelik was om tyd bymekaar te hê en hoe sekerheid die behoefte verander het: "Toe ek net getroud was, was dit vir my so belangrik om baie tyd saam met hom te spandeer, om al die goed saam te doen, en om saam te wees. Ons het verskriklik baie moeite met mekaar gedoen eintlik. En as jy kinders kry dan raak dit so besig dat jy nie meer by al hierdie goeters uitkom nie. Jy moet 'n ander manier kry om daai kontak met mekaar te maak. My siening sou ek sê bly basies dieselfde, maar partykeer sou ek sê het jy bietjie meer ander goeters nodig. Soos die lewe aangaan en jy groter en volwasser word, het jy miskien minder van een ding en meer van'n ander ding nodig. Tyd byvoorbeeld het ek in die begin baie nodig gehad, en nou weet ek hy is lief vir my, hy gaan lief vir my wees en ons is getroud en ons is lief vir mekaar, daar is niemand anders nie, so ek het nie al hierdie tyd en bewyse nodig nie. Ek het meer sekerheid nou so daar is nou net daai lekker stywe, vet druk in die oggend nodig – dit is genoeg, ek weet die liefde bly daar" (Respondent 10). Sy maak egter ook melding dat die gevoel nie verander het nie, maar verinnig het: "... die dag toe ek vir Respondent 9 ontmoet het toe het ek gekry wat ek wou gehad het en dit is nog steeds so! As ek aan Respondent 9 dink is die gevoel in my hart nog steeds dieselfde as daai eerste dag, dit het net meer innig geword, en dit is op 'n ander vlak ook nou." Die navorser het met bewondering die onderhoude met Respondent 10 en Respondent 9 gevoer en die verbatim dokumentering daarvan gedoen omdat hulle mekaar se behoeftes en mekaar se liefdestale so goed verstaan. Respondent 9 sluit by sy vrou se ervaring dat hulle verhouding verinnig het aan wanneer hy vermeld: "Dit het baie dieper geword. In die begin was dit die vonk, die passie, maar dit was vinnig verby. Dit was nie die verstaan van wie hou van wat nie, en waaroor gaan dit nie ..." Respondent 7 het 'gewoond raak' aanmekaar uitgewys as 'n faktor wat bydra tot die verflouing van romantiese liefde: "[Voor my troue] dat sy vir my iets moet gee wat nuut en *exciting* is. Dit was anders, maar *obviously* leer ou mekaar ken en raak gewoond aan mekaar, en *kiddies* en naarheid en klomp ander *stuff*, en werk en stres en geld maak dit verflou."

Gebaseer op die voorafgaande tema, kan dit gestel word dat een van die eenvormigste temas uit die onderhoud is dat al die respondente, behalwe respondent 8, meen romantiese liefde verander oor tyd. Hoewel dit gestel kan word dat die rede vir die verandering van die respondente se idees oor romantiese liefde verskillend is. Die respondente met kinders het die verandering grootliks toegeskryf aan meer verantwoordelikhede en minder tyd: "En as jy kinders kry dan raak dit so besig dat jy nie meer by al hierdie goeters uitkom nie ... 'n Mens het baie meer werksverantwoordelikhede en verantwoordelikhede teenoor jou familie so jy maak dalk nie altyd vir jouself tyd om meer romanties te wees nie" (Respondent 10).

Een respondent het gesê daar was geen verandering nie: "Nee, dit het nie verander nie" (Respondent 8).

Drie respondente het gewoonte genoem as 'n rede vir die verandering van romantiese liefde: "maar *obviously* leer 'n ou mekaar ken en raak gewoond aan mekaar, en kiddies, en naarheid, en klomp ander *stuff,* en stres en werk en geld maak dat dit vervaag en verflou"; respondent 5 wys ook op 'gewoond raak': "... want mens raak gewoond aan mekaar en dan sien mens nie meer die tekens raak nie."; "... vir my is dit beslis 'n ding wat verander, want jy raak gewoond aan daai persoon."

Respondent 1: "Op skool het dit altyd te doen gehad met die WOW-dinge, en dit was altyd met aardse goed gekoppel, verstaan jy, en nou gaan dit oor nabyheid en hoe ek weet hy innerlik oor my voel en dit met my deel." Respondent 2 kon nie uitdruk waarom hy sê dit verander nie, maar beskryf die verandering wel as groei: "Ek bedoel daar het ek direk soveel gegroei." Vir die navorser wil dit voorkom of romantiese liefde vroeër vir Respondent 1 die gee van goed beteken het, maar dat dit verander het na 'n rustigheid in die wete en sekerheid dat haar man vir haar lief is.

Weereens moet die navorser vermeld dat mans en vrouens se sienings of belewenisse van die verandering van romantiese liefde nie eintlik verskil nie. Beide manlike en vroulike respondente het gepraat oor die impak van kinders op hulle romantiese tyd saam; beide manlike en vroulike respondente het melding gemaak van 'gewoonte' se invloed op hulle verhoudings; en beide manlike en vroulike respondente het die groei of verinniging van hulle belewenis van romantiese liefde aan die navorser gekommunikeer.

### 5.2.4 Tema 4: Die belangrikheid van romantiese liefde

In hierdie tema is die belangrikheid of bekenisvolheid wat die respondente aan romantiese liefde koppel, verken. Response het van persoon tot persoon verskil, maar nie een van die respondente het romantiese liefde as onbelangrik beskou nie. Die volgende gedeelte illustreer die verskillende response wat tydens die onderhoud verkry is:

Een van die respondente het gewys op die vertroue wat romantiese liefde in sy lewe inbring: "Dit gee my vertroue in my maat en dit gaan alles oor vertroue.", "Jy moet herken dat dit daar is, dat dit vir jou iets beteken, dat jy weet jy kan gelukkig wees saam met iemand, en jou lewe met

iemand deel. As jy nie gelukkig is nie, en daar nie vertroue is nie, kan dit nie werk nie. Dit is nie net romantiese liefde nie, maar liefde in geheel wat 'n groot rol speel" (Respondent 2).

Die unieke ervaring van romantiese liefde tussen twee mense wat die chemiese reaksie aan die gang hou, word deur respondent 1 uitgewys: "As mens nie romantiese liefde het nie, daai vlam tussen julle twee, daai chemiese reaksie, sal nie kan aanhou brand as jy nie romantiese liefde het nie. Mens kan net vir mekaar lief wees, maar as jy nie daai innerlike romantiese liefde kan deel waarvoor 'n man en vrou geskape is nie, dan sal dit nie werk nie.... Jy kan nie net vir mekaar lief wees nie, want dan kon ek met my broer getroud gewees het, of met 'n goeie vriend van my, vir wie ek ook lief is. Ma' romantiese liefde is dit wat 'n man en vrou bymekaar hou vir jare."

Respondent 5 sê romantiese liefde maak die huwelik meer as 'n werkskontrak: "Om my te laat spesiaal voel, maar ook my maat ... Ek dink as daar nie romantiese liefde was nie sou hierdie huwelik maar 'n werkkontrak gewees het. Ek is hier, ek bring hierdie geld in, jy is daar om daai geld in te bring ...". Die siening wys die navorser daarop dat vrouens nie meer net soos in die tyd van Christus hulle hele persoonlikheid en identiteit om die huishoudelike hoef te draai nie. Vrouens van 2005 speel 'n belangrike ekonomiese rol en boonop stel romantiese liefde sommige in staat om te werk sonder dat hulle huwelike soos 'n werkskontrak voel. Met ander woorde, romantiese liefde maak die huwelik meer as net 'n sosiale kontrak.

"[Romantiese liefde] is een van die, of behoort een van die fondamente te wees van 'n huwelik. Jy het nodig om romantiese liefde te hê. Ek dink dit is wat baie huwelike se doodsteek is, is dat dit heeltemal ophou" (Respondent 6). Die stelling van respondent 6 het ook aanklank gevind binne die sosiologiese diskoerse by monde van Regan (1992:8) dat romantiese liefde die *sine qua non* van die huwelikskontrak geword het.

"Dit maak van jou 'n sterker en beter persoon. En ek ken nou iemand ook, en as ek na haar kyk, hoe sy nou is – sy is onlangs geskei en sy is nie meer dieselfde persoon nie – ek bedoel daar is baie hartseer en dinge ook wat daarmee saamgaan. Maar ek voel as jy daai liefde en onderskraging het maak dit van jou 'n sterker en 'n beter persoon. Jy het rustigheid in jou gemoed, jy kan die lewe aanpak met daai rustigheid en daai kalmte in jou gemoed ... Romantiese liefde is iets wat jy aan moet werk die hele tyd, jy moet dit nooit laat gaan nie, jy moet nooit dit net los nie, en jy moet konstant daaraan werk. Dis partykeer goed om te gaan sit en dinge net agtermekaar te sit en te kan weet wat jy het ... Jy kan nie sonder dit [romantiese liefde] nie. Ek kan nie sonder dit nie, ek het dit nodig. Ons is gemaak om deel te wees van mekaar ..."

(Respondent 10). Die laaste stelling kom ook voor binne die psigologiese diskoers waar die idee van eenwording met die geliefde reeds deur Plato vermeld is. Die diskoers is in hoofstuk 3 bespreek. Dit is egter interessant dat nie een van die respondente hulle maats veridealiseer het as die objek van hulle liefde nie.

Die navorser is tog van mening dat romantiese liefde vir al die respondente belangrik is omdat dit waarde toevoeg tot hulle lewens en waarde toevoeg tot hulle persoon. Hetsy of romantiese liefde bydra om sommige sterker of 'n beter persoon te laat voel, en of dit ander laat spesiaal voel. Romantiese liefde maak dit vir die respondente sinvol om moeite vir mekaar te doen sodat hulle verhoudings betekenisvol kan wees.

Die navorser is vanuit haar postmoderne sosiaal konstruktiewe verwysingsraamwerk verplig om te noem dat sy baie aanklank gevind het by die response van respondent Respondent 9 en dat haar eie verwysingsraamwerk deur die onderhoud met hom en sy vrou verryk is. Respondent 9 het al in die rol van romantiese liefde ook na die belangrikheid daarvan verwys toe hy dit 'n *cornerstone* van 'n verhouding genoem het: "Dit is vir my nog steeds een van die *cornerstones* van 'n verhouding of 'n huwelik. Ja, daar moet kommunikasie wees, ja, daar moet verstaan wees, ja, daar moet *commitment* wees. Ek het die uitstekendste boek gelees van Nicholas Sparks. Sy broer het vir hom gevra wat is die een ding wat belangrik is? Toe sê hy *commitment*, want jy kan die beste kommunikator wees, maar as jy nie *committed* is nie kan jy praat soveel soos jy wil julle gaan nog steeds uitmekaar gaan. Maar bo op dit, dit help nie jy al al drie maar aan die einde van die dag bly jy saam met jou broer of jou suster nie. *Because that is what could happen,* of jou beste pêl nie. Jy weet – dit werk nie. Daarom sê ek romantiese liefde bly een van die *cornerstones.*"

Dit is duidelik dat die meerderheid respondente aangedui het dat romantiese liefde 'n belangrike rol in hulle lewens speel, hetsy dit genoem is die *sine qua non* vir die huwelik, die fondament of *cornerstone* van 'n verhouding of die 'dit wat ons bymekaar hou'. Die navorser se eie interpretasie van die respondente se sienings oor die belangrikheid van romantiese liefde is dat dit vir beide manlike en vroulike respondente die instandhouding – die faktor wat hulle bymekaar hou – impliseer.

### 5.2.5 Tema 5: Die funksie of rol van romantiese liefde

In hierdie tema is die respondente se sienings of idees oor die rol of funksie van romantiese liefde in hulle verhoudings verken en genoteer.

Vir een van die respondente was die funksie van romantiese liefde om hom te leer dat 'n mens jou maat kan vertrou: "*Well*, ek het geleer mens hoef nie jaloers te wees nie". Later verwys hy ook verskeie kere na die 'saamwees'-rol van romantiese liefde: "Die saamwees, die saam dinge doen...", "Mens moet tog jou saamwees kan geniet op tye, en ek voel soos ek nou net gesê het daar sal altyd liefde wees, maar die romantiese liefde is maar hoe jy in mekaar se teenwoordigheid optree ..." (Respondent 2). Die navorser maak graag die volgende opmerkings oor Respondent 2 se stellings. Wanneer mens jou maat vertrou is dit lekker om saam te wees en saam dinge te doen. Romantiese liefde het 'n funksie om mens sensitief te maak om 'reg' in jou maat se geselskap op te tree.

Respondent 1 is van mening dat die 'chemie' tussen twee mense deur romantiese liefde lewend gehou word: "As mens nie romantiese liefde het nie, sal daai vlam tussen julle twee, daai chemiese reaksie, nie aanhou nie."

'n Ander respondent wys daarop dat romantiese liefde die doen van dade inspireer: "Die funksie is om nie net dinge te sê nie, maar om dit te doen. En klein goedjies soos 'n briefie in die kosblik of e-pos ... [dit bring mee] dat mens uitsien om mekaar te sien, dit laat jou goedvoel." (Respondent 5). Die stelling sluit sterk aan by die van Schaik (1982:14) wat gesê het dat liefde is verwant aan aksie. Die reaksie van respondent 10 sluit ook hierby aan. Respondent 10 het aanvanklik gemeld dat die rol van romantiese liefde harde werk aan sekerheid is: "Romantiese liefde is iets wat jy aan moet werk die hele tyd, jy moet dit nooit laat gaan nie, jy moet nooit dit net los ook nie, en jy moet konstant daaraan werk ... jy moet werk aan daai sekerheid", maar dan voeg sy later by: "Romantiese liefde ... hou ons bymekaar. Ongeag van al die ander dinge wat om ons gebeur – dit hou ons bymekaar!" Die idee word ook gevind binne die sosiologiese diskoers dat die afwesigheid van romantiese liefde 'n faktor mag wees in die ontbinding van huwelike (Regan, 1992:8).

Twee respondente wys op die funksie van romantiese liefde as die van 'n hoeksteen of fondament. Respondent 9 sê: "Daarom sê ek romantiese liefde bly een van die *cornerstones.*" Aansluitend hierby beskryf respondent 6 die funksie van romantiese liefde as een van die fondamente van 'n huwelik: "Wel ek dink dit is een van die, of behoort een van die fondamente

te wees van 'n huwelik. Jy het nodig om romanties lief te hê. Ek dink dit is wat baie huwelike se doodsteek is, is dat dit heeltemal ophou."

Twee respondente het indirek die funksie van romantiese liefde beskryf as 'om my te laat spesiaal voel'. Dit is egter interessant dat die twee respondente getroud is, en hoewel hulle prentjies van romantiese liefde verskil, is die rol daarvan opmerklik dieselfde: "... julle praat saam en julle is spesiaal vir mekaar ongeag wat ander mense ... dink", "ek wil net voel ek is spesiaal as daar 20 of 30 ander mense in 'n kamer is" (Respondent 4). "[romantiese liefde] het my laat beter voel oor myself, my laat goed voel as ek af was ... my spesiaal laat voel.", "... op my verjaarsdag het Respondent 4 my baie spesiaal bederf en dit is romanties" (Respondent 3). Respondent 4 het die spesiale gevoel beskryf as "*spine tingling feeling*" en respondent 3 het dit uitgedruk as "jy voel *on cloud 9*".

Hoewel die seksuele uitdrukking van liefde 'n sentrale tema binne die sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse was, word dit slegs deur een van die respondente gereflekteer as 'n funksie van romantiese liefde. Romantiese liefde het volgens die meerderheid respondente ook nie 'n invloed op hulle seksuele uitdrukking nie. Die enigste suggestie van die impak van romantiese liefde op seksuele uitdrukking, is die verwysing van die respondente dat hulle moet tyd maak vir mekaar en vir romantiese liefde. Die vraag kan egter gevra word of respondente dalk te skaam was om te praat oor seksuele kommunikasie binne die huwelik?

Net een respondent het die 'eenheid' van romantiese liefde en seksuele uitlewing aangeraak. Die navorser was geraak deur die teerheid en omgee wat die respondent vir sy vrou se totale wese gehad het in sy seksuele liefdeskommunikasie. Seksuele plesier het vir hom gedeelde plesier beteken, anders was dit leeg. Respondent 9 sê: "Omgee, absolute omgee vir mekaar en daai diepe verstaan van wie en wat jy is, en ek ... ek wil uitbrei op die verstaan. Baie keer voel jy om romanties te wees met mekaar maar al wat jy wil hê is die *cuddle* en bymekaar wees, en jy wil niks verder gaan as dit nie, en dit is daai ander persoon se verstaan daarvan ook nou. Die bymekaar wees, daai absoluut net julle twee, niks anders nie, deel met mekaar wat vir jou belangrik is, wat vir my belangrik is. En ek dink altyd Afrikaners is nie baie goed om vir mekaar te sê waarvan hou ons nie. Dis amper asof jy grootgeword het dat dit 'n taboe is, jy praat nie oor sulke dinge nie. Die ander ding is, is die verrassingselement. Daar is nie vir my in romanse 'n ding van jy beplan nou saam vanaand hierdie romantiese aand nie. Ja, daar is tye daarvoor ook. Maar daar is vir my meer daai verrassingselement wat inkom, jy stap in die huis in en daar is klaar 'n bad vol water met sjampanje en *bubbles – when you least expect it.* Want jy het vandag

gebel en jou maat het gehoor jy het vandag 'n vrot dag en hier stap jy in met sagte musiek in die agtergrond en ... die persoon wat absoluut uit sy pad uitgaan om die aand vir jou te maak. Daai romantiese liefde gaan nie oor jouself nie, dit gaan absoluut oor die ander persoon. Die ingesteldheid op daardie persoon om seker te maak dat dit vir daardie persoon romantiese liefde is. Uit die aard van saak sal dit vir jou ook wees."

Respondent 9 maak dit duidelik dat die funksie van romantiese liefde is om op jou maat ingestel te wees wanneer hy later byvoeg : "Dit het baie dieper geword. In die begin was dit die vonk, die passie, maar dit was vinnig verby. Dit was nie die verstaan van wie hou van wat nie, en waaroor gaan dit nie... Waar vandag dit is wat vir my die groot verskil is, is dat jy gaan nie eintlik oor 'n romantiese liefde daad wat enigsins op jou ingestel is nie. Ek dink dit is vir my die groot verskil, is dat ek ingestel is op haar. Waarvan hou sy. As sy die aand as ons in die bed klim en ek mag voel maar ek is vanaand lus om seks te hê en sy is nie. Dan is daar daai verstaan – en dit is vir my lekker. Ek sal baie aande in die bed klim en haar net vashou en met haar lê en gesels. Daai verstaan, dit is wat vir my lekker is." Sy standpunt sluit nou aan by die van Ross (1992:466) se psigoanalise van romantiese liefde wat baie spesifiek oor die aard van seks in 'n romantiese verhouding handel: "A man, in particular, must have the control to delay his orgasm until either a woman reaches her climax in intercourse or he recognizes the need ultimately for other forms of stimulation. Both partners must exercise empathy in reacting erotically to the flush of excitement in the other person without exploiting this as a defensive screen obscuring their own arousal because of the conflict associated with it." Dit wil met ander woorde voorkom dat seksuele plesier 'n gedeelde plesier binne werklike romantiese eenheid is. Minnaars behoort gemaklik genoeg met hul eie liggame te wees om dit heeltemal te ontbloot tydens voorspel en penetrasie, gemaklik te wees in hierdie posisie, mekaar te vertroetel en daarna te gesels.

Dit is vir die navorser belangrik om hier te noem dat die onderhoud nie reflekteer dat mans meer waarskynlik is om seks te sien as 'n uitdrukking van liefde nie. Daar is ook nie 'n pertinente verskil tussen mans en vrouens se idees oor die rol van romantiese liefde nie. Twee van die respondente (een manlik en een vroulik) se mening oor die rol van romantiese liefde reflekteer beide die idee van 'n spesiale gevoel. Die navorser is voorts van mening dat daar groot ooreenstemming of oorvleueling tussen die respondente se diskoerse oor die belangrikheid van romantiese liefde (sien 5.2.4), en hulle diskoerse oor die rol wat romantiese liefde speel (sien 5.2.5), is. Die respondente se sienings oor die belangrikheid van romantiese liefde in 5.2.4 was aanvullend tot hulle sienings oor die rol en funksie van romantiese liefde en andersom.

### 5.2.6 Tema 6: Die verskil tussen romantiese liefde en liefde

Hierdie tema is nie spesifiek voorgehou aan die respondente nie. Indien die respondente dit wel gedurende onderhoude aangeraak het, het die navorser dit verder verken. Al die respondente het dus nie hulle mening gegee nie, en die wat wel 'n opmerking oor die tema gehad het, het wyd uiteenlopende sienings. Dit is ook interessant dat sommige respondente liefde as die omvattende 'emosie' beskryf en dat ander romantiese liefde as meer omvattend beskryf:

Respondent 4 het heftig gesê dat romantiese liefde en liefde beslis nie dieselfde ding is nie: "Romantiese liefde en liefde is nie dieselfde ding nie. Romantiese liefde is daai ekstra bietjie wat jy insit, liefde is iets wat ontstaan tussen twee mense", "Die romans aspek is of voor die tyd of na die tyd of heeltyd daar, maar jy kan nie romans hê, as jy mekaar nie liefhet nie." Hy maak ook 'n onderskeid tussen romantiese liefde en verlief wees: "Romantiese liefde, verlief wees en liefde is drie verskillende goed.", "... in die tydperk voor ons getroud is, was ek verlief gewees, die troudag self was 'n besonderse dag, en daar is oomblikke van verlief wees deur my huwelik, maar dit is nie iets wat elke dag is nie." Hy sê liefde is: "... iemand wat vir jou baie spesiaal is en wat daar is vir jou, op wie jy kan staatmaak, dit is meer as net 'n *buddy*, dit is 'n absolute *companion*, iemand wat net daar is vir jou."

Respondent 3 het weer gesê romantiese liefde en verlief wees is dieselfde: "Ek dink vir my is romantiese liefde en verlief wees dieselfde, maar vir my is dit beslis 'n ding wat verander, want jy raak gewoond aan daai persoon. Dit werk net so. Jy het daai *butterflies* in die begin, maar later gaan dit weg. Daar is oomblikke wat dit seker daar is, maar dit is nie elke keer daar nie." Die skoenlapper-in-die-maag gevoel is ook deur Beverly Fehr as 'n perifere eienskap van liefde genoem. Dit is belangrik gesien in die lig daarvan dat haar navorsing aangedui het dat die sentrale eienskappe (kyk hoofstuk 3) meer betroubare barometers is om te bepaal of liefde in 'n verhouding sal groei. Sy merk ook op: "... daai eerste soen is iets wat jy nooit in jou lewe weer sal hê nie, maar dit water vinnig af, sommer in die eerste maand. Dit is net so en jy kan 50 mense vra, dis dieselfde storie. Dit bly net nie daar nie. Daai spesiale gevoel wat in die begin daar is kwyn weg. Ek sê nie jy is nie meer lief vir daai persoon nie, verliefdgeid gaan oor in liefde. Romantiese liefde is as jy nog daai spesiale goedjies doen en dit verander."; Respondent 8 tref ook onderskeid tussen tussen liefde en romantiese liefde: "Jy kan nie romantiese liefde hê sonder liefde nie. Maar jy kan liefde hê sonder romantiese liefde. Jy kan lief wees vir iemand sonder om moeite te doen ... Ek dink romantiese liefde kan *neglect* word, selfs as mens lief is vir iemand, maar nie andersom nie."

Respondent 10 verwoord haar opinie oor die verskil tussen liefde en romantiese liefde so: "... romantiese liefde is iets wat tussen twee persone is. Ek meen jy kan vir mekaar lief wees, maar romantiese liefde is meer. Dit is die daad by die woord sit, mm in terme van om te wys jy is lief vir daardie persoon, en dis wat jy kommunikeer aan die wêreld ook. Vir my is daar een, daar is net een romantiese liefde. En jy moet vir die wêreld wys, dit is my romantiese liefde. Dit is baie maklik om te sê ek is lief vir jou. Maar jy moet daad by woord sit vir my, in my siening en dan ook die feit .. ja dit is een persoon en jy wys dit en daai *spark* is daar! Dis daai ietsie anderste en daai vlammetjie wat jou aan die gang hou. Daai gevoel in jou maag, daai vlinder in jou maag, daai gevoel."

Respondent 6 wys op die verskil tussen liefde en romantiese liefde deur melding te maak dat baie huwelike ondergaan omdat romantiese liefde ophou en dan merk hy op: "Daar is net liefde, daar is nie romantiese liefde nie. Mense is nog lief vir mekaar, maar dis op 'n distansie. En mm, dit moet romanties wees ... "

Respondent 1 sê: "Verlief wees ... ek kan sê ek is verlief op 'n fliekkarakter, want dis die mooiste ou onder die son en hy maak jou knieë lam, maar dis nie noodwendig die mooiste ou onder die son wat jou knieë lam maak, wat jou lewensmaat is nie. Mens kan vir 'n week lank verlief op iemand wees, maar vir iemand wat jy lief is met romantiese liefde hou dit vir die res van jou lewe, *forever.*" Respondent 2 merk op: "... liefde is 'maak nie saak wat nie', romantiese liefde is presies wat dit sê die romantiese deel daarvan ... die saamwees, die saam dinge doen, die ... jy sien die ding is as jy daai band met iemand het dan weet jy wanneer dit tyd is vir wat." Die navorser se eie seining steun respondente 1 en 2 omdat die navorser glo dat romantiese liefde die geluksalige gevoel van verlief wees en onselfsugtige liefde versoen. 'n Persoon se lewensmaat mag dalk na jare steeds sy maat se knieë lam maak, maar dit maak 'n persoon nie blind vir die aantreklike karakter in die fliek nie. Die navorser meen verder dat om dinge saam te doen gedeelde belangstelling skep, maar dat maats mekaar se ruimte ook moet respekteer.

Die respondente se siening van die verskil tussen romantiese liefde, liefde en verliefdheid reflekteer die een 'faktor' wat telkens voorkom in die verskillende diskoerse: Verskeie, wyd uiteenlopende sienings oor die aard van liefde het oor jare ontwikkel en niemand het nog besonders suksesvol daarin geslaag om liefde te beskryf sodat almal daarmee saamstem nie.

### 5.2.7 Tema 7: Die impak van romantiese liefde op die verhoudings van respondente

Met betrekking tot hierdie tema is die respondente gevra wat hulle oortuiging oor die impak van romantiese liefde op hulle verhoudings is. 'n Verskeidenheid response het aan die lig gekom wat hier onder bespreek word:

Slegs een van die respondente het gesê dat romantiese liefde soms 'n negatiewe invloed op haar huidige verhouding het: "Uit my oogpunt uit is dit partykeer negatief, want ek verwag iets wat ek nie kry van Respondent 4 af nie, en ek skets vir my 'n prentjie van hoe dit moet wees en dan kry ek dit nie, en dan maak dit my morbied en ek dink ek het nie die ideale huwelik nie, want hoekom kan ek nie ook so bederf word nie" (Respondent 3). Haar stelling reflekteer 'n opmerking deur Morrow en O'Sullivan (1998:171) wat so ver gaan om te sê dat veridealisering selfs 'n verhouding kan skade berokken in terme van die negatiewe impak wat onrealistiese verwagtings oor die romantiese ideaal op die individu se romantiese betrokkenheid kan hê: "Individuals often enter relationships imbued with fantasies and unrealistic expectations concerning their partners and their relationships ... This realization often results in disillusionment and dissatisfaction."
Hoewel respondent Respondent 4 dwarsdeur die onderhoud geen erkenning gegee het aan die moontlike impak van die media op sy prentjie van romantiese liefde nie, het hy by die verkenning van die invloed van romantiese liefde die opmerking gemaak: "Ek dink die sosiale lewe, TV, en sepies en goed het 'n wanindruk geskep. Dit het 'n groot invloed in mense se lewe. 'n Mens kyk na sulke goed en dink dit is wat jy graag wil hê. Mens leef dan 'n droom, dit is 'n la-la land, want dit gebeur nie regtig nie. Ek bedoel enige mens het sy *up* en *downs*. Hoe jy voel het 'n groot invloed op mens se lewe. Die dag toe mens mekaar ontmoet het was daar 'n *spark* gewees, maar daai *spark* is nie elke dag daar nie ... Dit is hoe die lewe is, dit is hoekom 'n huwelik iets is wat jy aan moet werk."

"Mens moet tog jou saamwees kan geniet op tye, en ek voel soos ek nou net gesê het daar sal altyd liefde wees, maar die romantiese liefde is maar hoe jy in mekaar se teenwoordigheid optree en hoe jy voel op daardie stadium. Alles gaan oor gevoelens en emosies. So dis definitief 'n groot impak op my lewe" (Respondent 2). Uit respondent 2 se opmerking wil die navorser dit stel dat dit nie die enigste waarheid is om te sê dat vrouens die emosiewerk van 'n verhouding doen, en mans bloot wil seks hê nie. Hierdie tema is ook ondersoek deur Burns (2002:150): "Fictional and factual accounts of intimate heterosexual relationships ubiquitously depict women who want love and men who want sex and have problems 'committing' and giving love."

Respondent 1 het gewys op die totale impak wat romantiese liefde op haar lewe het: "Totaal en al, ek sal nie kan funksioneer sonder dit [romantiese liefde] nie. Die manier wat ek romantiese liefde sien, nê, sal ek nie kan funksioneer sonder nie..."; "Die impak is nogal groot, ons altwee probeer hard, so ja die impak is dat ons beter oor die weg kom en mekaar meer verdra, nie net verdra nie, maar liefdevol verdra.", "... maar omdat ons romantiese liefde het, bring dit warmte, die liefde in die huwelik in" (Respondent 5). Haar siening reflekteer die navorsing in Strong *et al*, (2001:153) wat sê dat sekere positiewe gesindhede en gevoelens mense bymekaar bring en noem die gesindhede en gevoelens wat met liefde geassosieer word:

- Omgee.
- Nodig hê.
- Vertroue.
- Verdraagsaamheid met mekaar se foute.

Respondent 10 se opmerking: "Romantiese liefde hou ons bymekaar. Ongeag van al die ander dinge wat om ons gebeur – dit hou ons bymekaar", sluit ook nou by Strong *et al.* se siening aan. Respondent 9 verwys na die impak van romantiese liefde in terme van sekerheid dat sy maat hom liefhet soos hy is: "En romantiese liefde is die oomblik as jy jouself volkome oorgee aan iemand anders ten spyte van wie en wat jy is – dit is wanneer jy weet daai persoon het jou *absolutely* 100 % lief net soos wat jy is."

Dit is weer vir die navorser interessant om te noem dat respondent 9 se belewenis van romantiese liefde op hom 'n impak maak tot aksie, hom laat moeite doen vir sy maat, maar dat hierdie moeite ook op sigself 'n impak het op romantiese liefde: "Weet jy wat. Ek is baie reguit daaroor, romantiese liefde gaan vir my baie oor hoe jy lyk. Ek is jammer hoe ouer jy word, hoe verder jy kom, veral as jy getroud is ... na 'n paar jaar is daai emosionele passie, daai emosionele vonk wat daar was, soos jy aangaan gaan op en af en op en af. En jy weet ek wil hê as ek in die oggend uit die huis uitstap dan moet Respondent 10 vir my kyk en sê: "*sherbert*, ma' hy lyk nog deksels *sexy*!", en ek wil kyk na haar en dink sy is nog mooier as die dag toe ons ontmoet het. En daarom gesondheid vir my gaan nie net oor ek wil gesond lewe nie. Gesondheid vir my gaan oor ek wil goed lyk. Die klere wat ek koop – ek koop nooit klere sodat ander mense vir my kan sê ek lyk mooi nie, ek koop klere sodat sy vir my moet sê ek lyk mooi daarin. So die sorg van hoe ek as 'n persoon lyk is vir my geweldig belangrik om daai romantiese liefde te voed op die ou end van die dag. Mm, dit is moeilik, ek moet vir jou sê die oomblik as jy begin met kinders is die tye wat jy het vir romantiese liefde raak baie, baie minder, want daar is nie meer daai tyd wat

jy by die huis kom en kan beplan dit is nou 'n romantiese aand nie. Hulle beplan vir jou. Vir my gaan dit dan op die ou end van die dag – jy weet baie mans as dit kom by *foreplay*, *ok* ons moet vinnig hierdeur gaan, en dit is nou net klaar. Ek bedoel ons moet nou daar kom want die kinders mag dalk nou wakker word, of wat ook al. Ek verskil, as die kinders wakker word *so be it*, dan stop ons net daarso en gaan kyk na die kinders en dan begin ons weer voor. En jy weet dit is vir my as ons daar kom dan spandeer ek tyd – regtig – dit is wat vir my deel van die romantiese liefde is, om baie, baie tyd daar in te sit en nie net kom ons doen dit gou, want dit moet nou gedoen word nie."

Die impak wat die respondente op romantiese liefde het was 'n subtema wat na vore gekom het. Met ander woorde die respondente het ook deur keuses wat hulle maak 'n invloed op romantiese liefde. Respondent 3 impliseer dat sy 'n positiewe impak probeer maak op romantiese liefde deur dinge van haar maat wat haar irriteer oor te sien: "Mens probeer verby dit sien wat jy jouself wys: "Mens probeer verby dit sien wat jy jouself wys maak, nie dat dit altyd maklik is nie. Daar is dingetjies wat elke persoon irriteer en om dit oor te sien is nie altyd maklik nie, maar mens kan seker werk daaraan." Respondent 4 sê: "Ek dink mens moenie *assume* nie. Dit is wat die grootste probleem is. 'n Mens sien altyd wat die persoon doen, of hoe hulle optree en lig jou wenkbroue, of jy skud jou kop of iets, en dink jy weet hoekom daai persoon so optree. Dan is dit nie hoe daai persoon dink of voel nie en dadelik is daar wrywing... hoe jy romantiese liefde uitvoer gaan 'n rol speel op die einde van die dag, want as jy dit nie doen soos daai persoon dit gaan ontvang nie, gaan dit nie noodwendig romantiese liefde vir die ander persoon beteken nie, maar ek dink rerig waar dat ons ook romantiese liefde beïnvloed en dit verskil van persoon tot persoon. Die navorser wil hier graag ook wys op die stelling "doen soos daai persoon dit gaan ontvang nie, gaan dit nie noodwendig romantiese liefde vir die ander persoon beteken nie." Die ervaring en uitdrukking van romantiese liefde verskil van persoon tot persoon. Chapman (2003:?) sê: "Mense bewys en ontvang liefde op verskillende maniere. As jy uiting gee aan jou liefde op 'n manier wat jou maat nie verstaan nie, sal hy nie eers agterkom wat jy gedoen het nie. Die probleem is dat julle twee verskillende [liefdes]tale praat."

Respondent 5 se siening van haar impak op romantiese liefde is prakties: "... ek dink jy moet uitkyk vir die tekens wat romantiese liefde vir jou wys. Sê maar romantiese liefde sê Respondent 6 wil meer drukkies hê, en ek doen dit nie – dan sal die romantiese liefde by die deur uitgaan." Respondent 6 sê: "Ek dink dit maak definitief jou lewe baie meer interessant en baie meer om voor te lewe – om meer sprankelend te wees, om meer lewend te wees."

Een van die respondente het het gesê sy beïnvloed romantiese liefde deur dit vir die wêreld te wys: "Maar dit is ook wat ons uitdra na buite toe, dit is wat ons, ons kinders leer, dit is wat ons kinders by ons sien."; "Ek het ook 'n invloed op romantiese liefde, want romantiese liefde is 'n tweerigting ding. So mens kan so tipe van 'n wilsbesluit neem wat romantiese liefde beïnvloed. As ek nou dink aan 'n voorbeeld... mmm...ja partykeer dink ek is romantiese liefde 'n emosionele ding, soos ek gesê het, as Respondent 7 iets nie doen nie, gee hy nie om nie. Dan kan 'n mens 'n besluit neem. Ek weet nie of dit is om jouself te beskerm en of dit regtig is om sterker te wees as die emosionele sy nie. Maar mens kan dit beïnvloed" (Respondent 8).

**Samevattende opmerkings**

Die navorser was verbaas dat daar nie meer en groter verskille tussen mans en vrouens se ervarings, oortuigings en sienings oor romantiese liefde was nie. In hoofstuk 3 is die geslagsdiskoerse bespreek, en die inligting wat van die steekproef af verkry is tydens die kwalitatiewe ontleding van die onderhoude, reflekteer nie sodanige verskille nie. Veral patriargie (manlike dominansie) oor vrouens en kinders het nêrens ter sprake gekom nie. Hoewel die vroulike respondente moontlik 'n bietjie meer hulle diskoerse oor romantiese liefde beskryf as onderlê deur storieboeke, het die mans aan die ander kant hulle diskoerse aangevul met rolprente. Selfs waneer hulle rolprente en TV nie erkenning gee vir hulle prentjie of idee van romantiese liefde nie, maak hulle tog opmerkings soos: "Ek dink wat jy daaruit trek is goed soos om nuwe maniere te probeer of om romanse op 'n nuwe manier te probeer benader – maar dit is nie vir my waar my prentjie se oorsprong vandaan is nie."

Dit was verder opmerklik dat nie een van die respondente gesê het dat romantiese liefde 'n vals romantiese beeld van sy/haar maat geskep het nie, met ander woorde hulle was nie 'intieme vreemdelinge' vir mekaar nie. Die gedagte van 'intieme vreemdelinge' word deur Duncombe en Marsden (1993:223-224) bespreek. Hulle meen dat twee mense mekaar ontmoet as 'intieme vreemdelinge'. Wanneer die vals romantiese beelde van die verliefde stadium afgebreek is, wil dit voorkom asof die getroude maats onversoenbare emosionele doelwitte in die huwelik het: "Most men seek a life in common with their wifes, a home life, a physical and psychological base; somewhere to set out from and return to. In contrast, the wives wanted a common life with an empathetic partner ... a close exchange of intimacy which would make them feel valued as a person and not just as a wife" (Duncombe en Marsden, 1993:224). Daar is verskeie moontlike redes vir die verskynsel van vals romantiese beelde of 'intieme vreemdelinge':

- Die ekonomiese onafhanklikheid van vroulike respondente.
- Die ouderdomsgroep en tydperk van getroude lewe van die respondente.

- Die gebrek aan die verskynsel van patriargie onder die manlike respondente.

Dit was ook vir die navorser interessant dat die invloed van geloofsoortuigings op die respondente se sienings van romantiese liefde nie so sterk was soos wat sy verwag het nie. Die navorser se vermoede dat elkeen van die respondente hulle sienings oor romantiese liefde iewers in die christelike diskoers sou inbed, is nie deur die navorsing bevestig nie.

Laastens, die idee dat vrouens verantwoordelik is vir al die emosionele insette, en mans net ingestel is op die uitdrukking van hulle liefde deur seks, ook nie in die onderhoude gereflekteer nie.

## 5.3 Opsomming

Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om die kwalitatiewe ontleding van onderhoude met die respondente te reflekteer. Die semi-gestruktureerde onderhoude wat met 10 gekose respondente of 5 pare gevoer is, is verbatim neergeskryf, nadat dit opgeneem is.

Die verbatim onderhoude is tematies ondersoek met die doel om subtemas te identifiseer wat respondente se sienings, oortuigings, diskoerse en praktyke oor romantiese liefde reflekteer. Verskille en ooreenstemming met bestaande sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse is aangeraak.

Die volgende hoofstuk is 'n opsomming van die navorsingsbevindings en reflekteer op die bydrae, implikasies en beperkings van die studie. Aanbevelings vir verdere navorsing sal ook gedoen word.

# HOOFSTUK 6

# 6 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

## 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die hoofpunte en bevindings van die studie saamgevat word. Verder wil die navorser evalueer tot watter mate die doelstellings van die studie bereik is. Daar sal ook aandag gegee word aan die moontlike tekortkominge van die studie en aanbevelings vir verdere navorsing sal op grond van die bevindings en beperkings van die studie gemaak word.

## 6.2 Opsomming van die studie

Die hoofdoel van die studie was om plaaslike, nie-wetenskaplike diskoerse oor romantiese liefde binne die Tshwane-gebied te ontdek, te ontgin en te beskryf. Ter ondersteuning van die doelwit is 'n in diepte literatuurstudie oor die verskeie sosiologiese, psigologiese en religieuse diskoerse wat verband hou met romantiese liefde gedoen.

Met behulp van semi-gestruktureerde, kwalitatiewe onderhoude, is 10 gekose respondente uitgevra oor hulle sienings, oortuigings en praktyke rakende romantiese liefde. Om die proses te fasiliteer, is 6 temas geïdentifiseer om die onderhoude te rig. Die onderhoude is opgeneem en verbatim weergegee.

Die verbatim weergawes is gebruik as 'n basis vir die kwalitatiewe ontleding van die respondente se sienings, oortuigings en praktyke rakende romantiese liefde. Die proses is gefasiliteer deurdat die temas wat gebruik is om die onderhoude te rig, ook gebruik is as die basis vir die tematiese, kwalitatiewe ontleding. Die bevindings is ook ondersoek teen die agtergrond van reeds bestaande sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse oor romantiese liefde. Die volgende afdeling som die bevindings op wat gemaak is tydens die kwalitatiewe ontleding. Sodoende word die gestelde doelstellings van die navorsing bereik deur die voorsiening van 'n beskrywende weergawe van plaaslike diskoerse en praktyke oor romantiese liefde.

### 6.3 Opsomming van die navorsingsbevindings

Die afdeling bied 'n opsomming van oortuigings, diskoerse en praktyke oor romantiese liefde wat gedurende die kwalitatiewe onderhoude geïdentifiseer is met betrekking tot elke tema. Waarnemings en gevolgtrekkings met betrekking tot sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse en praktyke is reeds in hoofstuk 5 bespreek en sal nie volledig hier vermeld word nie.

#### 6.3.1 Tema 1: Die definisie van romantiese liefde

Hierdie tema hou verband met die respondente se prentjie, siening of idee van romantiese liefde.

Met betrekking tot die tema was daar verskeie response. Hoewel die meeste respondente maklik oor hulle definisie van romantiese liefde gesels het, was daar sommige wat dit moeilik gevind het om hulle idees in woorde te omskryf.

Die respondente se definisies van romantiese liefde het gewissel vanaf gevoelens tot dade. Dit is ook uitgedruk as 'iets' tussen net twee mense, en een respondent het spesifiek daarop gewys dat dit twee mense van die teenoorgestelde geslag behoort te wees. Aanvaarding vir wie en wat 'n persoon is, was ook 'n belangrike vermelding. Dit was opvallend dat erotiek nie 'n prominente rol gespeel het in die respondente se sienings van romantiese liefde nie. Slegs twee respondente het spesifiek in hulle definisies van romantiese liefde na erotiek verwys. Hoewel beide die respondente mans was, was die konteks waarin dit gesê is, ingebed in emosionele en geestelike intimiteit wat op die maat eerder as die self gefokus het. Die navorsing verskil dus met die van Burns (2002), sowel as Duncombe en Marsden (1993) wat stel dat vrouens meestal ongelukkig is met wat hulle perseptueel uitdruk as mans se onwilligheid of onvermoë om werk te maak van emosionele intimiteit wat vir vrouens baie belangrik skyn te wees in 'n intieme, heteroseksuele verhouding.

#### 6.3.2 Tema 2: Die oorsprong van respondente se idees oor romantiese liefde

Met betrekking tot hierdie tema, is die respondente se oortuigings en idees oor die oorsprong van romantiese liefde ontgin en weergegee.

Die meerderheid respondente het aangedui dat hulle ouerhuise en ander eksterne invloede soos flieks, boeke, tydskrifte en andere wel 'n invloed op hulle sienings of idees van romantiese liefde

gehad het. Vanuit die response het voorbeelde in hulle ouerhuise die grootste invloed op die respondente se sienings van romantiese liefde gehad. Dit wil voorkom of die invloed van die media verminder is deur ouers se reaksie op TV en rolprente. Die invloed van ouers is ook gereflekteer deur Nussbaum (2001) wat meen dat individuele ouers is die eerste, en in baie gevalle die primêre medium van kultuuroordrag: "Individual parents and individual children vary greatly, and parents have at least some latitude to choose what elements of culture will enter the lives of their children" (Nussbaum, 2001:171). Hierdeur wil sy dit waarskynlik duidelik maak dat sosiale konstruksies van emosies oorgedra word deur ouerlike leidrade, aksies en instruksies, lank voordat die groter gemeenskap die kind vorm, hoewel sy erken dat "no parent is an island free from culture" (Nussbaum 2001:173). Nussbaum neem sterk standpunt in dat die sosiale konstruksiediskoers aanneemlik is, sou dit plek maak vir kruis-kulturele intelligensie (beide biologiese en algemene omstandighede maak dit onwaarskynlik dat die emosionele repertoriums van twee gemeenskappe volkome onduidelik of duister vir mekaar sal wees) en individuele vryheid. Dit blyk egter uit Nussbaum se stellings dat volwassenes se emosies - soos romantiese liefde - nie verstaan kan word sonder om hulle geskiedenis as baba en kind te verstaan nie.

Baie van die respondente het erkenning gegee aan die rol van die media in die vorming van hulle idees oor romantiese liefde. Rolprente en films se invloed was groter by beide manlike en vroulike respondente as storieboeke. Vroulike respondente het melding gemaak van die invloed van storieboeke op hulle idees van romantiese liefde, maar nie een van die mans het daarop aanspraak gemaak het. Drie respondente het die media (rolprente, televisie en storieboeke) se uitbeelding van romantiese liefde gekritiseer as vals en gemors. Hulle het met 'n besliste toon gemeld dat die media geen invloed op hulle oortuigings rakende romantiese liefde gehad het nie. Dit is interessant dat twee van hierdie respondente met mekaar getroud is en dieselfde opinie het oor die rol van die media.

Respondent 10, Respondent 5 en Respondent 9 het ook verwys na die rol wat die romantiese verhoudings van ouer broers en susters op hulle eie idees gehad het.

Slegs een respondent het gesê dat haar idees oor romantiese liefde deur haar eie behoefte geskep en gestimuleer is, en twee respondente (getroud met mekaar) maak pertinent melding van die rol wat Christus gespeel het in die prentjie wat hulle gevorm het oor romantiese liefde.

### 6.3.3 Tema 3: Die moontlike verandering van idees oor romantiese liefde

Met betrekking tot hierdie tema is die respondente gevra of romantiese liefde oor tyd verander het, en indien wel, hoe dit verander het. Geen vaste tydperk is aan die respondente voorgehou nie. Die fokus was eerder op hoe romantiese liefde verander het.

Dit was opmerklik dat al die respondente gesê het dat romantiese liefde oor tyd verander het, maar dat die verandering vir sommige meer positief was as vir ander. Vir een van die respondente het romantiese liefde bygedra tot die leer van vertroue in sy maat. Die gee van aandag, uitgedruk in 'n drukkie, 'n soen op die wang, 'n geselsie, het oor tyd al hoe belangriker geword vir respondent 1, Respondent 9 en Respondent 10. Aanvanklik was twee van die respondente se grootste maatstaf van romantiese liefde die tyd wat hulle saam kon spandeer. Vier respondente het gewys op verandering van romantiese liefde in terme van die tyd wat 'n mens binne die huwelik met kinders het om aan romanse te spandeer. Dit was egter interessant dat respondent 9 net soos sy vrou – wat verwys het van die verinniging na romantiese liefde - vermeld het dat romantiese liefde dieper geword het ongeag hulle kinders.

Een van die respondente het gemaan dat 'n mens moet waak daarteen om gewoond te raak aan mekaar. 'n Ander respondent het daarop gewys dat voor sy huwelik die blote saamwees met sy maat romanties op sigself was. Die rooiwyn en sjokolade wat nodig is om romanse in die huwelik te deel, was in hulle uitgaandae bysake.

Die navorsing stel op grond van die kwalitatiewe ontleding van die tema dat die opmerkings deur die respondente dieselfde boodskap oorgedra het, naamlik dat romantiese liefde oor tyd verander. Net een respondent het gesê romantiese liefde verander nie. Hoewel dit gestel kan word dat die rede vir die verandering van die respondente se idees oor romantiese liefde verskillend is.

### 6.3.4 Tema 4: Die belangrikheid van romantiese liefde

In hierdie tema is die belangrikheid of betekenisvolheid wat die respondente aan romantiese liefde koppel, verken. Response het verskil van persoon tot persoon, maar nie een van die respondente het romantiese liefde as onbelangrik beskou nie. Response was wyd uiteenlopend. Een respondent het gesê romantiese liefde is belangrik omdat dit hom leer vertrou het, 'n ander het gemeen romantiese liefde is die gom van die huwelik. Twee ander opinies was dat

romantiese liefde die fondament of *cornerstone* van die huwelik is. Nog 'n mening was dat romantiese liefde betekenisvol is omdat dit die huwelik meer as 'n werkskontrak maak. Dat romantiese liefde die liefdesverhouding tussen 'n man en 'n vrou onderskei van die verhouding wat 'n mens met ander mense het, was ook 'n siening van een van die respondente.

Een van die pare (respondent 9 en respondent 10 se opmerkings) oor romantiese liefde het die navorser bygebly: "Daai romantiese liefde gaan nie oor jouself nie, dit gaan absoluut oor die ander persoon. Die ingesteldheid op daardie persoon om seker te maak dat dit vir daardie persoon romantiese liefde is. Uit die aard van saak sal dit vir jou ook wees". Respondent 10 sê op haar beurt: "Jy moet dit wys vir die persoon, vir my is romantiese liefde in dade. In klein sowel as groot dade" Die twee respondente probeer mekaar nie verander nie, maar het hulle maat lief soos hy/sy is. Hulle is ingestel op mekaar se behoeftes. Dit het die navorser laat dink aan doktor Gary Chapman se boek oor die "Vyf tale van die liefde " (2003). Hierin beweer hy dat elke mens 'n sekere liefdestaal praat. Met ander woorde, mense bewys en ontvang liefde op verskillende maniere. Hy identifiseer die volgende vyf tale:

- Kwaliteit-tyd.
- Opbouende woorde.
- Geskenke.
- Diensbaarheid.
- Fisieke aanraking (Chapman, 2003:37).

Die indruk wat die navorser gekry het tydens die kwalitatiewe onderhoude was dat romantiese liefde vir die twee respondente belangrik genoeg is om rede en emosie te verenig. Hulle liefde het nie net 'gevoel' nie, dit was 'n daad van die wil en hulle het mekaar se behoefte aan persoonlike groei ondersteun. Die navorser is van mening dat hulle verhouding haar so diep raak omdat hulle geleer het om die regte liefdestaal te praat. Respondent 9 en Respondent 10 praat nie net hulle eie liefdestaal nie, maar ook mekaar se liefdestale en dit lei daartoe dat hulle so goed as 'n span saamwerk.

### 6.3.5 Tema 5: Die funksie of rol van romantiese liefde

In hierdie tema is die respondente se sienings of idees oor die rol van romantiese liefde verken en beskryf. Weereens is 'n verskeidenheid response ontgin:

Een van die funksies van romantiese liefde is gemeld as om die samesyn met jou maat te kan geniet. Die rol van romantiese liefde is om die 'vlam', die 'chemie' tussen twee mense lewendig

te hou, was 'n ander siening. Die funksie van romantiese liefde is ook beskryf as die inspirasie van dade, die bymekaar hou van twee mense in 'n huwelik, en ook as die fondament van die huwelik. Twee respondente het indirek die funksie van romantiese liefde beskryf as 'om my te laat spesiaal voel'. Een van die respondente het genoem dat omdat romantiese liefde hom gehelp het om iemand te kan vertrou, hy ook nie meer 'n probleem het met jaloesie in sy lewe nie. Respondent 10 het ook daarop gewys dat romantiese liefde vir haar 'n rol het ten opsigte van sekerheid: "Ongeag van al die ander dinge wat om ons gebeur – dit hou ons bymekaar!"

Nie een van die respondente het die rol van romantiese liefde in hulle verhouding ontken nie. Die navorser was verbaas oor die reaksie van die respondente rakende die funksie van romantiese liefde. Eerstens het die navorser verwag dat meer respondente romantiese liefde sou gelykstel of iets soortgelyks sou maak as 'verliefdheid'. As gevolg van hierdie voorafopgestelde verwagting het die navorser verwag dat die respondente romantiese liefde se funksie sou omskryf as 'dat dit alleenheid sou beïndig', of 'dit laat mens *on top of the world* voel', of iets dergliks. Maar strydig hiermee het 'n meerderheid van die respondente juis op die saambindende effek van romantiese liefde gewys. Romantiese liefde het huwelike 'gegom', ongeag omstandighede. Romantiese liefde het moeite en dissipline ten opsigte van die huwelik die moeitewerd gemaak vir die die respondente. Die navorser interpreteer die respondente se insette as 'n bereidwilligheid om die harde werk aan te pak om te leer om mekaar lief te hê sonder die aanvanklike 'obsessie' van 'verlief wees'.

### 6.3.6 Tema 6: Die verskil tussen romantiese liefde en liefde

Hierdie tema is nie spesifiek voorgehou aan die respondente nie. Indien die respondente dit wel gedurende onderhoude aangeraak het, het die navorser dit verder verken. Al die respondente het dus nie hulle mening gegee nie, en die wat wel 'n opmerking oor die tema gehad het, het wyduiteenlopende sienings. Dit is ook interessant dat sommige respondente **liefde** as die omvattende 'emosie' beskryf en dat ander **romantiese liefde** as meer omvattend beskryf. Die respondente se siening oor die verskil tussen romantiese liefde, liefde en verliefdheid reflekteer die een 'faktor' wat telkens voorkom in die sosiale, psigologiese en religieuse diskoerse: Verskeie, wyduiteenlopende sienings oor die aard van liefde het oor jare ontwikkel en niemand het nog besonder suksesvol daarin geslaag om liefde te beskryf sodat almal daarmee saamstem nie.

### 6.3.7 Tema 7: Die impak van romantiese liefde op die verhoudings van respondente

Met betrekking tot hierdie tema is aan die respondente gevra wat hulle oortuiging is oor die impak van romantiese liefde op hulle verhoudings. 'n Verskeidenheid response het aan die lig gekom.

Slegs een van die respondente het gesê dat romantiese liefde soms 'n negatiewe invloed op haar huidige verhouding het omdat dit by haar verwagtings skep wat moontlik ook teleurstelling tot gevolg kan hê as haar maat nie hieraan voldoen nie.

Drie van die respondente het die impak van romantiese liefde as groot beskryf: Respondent 1 het gewys op die totale impak wat romantiese liefde op haar lewe het: "Totaal en al, ek sal nie kan funksioneer sonder dit [romantiese liefde] nie. Die manier wat ek romantiese liefde sien, nê, sal ek nie kan funksioneer sonder nie..." Respondent Respondent 5 het genoem dat die gevolg van die impak van romantiese liefde op haar verhouding is dat sy en haar maat beter oor die weg kom en mekaar liefdevol verdra. Romantiese liefde bring warmte in die huwelik in, volgens haar. Respondent 10 glo dat romantiese liefde hou haar en haar maat bymekaar, ongeag van al die ander dinge wat om hulle gebeur.

Die impak van romantiese liefde is ook beskryf as harde werk aan die huwelik en dat dit 'n mens in staat stel om mekaar te kan geniet, om dinge saam te doen en te geniet en om liefdevol in mekaar se teenwoordigheid op te tree.

Subtema wat na vore gekom het, is dat romantiese liefde nie net 'n effek het op die respondente nie, maar dat hulle ook deur hulle optrede en gesindhede 'n impak op romantiese liefde het.

Die navorser is van mening dat die postmoderne siening van romantiese liefde 'n verhouding tussen twee mense impliseer, wat uitgedruk en verstaan word deur die taal wat hulle daaroor praat. Averill (1985:91) voeg hierby dat: "Love refers to the principle(s) by which people organize their relationships with one another." Die navorser glo verder dat die sosiale konstruk romantiese liefde binne verskillende kulture vele fasette het, maar dat dit 'n aanduiding behoort te gee van 'n gewilligheid en 'n begeerte om met jou maat in 'n verhouding te wees wat sekere verpligtinge gaan meebring, maar ook die vreugdes en voorregte van so 'n verhouding.

### 6.3.8 Algemene opmerkings

Die gesprekke met die respondente was vir die navorser 'n verrykende ervaring en het haar eie ideaal oor romantiese liefde ook aangevul. Tog, hoewel verrykend, kan die navorser nie ontken nie dat sommige van die manlike respondente baie moeilik gepraat het oor hulle idees en ervaring van romantiese liefde. Die navorser wonder of dit nie moontlik 'n refleksie is van sommige mans se onvermoë om hulself te kan onthul nie. Die navorser wys pertinent dat hier geen veralgemening ter sprake is nie. Mans se onvermoë of onwilligheid om hulself te onthul, was prominent in die bespreking van geslagdiskoerse. Duncombe en Marsden (1993:229) stel dit baie sterk: [O]ur account mirrors the phenomena of male non-disclosure and gender asymmetry in emotional behaviour."

Die vraag kan ook gevra word of dit moontlik die invloed van diepgewortelde patriargie is wat dit vir hulle moeilik gemaak het om oor die onderwerp te gesels. Seidler (1985:158) skryf hieroor: "In order to maintain control, men repress and compartmentalise emotion to such an extent that they have no way of identifying, nor even a language for discussing, their own needs and their expectation of women's emotional support."

Die navorser is egter van mening dat mense onbewus van al die kontekstuele invloede op hulle eie idees is. Mense neig om te vergeet dat hierdie opinies, menings en sienings iewers ingebed is. Die navorser self is eers na die voltooiing van hierdie studie meer bewus van die rol en invloed van konteks, kultuur en taal op sosiale konstruksies soos romantiese liefde.

## 6.4 Moontlike leemtes van hierdie navorsing

Die navorser is van mening dat die uniekheid van hierdie studie juis daarin geleë is dat daar nie gepoog is om iets te bewys nie. Die navorser het ook nie probeer om enige waarhede te ontdek of bevestig nie. Die navorser wil ook graag meld dat die voorstelle en waarnemings wat in die studie aangebied word sekerlik 'n mate van veralgemening sal insluit, maar dat die studie ook nie daarop roem dat die waarnemings algemeen geldend is nie. Die gevolgtrekkings en voorbeelde wat aangebied is, is beskrywend van die situasie wat bestaan tussen die respondentegroep, en mag moontlik toestande suggereer wat in die algemene Tshwane-gebied, binne die Afrikaner Christen konteks, bestaan. Dalk verder as die streek in een geval of 'n ander.

Emosies (sosiale konstrukte) soos romantiese liefde neig om ervaar te word as 'n unieke, persoonlike ervaring of gebeurtenis, en selfs met die toestemming en welwillendheid van die

respondente om hulle sienings met die navorser te deel, mag vrae daaroor moontlik inbreuk maak op respondente se persoonlike vryheid en sodoende bydra tot 'onvolledigheid' van die response.

Omdat kennis en begrip binne die konteks van taal geskep word, en omdat hierdie proses in die sosiale domein gesetel is, kan kennis nie 'n objektiewe weerspieëling van die realiteit wees nie. Daarom kan die mens nooit in 'n posisie wees waar hy aanspraak maak op 'n allesomvattende enkelwaarheid nie – ook nie oor die veelheid van romantiese liefde nie.

'n Verdere aspek wat moontlik as 'n leemte beskou kan word, is die feit dat die navorsing slegs op 10 respondente gefokus het. Die respondente was almal blank, tussen 25 en 40 jaar oud en almal lidmate van die drie Susterskerke. Verskillende diskoerse en sienings oor romantiese liefde sou waarskynlik na vore gekom het as die respondente van 'n ander kultuur, kerkdenominasie, seksuele voorkeur of ouderdom was. Die fase van die verhouding sou moontlik ook ander diskoerse gereflekteer het. Jong verliefde studente, of pare wat pas deur 'n egskeiding, of midde 'n egskeiding, of pas getroud is, sou verskillend kon wees van die kwalitatiewe bevindings van die navorsing.

Dit is die navorser se mening dat die grootste tekortkoming van hierdie studie gebrekkige taal is, om uit te druk wat ons dink, droom en glo. Die onvermoë om 'n mens self uit te druk in taal en die onbewustheid van gekonstrueerde betekenis, skep die geleentheid vir nog vele ondersoeke na die sosiale konstruk 'romantiese liefde'.

### 6.5 Moontlikhede vir toekomstige navorsing

Dit kan baie waardevol wees binne die sosiologie as daar in toekomstige studies lig gewerp kan word op temas soos:

- Is mans en vrouens ewe vatbaar vir die emosies of diskoerse van liefde en intimiteit wat deur die media en veral storieboeke aangebied word?
- Die invloed van ekonomiese bemagtiging / nie-bemagtiging op mense se diskoerse van romantiese liefde. Al die respondente in die studie was ekonomies aktief en bemagtig.
- Hoe verskil pare wat saambly, geskei is, of besig is om te skei se diskoerse oor romantiese liefde van dié vermeld in die studie?

- Daar kan moontlik ook in toekomstige studies met homoseksuele pare gesprek gevoer word, sowel as pare van ander kulture, kleur, ouderom en religieuse oortuiging.
- 'n Belangrike tema binne die sosiologiese en psigologiese diskoers was die veridealisering van die geliefde. Die prosesse wat hiervoor verantwoordelik is, is nie duidelik nie. Schaik (1982:29) skryf: "In the tradition of courtly love, the beloved is perceived to possess a host of virtues which bestow upon her an ideal status. It is precisely the ideality of the beloved that captures the imagination of the lover and to which his love is directed." Die was vir die navorser interessant dat geen van die kwalitatiewe onderhoude die veridealisering van die maat gereflekteer het nie. Terselfdertyd is dit nodig om te noem dat die respondente reeds 'n geruime tyd getroud, en tussen 25 en 40 jaar oud is. Hulle is opmerklik nog bymekaar ten spyte van die 'onttroning' van die ideaal. Toekomstige navorsing kan moontlik met nuutgetroude, of pare in die uitgaanfase van 'n verhouding gedoen word, om vas te stel of die kwalitatiewe gesprekke die veridealisering van die geliefde meer reflekteer.

### 6.6 Moontlike bydraes van die studie

Binne die beradingskonteks mag die studie moontlik 'n bydrae maak vir beraders/sielkundiges as hulle ag slaan daarop dat mense hulleself dikwels in sekere posisies binne samelewingsdiskoerse bevind wat hulle nie noodwendig as nuttig of bemagtigend beleef nie. Probleme van sommige pare het waarskynlik hulle ontstaan te wyte aan samelewingsdiskoerse daaroor. Hier is die stelling van Burns (2002:153) waardevol vir die beradingskonteks: "A very different way of approaching love, emotion and gender is to conceptualize them as gaining their meaning from the narratives within which they are evoked. When [love] is taken not as an attribute but as a system of meanings, we can deconstruct those meanings in order to understand how differences are created, and question the potential consequences of accepting these differences as factual." Hierdie mening lê weereens klem daarop dat die meeste van ons idees en aannames oor romantiese liefde sosiale konstruksies is, eerder as refleksies van enige absolute waarhede.

Dit is egter nodig om ondersoek in te stel na die maniere en prosesse waardeur hierdie stelle gekonstrueerde betekenis en voorskrifte aan die individu voorgehou word, omdat mense se vermoë om 'n emosie soos liefde te ervaar, soos alle ander menslike ervarings, deur taal en kultuur bemiddel word. Jackson (1993:209) sê: "It is also deeply embedded in our subjectivities and must in some way be formed in and through the processes by which our subjectivities are socially constituted." Die bydrae van hierdie studie ten opsigte van die beradingskonteks is om lig te werp – binne 'n sekere steekproefpopulasie – op die maniere en prosesse waardeur mense

hulle diskoerse oor romantiese liefde vorm, en ook om lig te werp op die 'realiteit' van plaaslike diskoers en die betekenis wat hierdie sienings vir die algemene man op straat het.

Andersins dra hierdie studie by tot die teorie en navorsing binne die sosiologie oor die onderwerp van romantiese liefde, deur te trek uit die navorser se eie ondersoek oor die sosiale konstruk romantiese liefde tussen heteroseksuele pare. Daardeur word vrae gevra oor, en lig gewerp op die vorming en belewing van plaaslike diskoerse oor romantiese liefde deur die respondente.

## Bibliografie

ANDERSON, H.D. 1991a. A colloborative language system approach. (Papers given at the Narrative and Psychotheraph Conference held in Houston, Texas.)

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H.A. 1988. Human systems as linguistic systems : preliminary and evolving ideas about the implication for clinical theory. *Family Process*, 28(4): 371-393.

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H. 1992. The client is the expert: A not-knowing approach to therapy. (*In* McNamee, S & Gergen, K.J., *eds*. Therapy as social construction. London : Sage Publications. p. 25-39.)

ANDERSON, H. 1997. Conversation, lanuage and possibilities: a postmodern approach to therapy. New York : Basic Books.

ANON. 1998. The precious gift of love. Potchefstroom : Instituut vir reformatoriese studie. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F1, IRS-studiestukke : no. 366.)

AVERILL, J. 1985. The social construction of emotion: with special reference to love. (*In* Gergen, K.J. & Davis, K., *eds*. The social contruction of the person. New York : Springer-Verlag. p. 89-101.)

AVERILL, J.R. & BOOTHROYD, P. 1977. On falling in love in conformance with the romantic ideal. *Motivation and emotion*, 1:235-247.

BURNS, A. 2002. Women in love and men at work. *Psychology, Evolution & Gender*, 4(2):149-172, Aug.

CHAPMAN, G. 2003. Vyf tale van die liefde. Vereeniging : CUM.

CRESWELL, J.W. 1994. Research design: Qualitative and Quantitative approaches. Thousand Oaks : SAGE Publications.

DE BRUYN, P.J. 1998. Die oorbeklemtoning van seks in die samelewing. Potchefstroom : Instituut vir reformatoriese studie. (Wetenskaplike bydrae van die PU vir CHO, Reeks F1, IRS-studiestuk no 367.)

DELANEY, N. 1996. Romantic love and loving commitment: Articulating a modern ideal. *American philosophical quarterly*, 13(4):339-356, Oct.

DOAN, R.E. 1997. Narrative therapy, postmodernism, social constructionism and constructivism: discussion and distinctions. *Transactional analysis journal*, 27(2):128-133.

DUNCOMBE, J. & MARSDEN, D. 1993. Love and intimacy. *Sociology*, 27(2):221-241.

DUNCOMBE, J. & MARSDEN, D. 1995. Can men love? (*In* Pearce, *et al.*, *ed.* Romance revisited. London : Lawrence & Wishart.)

EPSTON, D. 1998. Catching up with David Epston: A collection of narrative practice based papers. Adelaide : Dulwich Centre Publication.

EVANS, M. 2004. A critical lense on romantic love: A response to Bernadette Bawin Legros. *Current sociology*, 52(2):259.

FISHER, H. 1996. The origin of romantic love and human family life. *National Forum*, 76(1).

FOUCHE, C.B. & DE VOS, A.S. 2001. Problem formulation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots: A primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik.)

FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996. Narrative therapy : The social construction of preferred realities. New York : Norton.

FREUD, S. 1977. Three essays on the theory of sexuality. (*In* Richards, A. *ed.* On sexuality. Harmondsworth : Penguin.)

GERGEN, K.J. 1994. Realities and relationships : soundings in social construction. London : Harvard University Press.

GIBSON, K. & LATHROP, D. 1990. Individuation in marriage. (*In* Brother, B.J., *ed.* Couples and coupling. New York : Haworth Press.)

GIDDENS, A. 1993. The tranformation of intimacy: Love, sexuality and eroticism in modern societys. Oxford : Polity.

GRAY, J. 1992. Men are from Mars, women are from Venus. New York : Thorsons.

GROBLER, H.D. 1991. Uitkomsnavorsing en gesinsterapie: vrae en vooruitsigte. Pretoria : UNISA. (Verhandeling – M.A.)

HARE-MUSTIN, R. 1994. Discourses in the mirrored room. *Family process,* 33:19-35.

HATFIELD, E. & RAPSON, R.L. 1996. Love and sex: cross cultural perspectives. Toronto : Allyn & Bacon.

HATFIELD, E. & WALSTER, G.W. 1978. A new look at love. New York : University Press of America.

HENDRICK, C. & HENDRICK, S. 1986. A theory and method of love. *Journal of personality and social psychology.* 50:392-402.

HENDRICK, C & HENDRICK, S. 2002. Linking romantic love with sex. *Journal of social and personal relationships*, 19(3):361-378.

HOFFMAN, L. 1990. Constructing realities: an art of lenses. *Family process*, 29(1):1-12, March.JACKSON, S. 1993. Even sociologist fall in love. *Sociology,* 27(2):201-220, May.

JANKOWIAK, W.R. & FISCHER, E.F. 1992. A cross cultural perspective on romantic love. *Ethnology*, 31(2)

KVALE, S. 1997. From the archaeology of the psyche to the architecture of cultural landscapes. (*In* Kvale, S., *ed.* Psychology and postmodernism. London : Sage Publications.)

LA HAYE, T. & LA HAYE, B. 1995. Die huweliksdaad. Vereeniging : CUM.

LANTZ, H.R. 2001. Romantic love in pre-modern period. *Journal of social history,* 349-370.

LAQUERCIA, T. 2001. Is love necessary? *Modern psychoanalysis,* 26(1):37-53.

LAUBSCHER, J.A. 2001. A deconstruction of discourses on love and marriage. Pretoria : UNISA. (Verhandeling – M.A.)

LEE, J.A. 1998. Ideologies of lovestyle and sexstyle. (*In* De Munck, V.C., *ed.* Romantic love and sexual behavior. Westport : Preager. p. 33-76.)

LEGARD, R., KEEGAN, J. & WARD, K. 2003. In-depth interviews. (*In* Ritchie, J. & Lewis, J., *eds.* Qualitative research practice: a guide for social science students and researchers. London : Sage Publications.)

LEWIS, C.S. 1963. The four loves. London : Fontana.

MANSFIELD, P. & COLLARD, J. 1988. The beginning of the rest of your life. London : Macmillan.

MARSHALL, C. & ROSSMAN, G.B. 1989. Designing qualitative research. London : Sage Publications.

McLEOD, J. 1997. Narrative and psychotherapy. London : SAGE publications.

MERINO, N. 2004. The problem with "we": Rethinking joint identity in romantic love. *Journal of social philosophy,* 35(1):123-130.

MOSCHETTA, P. & MOSCHETTA, E. 1990. A caring frameword for enhancing couples therapy. (*In* Brother, B.J., *ed.* Couples and coupling. New York : Haworth Press.)

MOL, A. 2001. Kom ons wen saam. Kaapstad : Tafelberg.

MONK, J., WINSLADE, J., CROCKET, K. & EPSTON, D. 1997. Narrative therapy in practice. San Francisco : Josey Bass.

MORGAN, A. 2000. What is narrative therapy? Adelaide : Dulwich Centre Publication.

MORROW, G.D. & O'SULLIVAN, C. 1998. Romantic ideals as comparison levels: Implications for sastisfaction and commitment in romantic involvement. (*In* De Munck, V.C., ed. Romantic love and sexual behavior. Westport : Preager. p. 174-199.)

MOSTERT, J.J.C. 2001. Drank: 'n storie van verslawing, 'n narratiewe fokus binne 'n sosiologiese konteks. Vanderbijlpark: PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

NELL, H.W. 2000. The application of a narrative perspective to death related councelling. Vanderbijlpark : PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

NELL, H.W. 2005. A postmodern, sociological exploration of dream related discourses and practices. Vanderbijlpark : Northwest University. (Thesis - Ph.D.)

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Boston : Allyn & Bacon.

NICOL, A. 1996. Musiek as deel van 'n ko-terapeutiese proses. Pretoria : Unisa. (Skripie – M.A.)

NIEHAUS, E. 2001. Narratives of relationships / marriages. Pretoria : Unisa. (Skripsie – M.A.)

NUSSBAUM, M. 1992. Upheavals of thought : the intelligence of emotions. Cambridge : Cambridge University Press.

NYGREN, A. 1957. Agape and Eros. London : S.P.C.K.

PARSON, T. 1951. The social system. New York : Free Press.

PAUW, A. 1997. Die benutting van die enkelgevalstudiemetode in Suid-Afrika. Bloemfontein : UOVS. (Skripsie – M.A. Kliniese Sielkunde.)

RITCHIE, J., LEWIS, J. & ELAM, G. 2003. Designing and selecting samples. (*In* Ritchie, J. & Lewis, J., *eds*. Qualitative research practice: a guide for social science students and researchers. London : Sage Publications.)

ROSS, J.M. 1992. A psychoanalytic essay on romantic, erotic love. (*In* Shapiro, T & Emde, R., *eds*. Affect: Psychoanalytic perspective. Madison : International Press.)

POTGIETER, R. 2000. Beraad met kinders: 'n Narratiewe ondersoek binne die sosiologie. Vanderbijlpark : PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

REGAN, P. 1998. Romantic love and sexual desire. (*In* De Munck, V.C., *ed.* Romantic love and sexual behavior. Westport : Preager. p. 33-76.)

REGAN, P.C. *et al.* 1998. Aint love grand! A prototype analysis of the concept of romantic love. *Journal of social and personal relationships,* 15(3):411.

RETIEF, F. 1998. Divorce: hope for the hurting. Ross-shire : Christian Focus. 323 p.

ROSALDO, M. 1984. Towards and anthropology of self and feeling (*In* Shweder, R.A. & LeVine, R.A., *eds.* Culture theory. Cambride : Cambridge University Press.)

SCHAIK, J.L. Van. 1982. The concept of love : a philosophical analysis. (UNISA – M.A.)

SCHURINK, E.M. 1988. The methodology of unstructured interviewing. (*In* Ferreira, M., Mouton, J., Puth, G. & Schurink, E., *eds*. Introduction to qualitative research methods. Pretoria : HSRC.)

SCHURINK, E.M. 2001. Deciding to use a qualitative research approach. (*In* De Vos, A.S., *ed*. Research at grass roots: A primer for the caring professions. Pretoria : Van Schaik.)

SEIDLER, V.J. 1985. Fear and intimacy. (*In* Metcalf, A & Humphries, M., *eds*. The sexuality of men. London : Pluto.)

SINFIELD, A. 1992. Faultlines. Oxford : Clarendon Press.

SPANIER, G.B. 1972. Romanticism and marital adjustment. *Journal of marriage and the family*, 34:481-487.

SPECTOR, E. 1992. Romantic love: at the intersection of the psyche and the cultural unconscious. (*In* Shapiro, T & Emde, R., *ed*. Affect: Psychoanalytic perspective. Madison : International press.)

STRONG, B., DEVAULT, C., SAYAD, B.W. & COHEN, T. 2001. The marriage and family experience. Belmont : Wadsworth.

SWANEPOEL, H.J. 2002. 'n Kritiese evaluering van White en Epston se narratiewe hantering van die sosiale konstruk "afwykende gedrag". Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.)

VAN HEERDEN, P.R. 1999. Die navorsingsproses. (Lesings gelewer op 2 Oktober 1999 as deel van die kursus Magister in huweliks en gesinsberaad. PU vir CHO.) Vanderbijlpark. (Ongepubliseer.)

VAN HEERDEN, P.R. 2003. Klasaantekeninge : lesings gelewer as deel van die kursus Magister in huweliks en gesinsberaad. PU vir CHO.) Vanderbijlpark. (Ongepubliseer)

VAN GRAAN, L. 2002. Die lewe na seksuele molestering. Vanderbijlpark : PU vir CHO. (Skripsie – M.A.)

VAN NIEKERK, R.L. 1999. The double bind between individual and social constructions in female survivors of sexual abuse: a qualitative study. Johannesburg : RAU. (Skripsie – Opvoedkundige sielkunde.)

WALLER, N.G. & SHAVER, P.R. 1994. The importance of nongenetic influences on romantic love styles. *American psychological society*, 5(5):268-274, Sep.

WETHERELL, M. 1995. Romantic discourse and feminist analysis: Interrogating investment, power and desire. *Feminism and discourse*, 128-144.

WHITE, M. 1991. Deconstruction & therapy. *Dulwich Centre Newsletter*, 3:21-40.

WHITE, M. 1995. The narrative perspective in therapy : re-authoring lives. Adelaide : Dulwich Centre Publications.

WHITE, M & EPSTON, D. 1990. Narrative means to therapeutic ends. New York : Norton.

# Bylaag

## Bylaag: Onderhoude met respondente

### Repondent 1

Respondent 2 en respondent 1 is onderskeidelik 29 jaar en 27 jaar oud. Hulle het amper agt jaar uitgegaan en is twee jaar getroud. Hulle kerkverband is Nederduits-Gereformeerd en hulle het nie kinders nie.

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 1, wat is jou definisie van romantiese liefde? Hoe sien jy romantiese liefde |
| Respondent 1 | Ek sal dit vir jou definieer in terme van wat romantiese liefde vir my tussen twee mense beteken. Twee mense wat vir mekaar rerig innig lief is, en wat rerigwaar … dit gaan oor wat mens elke dag doen, dit gaan nie net oor wat in die bed gebeur in die aande nie. Dit gaan oor hoe mens mekaar elke dag hanteer. Romantiese liefde vir is die manier hoe Respondent 2 as hy in die aand by die huis kom vir my hallo sê, daai klein bietjie liefde wat ek dan kry as hy by die huis kom is ook romantiese liefde vir my. Dis baie groot eintlik, dis nie net een konsep nie. |
| | |
| Navorser | As jy sê dis baie groot dis nie net een konsep nie, wil jy graag uitbrei op die gedagte? |
| Respondent 1 | Kyk ek … daar is baie dinge wat bydrae daartoe. Dit is goed wat mens vir mekaar doen. om die ander een beter te laat voel en goed te laat voel. Dit is vir my romantiese liefde. As jy my net vashou in die dag, of in die aand 'n drukkie gee, of net vashou as ons gaan slaap, en vir my sê ek is lief vir jou – dis vir my romantiese liefde. Dis net as hy in die aand langs my by die wasbak staan en skottelgoed was en net sê dankie vir alles, of dankie vir die kos, dit is vir my ook romantiese liefde want op die ou einde van die dag dink ek dis alles klein liefdetjies wat op een punt saamkom. |
| | |
| Navorser | Is romantiese liefde vir jou dingetjies wat Respondent 2 doen, want ek hoor jy praat van langs jou staan, jou vashou, jou 'n drukkie gee? |
| Respondent 1 | Dit is vir my belangrik, maar romantiese liefde is ook hoe hy oor my voel en die dinge wat hy met my deel. Romantiese liefde is 'n klein woordjie om baie te beskryf. |

| | |
|---|---|
| Navorser | Jy het vir my vertel wat is romantiese liefde, wil jy bietjie met my deel wat romantiese liefde nie is nie? |
| Respondent 1 | Enige liefde tussen 'n man en 'n vrou wat vir mekaar omgee, kan omgesit word in romantiese liefde, maar jy kan ook lief wees vir jou suster, dit is nie romantiese liefde nie. Jy verstaan my reg? My sussie sal ook vir my sê dankie vir die kos, maar dit is nie dieselfde as wanneer Respondent 2 vir my sê dankie vir die kos nie. |
| | |
| Navorser | Is romantiese liefde vir net 'n verskynsel tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag? |
| Respondent 1 | Ja, as hulle vir mekaar innig lief is. |
| | |
| Navorser | Respondent 1 ek speel net so bietjie duiwelsadvokaat. Kan twee mense van dieselfde geslag mekaar ook innig liefhê? |
| Respondent 1 | Well, ek meen as hulle op 'n manier besluit dit is vir hulle romantiese liefde, dan is dit so. Ek kan nie sê wat is vir hulle romantiese liefde en wat nie. Hulle ervaar dalk dieselfde liefde as wat ek en Respondent 2 tussen mekaar ervaar. (Sy lag) Ek was nog nooit in daai situasie nie. |
| | |
| Navorser | Hoekom sien jy romantiese liefde soos jy dit sien? |
| Respondent 1 | Want romantiese liefde is iets wat tussen twee mense gebeur wat vir mekaar lief is, en romanse tussen mekaar het. Ek meen dis soos wat ek vir jou gesê het. Ek kan nie romantiese liefde met my Ma hê nie, want ek het nie daai romantiese gevoel teenoor my Ma nie. Romantiese liefde dink ek is as jy vir iemand lief is en jy wil jou romantiese met daar persoon deel is dit die tipe liefde wat jy oordra om met daai persoon te deel. |
| | |
| Navorser | Beskryf vir my die romantiese gevoel waarvan jy praat. |
| Respondent 1 | Weet jy Navorser as jy na 10 jaar wat jy getroud is, jou man nog steeds iets kan doen wat jou maag *butterflies* maak, en jy nog steeds kan voel 'yes, ek weet hoekom is ek lief vir hierdie man', buiten vir die sekuriteit wat hy vir jou gee en daai tipe goed, dis klein goedjies wat hy doen wat |

| | |
|---|---|
| | jou laat voel: 'ek weet hy's nog lief vir my.' |
| | |
| Navorser | Veronderstel romantiese liefde is 'n persoon of iets buite jou wat op daardie stoel sit terwyl ek en jy gesels en jy moet dit 'n naam gee, wat sou jy dit noem? |
| Respondent 1 | mm, dis moeilik... in my situasie sou ek sê: sagkens spesiaal. |
| | |
| Navorser | Waar het jy die eerste keer 'n idee gekry oor romantiese liefde? Waar het jy romantiese liefde die eerste keer ontmoet? |
| Respondent 1 | *Ok*, goeie voorbeeld, ek was op skool gewees en het 'n klomp *boyfriends* en goed gehad, maar weet jy waar het ek die eerste keer rerig besef wat so iets is ... ons was in matriek gewees op 'n leerlingraadkamp, nê, en die Sondag het ons ouers saam met ons na die kamp toe gekom en saam met ons geëet en een van die meisies het na my toe gekom, nê, toe staan my Ma en Pa daar, toe hou hulle hande vas, die hele tyd. Toe sê sy vir my sy kan nie glo twee mense is solank getroue en hulle wys nog so openlik liefde vir mekaar dat hulle die hele dag sal staan en hande vashou in die publiek nie. Dis wat ek gesien het wat ek besef het – *check*! |
| | |
| Navorser | Jou ouers was dit vir jou 'n pragtige voorbeeld van romantiese liefde, wil jy vir my uitbrei oor jy romantiese liefde in die huis ervaar het? |
| Respondent 1 | Jy moet my nie verkeerd verstaan nie. My Pa is glad nie 'n romantiese mens in die aspek van kom met 'n bos blomme by die huis of so iets nie. Maar net die manier van hoe hulle teen mekaar optree. Ek meen Respondent 2 is ook nie 'n man wat elke dag met 'n bos blomme voor die huis stop nie, maar op sy eie manier is hy op ander maniere baie romantiese. Ek meen dit hang af wat jy as romantiese liefde sien, wat vir jou romanties gaan wees en wat nie. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my van oomblikke wat vir jou baie romanties was saam met Respondent 2? |
| Respondent 1 | Mm, my heel eerste verjaarsdag saam met Respondent 2, het hy my die hele nag tot 12 uur toe laat wakker bly. En 12 uur het Respondent 2, van wie ek dit nooit verwag het nie, my persent met tjoklits en 'n bottel |

| | |
|---|---|
| | shampanje in die kas gesit. Hy die bottel shampanje oopgemaak en vir my gesê geluk met my verjaarsdag. En bygesê toe het ons mekaar 3 maande geken en daai aand met my verjaarsdag was dit die eerste keer wat hy my gesoen het.<br>Dis sulke persoonlike, innige goed, wat rerigwaar spesiaal is en wat altyd by jou bly. |
| | |
| Navorser | En terwyl jy grootgeword het, van wie dink jy het jy die meeste geleer oor romantiese liefde? |
| Respondent 1 | By my Ma. Nie omdat ek dink sy is 'n vreeslike romantiese mens nie, maar dit gaan oor die manier hoe sy jou grootmaak. Ek meen ek kyk na die manier hoe sy ook altyd vir my boetie gesê het: As jy 'n meisie het, koop jy vir haar blomme as sy verjaar,jy is *nice* met haar. Sulke tipe goed. Sy sal jou altyd gehelp het, of geluister het as jy iets nie geweet het nie. En klein goedjies wat sy sal doen ook vir my Pa. |
| | |
| Navorser | Noem vir my so paar van die goedjies wat sy vir jou Pa gedoen het. |
| Respondent 1 | Alles. (ek lag) Dis nie net wat sy vir hom doen nie. Dis wat hulle vir mekaar doen. Sy sal staan en kos maak deur die dag en dan sal hy in die kombuis kom en vir haar 'n soen gee en sê ek is lief vir jou, dankie vir die kos. Dan sal hy bietjie by haar staan terwyl sy die kos maak. |
| | |
| Navorser | Het jy as gedink – o, ek hoop ek kan dit ook eendag kry? |
| Respondent 1 | Ek moet met jou eerlik wees. My grootste vrees as ek gedink het aan trou, dan dink ek by myself, wat as dit nie so wonderlik gaan wees soos die verhouding tussen my Ma en Pa nie. |
| Navorser | Ek dink jy was baie bevoorreg om so pragtige voorbeeld in die huis te kon hê. Watter ander faktore het 'n invloed gehad op jou prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 1 | Ek het baie boeke gelees op skool, moet my net nie vra wat nie ... jy weet mos hierdie Mills & Boon. Baie flieks gekyk, dit speel 'n groot rol, want jy dink altyd mos: oe, kyk romantiese is dit in die fliek. Maar dit is nie altyd so in die werklikheid nie, dis die ding. En my Ma was altyd die een wat vir my gesê het onthou net die lewe buite is nie altyd soos dit in |

| | |
|---|---|
| | 'n fliek is nie. Want as jy na 'n sekstoneel op TV kyk, het ek altyd gedink, is dit hoe dit gaan gebeur? My Ma het altyd weer gesê my kind dit is nie hoe dit in die regte lewe gebeur nie. Die tipe fliekdinge gebeur dalk seker hier en daar as 'n uitsondering met mense. Maar dit wat ek in die huis ondervind het, het die grootste rol gespeel. En ek dink beelde wat mens maar vir jouself skep. |
| | |
| Navorser | Respondent 1, dit is vir my 'n baie interessante opmerking. Daardie selfgeskepte beelde, vertel my meer daarvan |
| Respondent 1 | Ag Es, vir my is dit romanties as jy erens kan gaan stap met iemand vir wie jy lief is, en die mooi natuur kan beskou. Mens is so bevoorreg om dit te kan sien. Dit het ek baie met Respondent 2 ook. As mens net by die see is, en julle twee saam staar na die see en dink hoe gelukkig mens is. Dat jy altwee saam daai ervaring kan hê, dit is vir my wonderlik. |
| | |
| Navorser | Ek wil gou vir jou 'n prentjie skets. Hier kom twee mannetjies van Mars af. As ek vir hulle hierdie vrae gaan vra, gaan hulle waarskynlik vir my totaal ander antwoorde gee, want hulle het hulle idees oor romantiese liefde op 'n ander manier geleer. Dit kan dalk vir hulle romantiese wees sand deur 'n strooitjie te slurp terwyl die ander een kyk. Met ander woorde ek maak die stelling dat mens iewers leer oor romantiese liefde. Iewers leer mens moontlik op 'n manier daaroor dink. Waar dink jy is jou idees ingebed? |
| Respondent 1 | Dit kom nie net van een plek af nie. Dit kom van na my ouers kyk in die huis. En soos ek jou se hulle was nie die tipe romantiese persone van ek sit 'n kersligete op vanaand nie, nie so iets nie. En dan flieks, flieks en boeke waar jy elke dag alles sien. Want dis waar mens idees kry. |
| | |
| Navorser | As Spesiaal 'n persoon was en hy sit op die stoel, noem vir my 'n paar van die karaktertrekke of eienskappe van spesiaal? |
| Respondent 1 | Nou moet ek eers dink... Eerlikheid, jy moet eerlik wees om romanties te wees, anders kan dit nie gebeur nie. Rerig ware liefde, want ek meen, dis maklik om vir iemand 'n romantiese kersligete te gee. Op daai stadium dink jy seker 'ooee, wonderlik', ma' ek dink die dag as jy regtig die |

| | |
|---|---|
| | persoon ontmoet wat vir jou bedoel is, dan kan die kleinste dingetjies soveel meer romanties wees as die kersligete of bos blomme wat jy op skool gehad het. Dis goed soos iemand wat alles met jou sagkuns kan meedeel. En ek noem sagkuns want dit wat ek as romantiese liefde sien, is iets wat regtig gekoester kan word. En … dis moeilik Es, daars baie goed.<br>Sonder insig dink ek ook nie kan jy romantiese liefde he nie, en gevoel, dit gaan absoluut oor gevoel, jy moet 'n gevoel he vir daai persoon. |
| | |
| Navorser | Jy het nou 'n ander baie belangrike ding aangeraak. Jy se mens moenie romantiese liefde verwar met kalwerliefde op skool wanneer jy 'n kersligete en bos blomme ontvang nie. Vertel vir my hoe het jou idee van romantiese liefde verander van skool af na wat die nou is. Hoe het jy toe gedink wat is romantiese liefde en indien dit verander het, hoe het dit verander? |
| Respondent 1 | Toe het ek gedink romantiese liefde is as jy hierdie *boyfriend* op skool gehad het, en jy dink, 'ek dink nie eers hy kan regtig onthou wat is my van nie, ma' toemaar', en die dag toe dit Valentynsdag is toe kom hierdie man met 'n bos blomme en 'n persent en 'n hangertjie. Toe dink ek sjoe hierdie ou kan eintlik romanties wees as hy wil, of hy vat jou die aand vir 'n fliek en hy gee vir jou blomme en hy vat jou na die tyd iewers heen en se vir jou ons gaan nou iewers iets eet. Dis 'n romantiese aand bepaal soos wat mens gewoonlik in die flieks ook kry. Die verskil tussen dit en wat ek vandag beleef is klein goedjies wat Respondent 2 hoef te doen, soos om by my te kom staan en my 'n drukkie te gee, of te se hy's lief vir my, of ek waardeer wat jy vir my doen. Dit is die verskil. Daai wat op skool gebeur het, dit is fine, maar dit was op daardie stadium romanties gewees, ma' you passed that. Dit wat vandag met my gebeur, dit bly elke oomblik vir romantiese. Ek bedoel Respondent 2 kan dit 10 keer in 'n week doen, maar elke keer wat hy dit doen, gaan dit van vooraf weer vir my romanties wees. Elke keer wat hy my net vashou, hy hoef nie eers iets te se nie, dan dink ek net dit bly meer by jou. Veral as jy getroud is beteken dit meer, want jy weet hierdie is die persoon met wie jy jou lewe WIL deel, nie met wie jy dit moet deel of sal deel nie, WIL deel. Dit is wat dit so romanties maak. |

| | |
|---|---|
| | |
| Navorser | Hoor ek jou reg dat toe jy op skool was het dit gegaan oor die "WOW"-dinge wat hulle gedoen het, oor hoe spesiaal dit jou kon laat voel en vandag gaan dit vir jou meer oor nabyheid. |
| Respondent 1 | Ja en op skool het dit altyd te doen gehad met die 'WOW'-dinge, en dit was altyd met aardse goed gekoppel, verstaan jy, en nou, dit gaan oor die nabyheid en hoe ek weet hy innerlik oor my voel en dit met my deel. |
| | |
| Navorser | Dink jy romantiese liefde is vir jou nou meer 'n sielsgenoot wat jy in Respondent 2 het? |
| Respondent 1 | Ja, op skool wat dit net wat gedoen en wat jou laat goed voel vir daai dag of daai week wat jy met die ou uitgaan. Ek meen wat ek nou het is rerig my sielsgenoot, my lewensmaat by wie ek gaan bly. Dis anders! |
| | |
| Navorser | Ek verstaan, nee ek het 'n kleine bietjie insig oor jou idee van romantiese liefde op skool en nou, maar vertel my spesifiek met betrekking tot jou en Respondent 2, of jou seining van romantiese liefde verander het van voor jy getroud is tot na jy getroud is. Hoe het dit verander indien dit verander het? |
| Respondent 1 | Ek dink ek kan dit nie regtig onderskei in terme van voor my troue en na my troue nie, want ek en Respondent 2 het mekaar baie lank geken voor ons getroud is. En ons het swaar tye gehad hoor, dit was nie maanskyn en rose nie. Ons het hard ge*fight* om te kom tot waar ons is, ma' ek dink dit verander rerig die dag as jy besef – *shit*, ma' hierdie is rerig die man met wie ek die res van my lewe wil spandeer. Ek dink dit is dan wat die dinge vir jou begin verander, as jy agterkom hierdie ou is regtig innig en innerlik lief vir jou en nie meer net verlief op jou nie. Dan weet jy die dinge wat nou gebeur is nie net meer blomme en tjoklits nie, dis nou meer diep en meer innig. |
| | |
| Navorser | Is daar vir jou 'n verskil tussen verlief wees en romantiese liefde? |
| Respondent 1 | Verlief wees ... ek kan se ek is verlief op 'n fliekkarakter, want dis die mooiste ou onder die son en hy maak jou kniee lam, maar dis nie noodwendig die mooiste ou onder die son wat jou kniee lam maak, wat |

| | |
|---|---|
| | jou lewensmaat is nie. Mens kan vir 'n week lank verlief op iemand wees, maar vir iemand wat jy lief is met romantiese liefde hou dit vir die res van jou lewe, forever. |
| | |
| Navorser | Is jy nog verlief op jou man? |
| Respondent 1 | Ja, maar ek is ook innig lief vir hom. Hy laat nog steeds my maag vlinders maak. Die dag wat hy my gevra het om te trou het my nog vir maand daarna met vlinders in my maag laat rondloop. En dit gaan *eventually* weg, ma so af en dan sal hy net iets se, of net iets doen en dan sal ek dink: 'o *ok*!' Ek dink mens bind verliefdgeid meer aan die uiterlike en nie altyd aan die innerlike nie. Met ander woorde dit wat jy sien, en dit wat getoon word, ma ek dink liefde kom regtig van binne af, maak nie saak hoe persoon van buite af lyk nie. |
| | |
| Navorser | Ek wil bietjie by jou weet wat is romantiese liefde se impak op jou lewe. Hoe beinvloed romantiese liefde jou lewe? |
| Respondent 1 | Totaal en al want ek sal nie kan funksioneer sonder dit nie. Die manier wat ek romantiese liefde sien, ne, sal ek nie kan funksioneer sonder dit nie. Want dit is die dinge wat Respondent 2 doen sonder dat hy dit partykeer agterkom, wat my elke dag net laat besef hy is rerig lief vir my. Nie dat jy twyfel daaraan nie, maar dit is net daai gemoedsrus en jy voel soveel meer verlig as jy dit meer hoor ook. Dis lekker om te weet ek beteken nog iets. |
| | |
| Navorser | Hoekom is romantiese liefde belangrik? |
| Respondent 1 | As mens nie romantiese liefde het nie, daai vlam tussen julle twee nie, daai chemiese reaksie nie, sal nie kan aanhou brand as jy nie romantiese liefde het nie. Mens kan kan vir mekaar net lief wees, maar as jy nie daai innerlike romantiese liefde kan deel waarvoor 'n man en 'n vrou geskape is nie, dan sal dit nie werk nie. Mens moet daai deel in jou lewe ook hê. Jy kan nie net vir mekaar lief wees nie, want dan kon ek met my broer getroud gewees het of met 'n goeie vriend van my, vir wie ek ook lief is. Ma' romantiese liefde is dit wat 'n man en vrou bymekaar hou vir jare. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Hoor ek jou reg dat romantiese liefde vir jou 'n pakket is wat baie verskillende dele van liefde omsluit? |
| Respondent 1 | Ja, vir my spesifiek, even die verliefdgeid wat mens nog verlief is op die uiterlike wat mens sien elke dag en dit wat binne in is. |
| | |
| Navorser | Hoe dink jy het die boeke, die stories die flieks romantiese liefde uitgedruk in die tyd jou ouers bymekaar gekuier het? Wat was romantiese liefde toet hulle gedate het? |
| Respondent 1 | Ek weet nie regtig nie, ek het net altyd hulle kwaaddoen stories gehoor, niks oor romantiese liefde nie. Ek dink hulle het ook maar vir hulleself beelde geskep uit die boeke wat hulle gelees het, en die stokou flieks wat hulle gekyk het. Ek meen as mens kyk, as jy iemand inry toe vat kon dit seker as romantiese liefde gesien het. En hulle het ook seker maar by hulle ouers geleer. DIs hoekom ek dink, romantiese liefde is nie noodwendig iets fisies wat jy doen nie, maar hoe jy oor iemand voel en dit wys. |
| | |
| Navorser | Dink jy romantiese liefde was deel van die kultuur waarbinne jy grootgeword het? |
| Respondent 1 | Ja, ek dink so, want dink so daar aan: Elke klein dogtertjie dink oor die dag wat sy gaan trou, oor hoe haar man gaan wees , en haar man gaan dit vir haar doen en ek meen elke dogtertjie – en mans, hulle sal dit net nie herken nie, nê! – droom van die dag as hulle gaan trou, of hulle lewensmaat gaan ontmoet. En as daar nie romantiese liefde was nie, sou daar nie sulke denke gewee het nie, want hoe met jy oor sulke dinge dink, as jy dit nie koppel aan daai dinge van romantiese liefde wat jy sien as jy grootword nie. Dit speel 'n groot rol op die einde van die dag. |
| | |
| Navorser | Watter verwagting het romantiese liefde geskep by jou oor Respondent 2 voordat julle getroud is? Of in ander woorde wat het romantiese liefde vir jou gesê moet jy verwag van hierdie man met wie jy gaan trou? |
| Respondent 1 | Hy moet net vir my laat voel hy is lief vir my. En weet jy Navorser dit kom daarop neer dat ons nie 'n sent onder die son hê nie. Dit gaan nie oor die aarde dinge wat ons het nie, maar oor die dinge wat ons saam kan |

| | |
|---|---|
| | doen, dinge wat ons saam kan deel soos om te loop en te kyk na 'n sonsondergang en te dink kyk hoe mooi is dit, is dit nou nie 'n voorreg nie. Dis sulke tipe goed, om sulke goed te kan deel met iemand, en iemand wat vir jou sonder om te sê hy's lief vir jou, vir jou kan wys dat hy rerig vir jou lief is. En ek bedoel nie van karre koop en diamante koop en sulke goed nie, klein dingetjie wat hy doen wat vir my wys hy is vir my lief. |
| | |
| Navorser | En wat het romantiese liefde vir jou van jouself vertel? Wat wou romantiese liefde gehad het moet jy doen in 'n verhouding? |
| Respondent 1 | |
| | |
| Navorser | As jy en Spesiaal in 'n kar ry, wat vertel dit vir jou oor Respondent 2? |
| Respondent 1 | Dat hy doen wat ek graag wou gehad het. Aan dit wat ek van my lewensmaat wou gehad het, voldoen hy aan die einde van die dag. Kom ek gee vir jou 'n voorbeeld. Jy weet hoe ry Respondent 2 fiets nê, en ek meen ek frustreer hom as ek saam met hom fiets ry, want hy is 10 keer vinniger as ek, hy ry daai straat 10 keer op en af en dan kom ek aan, maar net die idee dat hy geld uitgehaal en 'n tandem gekoop het, dat ek dit saam met hom kan doen – want ek hou ook daarvan om fiets te ry – dat ons daai tyd met mekaar kan saam spandeer. Hy doen dit nie omdat dit vir hom lekker is nie, hy doen dit omdat hy die tyd saam met my kan spandeer, nê. En dit beteken vir my baie as ek vir jou sê hy het vir ons ingeskryf vir 'n race nê, want in werklikheid kan hy inskryf vir n race en 10 000 keer beter doen op sy eie, maar dit is sulke tipe goed, dit gaan oor opoffering. |
| | |
| Navorser | As ek na jou luister klink dit vir my dat wanneer jy en romantiese liefde in die kar ry en gesels is Spesiaal baie *happy* met Respondent 2 se *performance* ... |
| Ulrikce | Beslis. |
| | |
| Navorser | Ek het gehoor hoe romantiese liefde julle verhouding beïnvloed. Dink jy julle beinvloed ook vir romantiese liefde? |

| | |
|---|---|
| Respondent 1 | Op 'n manier ja, seker. Want ek meen as daar nie romantiese liefde tussen ons is nie, kan dit nie bestaan nie, en hoe jy romantiese liefde uitvoer gaan 'n rol speel op die einde van die dag, want as jy dit nie doen soos daai persoon dit gaan ontvang nie, gaan dit nie noodwendig romantiese liefde vir die ander persoon beteken nie, maar ek dink rerig waar dat ons ook romantiese liefde beïnvloed en dit verskil van persoon tot persoon. |
| | |
| Navorser | Hoe dink jy verskil jou en Respondent 2 se taal van romantiese liefde? |
| Respondent 1 | Mm, vir ons altwee dink ek dit is klein goedjies wat mens doen, sonder dat jy groot goed hoef te doen. Ek weet ek laat hom spesiaal voel as ek sê ek sal langs die fietsryveld sit, alhoewel ek glad nie eers die race sien nie. Al sit ek net 'n boek en lees die hele tyd, maar net die idee van ek is daar en ek ondersteun hom in wat hy doen, en ek glo in hom, ek vertrou hom, ek sal hom *support* in anywhere he goes en and anything he does. Dis sulke tipe goed wat ek ook dink 'n rol speel op die ou einde van die dag. |
| | |
| Navorser | Goed so, so as dit wat hy hoor soos ek glo in jou, ek vertrou jou, en jou steun, vir hom belangrik is, wat is vir jou belangrik? |
| Respondent 1 | Net tyd saam met hom, dis al! Tyd saam met hom, dit hang ook af hoe jy daai tyd spandeer, maar tyd wat ek en hy inniglik met mekaar in opregtheid kan spandeer, al gesels ons net. Dan voel ek die wêreld om my kan vergaan, ek wil net saam met Respondent 2 wees. |
| | |
| Navorser | Is romantiese liefde vandag in julle 'n verhouding 'n ideaal of is dit iets wat werkbaar is? |
| Respondent 1 | Dit is baie werkbaar, want enige iets is moontlik as jy daaraan werk. |

**Respondent 2**

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 2, hoe lyk jou prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 2 | Well, so lank jy kan *smile*. Ek dink so! |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | 'n Smile binne watter opset, want ek dink maar net daaraan dat mens by die werk ook kan *smile*. |
| Respondent 2 | Nee, dis nie dit nie. |
| | |
| Navorser | Omskryf dit bietjie meer vir my. |
| Respondent 2 | Dis moeilik om te sê, maar dis anders, ek meen as jy vir iemand smile by die werk is dit of vriendelik of ... ek weet nie, ek kan dit nie beskryf nie. |
| | |
| Navorser | As romantiese liefde 'n *smile* is – met betrekking tot wie is dit? |
| Respondent 2 | Tot jou vrou, tot jou lewensmaat. |
| | |
| Navorser | So romantiese liefde sit 'n *smile* op jou gesig. |
| Respondent 2 | Ek dink dit is hoe dit behoort te wees. |
| | |
| Navorser | Hoekom? |
| Respondent 2 | Want daai persoon moet die beste in jou kan uitbring, so as jy kan glimlag beteken dit jy is gelukkig en ja ... |
| | |
| Navorser | As jy vir my sê romantiese liefde beteken geluk, dit beteken 'n glimlag op jou gesig, wat is romantiese liefde nie? |
| Respondent 2 | Ek is nie eintlik 'n ekspert op hierdie gebied nie, ek weet nie eintlik wat om te sê nie. |
| | |
| Navorser | Weet jy wat jy is die ekspert van jou eie idees oor die onderwerp, en jou idees is reg en jy kan dit met my deel soos jy goeddink. |
| Respondent 2 | *Well*, ek kan nie vir jou sê nie – is dit bakleiery, is dit as jy mekaar nie kan verdra nie, as jy nie kan verstaan wat die ander een doen nie. ... |
| | |
| Navorser | Sê nou maar net romantiese liefde was 'n persoon buite jou, wat daar op die bank met jou sit en gesels het. Watter naam sou jy dit noem? |
| Respondent 2 | As ek moet vinnig sê sal ek respondent 1 (Hoewel 'n skuilnaam hier gebruik word, het hy onbeskroom sy vrou se naam genoem.) |
| | |
| Navorser | Ek hou daarvan! |

| | |
|---|---|
| Respondent 2 | Daar is niks anders wat ek aan kan dink nie. |
| | |
| Navorser | Is respondent 1 vir jou 'n prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 2 | Ja |
| | |
| Navorser | Waar het jy romantiese liefde die eerste keer in jou lewe ontmoet? |
| Respondent 2 | Seker maar 'n eerste liefde. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my meer daarvan. |
| Respondent 2 | Well, ek was maar jonk en onervare – almal het seker maar 'n eerste liefde. |
| | |
| Navorser | Watter emosies en gevoellens het dit by jou wakker gemaak? |
| Respondent 2 | Mm, baie jaloesie. Onsekerheid, en terselftertyd ook daai *butterfly* effek. |
| | |
| Navorser | Waar dink jy het die onsekerheid en jaloersheid vandaan gekom? |
| Respondent 2 | Want ek dink op daai stadium was ek baie jonk, en ek meen as mens... jy weet wat dink jy, en jy wonder net wat sal die ander persoon dink in jou situasie. Ja en ek meen as jy iets verkeerd doen, gaan jy outomaties dink die ander persoon doen presies dieselfde. Ek dink dit is maar waar jaloesie ingekom het. As ek nou vat my eerste liefde was vir my 'n baie emosionele tyd gewees. Ek het maar eintlik bietjie gestruggle. Maar nou ek meen ek het al so baie geleer uit daai verhouding uit, dat ek nie nou meer so hoef te wees nie. so, alles gebeur met 'n doel. |
| | |
| Navorser | Voor jy nou jou eerste liefde ontmoet het, het jy nie soms gedagtes gehad oor mens sal voel as jy romantiese liefde deel van jou lewe maak nie? |
| Respondent 2 | Ek het nie geweet wat dit is nie Al wat ek kan onthou is, jy voel nie weer dieselfde nie. Dinge verander, jyself verander, jy groei, so... ek het nog nooit weer dieselfde gevoel gehad as wat ek toe gehad het nie. So ek weet nie, ek kan nie eintlik vir jou sê hoe ek gedink het dit sou wees nie. |
| | |
| Navorser | Jy sê jy sal nooit weer daai gevoel hê nie - beskryf vir my 'daai gevoel'. |
| Respondent 2 | Ek weet nie, dit was ... niks het vir jou saak gemaak nie. Dit was maar |

| | |
|---|---|
| | net hoe dit sou wees, en dis hoe dit is. |
| | |
| Navorser | Hoe sou dit wees? |
| Respondent 2 | Nee, ek kan nie vir jou sê nie, dit was 'n tyd van ... ek weet nie. Maar toe ek vir respondent 1 ontmoet het was dit heeltemal anders gewees, dit was nie sò nie. Ek bedoel daar het ek direk soveel gegroei. Ek het grootgeword. Ek het nie weer dieselfde – hoe kan ek sê – goed gedoen sonder om te dink oor iets nie. |
| | |
| Navorser | Hoe het jy oor romantiese liefde gedink toe jy respondent 1 ontmoet het? |
| Respondent 2 | Ek weet nie. Dit was heeltemal ander. Mm... ek kan nie vir jou sê hoe het ek daaroor gedink nie, want ek het nie geweet hoe dit is nie. Maar nou as ek moet terugdink daaraan kan ek sê dit was totaal en al anders gewees. As ek dink aan die eerste verhouding was dit tref en trap. Mens leer en dan gaan jy vorentoe en kom jy later agter maar dit is eintlik hoe dit moet wees. |
| | |
| Navorser | Kan jy vir my van die goed noem wat jy geleer het? |
| Respondent 2 | Well ek het geleer mens hoef nie jaloers te wees nie. Ek is nie nou meer eintlik 'n jaloerse mens nie, ek was altyd. Ek was 'n baie humeurige outjie, sommer oor klein goedjies het ek dit sommer net verloor. Dis snaaks dis twee verskillende wêrelde. |
| | |
| Navorser | As jy dit reverse en jy sê jy het geleer om nie jaloers te wees nie, dink jy dat romantiese liefde jou gehelp het om nie jaloers te wees nie? |
| Respondent 2 | Ek sal sê ja, dit gee my vertroue in my maat – en dit gaan alles oor vertroue.<br>Ek meen in die eerste verhouding was daar nie iets soos vertroue nie – dit was 'n tref en trap, dit was 'n skoolgeld betaal. Later het jy agtergekom om nie weer daai foute te maak nie. 'n Donkie stamp sy kop eenkeer. En ja dis maar hoe ek voel. Op hierdie stadium as ek nou terugdink dan weet ek hoe om op te tree in die situasie wat ek nie daai tyd geweet het nie. As jy alleen is en jy ontmoet ewe skielik iemand moet jy ewe skielik jou lewe met iemand deel. Dit is totaal en al verskillend! Maar as jy eers |

| | |
|---|---|
| | eenkeer daar deur is, dan weet jy wat om te verwag, en jy weet jy moenie so optree nie, dit is hoe ek moet optree. |
| | |
| Navorser | Hoe tree jy nou op? |
| Respondent 2 | Ek is nou – ek sê nou baie dinge oor jaloesie – maar ek kan onthou ek was 'n baie jaloerse ou, baie jaloers gewees. Ek is byvoorbeeld glad nie jaloers op hierdie stadium nie. As Respondent 1 iewers heengaan is dit nie vir my 'n issue nie. Daar is 100% vertroue. Dit was nie in my vorige verhouding nie. |
| | |
| Navorser | Dink jy vertroue is een van die eienskappe van romantiese liefde? |
| Respondent 2 | ja. |
| | |
| Navorser | Is daar ander eienskappe wat jy vir my van kan noem: |
| Respondent 2 | Well vertroue, jy kan met enige iets maak nie saak wat nie, na daai persoon toe gaan ... eerlikheid, oop en reguit. As jy vertrou is daar nie jaloesie nie. Net 'n klein bietjie gesonde jaloesie. |
| | |
| Navorser | Respondent 2, baie mense praat van hulle drome oor die maat met wie hulle eendag gaan trou – het jy ook so idee of droom oor jou lewensmaat gehad? |
| Respondent 2 | Ek weet nie – ek kan nie eintlik so iets onthou nie. |
| | |
| Navorser | Kan jy voorbeelde van romantiese liefde uit jou kindertyd uit onthou? |
| Respondent 2 | Ek het nie baie goeie voorbeelde gehad nie, want my ouers is geskei en beide weer getroud. |
| | |
| Navorser | Nadat jou ouers weer getroud is, het jy nie toe dalk iets moois van romantiese liefde gesien of gehoor nie.? |
| Respondent 2 | Ja weet jy, ek het eintlik maar 'n snaakse kindertyd gehad. Ek weet nie, ek kan nie aan enige goeie voorbeeld dink nie. Ek meen hulle is albei weer gelukkig getroud, maar ek het myself daar uitgehou. Ek wou nie betrokke wees nie. So ek dink ek het maar alles vir myself geleer. Ek het maar probeer uitkry uit 'n verhouding uit wat ek gedink het ek gaan |

| | |
|---|---|
| | uitkry. |
| | |
| Navorser | Daai "ek het gedink ek gaan uitkry", hoe het jy gekom by dit wat jy dink, wat het jou gedagtes onderlê? Wat was die oorsprong van jou gedagtes? |
| Respondent 2 | Well as ek nou vat my Ma en my Pa het nie vir my 'n baie goeie voorbeeld gestel nie, ek was baie klein gewees, maar ek bedoel ek kan dit onthou. Wat daarna gebeur het was maar goed wat ek uitgedink het. Wat ookal gebeur het, het ek maar aanvaar as vanselfsprekend. Ek weet nie dis vir my moeilik om te sê. |
| Navorser | Het jy en jou seunsmaats of studentemaats nooit op en aanmerking met mekaar gedeel oor romantiese liefde nie? |
| Respondent 2 | Nee, sulke goed praat mens mos net oor as jy 'n paar biere in het en dan het elkeen mos 'n 'soppier' storie om te vertel as die ander ene. Nee ek het nooit regtig met iemand daaroor gepraat nie. |
| | |
| Navorser | Boeke gelees of tydskrifte? |
| Respondent 2 | Nee |
| | |
| Navorser | Watter invloed het die flieks wat jy gesien het, gehad op jou idee van romantiese liefde? |
| Respondent 2 | Ja miskien is dit waar ek my idee van gekry het oor hoe dit maar moet wees. Ek is eintlik iemand wat hou van romantiese flieks en goed wat sin maak. Ek hou nie van *Science fiction* nie, ek hou eerder van 'n drama of iets waar gesin of iets bymekaar is. Ek weet nie hoekom hou ek maar daarvan nie? Ek dink miskien het ek maar my persepsie gekry uit flieks uit. |
| | |
| Navorser | Wat is die persepsie. |
| Respondent 2 | Well weet jy ... daar is altyd iemand wat seerkry, daar is altyd iemand wat 'n rugsteker is, en 'n miskien is dit hoekom my eerste verhouding so – hoe kan ek sê – so 'n onstuimig was. Ek wou probeer toepas wat ek gesien het. En wat ek nie geleer het by my ouers nie, omdat ek nie wou nie. |

| | |
|---|---|
| Navorser | Was die persepsies wat flieks vir jou geskep het, slegte persepsies? |
| Respondent 2 | Nee, ek glo nie slegte persepsies nie, maar daar was altyd maar tog 'n idee van moeilikheid. Hoe kan ek sê alles loop nie altyd reg nie. |
| | |
| Navorser | Wil jy dit juis anders hê, of is die flieks vir jou 'n werklikheid? |
| Respondent 2 | Nee, ek het nie gedink dit is hoe dit moet wees nie, ek dink ek het dit maar gebruik as 'n maatstaf en toe op die harde manier agtergekom dit is nie hoe dit eintlik behoort te wees nie. Dis nie nodig vir iemand om seer te kry altyd nie. Alhoewel ons is almal mense en ons maak mekaar partykeer seer. |
| | |
| Navorser | Wat kan mens vir jou maat doen om te verhoed dat hulle seerkry? |
| Respondent 2 | Sjoe, deur jouself te wees kan jy weet hoe gaan jy optree in seker situasies en dan sal jou maat ook weet hoe gaan jy optree in sekere situasies, maar ek dink dit kom neer op eerlikheid. As jy nie kan oop en reguit wees nie – maar om reguit te wees kan ook seermaak so ...maar ten minste dan kom die vertroue deur. Dit hang af hoe mens dit benader. As mens dalk iets terughou vir 5 minute en dit dan sê, hou jy dit dalk terug tot die ander persoon emosioneel meer reg is om dit te hoor, of vir die tipe gesprek wat jy met hom of haar wil hê. |
| | |
| Navorser | Hoe het Respondent 1 hou prentjie van romantiese liefde verander? |
| Respondent 2 | Well, sy het vir my gewys jy kan en jy moet vertrou. Ek kon nie iemand anders vertrou nie, nie eers myself nie. Sy het my geleer om te vertrou. |
| | |
| Navorser | Wat doen jy vir haar om romantiese liefde aan haar te kommunikeer? |
| Respondent 2 | Yes ek weet nie, dis eintlik 'n moeilike ene. ek probeer haar maar haar sin gee soveel as wat ek kan. |
| | |
| Navorser | Hoekom sou jy dit graag wou doen? |
| Respondent 2 | Aag, ek probeer vir haar doen wat haar gelukkig maak, so... solank sy gelukkig is, is ek gelukkig en mm wat dit ook al sal vat – ek meen *obviously* binne perke. |

| | |
|---|---|
| Navorser | Wat dink jy is die taal wat sy die beste verstaan, party mense hou van persentjies en ander wil kwaliteit tyd hê, ander weer soek na aanraking en nog vele ander –wat liefdestaal praat sy? |
| Respondent 2 | Die regte soort liefde op die regte tyd. |
| | |
| Navorser | En jy? |
| Respondent 2 | Dieselfde. Maar ek hou ook van kwaliteit tyd omdat mens juis so min tyd het. Die tyd wat ons saam spandeer moet kwaliteit wees. Ek is nie eintlik 'n geskenkmens nie. Maar once in 'n blue moon maak nie seer nie. mm, so ja 'n biejtie van – dit hang af wat die regte tyd is. En as jy die beste uit iemand kan uithaal – as jy weet wat is die regte tyd vir wat dan gaan jy die beste kry. En dis hoekom jy jou lewensmaat so goed moet probeer ken, dat jy daai persoon moet kan lees en weet presies watter tyd is reg vir watter soort liefde. |
| | |
| Navorser | Kan jy vir my voorbeeld gee of 'n gedagte met my deel waar romantiese liefde 'n hoogtepunt was toe julle uitgegaan het en nadat julle getroud is? |
| Respondent 2 | Daar is nie eintlik een hoogtepunt nie, mm ek meen vandat ons getroud is was daar baie meer hoogtepunte vir my as wat dit voor die tyd was. Die dag toe ons getroud is, toe sy in die kerk instap kon ek nie glo dat dit sy is nie, so... Ek sal sê dit was nogal 'n hoogtepunt. Maar van voor die tyd – ek weet nie ek kan nie eintlik onthou nie. |
| | |
| Navorser | Was daar spesiale dinge wat julle saamgedoen het, wat jy met my wil deel? |
| Respondent 2 | Ja kyk ons het baie dinge saamgedoen en baie plekke gesien en baie plekke heengegaan, en ek meen al daai tye was spesiaal in eie reg, ma' om enigsins iets te highlight is moeilik. Ek is nie regtig iemand wat sulke dinge onthou en neerskryf nie. Ek's nie baie sentimenteel nie. Ek kan nie spesifieke oomblikke onthou nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 2 het jou geloofsoortuiging enigsins 'n rol gespeel in jou siening van romantiese liefde? |

| | |
|---|---|
| Respondent 2 | Definitief, my geloof het deur tye gegaan waar dit sterker en swakker was, tye wat ek sal sê dit gaan baie goed, en dan tye wat ek sal sê ek weer bietjie struggle. |
| | |
| Navorser | En hoe het dit jou siening van romantiese liefde beïnvloed? |
| Respondent 2 | Jy sien Respondent 1 het ek altyd gedink is sterkter geloofsgewys, so ek het maar probeer om die paadjie te volg wat sy doen. En ek het al hoeveel keer gesien as daar nie geloof in my huwelik is nie, dan kan dit nie werk nie. So definitief bring dit ons nader aan mekaar en ons lees elke aand saam uit die Bybel uit. |
| | |
| Navorser | As romantiese liefde daar op die bank met jou sit en gesels wat vertel dit vir jou van Respondent 1? |
| Respondent 2 | Mm... ek weet nie, dis vir my moeilik om te sê, ek weet nie hoe kan ek dit antwoord nie. Sy's die persoon, ek meen sy's die een wat by my staan deur dik en dun, so saam met wat ons nou het en sal hê kan dit net beter gaan. |
| | |
| Navorser | En sê bietjie vir my wat vertel romantiese liefde vir jou oor jouself? |
| Respondent 2 | Seker ma' dat ek op die regte pad is, nee ek weet nie? |
| | |
| Navorser | Dis great! Laat dit jou secure voel dat jy op die regte pad is? |
| Respondent 2 | Ek weet wat ek het, en ek weet waarnatoe ons werk. |
| | |
| Navorser | Hoekom is romantiese liefde belangrik, wat is die significance van romantiese liefde? |
| Respondent 2 | : Jy moet kan herken dat dit daar is, dat dit vir jou iets beteken, dat jy weet jy kan gelukkig wees saam met iemand, en jou lewe met iemand deel. As jy nie gelukkig is nie, en daar nie vertroue is nie, kan dit nie werk nie. Dis nie net romantiese liefde nie, maar liefde in geheel wat 'n groot rol speel. |
| | |
| Navorser | jy maak so 'n belangrike opmerking. Hoe dink jy oor die verskil tussen romantiese liefde en liefde? |

| | |
|---|---|
| Respondent 2 | Ek sou sê liefde is maak nie saak wat nie, romantiese liefde is presies wat dit sê die romantiese deel daarvan. |
| | |
| Navorser | Wat is die romantiese deel? |
| Respondent 2 | Die saamwees, die saam dinge doen, die ... jy sien die ding is as jy daai band met iemand het dan weet jy wanneer dit tyd is vir wat. EK meen daar is nie altyd tyd vir romanties wees nie. Dis vir my moeilik om die die verskil uiteen te sit. |
| | |
| Navorser | Dink jy liefde is meer as net n gevoel? |
| Respondent 2 | Ja jy voel nie altyd dieselfde nie, mens raak partykeer emosioneel oor dinge, en jy voel dalk nie altyd dieselfde nie, maar dit sê nie dat jy minder lief is vir daai persoon nie. |
| | |
| Navorser | Dink jy romantiese liefde kan op en af flikker? |
| Respondent 2 | Ja. |
| | |
| Navorser | Wat is die impak van romantiese liefde op jou lewe? |
| Respondent 2 | As daar nie, vat nou 'n voorbeeld, sê nou maar jy het gaan fliek die aand, as jy nie saam so iets kan geniet nie – ek bedoel wat is die punt? Mens moet tog jou saamwees kan geniet op tye, en ek voel soos ek nou net gesê het daar sal altyd liefde wees, maar die romantiese liefde is maar hoe jy in mekaar se teenwoordigheid optree en hoe jy voel op daardie stadium. Alles gaan oor gevoelens en emosies. So dis definitief 'n groot impak op my lewe. |
| | |
| Navorser | Hoe dink jy verskil jou en Respondent 1 se sienings van romantiese liefde? |
| Respondent 2 | Ek dink sy is meer die een van – sy soek meer om vasgehou te word en die klas van dinge waar ek is – weer nie baie gepla daaroor nie. Solank ek kan saamwees en dinge saamdoen. Ek dink dis maar min of meer waar ons bietjie verskil. Maar ek dink nie dit pla ons nie. As ek bietjie traag is, sal sy kom en my sê ek moet haar bietjie vashou. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | So julle het goeie kommunikasie? |
| Respondent 2 | Dis nie dat sy vir my sal kwaad word nie, sy sal my eerder sê. Solank ons dinge kan saamdoen, en ek geniet dit en ek weet sy geniet dit, is ek happy. |
| | |
| Navorser | In julle verhouding, in julle huwelik is romantiese liefde 'n werklikheid of is dit 'n ideaal? |
| Respondent 2 | Nee, dis 'n werklikheid. Die ideaal sal wees om dit te groei, ma' dis 'n werklikheid. |
| | |
| Navorser | Waarnatoe wil jy hê moet dit groei? |
| Respondent 2 | Ek wil hê ons moet altyd oor 5 jaar aftree en dan kan ons die hele tyd saamwees (dit is 'n ernstige tong in die kies opmerking) |
| | |
| Navorser | *I love it*! |
| Respondent 2 | Ja-nee, ek meen ek het al hoeveel mense gesien wat al jare lank bymekaar is en dan kan mens nie glo as jy hulle bymekaar sien dat mense so oor mekaar kan voel nie. Dit is waarvoor mens moet mik, om op daai ouderdom nog meer innig oor mekaar te voel as nou. |
| | |
| Navorser | Kan jy vir my 'n fliek uitsonder waarin romantiese liefde regtig die ultimate was, wat 'n reusagtige indruk op jou gemaak het? |
| Respondent 2 | Daar is een waaraan ek kan dink en dit is Seredipity. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my daaroor. |
| Respondent 2 | Ek kan nie presies onthou nie, maar die twee het mekaar bly mis, en bly mis. Die fliek wat ons Saterdagaand gekyk het was basies dieselfde prinsiep gewees. Die ou het op die ou end gaan sit op 'n rolskaatsbaan en dit het begin sneeu. En toe het hy net gesê hy dink nie hy gaan haar ooit kry nie. Toe hy op sy rug gaan lê en die sneeu begin val, toe laat val sy haar handskoen so op sy gesig, toe is sy daar. In die fliek wat ons Saterdagaand gekyk het, hoewel dit meer 'n *comedy* was, kom dit op dieselfde neer. Hulle het mekaar ontmoet en hulle was soos in saam en |

| | |
|---|---|
| | dan nie saam nie. Op die ou einde het die ou besef maar hoorie dit is die een. Toe hy by haar kom toe sê sy vir hom ma' sy gaan trou. En 'n hy is toe daar weg, en toe sy by sy huis aankom, toe sien sy hy gaan trou – ma' dit was toe sy sussie wat trou. |
| | |
| Navorser | Wat is die *significance* van die flieks vir jou? |
| Respondent 2 | Alles gebeur met 'n doel! |
| | |
| Navorser | Respondent 2, wat wil jy nog vir my vertel of met my deel van romantiese liefde? |
| Respondent 2 | Daar is nie eintlik iets wat ek wil byvoeg nie, behalwe dat dit ma' vir my 'n moeilike ding is om hieroor te praat. |
| | |
| Navorser | Baie dankie, jy het goed gedoen, en dalk eendag praat ons weer hieroor oor 'n glasie wyn. |

**Respondent 4 en Respondent 3**

Respondent 4 (38) en Respondent 3 (34) het drie jaar uitgegaan en hulle is reeds sewe jaar getroud. Die egpaar het nie kinders nie en hulle is lidmate van die Nederduits-Gereformeerde kerk.

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 4 verduidelik vir my jou prentjie van romantiese liefde, skets vir my in woorde jou prentjie van romantiese liefde. |
| Respondent 4 | Dis nogal 'n moeilike vraag. Bedoel jy van een persoon se perspektief af, of? |
| | |
| Navorser | Ek wil hê jy moet vir my JOU prentjie skilder, die beeld van romantiese liefde wat in jou kop is. |
| Respondent 4 | Eerste instansie om met daai persoon saam te leef, om daai persoon te verstaan soos daai persoon nog altyd is. Soos jy die persoon leer ken het van dag een af, of dit nou 10 jaar of 7 jaar gelede was. Jy kon lekker met mekaar praat en lag en mekaar verstaan sonder dat daar enige bybedoelings is, of sonder dat jy bevraagteken word hoekom sê jy dit, waarom sê jy dit en die ander persoon nie probeer lees wat jou bedoelings is nie, maar verstaan waar jy regtig vandaan kom, en die goeie daarin sien, instede van probeer delf in wat daar nie is nie. Dit is my gevoel oor romantiese liefde. |
| | |
| Navorser | Verstaan ek jou reg dat romantiese liefde nog altyd vir jou iets baie ernstigs was? |
| Respondent 4 | Ja-nee! Ek beskou myself ook as 'n ernstige persoon, daar is nie 'n A of 'n B nie. Iets is of reg, of verkeerd – klaar! |
| | |
| Navorser | So mekaar verstaan, saam kan lag, onvoorwaardelik aanvaar, dis jou prentjie van romantiese liefde. |
| | |
| Navorser | Respondent 3 skets vir my jou prentjie van romantiese liefde. |
| Respondent 3 | Wil jy weet hoe ek dit sien, hoe die een persoon die ander persoon sien? |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Nee ek wil weet hoe sien JY romantiese liefde, wat is romantiese liefde vir jou. Jy hoef nie in ag te neem hoe ander mense dit sien nie, wat is Respondent 3 se prentjie van romantiese liefde |
| Respondent 3 | Ek sien dit as verrassings so nou en dan, 'n briefietjie in die kosblik, 'n blommetjie op die bed, 'n oproep of 'n sms deur die dag ... sulke tipe goeterjies. |
| | |
| Navorser | So dit is spesiale dingetjies ... |
| Respondent 3 | Dis goed wat mens die elke dag doen nie – dit is romanties. Soos om op jou huweliksherdenking 'n mandjie te pak, of na 'n spesiale restaurant toe te gaan. |
| | |
| Navorser | Is daar iets wat jy wou begevoeg het? Is dit jou hele prentjie? |
| | |
| Navorser | Respondent 4, hierdie prentjie wat jy vir my geskets het van romantiese liefde, kan jy 'n naam gee daarvoor. Soos wat my naam Esmé is, hoe sal jy dit noem? |
| Respondent 4 | Eerlikheid |
| | |
| Navorser | Respondent 3 wat is jou prentjie se naam |
| Respondent 3 | Bederf! |
| | |
| Navorser | Respondent 4, waar het jy Eerlikheid die eerste keen in jou lewe ontmoet? |
| Respondent 4 | Ag seker toe ek so tussen 5 en 6 was – as ek iets verkeerd doen, het my ma-hulle altyd vir my reg gehelp – ek het altyd geweet die verskil tussen reg en verkeerd. Daar was geen vraagteken gewees nie. Definitief my ouers – dit het in en om die huis gebeur. Ek kan nie presies onthou waar of wat die situasies was nie. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 4, jy het vir my jou prentjie van romantiese liefde geskets en dit toe Eerlikheid genoem – ek het daarna vir jou gevra waar het jy dit die eerste keer ontmoet, so help my net om reg te verstaan, jou eerste ontmoeting met Eerlikheid, jou prentjie van romantiese liefde, was in jou ouerhuis. |
| Respondent 4 | Ja, jy kan so sê, maar om terug te kom na daai eerste vraag toe. Ek het kern antwoord gegee, ek bedoel as mens regtig wil kan jy na al die funny details en goed gaan, maar ek is nie so nie. As iemand my 'n vraag vra, dan gee ek die pertinente antwoord – ek gaan nie aan al die 110 vertakkings dink nie. |
| | |
| Navorser | Dis goed so Respondent 4, ek wil net in my gemoed seker wees dat die naam wat jy vir romantiese liefde gegee het, verteenwoordig romantiese liefde soos jy dit geskets het. |
| | |
| Navorser | Respondent 3, waar het jy die eerste keer vir Bederf ontmoet? |
| Respondent 3 | : In my ouerhuis, by my Ma – sy het my bederf. |
| | |
| Navorser | Het jou ma 'n groot rol gespeel in die prentjie wat jy het van romantiese liefde. |
| | |
| Navorser | Respondent 4, hoe het Eerlikheid ditself aan jou voorgestel. Anders gestel, as ek jou ontmoet stel ek myself op 'n sekere manier voor – op watter manier het Eerlikheid ditself aan jou voorgestel? |
| Respondent 4 | Dis 'n moelike vraag om te vra, want ek bedoel as jy vat op 'n jonger ouderom het mens bietjie met julle dames gepraat en ontmoet. So tot en met Standerd 4, standerd 5 ontwikkel mens nog en jy vra baie vrae. Vandaar af is ek na seunskool toe so. Onder die omstandighede het mens jouself in 'n mate gedistansieer van vrouens. In baie gevalle respekteer jy? die vrouebeeld, of wat ook al. Maar die 5 jaar wat ek op koshuis was het ons altyd seunsdinge saam gedoen en sien jy die goeie dinge en die verkeerde dinge. Eendag is dit seker vir jou om 'n besluit te neem oor wat die goed en wat is die sleg. Daar is kere wat jy die goedheid van 'n vrou sal afkraak, kere wat jy sal lag daaroor. Dis 'n ding wat meer in |

| | |
|---|---|
| | daai tydperk wat ek grootgeword het, en dan gaan ons verder na die twee jaar in die weermag daarna. Dan neem jy besluite op jouself, want jou ouers was nie juis daar nie. Die bietjie tyd wat jy met jou ouers spandeer het, was enkel naweke in 'n jaar, en verder is alles omtrent net mansgeörienteerd. As 'n mens dan uitgaan, of wat ook al, of jy wil tyd op jou eie spandeer is dit saam met mansvriende – vroumense is nie ter sprake nie. Later in my lewe het dit nog eintlik erger geword, en toe op 'n stadium het ek met iemand uitgegaan en toe raak die vroue-aspek redelik ernstig. Dan gebeur daar dinge in jou lewe waar jy of seerkry, of mense sê dinge. Ek beskou myself as 'n baie positiewe mens, maar, as iemand my aanvat oor iets en hulle kan nie staaf wat hulle sê nie, hulle maak 'n stelling, ma hulle kan nie punte noem om dit te staaf nie, maak dit my ontsettend vies. Dit het my gedistansieerd laat raak van die vrouebeeld, want ek bedoel, as jy my aanvat gaan ek of dadelik terugkap, of iets te sê hê, of ek sal heeltemal weegbeweeg van die situasie af. So ek kan jou vraag eintlik nie antwoord nie. |
| | |
| Navorser | Ek hoor wat jy vir my sê, maar ek wil iets *clarify*. Jy het tog vir my gesê dat jy met romantiese liefde in aanraking gekom het in jou ouershuis, op 'n baie jong ouderom. Dink jy nie jy het dalk daar al 'n ontmoeting gehad met romantiese liefde nie? |
| Respondent 4 | Ja, dit is hoekom daai woord Eerlikheid uitkom, want my ouers was altyd eerlik en openlik met mekaar. My Ma was nooit bang om liefde te wys nie. Dis vir my nogal moelik, want ek bedoel daar is 'n gedeelte van myself wat baie sterk van my Ma afkom en daar is 'n gedeelte wat baie sterk van my Pa af kom. Maar ek sal nie soos my Pa blomme koop nie, want ek is net nie daai soort persoon nie, dis nie omdat ek dit nie wil wees nie, dis nie omdat ek iets snaaks daarin sien nie, of dink dit is minder manlik nie. Dis net nie ek nie. |
| | |
| Navorser | In die huis het jy 'n beeld gevorm van romantiese liefde, toe gaan jy seunskool toe en jy is blootgestel aan seunsgoed, weermag toe – mansdinge- min tyd met jou ouers. Dink jy dit wat julle as mans tussen mekaar bespreek het oor wat romantiese liefde is, hoe romantiese liefde is, het jou prentjie wat hy in jou ouerhuis oor romantiese liefde gevorm |

| | |
|---|---|
| | het, verander, aangepas, of aangevul. |
| Respondent 4 | Nee ek sal nie dit sê nie, en tog die seunsding is so sterk dit is nogal 'n *issue*, maar nee ek sou nie sê dit het verander nie. (Dit het verander sê Respondent 3 van die kant af.) |
| | (Respondent 3 val Respondent 4 aan omdat hy volgens haar 'n Kaapse draai met al sy antwoorde maak) |
| | |
| Navorser | Respondent 3, waar het jy romantiese liefde die eerste keer ontmoet. Waar het jy die eerste keer vir Bederf ontmoet? |
| Respondent 3 | In my ouerhuis. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my hoe en waar? Hoe het hierdie romantiese liefde ditself aan jou ge-*introduce* |
| Respondent 3 | My Ma sou haarself te kort geskied het om vir my iets te gee, sy sou haarself ingedoen het. Is dit waarvan jy praat? |
| | |
| Navorser | Onthou net ons praat nog van romantiese liefde – Het romantiese liefde vir jou meer betekenis as net in verhoudings soos met byvoorbeeld jou man? Jy het Romantiese liefde iewers in jou lewe ontmoet. Vertel my waar – wat het romantiese liefde vir jou gesê? Wie was romantiese liefde? |
| Respondent 3 | Moet ek vir jou beskryf wat dit was? Ja, maar ek weet nou nie, dis mos nie lekker om oor jou verlede te praat nie? |
| | |
| Navorser | Jy kan vir my vertel waarmee jy gemaklik voel. Jy het nie noodwendig vir romantiese liefde ontmoet toe daar 'n ander man betrokke was nie. As ek jou reg verstaan het jy romantiese liefde al in jou ouerhuis ontmoet? Hoe jou Ma en Pa met mekaar opgetree het, was dalk jou eerste *encounter* met romantiese liefde? |
| Respondent 3 | Ek weet nie, dit was ekself. Toe ek begin werk het, het ek iemand ontmoet en die persoon het verlof gevat om saam met my, in die stad, by 'n vriend te bly en elke oggend saam met my werk toe gestap omdat dit vreemd was vir my. In die middae het hy voor die bank vir my gewag en saam met my weer AEO-sentrum toe gestap. Dit was vir my romantiese |

| | |
|---|---|
| | liefde, want hy het sy tyd opgegee om saam met my te wees. |
| | |
| Navorser | Toe jy 'n skooldogter was, wat nog nie betrokke was by enige iemand nie, het jy nie jou eie ideë oor romantiese liefde gehad nie? |
| Respondent 3 | Ja, blomme en tjoklits en sulke goed. |
| | |
| Navorser | Nou hoekom het jy gedink blomme en tjoklits is romantiese liefde – waar langs die pad het jy dit teegekom? As ek (die navorser) Bederf was, het ek iewers in jou lewe met jou paaie gekruis, wat het ek toe vir jou gesê? |
| Respondent 3 | Jy het my laat beter voel oor myself, my laat goed voel as ek af was, jy het my spesiaal laat voel. |
| | |
| Navorser | Sê jy vir my romantiese liefde laat jou goed voel? |
| Respondent 3 | knik haar kop instemmend. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 en Respondent 3, julle het beide vir my vertel dat julle al in julle ouerhuise julle prentjies of ideës oor romantiese liefde begin vorm het, op grond van hoe julle ouers met mekaar opgetree het?<br>Respondent 4 wil jy nie dalk vir my bietjie meer vertel van hoe jou ouers met mekaar opgetree het nie. Hoekom beskryf jy dit as romantiese liefde? |
| Respondent 4 | Romantiese liefde en liefde is nie dieselfde ding nie. Romantiese liefde is daai ekstra bietjie wat jy insit, liefde is iets wat ontstaan tussen twee mense. |
| | |
| Navorser | Dink jy die een kom voor die ander een? |
| Respondent 4 | Liefde. Die romans aspek is of voor die tyd of na die tyd of heeltyd daar, maar jy kan nie romans hê, as jy mekaar nie liefhet nie. |
| | |
| Navorser | Toe jy Respondent 3 die eerste keer uitgevra of ontmoet het, was jy dadelik lief vir haar en het daarna romanties aangetrokke gevoel, of was daar eers 'n romantiese konneksie en toe het liefde daaruit voortgevloei? |
| Respondent 4 | Moeilike vraag, ek weet nie. As ek daai antwoord geweet het, het ek seker al suksesvolle boeke geskryf? |

| | |
|---|---|
| Navorser | Het jy ooit vlinders in jou maag gehad oor haar, of gevoel jy het lus om vir haar blomme te vat of haar te bederf? Het jy so gevoel? |
| Respondent 4 | Nee, ek voel nooit so in enige situasie nie. Ek maak instinktief 'n besluit, ek neem 'n besluit daar en dan – en dan gebeur dit. Ek voel nie "vlinders" nie. Ek hoef ook nie vir vriende te vra: Dink jy ek moet dit doen, of moet ek dit nie doen nie?"" Ek dink self oor 'n ding en dan neem ek die besluit en dan word dit gedoen? |
| | |
| Navorser | Sê jy met ander woorde vir my dat die oomblik toe jy Respondent 3 gesien het, het jy besluit jy gaan 'n pad stap met hierdie vrou? |
| Respondent 4 | Wat is teenoorgestelde van instinktief – as jy iets besluit, maar dit nie definitief nie, as jy soort van *go with the swing,* en dan ewe skielik gebeur daar dinge en dan neem die hele situasie sy verloop. |
| | |
| Navorser | Dit was vir my interessant dat jy vertel van die dinge wat gebeur het. Wat was daardie dinge wat gebeur het? |
| Respondent 4 | Ek weet nie. As ons byvoorbeeld praat oor die aand toe ek Respondent 3 ontmoet het. Ek het uitgegaan saam met n vriend van my om die aand te geniet. Vroumense was glad nie eers 'n issue op my agenda gewees nie. Ons het drankies gedrink en ek wou nie vroeg huis toe gaan nie, want ons was by 'n nuwe klub. Ons het die aand geniet toe ons Respondent 3 en 'n vriendin daar sien. Hulle het gesels en ek het net soontoe geloop, begin gesels, gevra of hulle 'n drankie wil hê en vir my vriend gaan sê ek gaan nog bietjie kuier. Hy moes huis toe gaan omdat hy die volgende dag nog moes swot. Ek het hom huistoe gevat en hy het gesê: 'hoe weet jy hulle gaan nog daar wees as jy teruggaan?' Maar dis 'n instinktiewe ding, ek het gesê ek gaan terugkom en saam met hulle 'n bier kom drink, en ek het terug gegaan en hulle was nog daar. Dit was 'n sekerheid en *gutfeeling* wat daar was. |
| | |
| Navorser | Wat is daai *gutfeeling* – hoe voel dit? Wat het gemaak dat hy daardie aand wou teruggaan? |
| Respondent 4 | Mm, die persoon wat ek gesien het was vir my spesiaal – en dit was vir |

| | |
|---|---|
| | my die moeite werd om terug te gaan – klaar! |
| | |
| Navorser | Respondent 4, mag ek net ter wille van my eie duidelikheid oor jou prentjie van romantiese liefde vir jou vra: Is romantiese liefde en verlief wees vir jou twee verskillende dinge? |
| Respondent 4 | Romantiese liefde beteken dat jy nie voorgee nie. Dis omdat mense voorgee wat 80% van huwelike, wat ook al die statistieke is, op die rotse is. Mense probeer voorgee wat hulle nie is nie, i.p.v om as 'n persoon ontmoet daar en dan jouself te wees. Dan kan die persoon nie omdraai en sê toe ek jou ontmoet het was jy anderste gewees nie. Sodra mense in die huwelik tree kom die ware persoonlikheid van die persoon na vore, en dan kan die ander persoon nie meer daarmee saamleef nie, want dit is nie die feetjie of die beertjie wat ons ontmoet het nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 jy vertel dus vir my dat romantiese liefde en verlief wees nie vir jou dieselfde ding is nie, verstaan ek jou reg? |
| Respondent 4 | Nee, dit is beslis nie dieselfde nie. Verlief wees is iemand wat vir jou baie spesiaal is en wat daar is vir jou, op wie jy kan staatmaak, dit is meer as net 'n buddy, dit is 'n absolute *companion*, iemand wat net daar is vir jou. |
| | |
| Navorser | Beskryf jy nou vir my liefde, verlief wees of romantiese liefde? |
| Respondent 4 | Dis liefde |
| | |
| Navorser | Ek het nou jou prentjies van liefde en van romantiese liefde gehoor, wat is verlief wees vir jou? Was jy ooit in jou lewe verlief gewees? |
| Respondent 4 | Ja, ek sou sê in die tydperk voor ons getroud is, was ek verlief gewees, die troudag self was 'n besonderse dag, en daar is oomblikke van verlief wees deur my huwelik, maar dit is nie iets wat elke dag is nie. |
| | |
| Navorser | So vir jou is verlief wees ook iets wat aangaande is? Is dit oomblikke in 'n lewe van liefde? |
| Respondent 4 | Dit is soos vuur, dit is warm en koud, dit is nie konstant nie. Romantiese liefde en verlief wees is beslis nie een ding nie. Romantiese liefde, |

| | |
|---|---|
| | verlief wees en liefde is drie verskillende goed. |
| | |
| Navorser | Is jy in die verlief wees-oomblikke nog steeds jouself sonder om voor te gee? Is jy altyd jou eerlike self, of het jy sekere dinge voor jou huwelik anders gedoen as in jou huwelik. |
| Respondent 4 | Nee, ek is 100% dieselfde. |
| | |
| Navorser | Respondent 3, jy het vir my gesê jy het in jou ouershuis 'n groot gedeelte geleer van hoe jy dink oor romantiese liefde. Skets net vir my nog 'n biejie verder wat het jy alles in die huis geleer en watter ander bronne het bygedra tot jou prentjie van romantiese liefde. Jou prentjie verskil van Respondent 4 sin – dalk? Wat is jou opinie, vertel vir my meer van jou prentjie van romantiese liefde. |
| Respondent 3 | Ek dink vir my is romantiese liefde en verlief wees dieselfde, maar vir my is dit beslis 'n ding wat verander, want jy raak gewoond aan daai persoon. Dit werk net so. Jy het daai *butterflies* in die begin, maar later gaan dit weg. Daar is oomblikke wat dit seker daar is, maar dit is nie elke keer daar nie.<br>Ek het 'n manier om dingetjies vir die ander persoon te doen, deur romanties te wees, deur nie die alledaagse te doen nie bv die hek oop te maak as Respondent 4 by die huis kom, of tandepasta op jou tande borsel te sit – ietsie spesiaals te doen wat nie die norm is nie. |
| | |
| Navorser | Hoe laat hierdie *butterflies* jou voel? |
| Respondent 3 | Ongelooflik, dit voel of jy sweef, jy kan nie wat om die persoon te sien nie, en daai eerste soen is iets wat jy nooit in jou lewe weer sal hê nie, maar dit water vinnig af, sommer in die eerste maand. Dit is net so en jy kan 50 mense vra, dis dieselfde storie. Dit bly net nie daar nie. Daai spesiale gevoel wat in die begin daar is kwyn weg. Ek sê nie jy is nie meer lief vir daai persoon nie, verliefdgeid gaan oor in liefde. Romantiese liefde is as jy nog daai spesiale goedjies doen en dit verander. |
| | |
| Navorser | Sou jy graag wou hê dit moet aanhou? |

| | |
|---|---|
| Respondent 3 | Natuurlik, natuurlik |
| | |
| Navorser | Jy het gepraat van *butterflies* en van spesiaal voel – waar het die ideë vir jou gevorm dat dit is wat verlief wees of romantiese liefde is? |
| Respondent 3 | Ek weet nie, ek dink dit is seker maar iets wat mens beleef, my ouers was baie lief vir mekaar, maar hulle sou nooit regtig voor ons sulke dinge doen nie. Maar hulle het mekaar gerespekteer, dalk gaan ek nou 'n bietjie wyd. Ek weet nie, mens praat maar op skool daarvan, en dus 'n ding wat gebeur. Jy hou van 'n persoon en jy *eye* hom op skool, en op 'n stadium kry jy te doen met mekaar – en dan daai eerste soen – dit is 'n gevoel wat net dan daar is. |
| | |
| Navorser | Wat het jy en die meisies met jy saam op skool was vir mekaar vertel oor romantiese liefde? Watter idees het 'n invloed gehad op jou eie prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 3 | Ja, jy praat tog, maar ek dink jy beleef dit eerder. Ek het nie regtig met mense op skool gepraat daaroor nie, ek het miskien 'n prentjie in my binneste gehad oor die dag as ek die ideale man in my lewe gaan ontmoet, oor hoe hy my gaan bederf, hoe romanties hy gaan wees, wat hy gaan doen... |
| | |
| Navorser | Jy het nou vir my 'n belangrike ding gesê. Jy het 'n prentjie gehad van hoe hierdie man jou moet bederf. Vertel vir my daarvan. |
| Respondent 3 | Ek was nog nooit 'n persoon gewees wat wou hê dat 'n ou my moet oorval met geskenke nie, Respondent 4 kan getuig daarvan. As 'n outjie vir my 'n beer gekoop het was dit altyd, "oe, moenie, moenie", maar tog wil jy dit hê. Maar dis my persoonlikheid. Ek is altyd iemand wat sal sê, dankie wat skuld ek jou? Maar jy wil hê 'n ou moet jou soms met blomme bederf, of 'n kaartjie of 'n briefie. Op my verjaarsdag het Respondent 4 my baie spesiaal bederf en dit is romanties. Om alleen 'n tafeltjie te bespreek in die hemel, (sy verspreek haarself en korrigeer dadelik met) ek bedoel op die gras. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 jy het vir my gesê jou ouers het 'n rol gespeel in jou |

| | |
|---|---|
| | prentjie van romantiese liefde en op skool die seuns ondermekaar. Maar ek wil weet op watter ander maniere is hierdie prentjie wat jy het, gevoed? Op watter ander maniere is jou prentjie aangevul, gestimuleer? |
| Respondent 4 | So oor die jare is dit maar 'n gevoel wat mens in jouself het, dinge wat jy ervaar, wat jy sien, wat jy hoor. Die lewe is vol van sulke goed. Dan kan jy maar die goedheid of die slegtheid daaruit neem. |
| | |
| Navorser | Noem vir my 'n voorbeeld |
| Respondent 4 | (Hy skud sy kop en bly stil) |
| | |
| Navorser | Kom ons dink oor iets soos die media, tydskrifte, het jy ooit idees daarin opgetel? |
| Respondent 4 | Tydskrifte beslis nie, bedoel ek is nie 'n ou wat besonders lief is vir lees nie. Nee, ek bedoel, ek lees dit, maar ek streef dit nie na nie. Dit gaan daar iewers in en uit. Dit is nie iets wat 'n moerse issue van maak nie. Dis 'n menslike gevoel, 'n persoonlike ding wat jy in jouself het, wat na vore kom. Dit is deel van opvoeding. Dis 'n gutfeeling. Jy weet om 'n deur oop te maak vir iemand is 'n goeie ding, om 'n persoon te ignoreer is 'n slegte ding. Ek bedoel dis dinge wat jy het of nie het nie. Jy leer dit nie aan nie. |
| | |
| Navorser | So die basics is gevorm in jou ouerhuis en ander invloede, soos *The bold and the beautiful* , tydskrifte, rolprente het nie veel 'n invloed gehad nie. Hoor ek jou reg? |
| Respondent 4 | Samelewingsdruk en mense wat opinies het, is welkom om hulle opinie te lig, maar of ek daarmee saamstem is 'n ander ding. *Loving* en *Bold en beautiful* is sommer 'n klomp snert. Dis die grootste klomp breinspoel rubbish wat op hierdie aarde is. Almal kyk daarna, en dis 'n sprokiesverhaal en die werklikheid is ver daarvandaan. |
| | |
| Navorser | Het Godsdiens ooit 'n rol gespeel in jou siening van romantiese liefde? |
| Respondent 4 | Ja beslis, dis heel eenvoudig. Dis 'n reguit lyn. Iets is of reg of weg, ons kan nie in al die details ingaan nie. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Wat is die een ding wat die Bybel jou geleer het oor romantiese liefde? |
| Respondent 4 | Hy dink lank. Respondent 3 tree in en sê: "Ek bedoel dit nie lelik nie maar dan het Godsdiens nie 'n rol gespeel daar nie." |
| | |
| Navorser | Respondent 4 jy hoef nie te antwoord nie, en as jy later iets daaroor wil sê is jy ook welkom.<br>Respondent 4, wat moet jou maat vir jou doen om jou te laat spesiaal voel. |
| Respondent 4 | Net spesifieke aandag skenk aan my, en luister na dit wat jy wil sê of wat ookal, haar opinie ook gee. Sy moet met my kommunikeer. Ek wil net voel ek is iemand spesiaal as daar 20 of 30 ander mense in die kamer is. Ek wil voel dis ek, en nie die ander 19 mense om my nie. Ek wil nie voel omdat daar mense mense is moet ek my stories verander nie. Ek bedoel dit moet voel soos julle twee in die kamer, julle praat saam en julle is spesiaal vir mekaar, ongeag wat ander mense kan dink of sou dink. |
| | |
| Navorser | So met ander woorde jy sê vir my as daar 30 mense in 'n kamer is, moet jou maat dit vir doen om jou te laat spesiaal voel. |
| Respondent 4 | Ja. |
| | |
| Navorser | Hoe voel jy as jy spesiaal voel? |
| Respondent 4 | Baie goed, ek bedoel – dis 'n moeilike vraag. Maar ek voel verhewe, dit voel of ek op die tafel in die kamer staan. Nie dat jy ander se aandag wil trek nie, dit is net 'n *spine tingling feeling.* |
| | |
| Navorser | Respondent 3 vertel vir my van enige iets anders soos die TV, boeke, tydskrifte, enige iets anders wat ek nie eers noem nie, wat het dit gedoen vir jou prentjie van romantiese liefde, aan jou verhouding wat jy het met romantiese liefde? |
| Respondent 3 | Dit het seker bygedra tot dit. Ek bedoel as jy jonk is en jy is verlief wees weet jy seker nie altyd wat gaan hand aan hand met dit nie. Mens lees boeke en jy lees die ou het dit gedoen of daai vrou het dat gedoen, en jy gaan in 'n mate dit seker toepas op jou lewe ook. Maar ek dink kom seker meer van binne mens. Ek is eintlik 'n introvert, so ek gaan nie |

| | |
|---|---|
| | goed doen wat bots met my persoonlikheid nie. Ek kan 10 000 boeke lees en as dit nie my geaardheid is nie, gaan ek dit nie doen nie. So dit moet maar uit jouself uitkom, dink ek. |
| | |
| Navorser | Het jy iets gekry, waarmee jou geaardheid kon vereenselwig, wat jy wou gaan toepas? Sien jy nie dalk partykeer jou vriende en dink: Hey, kyk hoe is hulle met mekaar, kan ek nie ook dalk dit doen nie? |
| Respondent 3 | Beslis, ek het al baie gekeer geluister na wat vriende vertel en dan probeer ek dit tog maar toepas. |
| | |
| Navorser | Is daar van die dinge wat jy gehoor het, wat jy gewens het Respondent 4 met jou wil doen? |
| Respondent 3 | Baie! |
| | |
| Navorser | Vertel my daarvan. |
| Respondent 3 | Iemand in my lewe het vertel hoe hy sy vrou bederf het op Valentynsdag, toe hy roosblare van die deur af tot op die bed gestrooi het. Dit laat jou dink dat jy ook daarvan sal hou om dit so te hê. Maar as jy met 'n man getroud is wat nie so is nie, wat dan? Dan moet jy realisties bly. Dit help nie jy skep jy skep hierdie prentjie in jou kop en die persoon met wie jy betrokke is, is net nie so nie. Maar enige een wil spesiaal voel, jy wil bederf word, jy wil die dinge hê wat jou vriendin miskien kry. |
| | |
| Navorser | Respondent 3, wat is die dinge wat jou laat spesiaal voel, en hoe voel jy as jy spesiaal voel? |
| Respondent 3 | As iemand vir my 'n bad water met skuim tap of om by die huis te kom en die kos is gemaak. Sulke dingetjies, dingetjies wat mens nie aan gewoond is nie. Ek sal spesiaal voel as ek moeg is en rerig nie lus is om iets te doen nie, en ek kom by die huis en dis klaar gedoen. |
| | |
| Navorser | Beskryf vir my hoe voel jy as jy spesiaal voel. |
| Respondent 3 | Gewaardeerd, jy voel jy tel in daai persoon se lewe! Jy voel *on cloud 9.* |
| | |
| Navorser | Dit klink vir my jy en Respondent 4 deel tog iets as dit by spesiaal voel |

| | |
|---|---|
| | kom. Hy het gepraat van die *spine tingling feeling* en jy van *on cloud 9.* |
| | |
| Navorser | Respondent 4 dink jy het jou ouers oor romantiese liefde gedink in die tyd toe hulle opgesit het? |
| Respondent 4 | Nee, yislaaik. Maak my 'n miljoenêr as ek weet. |
| | |
| Navorser | Respondent 3 het jy 'n ideë oor die manier waarop jou ouers opgesit het, of gedink het oor romantiese liefde? |
| Respondent 3 | Ek kan nie onthou nie. Hulle het seker daaroor gepraat, maar ek kan wraggies nie onthou nie, hoor. |
| | |
| Navorser | Dink julle romantiese liefde het bestaan in die tyd toe julle ouers opgesit het? |
| Respondent 3 | Ek dink meer as nou! |
| | Respondent 4. Ek stem saam. As jy kyk in die verlede die tipe rolprente wat gewys het in die veertiger en vyftiger jare, in vergelyking met nou. Nou is alles skop-skiet- en donder. Die hele lewe het so groot ommeswaai gehad, dit is eintlik *scary.* Jy kan omtrent nie romantiese flieks waaraan aan ons ouers blootgestel is, vergelyk met waaraan ons nou blootgestel word nie. Dit is twee pole wat glad nie bymekaar uitkom nie. |
| | |
| Navorser | Wat is die grootste verskille? |
| Respondent 4 | Toe was daar tyd , nou is daar nie. Nou moet ons tyd maak. Die lewe is nou veel meer gejaagd en daar is internet en TV, boeke en tydskrifte. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 dink jy dat hierdie gejaagdheid steel romantiese liefde by jou? |
| Respondent 4 | In 'n groot mate ja! In die laaste paar jaar, voel jare soos maande – as mens nou iemand kry wat van liefde iets goed maak, staan almal op en kyk. Almal sê: Yis, kyk wat doen hulle. As jy twee mense op straat sien, wat hand om die lyf loop, of mekaar staan en soen voor die kafee – dan dink jy so wat is met hulle fout? Die samelewing het weg beweeg daarvan en ons is deel van die hele proses, sonder dat ons dit besef. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Dink jy ons kan 'n keuse maak om dit terug te bring in ons lewens in? |
| Respondent 4 | Ja, jy kan – dit is hoekom die huwelik iets is om aan te werk. Jy werk by die werk, dan kom jy huis toe en jy moet dubbel so hard werk. |
| | |
| Navorser | Maar is dit die moeite werd? |
| Respondent 4 | Aan die einde van die dag is dit! |
| | |
| Navorser | Respondent 3 hoe dink jy verskil die romantiese liefde van jou ouers se opsitdae van ons sin? |
| Respondent 3 | Ek stem saam met Respondent 4 oor tyd, ek dink dit is 'n *valid point* wat hy gemaak het. In ons ouers se tyd was daar nie TV's en goed nie, hulle het meer tyd saam spandeer, het meer gesels, was baie meer romanties. En die vrouens het nie gewerk nie. Vandag werk vrouens en jy is moeg as jy in die aand by die huis kom, so dit is definitief nie dieselfde nie. |
| | |
| Navorser | Ons het almal binne die Afrikaner kultuur grootgeword – het ons kultuur julle prentjie van romantiese liefde beïnvloed? |
| Respondent 3 | Ja, romantiese liefde was iets wat in die huis gehoort het. |
| Respondent 4 | Ek stem nie saam nie, my kant is ander, want ek het 'n *mixed* situasie gehad tussen die Afrikaanse en die Engelse kultuur. |
| | |
| Navorser | Respondent 4, hoe verskil die persoonlikhede van romantiese liefde in die twee kulture? |
| Respondent 4 | Engelse mense is meer oop in terme van hoe hulle voel, hoe hulle dink, hoe hulle reageer. Afrikaners dink twee maal voor hulle iets doen en as hulle dit doen wonder hulle is dit reg of is dit nie reg nie. Hulle dink oor wat gaan ander mense dink. Engelse mense is nie so nie. |
| | |
| Navorser | Watter kultuur het jou siening van romantiese liefde die meeste gevorm? |
| Respondent 4 | Die Engelse kant. |
| | Respondent 3 knik haar kop heftig instemmend. |
| | |
| Navorser | Respondent 3 hoekom stem jy so sterk saam. |
| Respondent 3 | Respondent 4 sal eerder reguit wees, voor hy iemand se gevoelens spaar. Hy sal eerder vir my sê my hare lyk slegs as wat hy sal sê: moet jy nie jou hare eerder so kam nie? |

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 3 jy het 'n prentjie gehad van romantiese liefde voor jy Respondent 4 ontmoet het, en Respondent 4 het 'n prentjie gehad voor hy jou ontmoet het. Watter verwagting Respondent 3 het romantiese liefde by jou geskep oor Respondent 4? |
| Respondent 3 | Dat ek binne perke bederf moet word, en gerespekteer moet word, dat ek spesiaal laat voel moet word. |
| | |
| Navorser | Hoe moes Respondent 4 dit doen? Hoe moes hy jou bederf? |
| Respondent 3 | Deur badwater in te tap, deur klein dingetjies te doen soos jou bed oop te maak voor jy gaan slaap, 'n tjoklit onder my kopkussing te sit, 'n blommetjie uit die tuin uit te pluk... |
| | |
| Navorser | Het Respondent 4 dit vir jou gedoen voordat julle getroud is? |
| Respondent 3 | Nee! |
| | |
| Navorser | Is jou verwagtings nog steeds dieselfde |
| Respondent 3 | Nee, ek het nou maar geleer om daarmee saam te leef, ek verwag dit nie van hom nie. Hy het seker ander dinge wat ek nie as romanties sien nie. Maar ek maak nie meer my self mal deur te verwag hy moet vir my 'n bad water intap nie. Ek verwag dit nie meer nie, maar ek verlang nog daarna. |
| | |
| Navorser | Respondent 3 sê jy vir my dat Respondent 4 konstant was van voor julle huwelik af, m.a.w. wat hy voor die huwelik gegee het, of nie gegee het nie, is nog dieselfde in julle huwelik. |
| Respondent 3 | Beslis. En dit is nie omdat hy nie dinge vir my wil doen nie, ons leef in 'n gejaagde tyd en hy is ook moeg as hy in die aand by die huis kom. En dis ook nie sy persoonlikheid nie. Ek bedoel met skets 'n prentjie van iemand en jy hoop om dit te kry, maar dit is nie al waaroor dit gaan nie. Mens leef soms in 'n droomwêreld en omstandighede maak dat Respondent 4 nie altyd aan alles kan voldoen aan al my verwagtings van romantiese liefde nie. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 4 wat het romantiese liefde vir jou gesê moet jy van Respondent 3 verwag? |
| Respondent 4 | Dat sy altyd dieselfde moet wees. Sy moet in ons huwelik wees presies wat sy was toe ek haar ontmoet het. Die tydperk voor ons verloof was en toe ons verloof was, was sy haarself. Sy het lekker gelag, ons het lekker tye saam gehad, en as ons gesê het ons gaan iewers heen, het ons saam besluit daaroor. TV en ander faktore was nooit 'n groot issue in die lewe nie. Ek wil hê ons moet saam gemeenskaplike belange hê. Dis nie altyd maklik nie, want een ou wil winkels toe gaan en die ander een hou nie daarvan nie. Of een hou van sport en die ander kan nie deel daarin nie. Ons gaan kyk so nou en dan rugby saam, en ons doen 'n paar buitemuurse aktiwiteite saam. Met tye voldoen Respondent 3 aan my verwagtigtinge en by tye nie. Die moderne lewe maak dit nie eintlik makliker nie. Die nie dat mens dit noodwendig nie wil hê of nie wil doen nie, daar is net soveel faktore... |
| | |
| Navorser | Wat vertel romantiese liefde jou oor Respondent 4? Wat sê romantiese liefde vir jou, hoe is Respondent 4?<br>(Respondent 3 kyk vraend na my.)<br>As jy en romantiese liefde sit en gesels, wat vertel romantiese liefde vir jou van Respondent 4? |
| Respondent 3 | Romantiese liefde sê vir my dat Respondent 4 dinge moet doen vir my wat my laat spesiaal voel. |
| Respondent 4 | Ek dink nie daar is iets van Respondent 3 wat my teleurstel of iets wat ek graag wil hê wat nie daar is nie. Van tyd tot tyd is daar miskien klein dingetjies wat my irreteer of so, maar dit is niks wat mens nie aan kan werk nie. Mens moet mos by die huis harder werk as by die werk. |
| | |
| Navorser | Kan jy my 'n voorbeeld gee van 'n keer tot romantiese liefde vir jou vertel het dat Respondent 3 'n positiewe ding gedoen het? |
| Respondent 4 | Ja dit is klein goedjies, man. Ek bedoel geld is nie vir haar alles nie, sy sal uit haar pad uitgaan om my gelukkig te maak, of te laat goed voel. Maar dis 'n moeilike vraag vir my. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Het romantiese liefde al in jou oor gefluister dat Respondent 3 iets minder goeds gedoen het? |
| Respondent 4 | Respondent 4 huiwer en Respondent 3 sê:<br>Ek weet van kere, jy kan maar sê ek sal nie vir jou kwaad wees nie. Daar was al kere wat jy gesê het ek praat makliker met ander mense as met jou.<br>ja, daar is kere dat dit voel of sy met ander mense makliker |
| | |
| Navorser | Respondent 3 wat het romantiese liefde vir jou vertel oor jouself voordat jy en Respondent 4 getroud is? |
| Respondent 3 | Ek is nie so romantiese tipe persoon nie. Ek is nie 'n ou wat briefietjies in kosblikke sit nie (Respondent 4 voeg in: Ek het nie eers 'n kosblik nie! Almal lag gemoedelik.) Romantiese liefde het al vir my gesê om deur die dag 'n oproep te maak en vir hom te sê ek is lief vir hom, of ons sal alleen in die huis wees ek sal aan iets van Respondent 4 dink. Dan sal ek sommer bo-op klim op die bed en vir hom sê 'haai ek is lief vir jou!', sommer so uit die bloute uit, sommer so sonder rede. |
| | |
| Navorser | So wat sê jou demonstrasie van romanantiese liefde van Respondent 3 as persoon? |
| Respondent 3 | Ek is 'n warm mens wat kan liefde gee. Ek soek dit baie en ek gee dit graag. Ek dink ek wys dit makliker as Respondent 4. Ek sal hom vasdruk voor die hek, en hy sal dit glad nie doen nie. |
| | |
| Navorser | Jy gee graag en baie, wat gebeur as jy nie dieselfde ontvang wat jy gee nie? |
| Respondent 3 | Romantiese liefde sê maklik vir my Respondent 4 skeep my af. Maar dit is nie noodwendig so nie, want dit is dalk net nie hoe hy is nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 wat het romantiese liefde vir jou vertel oor jouself? |
| Respondent 4 | Ag ek is eintlik 'n snaakse outjie, want ek sal sê my romantiese gedeelte is seker enkel syfers. Die kere wat ek dit regtig doen om die persoon te laat spesiaal voel, en uit my pad uitgaan is min. Op die einde van die dag is dit dalk maar soos ek groot geword het, omdat ek die enigste seun is. |

| | |
|---|---|
| | Mense sê maklik jy is bederf en daai klas van goeters, maar dis bull shit, ek is nooit ooit bederf gewees nie. Die manier van grootword, koshuis en weermag en al die dinge, het my as individu net anders gemaak. Ek bedoel ek is net glad nie so persoon nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 jy sê as dit kom by romantiese liefde is jy 'n enkelsyfer mens, dat jy dit nie wys nie. Is dit die waarheid oor jouself, of is dit wat romantiese liefde vir jou oor jouself vertel? En mag ek by dit net nog 'n vraag vra ter wille helderheid vir my. Jy het vir my gesê romantiese liefde is kwaliteit tyd, is om lekker saam te lag, om dinge saam te doen, mekaar te aanvaar sonder bybedoelings. Gesien in die lig van jou idee van romantiese liefde, beskryf jy jouself nog steeds met 'n enkelsyfer? |
| Respondent 4 | Ja, ek praat van die persentasie van kere wat ek dit regtig toepas. Ek doen dit minimaal, maar ek dit doen, doen ek regtig moeite. |
| | |
| Navorser | Maar kom ons gebruik die voorbeeld van 'om mekaar te aanvaar sonder bybedoelings', is dit nie altyd hoe jy Respondent 3 aanvaar nie. |
| Respondent 4 | Ja, ek is, maar ek bedoel mens pas dit nie altyd letterlik of fisies toe nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 help my net nog 'n keer. As ons nou praat oor romantiese liefde, praat ons nog steeds van die prentjie wat jy aan die begin vir my geskets het, of het die prentjie ontwikkel. Dink jy romantiese liefde het ander vertakkings ook? |
| Respondent 4 | Dit is seker *possible*!<br>As ek by die prentjie hou wat ek aanvanklik geteken het sal ek seker baie naby aan 50% kry. Ek is maar soos ek is, ek maak nie 'n groot *issue* van dinge nie. Ek gaan aan en ek doen my ding. *What you see is what you get*. Ek probeer nie voorgee of iets wees wat ek nie is nie. |
| | |
| Navorser | Wat is die invloed van romantiese liefde op julle huidige verhouding? |
| Respondent 3 | Uit my oogpunt uit is dit partykeer negatief, want ek verwag iets wat ek nie kry van Respondent 4 nie, en ek skets vir my 'n prentjie van hoe dit moet wees en dan kry ek dit nie, en dan maak dit my morbied en ek dink ek het nie die ideale huwelik nie, want hoekom kan ek nie ook so bederf |

| | |
|---|---|
| | word nie. Hoekom kan ek nie ook dit en dit en dit nie? |
| Respondent 4 | Ek dink die sosiale lewe, TV en sepies en goed het 'n wanindruk geskep. Dit het 'n groot invloed in mens se lewe. 'n Mens kyk na sulke goed en dink dit is wat jy graag wil hê. Mens leef dan in 'n droom, dit is *la-la land*, want dit gebeur nie regtig nie. Ek bedoel enige mens het sy *ups* en sy *downs*. Party kere voel jy baie goed, en die ander persoon is dan *down*. Hoe jy voel het groot invloed op mens se lewe. Die dag toe mens mekaar ontmoet het, wat daar 'n *spark* gewees, maar daai spark is nie elke dag daar nie. Ek bedoel, dan's dit vir jou daar en dan is dit nie daar vir jou maat nie. Dit is hoe die lewe is, dit is hoekom die huwelik iets is wat jy aan moet werk. |
| | |
| Navorser | Watter invloed het jy op romantiese liefde Respondent 4? |
| Respondent 4 | Ek dink mens moenie *assume* nie. Dit is wat ek dink die grootste probleem is. Mens sien altyd wat die persoon doen, of hoe hulle optree en mens lig jou wenkbroue, of jy skud jou kop of iets, en dink jy weet hoekom daai persoon so optree. Dan is dit nie hoe daai persoon dink of voel nie en dadelik is daar wrywing. |
| | |
| Navorser | Respondent 3 watter invloed het jy op romantiese liefde? |
| Respondent 3 | Mens moet probeer verby dit sien wat jy jouself wys maak, nie dat dit altyd maklik is nie. Daar is dingetjies wat elke persoon irreteer en om dit oor te sien is nie altyd maklik nie, maar mens kan seker werk daaraan. |
| | |
| Navorser | Respondent 3 het romantiese liefde al ooit vir jou gejok? |
| Respondent 3 | Beslis. Voor mens getroud is skets romantiese liefde vir jou 'n prentjie van 'n huwelik, maar 'n huwelik is nie elke dag maanskyn en rose nie. Mens voel nie elke dag dieselfde nie. Romantiese liefde skep onrealistiese verwagtings soos dat Respondent 4 elke week met 'n bos blomme by die huis moet aankom. Of dat hy jou altyd sal vashou as jy dit sou wou hê. Maar hy weet nie altyd op watter tye wil ek vasgehou wees nie. |
| Respondent 4 | Ek het nie sulke hoë verwagtings nie. Ek kom by die huis en het miskien iets verwag soos ek wil iewers heen gaan, of gaan uiteet. Mens |

| | |
|---|---|
| | het miskien 'n plan of twee en dan sê Respondent 3 sy is nie nou in die bui nie. Sy wil eerder by die huis bly, of dit is te koud. Dan val mens se toring bietjie inmekaar in. Dan kan dit nogal *touchy* raak, want dit hang af hoe jou maat dan optree. Want as sy net iets verkeers sê, dan ontplof jy en jy is op die oorlogspad. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 dink jy as jy nou so op die oorlogpad is dat romantiese liefde vir jou leuens oor Respondent 3 in jou oor kan fluister? |
| Respondent 4 | Ja, ek bedoel, daar is maar hierdie outjie wat so op jou skouer kom sit en vir jou al hierdie storie vertel. En elke persoon hanteer dit anderste. Dit werk op my, maar ek probeer maniere kry om aan ander dinge te dink om myself te kalmeer, of om net rustig te wees. |
| | |
| Navorser | Is jou prentjie van romantiese liefde 'n ideaal of is dit werkbaar? |
| Respondent 3 | Dit is werkbaar! |
| | |
| Navorser | Vertel vir my meer? |
| Respondent 3 | Partykeer is daar dinge wat fout gaan in jou lewe en dan jy op daai stadium net iemand nodig wat vir jou kan sê: Toemaar moenie *worry* nie, dinge lyk nie so erg nie. Ek sê nie ek soek 'n *mansion* van 'n huis nie, ek is nie onrealisties nie. Ek soek daai maat om daar te wees om jou te ondersteun as dit nie lekker gaan nie. Romantiese liefde kan beslis werkbaar wees. |
| | |
| Navorser | Wat sê jy Respondent 4: |
| Respondent 4 | Ek dink dit is altwee. Want daar is dinge waar jy 'n droomtoring bou, en dan is dit nie wat jy verwat het nie. En dan is daar dinge wat alledaags in die huwelik gebeur waar jy die persoon verkeerd opsom, of dinge *assume.* Maar ek dink die belangrikste is dat die twee mense wat saamstem of nie saamstem nie, hulle dinge binne in die huwelik oplos, en dalk nie na hulle ouers toe hardloop, of met mense daarbuite betrokke raak nie. Dit is vir my baie belangrik. |
| | |
| Navorser | Respondent 3 wat doen jy om romantiese liefde lewend te hou in julle |

| | |
|---|---|
| | verhouding. Hoe voed jy romantiese liefde om aan die gang te bly? |
| Respondent 3 | Spesiale aandag, nie elke oomblik van die dag nie, maar daar is kere wat ek spesiale goetjies sal doen vir Respondent 4. Dit is miskien my manier. Ek is nie 'n ou wat hom die hele dag met wonderlike kos toegooi nie. Ek sal vir hom drukkies gee op tye wat hy dit nie verwag nie. Of ek sal by 'n funksie vir hom sê hy is vir my die aantreklikste man daar, of hy lyk die beste. Ek sê dit nie omdat ek moet nie, ek bedoel dit as ek dit vir hom sê. |
| | |
| Navorser | Respondent 4 wat doen jy om romantiese liefde te voed? |
| Respondent 4 | Man, ek is eintlik anderste, ek bedoel ek sê dinge altyd grappenderwys, of met 'n draai. Daar is altyd 'n *second* of 'n *third agenda.* As ek in die oggend vir haar vrae: 'nou waantoe gaan jy vanoggend?', bedoel ek eintlik sy lyk mooi. Dit is my manier en dit is hoe ek is. Ek sal ook met Respondent 3 kommunikeer hoe ek oor haar voel.<br>(Respondent 3 vra of sy ook iets kan sê) |
| Respondent 3 | Daar is dinge. Hy sal partykeer sommer vir my skottelgoed uitspoel, of die wasgoed vat en dit gaan ophang, of die bed opmaak. Sulke dinge sien ek as romantiese liefde, en dit laat my spesiaal voel. Hy dink nie noodwendig so daaraan nie. |
| | |
| Navorser | Is romantiese liefde nodig in julle huwelik? |
| Respondent 4 | Ja, dit moet mens laat spesiaal voel en jy moet dinge saam kan doen. Ek dink respondent 3 kyk bietjie baie sepies en dan loop ek verveeld hier rond. Sy het baie meer aandag aan my gegee toe ons uitgegaan het. |
| Respondent 3 | (Sy kap terug) Net soos gholf my kompetisie geword het – sjoe! Die huwelik is nie grappies nie. En romantiese liefde is beslis nodig! |

**Respondent 5**

Respondent 5 (34) en Respondent 6 (36) is al 11 jaar getroud. Hulle het vier jaar uitgegaan. Hulle is beide lidmate van die Nederduits-Gereformeerde kerk en het twee dogters onderskeidelik 14 jaar en 9 jaar oud.

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 5 hoe sien jy romantiese liefde? Beskryf vir my jou prentjie van romantiese liefde. |
| Respondent 5 | Ek dink dit is 'n manier van hoe jy met mekaar praat, hoe jy deur die dag goedjies doen, klein simpel goedjies, en hoe jy hallo sê as jy in die aande by die huis kom. Dit lei aan tot romantiese liefde. |
| | |
| Navorser | Respondent 5, jy sê dit lei aan tot romantiese liefde ... wat is romantiese liefde |
| Respondent 5 | Jy voel gelukkig en jy sien uit daarna om by die huis te wees. |
| | |
| Navorser | As jy vir my sê romantiese liefde is die klein goedjies wat mens doen, en wat mens laat uitsien om mekaar te sien ... wat is romantiese liefde nie? |
| Respondent 5 | Afkrakerig, baklei die hele tyd en ... ja |
| | |
| Navorser | As romantiese liefde 'n persoon was, wat daar oorkant jou op die stoel gesit het, wat se naam sou jy daarvoor gee? |
| Respondent 5 | 'n Bos rooi rose. |
| | |
| Navorser | Waar het jy romantiese liefde of Bos rooi rose die eerste keer ontmoet? |
| Respondent 5 | Dit was by 'n korfbalbaan waar ek bitter koud gekry het en iemand het my net kom warm hou van agter af. |
| | |
| Navorser | Toe jy romantiese liefde ontmoet het, hoe romantiese liefde ditself aan jou voorgestel. As ek myself voorstel as Esme en iets oor myself sê, wat het romantiese liefde vir jou oor ditself gesê? |
| Respondent 5 | Hy het net gekom en my warm gehou, en was half ... nee, wat doen jy? En hy het gesê ek sien jy kry koud en jy moet warm word. Eers het ek gedink hy is baie wintie en toe besluit ek nee, hierdie ou het regtig guts om dit te doen. |

| | |
|---|---|
| Navorser | Vertel vir my nog meer oor romantiese liefde – kan jy romantiese liefde skei van die man met die *guts*? |
| Respondent 5 | Sjoe … mm, dis 'n moeilike vraag … |
| | |
| Navorser | Hoe beskryf jy die karaktertrekke of eienskappe van romantiese liefde? |
| Respondent 5 | Ek dink eerlik, opreg, en openlik en hy moet beslis romanties wees, ek meen verrassing en hy moet jou baie spesiaal laat voel. Jy moet die enigste persoon in hierdie wye wêreld wees. |
| | |
| Navorser | Respondent 5 wat dink jy is die taal waarin jy romantiese liefde die beste aan jou gekommunikeer word – of hoe weet jy wanneer iets jou laat spesiaal voel? |
| Respondent 5 | Iemand moet aan my raak en aan my vat. |
| | |
| Navorser | Jou idees wat jy het oor romantiese liefde, soos dat iemand jou moet vashou, of dat jy wil spesiaal voel … hoe het jy geleer om so daaroor te dink? |
| Respondent 5 | Ek dink dit seker die manier hoe mens groot word en stories kyk. Ek bedoel enige kind het 'n droom van die troue eendag, en jou held op die wit perd en ek dink dit is maar waar dit vandaan kom. |
| | |
| Navorser | Wat het jou droom gevoed toe jy 'n kind was, wat het jou prentjie aan die lewe gehou? |
| Respondent 5 | Ek dink maar dis my ouers – hoe hulle met mekaar was en toe my ouer suster se kêrels by haar gekuier het, het ek gesien hoe gelukkig sy is. Dan natuurlik is daar flieks wat 'n groot rol speel. |
| | |
| Navorser | Jy het nou so baie interessante dinge aangeraak: Jou ouers, jou sus, flieks… Dink bietjie vir my aan jou ouers terug en vertel my van voorbeelde wat jy gesien het wat jou idee van romantiese liefde help vorm het. |
| Respondent 5 | My Pa was die nie 'n baie vriendelike ou nie, hy was 'n baie reguit ou en |

| | |
|---|---|
| | ons was altyd baie versigtig vir hom, ma hy het altyd my Ma spesiaal laat voel. Hy het ha gehelp in die huis en met die kinders. Ek kon altyd die gelukkigheid om my Ma se gesig sien.<br>Een groot ding wat hy gedoen het was om kos te maak. |
| | |
| Navorser | En jou Ma teenoor jou Pa? |
| Respondent 5 | O ja … my Ma help hom in alles. Hy doen niks alleen nie. As hy wil houtwerk doen dan moet sy help. |
| | |
| Navorser | Jou behoefte dat iemand aan jou moet raak om jou te laat spesiaal voel, het jy dit by hulle gesien. |
| Respondent 5 | Ja, ja ek het nog al. Veral kerk toe en daai tipe van dinge kon jy duidelik sien, so. |
| | |
| Navorser | Watter deel van jou prentjie oor romantiese liefde is moontlik beïnvloed deur jou Sussie se verhoudings met haar kêrels? |
| Respondent 5 | Jy kon net altyd sien hoe gelukkig lyk sy. Sy het letterlik soms van liefde en koue water geleef – daai tipe van ding. Sy kon nie wag dat die skool uitkom en die ou kom kuier nie. Jy kon duidelik sien hoe sy verskil in mens as sy nou regtig 'n goeie ou gehad het. |
| | |
| Navorser | Verskil die idee wat jy vandag van romantiese liefde het, van die prentjie wat jy by jou sussie gesien het? |
| Respondent 5 | Ja, ek dink tog so. |
| | |
| Navorser | Jy het ook gepraat oor die rol van flieks – vertel my meer … |
| Respondent 5 | Enige romantiese fliek was altyd vir my baie mooi gewees. |
| | |
| Navorser | Is daar n fliek wat jy spesifiek kan onthou? |
| Respondent 5 | Nee, nie rerig nie. |
| | |
| Navorser | En as jy vandag gaan fliek… |
| Respondent 5 | Ja ek hou nog van die romantiese flieks. 'n Fliek wat ons nou onlangs gekyk het as "A walk to remember". Dit gaan ook maar oor hierdie jong |

| | |
|---|---|
| | kinders. En jy weet in die skole het jy maar jou *cool* ouens en dan die meisietjie wat '*prim en proper*' is, en almal maak van haar 'n grap en so... en hoe hierdie 'cool' ou nou op haar verlief raak. Aan die einde van die dag het sy toe leukemia en hy die wroeging van hoekom het hy nie nie vroeer omgegee nie ... so ja dit het nogal 'n groot indruk gemaak. |
| | |
| Navorser | As jy die draaiboekskrywer van 'n romantiese fliek moes wees, hoe sou jou storie geklink het? |
| Respondent 5 | Ek dink dit sal ook iemand wees wat in die begin begin glad nie oor die weg kom met mekaar nie en dan net ewe skielik, dan sal die een persoon iets spesiaals doen en dan sal hulle besef hulle eintlik gemaak vir mekaar. |
| | |
| Navorser | Wat is daai spesiale ding wat die knoop sal deurhaak? |
| Respondent 5 | Ek dink as iemand rerig die uiterste vir jou gaan doen, as jy voel jou hele wêrld het ineengestort en hierdie een ou kom net en hy laat dit eintlik vir jou op 'n ander manier sien en sê dit is nie die einde van die wêreld nie. Dis net iets *major* vir jou, so. |
| | |
| Navorser | Was enige van die dinge in jou storie 'n werklikheid in jou en Respondent 6 se verhouding? |
| Respondent 5 | Ja ek dink tog maar ons het ons *ups* en *downs* gehad. |
| | |
| Navorser | Wat was die een deurslaggewende ding wat hy gedoen het? |
| Respondent 5 | Sjoeg, daar was so baie al ... op 'n stadium toe my suster baie siek was – sy het kanker gehad – en hy was maar die sterk een. As dit nie vir hom was nie ... ek sou dit nie sonder hom kon gemaak het nie. |
| | |
| Navorser | Vertel bietjie vir my van die romantiese interaksie in die vier jaar wat jy en Respondent 6 gedate het. |
| Respondent 5 | *Well*, alles was lekker, maar dit was soos 'n *roller-coaster* gewees. Op en af, op en af die heel tyd. Ek het swanger geraak en ons het nie dadelik getrou nie. En ons het net besluit as ons dan gaan trou, gaan ons nie vir lank getroud wees nie. Ek dink dit was 'n wyse besluit, want op daai stadium was ons altwee nog te jonk gewees. Dan het maar nog hierdie |

| | |
|---|---|
| | prentjie liefde en so... |
| | |
| Navorser | Jy het nou vir my twee interessante goed gesê. Jy het melding gemaak van op-en -af, op-en-af, en van prentjie liefde. Vertel vir my meer van die op-en-af ... |
| Respondent 5 | Ek dink dit was maar 'n bakleiery, want ons was nooit uit nie. Ons was maar heel tyd aan gewees, maar ons het baie baklei, so. Op 'n stadium het hy verskriklik jaloers begin raak, jaloesie was 'n groot ding gewees waaroor ons baklei het, want ek is glad nie 'n jaloerse mens nie. En as dit nie daai tyd vir sy ma was nie, dan dink ek nie ons sou ooit getrou het nie. |
| | |
| Navorser | Jy het gepraat van prentjieliefde – vertel my meer van prentjie liefde. |
| Respondent 5 | In prentjieliefde sien jy al hierdie *happy couples* en hulle baklei nooit nie, en die kinders is hierdie soet kinders en alles gaan net goed. Daar is niks wat verkeerd gaan nie – en dit is 'n prentjieliefde. Ek dink nie daar is een huwelik wat net so lyk nie. |
| | |
| Navorser | Verskil prentjieliefde van jou beeld van romantiese liefde? |
| Respondent 5 | Ja |
| | |
| Navorser | Hoe verskil dit? |
| Respondent 5 | Want prentjieliefde is basies 'n droom wat jy het en romantiese liefde kan geleef word. |
| Navorser | Daar noem jy vir my ander nog interessante ding. Met ander woorde is romantiese liefde in jou lewe 'n werklikheid, of dit 'n ideaal. |
| Respondent 5 | Dit is 'n werklikheid. |
| | |
| Navorser | En hoe hou jy romantiese liefde aan die lewe? |
| Respondent 5 | Met baie water en liefde. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my meer van die water .... |
| Respondent 5 | Ja, mens moet tog. Ek meen ons het al 'n paar boekies gelees soos bou 'n tip top huwelik en so. Ek voel net mens gaan op kursusse om goed te |

| | |
|---|---|
| | doen in jou werk. En net so het jy dit nodig in jou huwelik ook. Want vandag se tyd … ons altwee werk, ons is altwee redelik hoog op in ons werk en ja wanneer kry ons tyd vir mekaar. Baie keer kom hy eers 8 uur 9 uur by die huis. Ek kom 7 uur by die huis en ons altwee is moeg en lê op die bank en slaap. En ja ek dink mens moet spesiale goedjies doen, gereeld. Ons sorg dat ons een maal per jaar so vir drie dae wegkom, sonder die kinders, en ons gaan weg, net ons twee. Dan dink ek *recharge* mens net weer bietjie jou liefde vir mekaar. |
| | |
| Navorser | Dink jy as romantiese liefde vir jou 'n werklikheid is, dat dit 'n sekere funksie of funksies in jou lewe het? |
| Respondent 5 | Die funksies is om nie net dinge te sê nie, maar om dit te doen. En klein goedjies soos 'n briefie in 'n kosblik, of 'n e-pos. |
| | |
| Navorser | Wat bring hierdie klein goedjies mee? |
| Respondent 5 | Ek dink dat mens uitsien om mekaar te sien, dit laat jou goed voel. |
| Navorser | Is romantiese liefde se funksie dan om jou te laat aanhou spesiaal voel? |
| Respondent 5 | Ja, maar nie net om my te laat spesiaal voel nie, maar ook my maat. |
| | |
| Navorser | Wat is die *significance* van romantiese liefde? |
| Respondent 5 | Ek dink as daar nie romantiese liefde was nie sou hierdie huwelik maar 'n werkskontrak gewees het: Ek is hier, ek bring hierdie geld in, jy is daar om daai geld in te bring. Hierdie is my verantwoordelikheid met die kinders en daardie is jou verantwoordelikheid. En verder is ons nie alleen as ons uitgaan nie, eintlik is mens dan net goeie vriende en is jy nie getroud nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 5 hoe dink jy het romantiese liefde gelyk in die tyd toe jou Ma en Pa opgesit het? |
| Respondent 5 | Baie prim en proper! Ek dink dit was rerig soos met die opsitkers, my ouma-hulle het sekerlik aan die een kant gesit, en my Ma en Pa aan die anderkant van die bank En hulle sou so gesit het en saam koffie gedrink het. Ek dink nie daar was daai lekker kuiers gewees nie. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Dink jy hulle dieselfde blootstelling aan flieks en boeke gehad as ons? |
| Respondent 5 | Ek dink hulle het daai tyd baie meer boeke gehad as flieks, maar daar was tog flieks ook? |
| | |
| Navorser | Dink jy hulle boeke en flieks was meer prim en proper as die wat ons vandag het? |
| Respondent 5 | Ek dink so, maar ek dink dit was baie meer romanties. Ek dink vandag se romanse ... die mense het 'n verhouding lelik gemaak, want jy kan buite-egtelike verhouding hê en sulke tipe goete. Maar in daai tyd was hulle nog verlief en *virgins* gewees tot op die dag van hulle troue. |
| | |
| Navorser | Was romantiese liefde deel van die kultuur waarin jy grootgeword het? |
| Respondent 5 | Ja, ek dink tog so? |
| | |
| Navorser | Op watter maniere? |
| Respondent 5 | Omdat ons vier kinders was moes ons vir mekaar lief wees. Ons moes opmaak as ons baklei het, en ons het 'n lekker verhouding in die huis gehad, so dit was nie hierdie familie wat net die hele tyd baklei het,en gegil en geskree het nie. Ek het in 'n gemaklike omgewing groot geword. |
| | |
| Navorser | Wil jy dit ook graag in jou verhouding nou hê? |
| Respondent 5 | Ja. |
| | |
| Navorser | Voordat jy getroud is, watter verwagtings het romantiese liefde by geskep van jou maat? |
| Respondent 5 | Sjoe – dat hy baie ryk sou wees, dat ek nie hoef te werk nie. Dat hy 'n goeie vriend sou wees en dat ons goed oor die weg sal kom, en dat ons 'n gelukkige gesinnetjie sal wees. |
| | |
| Navorser | Wat sê romantiese liefde nou vir jou van jou maat – nadat jy met getroud is? |
| Respondent 5 | Party dae gaan dit nogal rof. Daar gaan partykeer weke om dat mens nie tyd kry om vir hierdie romantiese liefde water te gee nie, maar ek dink |

| | |
|---|---|
| | Respondent 6 is 'n baie ... hy hou van drukkies en gee en sulke goeters. En hy hou ook van toenadering soek. |
| | |
| Navorser | Wat het romantiese liefde vir jou van Respondent 6 vertel voordat julle getroud is? |
| Respondent 5 | Mens dink nie elke dag aan sulke goed nie, dis nogals moeilik om te antwoord. Ek kan nie dink dat dit ander was nie. |
| | |
| Navorser | Voldoen jou maat aan al jou verwagtings? |
| Respondent 5 | Ek sal nie so sê nie, maar ek dink ons het mekaar al goed ingeskuur. |
| | |
| Navorser | Is daar dinge wat jy prysgegee het? Was daar verwagtings wat jy van romantiese liefde gehad het, wat jy laat afwater het? |
| Respondent 5 | Nee, ek kan nie dit sê nie. |
| | |
| Navorser | Wat moes jy skuur om reg te kry? |
| Respondent 5 | Baie goedjies, maar ek kan nie nou spesifiek aan iets dink nie. Maar ek dink nie ek het iets prysgegee nie. |
| | |
| Navorser | Voordat jy getroud is – wat het romantiese liefde vir jou van jouself vertel? |
| Respondent 5 | Oeg, dat ek baie mooi is, baie sexy is. Ja. Ek kon uitgaan en die wêreld beheer. |
| | |
| Navorser | Dis wonderlik as mens so kan voel. |
| Respondent 5 | Ja dit is – ek het goed gevoel hoor! |
| | |
| Navorser | So romantiese liefde het jou selfbeeld ge*polish*? |
| Respondent 5 | Ja |
| | |
| Navorser | Wat toe nadat jy getroud is? |
| Respondent 5 | Kyk hoe vet is jy, as jy maar net weer in daardie jean kan inpas. Romantiese liefde sal vir my sê om sekere situasies anders te hanteer. En sê ook om bietjie meer tyd te maak vir romantiese liefde. |

| | |
|---|---|
| | |
| Navorser | Dit klink vir my of romantiese liefde 'n invloed het op jou, vertel vir my daaroor gesien in die lig van julle huidige verhouding? |
| Respondent 5 | Ek dink as mens nie romantiese liefde gehad het nie, dan sou ons die hele dag net baklei het. Dit sou gewees het hierdie koel huis. Die atmosfeer sou so koel gewees het dat jy dit met 'n mes sou kon sny. Want ek meen daar sou geen warmte in gewees het nie. Maar omdat ons romantiese liefde het, bring dit warmte, die liefde in die huwelik in. |
| | |
| Navorser | Dink jy, jy en Respondent 6 het 'n invloed op romantiese liefde? |
| Respondent 5 | Dis nogal moeilik ... ek dink jy moet uitkyk vir die tekens wat romantiese liefde vir jou wys. Sê maar romantiese liefde sê Respondent 6 wil meer drukkies hê, en ek doen dit nie – dan sal romantiese liefde by die deur uitgaan. |
| | |
| Navorser | Het jou prentjie van romantiese liefde verander van voor jou troue af tot en met nou? |
| Respondent 5 | Ek dink mens bou maar nog steeds lugkastele, en daar is nog steeds die invloed van boeke en flieks en dan dink jy net ... mens kan nog steeds na 20 jaar voel oor die persoon en oor romantiese liefde voel soos voor jy getroud is. Maar dit is werk, want mens raak gewoond aanmekaar en dan sien mens nie meer die tekens raak nie. Mens moet 'n punt maak om uit te kyk daarna. |
| | |
| Navorser | Hoe dink jy verskil jou en jou maat se siening van romantiese liefde indien daar verskille is? |
| Respondent 5 | Ek dink myne is 'n lekker ete nou en dan, waar net ons twee is , by kerslig en ek dink syne is meer drukkies gee en daai fisiese aanraking. Maar ek dink mens het eenmaal in 'n maand bietjie alleen tyd nodig. |
| | |
| Navorser | Wat dink jy is die impak van romantiese liefde op julle huidige verhouding? |
| Respondent 5 | Die impak is nogal groot, ons altwee probeer, so ja die impak is dat ons beter oor die weg kom en mekaar meer verdra, nie net verdra nie, maar |

| | |
|---|---|
| | liefdevol verdra. |
| | |
| Navorser | Het jou Christelike geloof 'n rol gespeel in jou keuse van 'n maat, en speel dit vandag nog 'n rol? |
| Respondent 5 | Ek dink omdat hy daai tyd 'n Christen was, was dit net makliker, maar as ek nou moet terugkyk, dink ek nie ek sou met 'n nie-Christen kon uitgaan nie. Dit sou glad nie gewerk het nie, want dit is nogal vir my 'n sterk punt. Ook omdat hy na my kerk toe gekom het het dit vir my groot betekenis gehad. Dit het 'n groot impak op my as persoon gehad en ek dink dit help ons om ons liefde te leef. Mens kry nou stry oor 'n klein dingetjie, en dan besef jy as hy nou iets moet oorkom dan was die kwaad nie die moeite werd nie. Ons Christenskap maak ons romantiese liefde meer innig. |
| | |

**Respondent 6**

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 6, wat is jou prentjie van romantiese liefde, hoe sien jy romantiese liefde? |
| Respondent 6 | Moet ek dit vir jou verduidelik, hoe sien ek romantiese liefde? (Lang stilte)<br>Jy het my nou heeltemal omkant hierso ... hoe sien ek romantiese liefde? Dit is waar twee persone hulle liefde wat hulle vir mekaar het betoon deur nie net die fisiese nie, maar ook die geestelike en aanraking, mm... en liefde betoon – ek moet die regte woorde kry – ek dink dit is hoe ek voel, dis 'n samewerking van baie kragte wat liefde saambring. |
| | |
| Navorser | Een van die elemente wat jy genoem het was die geestelike, vertel my bietjie meer daaroor. |
| Respondent 6 | Ek dink dit is die saamvloei van jou geestelike aspekte in die sin van nie net godsdienstig nie, ma' ook jou lewenservaring, jou kindwees, jou grootword, jou ... |
| | |
| Navorser | Jy het nou vir my jou prentjie van romantiese liefde geteken, hoe sou jy romantiese liefde vir my definieer? |

| | |
|---|---|
| Respondent 6 | Groot helium ballon vol oortrokke liefde. |
| | |
| Navorser | Verduidelik vir my dat ek kan verstaan wat jy bedoel met die heliumballon? |
| Respondent 6 | Dit verteenwoordig al die opgewonde beskrywings, denke, dinge wat mens nie altyd wil beleef of kan beleef nie. |
| | |
| Navorser | Wat is romantiese liefde nie? |
| Respondent 6 | Dit is nie 'n bakleiery en stryery as gevolg van jou liefde wat dalk nie ooreenkom nie. |
| | |
| Navorser | Is daar 'n verskil tussen romantiese liefde en liefde? |
| Respondent 6 | Ja, ek dink as jy nou weer vir my vra wat is romantiese liefde dan kan ek dit op nog 'n manier beskryf. |
| | |
| Navorser | Vertel my |
| Respondent 6 | Ek sou ook sê romantiese liefde is iets wat jy ook net tussen twee kan deel en dan is dit ook meer die fisiese gedeelte, en dit kan natuurlik baie romanties raak afhangende van altwee individue. En dan wat dit nie is nie is baie droe, onpraktiese gedagtes? |
| | |
| Navorser | Wat is 'n onpraktiese gedagte? |
| Respondent 6 | Die verkeerde geleenthede of die verkeerde oomblikke, ek sou sê as jy regtig baie romanties wil wees, moet dit maar meer eksklusief wees. Want die omgewing noop ons om meer weg te kom van jou omgewing waar is jy is, en die roetine te breek en spesiale goed saam te doen. |
| | |
| Navorser | Watter naam sal jy gee aan jou prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 6 | Gesmelte sjokelade.- wat ek nou in my gedagte sien is wit en bruin sjokelade. |
| | |
| Navorser | Waar het jy romantiese liefde die eerste keer ontmoet. Veronderstel romantiese liefde was 'n persoon wat hier saam met ons gekuier het, waar het julle die eerste keer kontak gehad? |

| | |
|---|---|
| Respondent 6 | Daar is seker 'n paar geleenthede, maar ek is baie seker ek het vir Respondent 5 laaaank terug gesien toe ek nog op skool was. Ek en 'n hele klomp vriende het met 'n motor gery en daar het twee meisies by 'n bushalte gesit, en hierdie meisie was ongelooflik mooi gewees. Dit was vir waar ek gedink het ek haar gesien het. |
| | |
| Navorser | As jy dink aan die prentjie van romantiese liefde, die idee, waar het jy die eerste keer daarmee kontak gemaak? |
| Respondent 6 | Die eerste keer was in 'n film gewees waarin vier vrouens gespeel het, gesing het, ma' ek het altyd gedink ek hou van blonde vrouens, maar daar was hierdie donkerkop meisie tussen hierdie vier vrouens en dit was net amazing hoe hierdie girl heeltemal uitgestaan het vir my. Sjoe dit was lank terug – ek dink ek was 16. |
| | |
| Navorser | Hoekom het sy jou aan romantiese liefde laat dink? |
| Respondent 6 | Want ek was 16? (Ons lag albei lekker.) Die hele video het gegaan oor hierdie eiland, sensueel erotiese opkikkering. |
| | |
| Navorser | Dink jy romantiese liefde is meer as erotiek? |
| Respondent 6 | Ja, soos ek netnou beskryf het, het ek amper nie eers aan erotiek geraak nie, dit is beslis baie meer as dit, maar die erotiese gedeelte, die vat, daai deel speel 'n groot rol. |
| | |
| Navorser | Jy het gepraat oor 'n fliek wat by jou 'n idee oor romantiese liefde wakker gemaak het, wat is ander dinge wat jou idees van romantiese liefde onderlê, wat aan dit 'n oorsprong gee? |
| Respondent 6 | Oorsprong van romantiese liefde? |
| | |
| Navorser | Waar is jou prentjie van romantiese liefde gebore? |
| Respondent 6 | Ek dink dit het seker baie te doen met die manier waarop ek grootgeword het, my Ma het my alleen grootgemaak (sy Pa is dood toe hy ses jaar oud was). Ek dink dit het nogal baie effek op my in die sin van ek hou van aanraking, vat. Ek dink dit is seker waar die gedagte vandaan kom. Ek het in die koshuis grootgeword, dit kon ook seker 'n invloed gehad het. |

| | |
|---|---|
| | Die manier hoe ek grootgeword het in die koshuis tydens my laerskooljare, en in die hoërskool het ek alleen saam met my Ma gebly by die huis. En jy weet ek het van Standerd 1 af 'n meisie gehad ... en ons het sterk aangegaan, tot ek in Standerd 5 uitgegaan het. Maar ek dink hulle het Kanada toe geïmigreer. |
| | |
| Navorser | Behalwe die spefieke vidoe wat jy kan onthou was daar ander flieks wat 'n invloed gehad het op jou idees van romantiese liefde? |
| Respondent 6 | Ja, ek dink Footloose! |
| | |
| Navorser | Vertel vir my, ek het dit gemis, ek het toe nog gedink dans is sonde ... |
| Respondent 6 | (Hy lag) Footloose is so tipiese teenage tipe film. En ek kon nie dans nie so- ek het saam met Engelse vriende van standerd 8 af grootgeword, en ons het nie baie na sokkies toe gegaan nie, en as ons gegaan het dan kyk ons hoe die ouens dans. En dit was hierdie tipe film waar die ou vrylik gedans het saam met die meisies. En dink nou aan al die kere wat mens op vakansie gaan, of as jy Desember op vakansie gaan terwyl jy nog in die skool is, het jy altyd hierdie meisie ontmoet in Desember. Dit was tipies so. Hulle het vakansie gaan hou – en ek dink dit is waar dit vir my baie romanties was? |
| | |
| Navorser | Hoekom juis dit? |
| Respondent 6 | Dit was die vakansie en die wegwees, ek dink dit is die groot ding, want vandaar af het ek saam met vriende van my Ma -die pastoor het drie dogters gehad - was ons altyd saam op vakansie. |
| | |
| Navorser | As jy daaroor wil gesels, is jou Pa dood? |
| Respondent 6 | Ja, toe ek 6 jaar oud was. |
| | |
| Navorser | Het dit vir jou 'n leemte gelaat? |
| Respondent 6 | 'n Ou het seker maar so grootgeword, ek sal nie sê dit het die vroulike gedeelte van jou aangewakker nie, ma' jy het definitief 'n leemte gehad om saam met hom mannegoed te gaan doen. Te gaan rugby en krieket kyk, en speel en beleef. |

| | |
|---|---|
| Navorser | En toe jy die eerste keer 'n meisie uitgevat het, was jy onseker. omdat jy nie 'n verhouding tussen jou Pa en Ma gesien het nie? |
| Respondent 6 | Ja, dit eintlik nogals 'n vraag – ek het al baie daaraan gedink? Ek dink dit het beslis – in die laerskool het dit nie eintlik g*emind* nie, want 'n ou het nie uitgegaan, uitgegaan nie. Ma' in die hoërskool hier standerd 6, 7 was dit vir my baie moeilik, want toe was ek in 'n gemengde skool. Op laerskool was ek die hoofseun in die skool, en skielik kom jy op 'n ander dorp en jy is 'n standerd sessie en jy ken niemand daar nie. En ek het glad nie met meisies amper gepraat nie, ek was heeltemal teruggetrokke by die skool gewees. En toe in standerd 8 gaan ek na 'n seunskool toe, en toe draai ek heeltemal anders om. |
| | |
| Navorser | Watter skool was dit? |
| Respondent 6 | In Potch – Tegnies. |
| | |
| Navorser | My hartjie is mal oor Potch my Alma Mater was ook daar! |
| Navorser | Watter eienskappe of karaktertrekke gee jy vir romantiese liefde? |
| Respondent 6 | Ja dis nogals vir my ... ek dink ek sal dit kan omskryf in groen oë, mm, vol lippe – ek sien nou 'n gesig – en mm, daai advertensie van die room wat so oor haar lyf loop, ek sien dit! Smeulend, sensueel. Soos 'n vuurert, borrelend, energiek ... Nat. |
| | |
| Navorser | Watter funksie het romantiese liefde? Kom ons begin by in jou huwelik. |
| Respondent 6 | Wel ek dink dit is een van die, of behoort een van die fondamente te wees van 'n huwelik. Jy het nodig om romantiese lief te hê. Ek dink dit is wat baie huwelike se doodsteek is, is dat dit heeltemal ophou. |
| | |
| Navorser | Wat hou op? |
| Respondent 6 | Die romantiese liefde. Daar is net liefde, daar is nie romantiese liefde nie. Mense is nog lief vir mekaar, maar dis op 'n distansie. En mm, dit moet romanties wees... Rooi rose – dis ook 'n romantiese ding (sê hy skielik.) |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | As jy mens moet romantiese liefde in die huwelik hou, wat sal die dinge wees wat jy doen om dit aan die lewe te hou? |
| Respondent 6 | Well, jy moet aktief deelneem aan die – ek sal dit sommer 'n speletjie noem. Ma' jy moet aktief deelneem aan dit. Jy moet die gedagtes neersit en dit uitoefen, van albei kante af. |
| | |
| Navorser | Watter gedagtes? |
| Respondent 6 | Die fantasië en ek dink ook gedagtes wat daar nie voorheen was nie moet jy probeer deel en sien of jy dit saam kan uitoefen. |
| | |
| Navorser | Wil jy met my 'n voorbeeld van so 'n gedagte deel? |
| Respondent 6 | Ja (hy lag en dink), dalk later. Ek sal dit net so tussen ingooi. |
| | |
| Navorser | Wat is die dinge wat jy wil hê iemand vir jou moet doen om te kommunikeer dat romantiese liefde lewe? |
| Respondent 6 | Vir my is gevoel belangrik. Aantas, aanraking is vir my totaal en al 'n ontwaking – dit is ongelooflik. As ek bv by die werk is, is daar baie mense wat met my kom gesels en baie van die dames sal agter my kom staan en dan vat hulle aan my – en yis, dit gee my koue hoendervleis. Ek dink 'n ander ding is flirting – dis ook 'n baie sensuele ding. Flirt dink ek is nogals 'n ding wat mens kan leer om te doen met mekaar. 'n Ou moet dit net begin doen, ma' albei moet dit beoefen. Ma dis goed ook om 'rond-te flirt'. |
| | |
| Navorser | Hoe het romantiese liefde verander van die dae af toe jy uitgegaan het na noudat jy in 'n huwelik is? |
| Respondent 6 | Ek dink die ding is 'n ou was nie vas toe jy uitgegaan het nie, en 'n ou het boundaries ma' miskien 'n bietjie ge*push*... maar noudat 'n ou getroud is is dit half meer dat mens net een keer 'n maand saam uitgaan of saam weggaan of saam iets gaan doen – en dis nie 'n verskoning nie – en mens het baie meer werksverantwoordelikhede en verantwoordelikhede teenoor die familie so jy maak dalk nie altyd vir jouself tyd om meer romanties te wees nie. Toe jy net uitgegaan het was dit net jy, jy het net na jouself gekyk. So nou en dan het jy iemand gevat |

| | |
|---|---|
| | vir 'n ete of 'n romantiese aand. |
| | |
| Navorser | Wat is die impak van romantiese liefde op jou lewe? |
| Respondent 6 | Ek dink dit maak definitief jou lewe baie meer interessant en baie meer om voor te lewe – om meer sprankelend te wees, om meer lewend te wees. |
| | |
| Navorser | Hoe is Respondent 6 met romantiese liefde en hoe is jy daarsonder? |
| Respondent 6 | Ek is baie, nie depressief of teneergedruk nie, maar 'n ou is maar nie – jy as mens voel baie beter as jy meer romantiese aktiwiteite in jou lewe het as wanneer jy nie het nie. Ek bedoel daar is tye wat 'n ou maar nie uitgegaan het nie en jy het niemand gehad nie. dan was jy so *down* in the *dumps* gewees. As jy 'n goeie *fight* gehad het, het jy maar so vir 'n maand down gevoel. |
| | |
| Navorser | Die goed wat jy van romantiese liefde gehoor het, gelees het, geleer het – as daar is – in die media, in boeke – vertel vir my of dit 'n invloed op jou siening van romantiese liefde gehad het. |
| Respondent 6 | Nee, ek het nie regtig liefdesboeke of so gelees nie, ook nie tydskrifte nie. Ek het meer films gekyk, dit het dalk meer 'n invloed gehad. Ek dink dalk omdat 'n ou alleen grootgeword het, het dit vir my – en die gesels in die koshuis met mekaar oor films wat jy gesien het, het die films 'n invloed gehad. |
| | |
| Navorser | Wat is die sterkste gedagte of gedagtes wat jy oorgehou het van die films wat jy gesien het? |
| Respondent 6 | O ek dink meer die opgewondenheid van jy het nou hierdie ding gesien, en nou vertel jy dit oor en jy wil sien hoe hulle reageer. En dan seker 'n ou se eie belewenis word herleef. |
| | |
| Navorser | Dink jy daar was sekere temas oor romantiese liefde in flieks wat 'n indruk op jou gemaak het? |
| Respondent 6 | Wel een van die goed wat by my opkom is sensueel, maar dit was nou meer Nine and a half weeks. Die ander een is gelukkigheid – hoe |

| | |
|---|---|
| | gelukkig hulle was. Jy weet die film eindig mos altyd hierdie *happy couple* wat daar op die boot wegseil. |
| | |
| Navorser | Dink jy daardie geluk wat uitgebeeld word, is dit 'n ideaal of kan dit werklikheid wees? |
| Respondent 6 | Ek dink dit kan beslis 'n werklikheid wees. Ek het al baie gesien dat paartjies hulle goed oppak en 'n toon klap om die aarde en dolgelukkig is. |
| | |
| Navorser | Dink jy die wat nie 'n toon klap nie, kan ook so gelukkig wees? |
| Respondent 6 | Ek dink dit is vir ons nogal redelik moeilik omdat ons so gejaagde lewe het. 'n Ou lewe amper half bymekaar verby – as jy nie nou ten minste twee of drie keer 'n jaar tyd maak om romanties te gaan wees nie, gaan jy heeltemal die bootjie mis. Jy moet begin om tyd te maak. |
| | |
| Navorser | Watter verwagtings het romantiese liefde by jou geskep oor jou maat voor jou huwelik? |
| Respondent 6 | Verwagtings soos in wat ek van haar verwag het? |
| | |
| Navorser | Ja, of jy kan vir my vertel watter eienskappe het romantiese liefde gesê moet jou maat hê. |
| Respondent 6 | Ek dink nogal, ek was baie veeleisend, en ek dink Respondent 5 was baie meer beheersd gewees. |
| | |
| Navorser | Hoekom sê jy, jy was veeleisend? |
| Respondent 6 | Ek dink nogal miskien maar met die verhoudings wat ek gehad het, dis so half asof 'n ou nou weg was, vir myself weg was – dit dalk omdat ek net saam met 'n Ma grootgeword het – maar ek het baie sensuele meisies gehad op skool. Respondent 5 was meer 'n boeremeisie wat dalk nie so was nie, maar sy het weer haar eienskappe gehad van sy was baie sterk in die sin van selfvertroue en sy het geweet wat sy wil hê. |
| | |
| Navorser | Was dit op eie wyse vir jou sensueel? |
| Respondent 6 | Ja, veral die gedeelte van die selfvertroue wat sy in haarself gehad het – |

| | |
|---|---|
| | dit was vir my baie sensueel. Dit was beslis 'n sterk punt van haar gewees wat my aangetrek het. Ook haar onskuldigheid was baie aanloklik en sensueel. |
| | |
| Navorser | Het dit verander nadat julle getroud is? |
| Respondent 6 | Ja, ek dink dit verander definitief. Sy is nog steeds baie selfversekerd, bly op haar standpunte, miskien die onskuldigheid ... dis nie meer daar nie (sê hy met 'n lag). Ek het dit uitgebuit! |
| | |
| Navorser | Hoe het godsdiens jou siening van romantiese liefde beïnvloed? |
| Respondent 6 | : Ja ek dink ... dit het my nie ... ek dink die ding van was 'n ou dalk seksueel aktief voordat jy getroud was dat dit 'n ou half gepla het. Want jy weet my Ma was baie godsdienstig en ek het saam met haar grootgeword. Maar 'n ek dink nie godsdiens het so groot invloed op my siening van romantiese liefde gehad nie. Ek sal nie totale boundaries push nie, maar ek sal nogal dit doen as die geleentheid voordoen. |
| | |
| Navorser | Wat het romantiese liefde vir jou oor jouself vertel voordat jy getroud is? |
| Respondent 6 | Dat ek romantiese kan wees! |
| | |
| Navorser | Vertel vir my hoe? |
| Respondent 6 | Ja ek dink die ding is, weereens as 'n ou maar teruggaan na die skooljare toe het ons vele kere die ouers se motors geleen in die aand en al die proffies se rose gaan afknip en na al die koshuise, Girlshigh en Gimmies en Volkies gegaan, teen die geute opgeklim en vir al die girls rose gegee. En dan het ek 'n meisie gehad op die plotte net so anderkant Gimmies – ek het die een aand die deur geklop – en ek sien die oom sit en slaap so – ek dink dit was twee uur die oggend. Hy maak die deur oop en ek sê ek wil vir Surinka blomme gee. Hy sê toe nee, kom in! Hy het glad nie besef hoe laat dit is nie. Hy het geloop en haar gaan wakker maak en ek het die blommetjies gegee. |
| | |
| Navorser | Hoekom dink jy doen 'n man so baie moeite as hy met iemand uitgaan? |
| Respondent 6 | Want daai tyd het niks jou rerig gejaag nie. Dit was 'n sorgelose |

| | |
|---|---|
| | leefwyse, daar was nie mense vir jy moet sorg nie. Jy is alleen en jy kyk net na jouself. As jy hier langs die pad iets moet oorkom, is dit net jy en jou vriende. Nou kan jy nie bekostig om iets oor te kom nie. |
| | |
| Navorser | Dink jy mens kan nog rose koop as jy stop om die brood te koop? |
| Respondent 6 | Ja, ek leen nog steeds rose, maar by die werk. |
| | |
| Navorser | Ek is trots op jou! |
| Respondent 6 | Ja, ek doen nog steeds moeite. Die ouens het die gewoonte – hulle het baie mooi ruikers wat hulle by die werk sit en maak beurte om dit huis toe te vat, en as hulle vergeet om dit te vat, vat ek die hele bos huistoe. Anders vat ek die een wat die mooiste nog in die bos is. |
| | |
| Navorser | Dink jy julle beïnvloed van julle kant af ook vir romantiese liefde? |
| Respondent 6 | Ja, ek dink dit tyd wat 'n ou daaraan afstaan, en die *effort* wat jy daarin insit. Want as jy nie rerig gaan *effort* insit en gaan romanties wees nie, gaan daar niks gebeur nie. En mens moet van albei kante af insit. |
| | |
| Navorser | Het romantiese liefde al ooit vir jou gejok? |
| Respondent 6 | Vir my was romantiese liefde nou die dag nie so lekker belewenis nie. Ons was nou die dag by Kiewietskroon gewees. Met 'n vorige keer wat Respondent 5 gereel het was ons Dullstroom toe, en dit was ongelooflik romanties vir my, want ek het nie geweet daarvan nie. En toe het ek nou die by Kiewietskroon gereel, maar ek kon dit nie so eksklusief reel nie, want ek moes reel vir die kinders, maar dalk doen ek dit nou ook nie heeltemal so goed soos wat sy dit gedoen het nie. Want sy het half verwag ek moet nou iets reel, so dit was nie soos die vorige keer gewees nie. En dit was ook te kommersieel, terwyl by Dullstroom was dit heeltemal weg van alles af. Jy het *pubcrawling* gedoen, die kaggel het gebrand as jy ingekom het ... dit was rooiwyn en tjoklits. Die hele naweek – so dis *unreal*! |
| | |
| Navorser | Het romantiese liefde in die tyd wat julle getroud is 'n ander persoonlikheid ontwikkel? |

| | |
|---|---|
| Respondent 6 | Ja, beslis. As ek miskien ook kan teruggaan na die gedagte van romantiese liefde saam uitleef. Voor ons getroud was, was romantiese liefde 'n klein groen bakkie, baie sensueel. Nou is dit meer 'n naweek weg, waar jy gaan, rooiwyn ... Voor die tyd was dit bysake. |
| | |
| Navorser | Hoe dink jy verskil jou en jou maat se sienings van romantiese liefde – indien daar verskille is? |
| Respondent 6 | Ek dink Respondent 5 sien dit anders as ek. Dalk oor die manier waarop sy grootgeword het, met haar ouers wat meer streng was. Ek was baie meer vry gewees. Mm, ek dink tog as ons daaroor praat stem ons tog ook baie saam. Ek kry baie hierdie *surprises*, dan *surprise* sy my met hoe sy regtig kan sensueel wees. En dan het 'n ou dit nie verwag nie. Jy weet jy kry mos hierdie *boundaries*, en dan kry jy hierdie *wake up call*. Maar ek dink my gedagtes en haar gedagtes is dalk anderste want ek het baie anders grootgeword as sy. |
| | |
| Navorser | Wat is die impak van jy wat meer vry grootgeword het, en sy wat meer konserwatief grootgeword het? Hoe het dit julle idees oor romantiese liefde beïnvloed? |
| Respondent 6 | Ja ek dink dalk as ek na haar kant toe dink, sy het gesien hoe haar Ma en Pa is en dit is hoe sy dit baseer. En by my, ek dink as jy wil sensueel wees, of meer jou gedagtes wil uitleef kan jy maar. Jy kan baie meer doen met jou gedagtes, in 'n *lift* kan jy dit uitleef, dit hoef nie net by die slaapkamer of by die huis gedoen te word nie. Ek dink dit is waar daar baie aan gewerk kan word. Dit het ook baie verander, vandat mens kinders het - kan mens nie meer die kanse vat, wat jy gevat het nie. Jy kan seker, maar met versigtigheid. Jy wil nou nie hê jou kinders moet jou kom uitbeil uit die tronk uit nie. |
| | |
| Navorser | Dink jy die kultuur waarbinne ons grootgeword het, het 'n rol gespeel in ons persepsies van romantiese liefde? |
| Respondent 6 | Ja dit het beslis 'n invloed gehad. Die kultuur het gemaak dat ek 'n baie konserwatiewe uitkyk op romantiese liefde het, hoewel minder konserwatief as Respondent 5. Boonop was ek deel *generation X* – in die |

| | |
|---|---|
| | weermag het die oom gesê en jy het gedoen, mens se eie keuses is beperk, dis dalk hoekom mens die *boundaries* so bietjie sou druk as jy kon. |
| Navorser | Dankie Respondent 6, ek hoop jy druk romantiese liefde se *boundaries* tot die *limit* toe. |

**Respondent 7 en Respondent 8**

Respondent 7 (29) en respondent 8 (30) het 16 maande uitgegaan en is reeds vier jaar getroud. Hulle het twee dogtertjies onderskeidelik drie en een jaar oud. Beide was lidmate van die Nederduits-Gereformeerde kerk, totdat hulle 'n rukkie terug lede geword het van Doxa Deo.

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 8 wat is jou prentjie van Romantiese liefde. Hoe lyk jou prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 8 | Romantiese liefde is tussen twee persone waar die een persoon hom kan indink in die posisie van die ander persoon en dan deur sy optrede dit wys. |
| Respondent 7 | Romantiese liefde is om in die ander een se behoeftes te voorsien, dan sal dit outomatiese gebeur. |
| | |
| Navorser | Wat sal outomaties gebeur? |
| Respondent 7 | Die romantiese liefde (die drie van ons lag spontaan). Dan sal mens mekaar verstaan en *accommodate* |
| | |
| Navorser | Julle prentjies is vir my baie interessant, ek sien selfs iets wat opofferend is, in julle beide se prentjies. Hoor ek julle reg?<br>Hulle knoppe knik. |
| Respondent 7 | As jy die ander een verstaan, sal die dade makliker kom en daardie liefdesdade is die romantiese liefde. |
| | |
| Navorser | Respondent 8 wat is jou prentjie se naam. Wat noem jy romantiese liefde? |
| Respondent 8 | Omgee! |
| Respondent 7 | Liefkoos! |
| | |
| Navorser | Respondent 8, waar het jy romantiese liefde die eerste keer in jou lewe ontmoet? |
| Respondent 8 | In graag een, my graad twee *boyfriend* het my rondgedra pouses, en dit was vir my *cool.* |
| Respondent 7 | Dit was seker maar 'n meisie hier in standerd 6, 7 rond. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 8 op watter manier het romantiese liefde ditself aan jou voorgestel? |
| Respondent 8 | Ek het anders gevoel. Dit was 'n ander gevoel. Dit het my goed laat voel. Dit is hoe ek geweet het dit is romantiese liefde. |
| | |
| Navorser | En dit was in graad 1? |
| Respondent 8 | Mm |
| | |
| Navorser | Jy onthou baie goed! |
| Respondent 7 | Dit is die probleem.<br>(Ons lag weer baie lekker) |
| Respondent 7 | Vir my was dit toe die ander een *respond,* ek gee en die ander persoon gee iets terug. Die persoon gee dieselfde terug as wat jy gegee het. |
| | |
| Navorser | Respondent 8 wat het romantiese liefde of omgee vir jou vertel oor sy eienskappe? |
| Respondent 8 | Hy is sensitief en oplettend en hy is geduldig... en volwasse, rustigi volwasse? |
| | |
| Navorser | Respondent 8 vertel vir my hoekom is jou prentjie van romantiese liefde 'n hy? |
| Respondent 8 | Want ek is 'n vrou. Nee, dit is omdat romantiese liefde iets is wat moet sterk wees, slegte, pieperige ding wees nie, dit moet sterk wees. |
| Respondent 7 | As ek miskien aan een ding dink, dit is dalk selfsugtig, maar die dankbaarheid, vir wat jy doen. Erkenning vir wie jy is |
| Respondent 8 | So my romantiese liefde gee en sy romantiese liefde ontvang! (merk sy op) |
| | |
| Navorser | Waar het jy geleer om te dink oor romantiese liefde as onselfsugtig en om jouself in jou maat se skoene te kan sit? |
| Respondent 8 | Ek weet nie? Nie TV nie, nie boeke nie, ook nie my Ma en my Pa nie. Ek dink dit was maar net 'n behoefte. My beeld van romantiese liefde het gekom uit my behoefte. Wat is my behoefte aan? En dit is vir my romantiese liefde. |

| | |
|---|---|
| | Ek dink dit is iets uit myself. My eie fantasiewêreld het romantiese liefde se prentjie gevorm? |
| | |
| Navorser | Wat het daardie fantasiewêreld van jou gestimuleer? |
| Respondent 8 | Ek weet nie, ek bly staan by my behoefte |
| Respondent 7 | Ek sou sê in 'n mate het ek oor romantiese liefde begin dink agv my ouers. In 'n sekere stadium van ons grootword was Pa, ek wil amper sê, meer liefkosig met my Ma voor ons, en dit was goed. Mens het ook toe jy jonger was ouer kinders se verhoudings gesien. Ek sou nie sê flieks nie, want 'n fliek is 'n fliek en jy kyk daarna, maar ek dink nie mens leer iets daaruit nie. |
| | |
| Navorser | Dink jy mens is onaangeraak of onveranderd as mens by 'n fliek uitstap? |
| Respondent 7 | Dit raak mens seker in 'n *sence,* dit kan dalk 'n persepsie skep, want dit is *nice* of dis nie *nice* nie. Jy sal graag dit so wil hê of nie so wil hê nie. |
| | |
| Navorser | Hoe voed julle, julle prentjie oor romantiese liefde. Hoe het julle prentjies oorleef, watter kos het dit gekry? |
| Respondent 7 | Deur stimulasie, deur die gebeur daar – in my geval, *obviously.* Meisie, *after* meisie, *after* meisie. *So it never run dry.* Daar was maar altyd meisie, nooit baie lank dieselfde een nie. Maar elke keer is dit nuut, so dit is weer *exciting* |
| | |
| Navorser | Is *excitement* deel van romantiese liefde? |
| Respondent 7 | Ja, *of cause!* Dis die onbekende, jy weet nie wie is die persoon rerig nie, en dan doen jy *exploring*! |
| Respondent 8 | Ek dink nie romantiese liefde is aan lewe gehou deur 'n verhouding nie, dit is 'n konstante ding, omdat die behoefte dieselfde gebly het. Dit word nie aan die lewe gehou deur 'n eksterne gebeurtenis of verhouding nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 8, wanneer is hierdie behoefte van jou rerig die eerste vervul? |
| Respondent 8 | Ek dink nie dit was al ooit vervul nie, ek dink dit is iets wat met tye aangeraak word. Die behoefte bly konstant maar die vervul daarvan bly |

| | |
|---|---|
| | nie konstant nie. So ek dink nie dit was ooit vervul nie, want dit sal beteken dat die behoefte konstant vervul word. Romantiese liefde is 'n aangaande behoefte. |
| | |
| Navorser | Het romantiese liefde bestaan in die tyd toe julle ouers opgesit het? |
| Respondent 8 | Ja, ek dink dit het bestaan! |
| | |
| Navorser | Respondent 8 het jou ouers met jou staaltjies gedeel oor die romantiese liefde van hulle tyd? |
| Respondent 8 | Ja, hulle het, Mm, die manier hoe my Ma en Pa by die see ontmoet het tydens vakansie. My Pa het haar ge*chase*. Hy het besluit hy wil haar hê en hy het moeite gedoen. Hy het elke naweek geryloop van Potchefstroom af Vereniging toe. Hy wou nie wag nie, hy wou vinnig trou. Dit sê vir my daar was romantiese liefde. |
| | |
| Navorser | Dink jy hulle prentjie van romantiese liefde is dieselfde as joune? |
| Respondent 8 | Waarskynlik nie, maar mm, ek sien raak wat my idee̋ is in wat my Pa gedoen het. |
| | |
| Navorser | Jy het vertel van die moeite wat jou Pa gedoen het om te ryloop. Is daar nog ander dinge wat jy kan onthou? |
| Respondent 8 | Nee nie rerig nie. Ook glad nie aan my Ma se kant nie. Ek sal nie sê ek het romantiese liefde tussen hulle ervaar nie. Nie dat ek sê hulle is nie lief vir mekaar nie, maar dit was nie so prominente deel van die verhouding wat ek kon sien nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 8 uit jou stelling uit, tref jy 'n onderskeid tussen liefde en romantiese liefde? |
| Respondent 8 | Ja, ek sal. Jy kan nie romantiese liefde hê sonder liefde nie. Maar jy kan liefde hê sonder romantiese liefde. Jy kan lief wees vir iemand sonder om moeite te doen. Maar ek dink nie jy sal moeite doen, sit en dink aan die ander ou se behoeftes, sonder liefde nie. Ek dink romantiese liefde kan *neglect* word, selfs as mens lief is vir iemand, maar nie andersom nie. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 7, hoe het romantiese liefde gelyk in die tyd toe jou ouers opgesit het? |
| Respondent 7 | Well, my ouers het in die laer skool as begin uitgaan, aan en af, maar meeste van die tyd aan. Hulle het by dieselfde universiteit beland, so obviously was dit 'n baie langtermyn ding gewees. Dis vir my cool. Maar as ek terugdink aan my dae in die huis het my Pa op sy eie weird manier romantiese liefde gewys. My Pa is 'n rowwe ou, 'n man, man, maar hy sal my Ma druk en soen en goeters, selfs al teem sy daaroor. Hy sal persente koop met verjaarsdae en herdenkings. Daar was altyd iets wat hy gekry het en so-aan. Dis sy manier en dis goed. Ek onthou mooi daarvan, en dit het nie gekort in die huis nie. |
| | |
| Navorser | Jou Pa se voorbeeld kom baie sterk deur, kan jy iets onthou van jou Ma se kant af? |
| Respondent 7 | Nee, maar my Ma is 'n goeie vrou vir hom, sy maak vir hom wat hy wil hê, om dit so te stel. Van die dieper dinge weet ek nie, maar ek sou sê dat dit meer van my Pa se kant af gekom het. |
| | |
| Navorser | Dink julle dat julle ouers se verhoudings ander was as die verhouding wat julle gehad het? |
| Respondent 8 | Ek dink so. As ek nou dink aan wat my Ma vertel. Ek bedoel toe ek jonk was, was vrienskap, sonder romanse, tussen 'n man en 'n meisie baie meer algemeen as wat dit was in my Ma se dae. As jy met 'n ou gepraat het, het jy met hom uitgegaan en hy het vir jou kom kuier. Daai tyd was daar nie sulke gelykheid soos deesdae nie. Daai tyd het 'n ou meer moeite gedoen en by jou kom kuier. My sou ook vertel het van toe hy meisies uitgevat het. En dit is nie deesdae meer so nie. |
| | |
| Navorser | Watter verwagtings het romantiese liefde by jou geskep oor Respondent 7 voordat julle getroud is? |
| Respondent 8 | Voordat ons getroud is, was omgee baie meer prominent, en die verwagting was daar dat dit so sou aanhou. |
| | |
| Navorser | Was die verwagting rooskleurig? |

| | |
|---|---|
| Respondent 8 | Ja, beslis. Ek het gedink hy sal altyd daar wees om aan my behoefte te voldoen, om omtegee. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my meer van Omgee, wat doen Omgee alles? |
| Respondent 8 | Omgee, om konstant te dink aan die ander een se behoeftes, en dit is vir my omgee. Om te dink waarvan sal sy nou hou? Of wat kan ek nou vir haar doen, of waarmee is sou nou besig. Dit is wat Omgee vir my vertel het om te verwag van Respondent 7. |
| | |
| Navorser | Verwag romantiese liefde van jou dieselfde? |
| Respondent 8 | Ja? |
| | |
| Navorser | Respondent 7, wat het romantiese liefde vir jou gesê moet jy verwag van Respondent 8? |
| Respondent 7 | Dat sy vir my iets moet gee wat nuut en *exciting* is. Dit was anders, maar *obviously* leer ou mekaar ken en raak gewoond aan mekaar, en kiddies en naarheid, en klomp ander *stuff* en werk en stres en geld maak dat dit vervaag en verflou. |
| | |
| Navorser | Respondent 7 vertel my meer van die 'dit' waarvan jy praat. |
| Respondent 7 | Dit is die romantiese, die fisiese, die *excitement* ... die *honeymoon*, die meer fisiese deel. |
| | |
| Navorser | Wat het romantiese liefde – verstaan *en accomodate* - voor jou troue vir jou gesê oor die fisiese wat jy van Respondent 8 moet verwag? |
| Respondent 7 | Ek het gesê verstaan en *accomodate* omdat ek dink dit is wat sy wil hê. Ek het dit uit haar oogpunt gesien, toe ek my prentjie van romantiese liefde geteken het. |
| | |
| Navorser | As Respondent 8 nie in hierdie vertrek was nie, Respondent 7, hoe lyk jou prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 7 | Dit is alles wat ons nou gesê het plus *obviously* fisiese versorging en |

| | |
|---|---|
| | erkenning, om jou te laat goed voel oor jouself. Dit is 'n baie groot deel van romantiese liefde. Dis erkenning in die sin van 'jy's OK!', dan voel jy doen OK. Erkenning vir alles wat jy is. En die fisiese en seksuele. |
| | |
| Navorser | Respondent 8, het romantiese liefde, nadat julle getroud is, dieselfde dinge oor Respondent 7 gesê, of het sy sêgoed verander, hoe praat romantiese liefde nou oor Respondent 7. |
| Respondent 8 | Nee, dit het nie verander nie |
| Respondent 7 | My verwagtings is nog dieselfde. |
| | |
| Navorser | Respondent 7 help my asb weer om te verstaan. Jy het vir my gesê jy weet nie wat dit is, of mens te gewoond raak aan mekaar nie, maar dit raak afgewater? Wat is 'dit' wat afgewater raak? |
| Respondent 7 | Ek dink die vervulling van die verwagting. Ek bedoel sekere tye van mens se lewe gebeur sekere dinge. As jy aan swangerskap dink gaan daar vir 'n man 'n onvervulde verwagting wees. En dis maar *fine*, jy weet 'n ou sien die lig aan die einde van die tonnel. |
| | |
| Navorser | Watter rol het julle verhouding met Christus gespeel in die prentjie wat julle gevorm het oor romantiese liefde? |
| Respondent 8 | Dit het 'n groot rol gespeel, want Christus was die bruidegom. En dit het my beeld makliker gemaak. Want Hy is manlik, sterk. |
| Respondent 7 | Die feit dat 'n ou *common ground* in Christus het, is tog 'n trekpleister. Ek weet nie of dit regtig 'n romantiese trekpleister is nie, maar op 'n sekere level is dit 'n trekpleister na mekaar. As jy mekaar ontmoet weet jy, ok, sy's 'n Christer, hy's 'n Christen. |
| | |
| Navorser | Wat Respondent 8, vertel romantiese liefde vir jou van Respondent 7? |
| Respondent 8 | Romantiese liefde vertel vir my dat dit 'n eenvoudige behoefte is om te bevredig, maar nie 'n maklike behoefte nie. Ek weet nie of ek die vraag regtig verstaan nie. |

| | |
|---|---|
| | |
| Navorser | As ek vir jou sê: "Ag Respondent 8 is so *cute*!", dan sê ek vir jou iets oor haar. Wat sê romantiese liefde vir jou oor Respondent 7. |
| Respondent 8 | Dit sê vir my soms dat Respondent 7 nie omgee nie, en Respondent 7 dink nie aan my behoeftes nie, en Respondent 7 dink nie aan my nie. |
| | |
| Navorser | Wat maak dit dan met jou? |
| Respondent 8 | Dit beïnvloed my optrede, en dit maak my hartseer, want ek is teleurgesteld. |
| | |
| Navorser | Respondent 7, wat vertel romantiese liefde vir jou oor Respondent 8? |
| Respondent 7 | Hierdie antwoorde gaan ook verander van tyd tot tyd oor 'n ou se lewe. Ek bedoel 'n ou gaan deur seisoene. Vandag kon dit anders gemaak het. |
| | |
| Navorser | Respondent 7 jy is heeltemal reg. Wat ek en jy nou verstaan, kan in 'n oomblik verander. |
| Respondent 7 | Met tye het romantiese liefde vir my vertel dat Respondent 8 baie lief is vir my, en ander tye is ek vertel sy dink *bad* van my. Dan voel ek nie goed nie. Dan voel ek *so what.* Maar ek kom weer tot my sinne en dink dit moet beter gaan. So dus 'n wave, dit gaan op en af, op en af. |
| | |
| Navorser | Is jy en romantiese liefde met mekaar in gesprek as dit kom by "so what?" en "dit moet aangaan"? |
| Respondent 7 | Ek dink so, en ek sou nie sê romantiese liefde wen altyd nie. Dit gaan maar weer oor sekere seisoene. Daar is kere wat 'n ou meer sal wil doen, en op ander tye laat mens dit maar net gaan vir weke. En hoewel dit sleg is, laat jy dit maar net aangaan, want hy het nie lus om moeite te doen nie. Respondent 8 is gewoonlik die een wat sê tot hiertoe en nie verder nie. |
| Respondent 8 | Respondent 7, is romantiese liefde vir jou partykeer belangriker as ander tye? |
| Respondent 7 | Dis meeste van die tyd redelik belangrik. |
| | |
| Navorser | Respondent 8, het romantiese liefde net van sy kant af 'n invloed op jou, |

| | |
|---|---|
| | of het jy ook 'n invloed op romantiese liefde? |
| Respondent 8 | Ek het ook 'n invloed op romantiese liefde, want romantiese liefde is 'n tweerigting ding. So mens kan so tipe van 'n wilsbesluit neem wat romantiese liefde beïnvloed. As ek nou dink aan 'n voorbeeld ... mmm... ja partykeer dink ek is romantiese liefde 'n emosionele ding, soos ek gesê het, as Respondent 7 iets nie doen nie, gee hy nie om nie. Dan kan mens 'n besluit neem. Ek weet nie of dit is om jouself te beskerm en of dit regtig is om sterker te wees as die emosionele sy nie. Maar mens kan dit beïnvloed. |
| | |
| Navorser | Respondent 8, dink jy dat romantiese liefde soms met mens 'n negatiewe gesprek kan voer en soms 'n positiewe een? |
| Respondent 8 | Ja, ek dink, well... as romantiese liefde met jou praat, kan die afwesigheid van 'n behoefte se vervulling so groot raak, dat dit uit perporsie uit groot raak As dit goed gaan met romantiese liefde is dit 10% belangrik, maar as dit sleg gaan met romantiese liefde, is dit 90% belangrik. |
| | |
| Navorser | Is die 10% en 90% nog steeds jou prentjie van romantiese liefde, of praat ons van iets anders? |
| Respondent 8 | Ons praat nog steeds oor sit jouself in die ander ou se skoene. |
| | |
| Navorser | Respondent 7 wil jy nog uitbrei oor die vraag of jy 'n invloed het op romantiese liefde. |
| Respondent 7 | Nee, ek is *happy* met wat ek gesê het. |
| | |
| Navorser | Laastens wil ek weet dink julle prentjie of persepsie van romantiese het moontlik oor tyd verander? |
| Respondent 7 | Ek kan dalk iets nuuts doen, wat ek nooit aan gedink het nie. Iets wat dalk vir haar baie belangrik is en skielik is romantiese liefde se *score* baie hoog en verander jou persepsie. Voor jy getroud is weet jy nie alles van jou maat nie, en die *gaps* vul jy met jou verbeelding in. Na die troue word jy gekonfronteer met die werklikheid ... |
| Respondent 8 | Die Here gee romantiese liefde as 'n gom – dit is hemelse gom – vir jou aan die begin van jou huwelik en as romantiese liefde verander moet jy |

| | | |
|---|---|---|
| | die gom gee. | |
| | | |
| Navorser | Mag julle gom nog lank klou! | |
| | | |

**Respondent 9**

Respondent 9 (32) en Respondent 10 (30) het 'n jaar uitgegaan voordat hulle getroud is. Hulle is ses jaar getroud en die ouers van twee dogters. Hulle is lidmate van die Nederduits-Gereformeerde kerk.

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 9 vertel vir my hoe lyk jou prentjie van romantiese liefde op hierdie mooi Saterdag |
| Respondent 9 | Hy lag ... weet jy wat vir my gaan dit oor die atmosfeer wat geskep is, dit is vir my saam met die romantiese liefde, dit moet iemand wees vir jy lief is, dit kan nie net sommer iemand wees nie. En dan romanse vir my is die klein dingetjies wat tel, dit is die ekstra wat jy doen om 'n aand spesiaal te maak. Dit kan wees om net 'n bad water te tap met *rose petals* in tot 'n hele aandete uit. Ja so dit is vir die hele atmosfeer wat saam met dit is, nie net die daad nie. |
| Navorser | Vertel vir my meer van die atmosfeer en die daad. |
| | |
| Respondent 9 | Romanse vir my gaan oor ... ek is een wat baie hou van cuddle en so aan ... vir my gaan dit oor die hele storie van jy gaan uit die aand, dis 'n baie mooi aand, jy het gaan uiteet, dan 'n lang ent langs die see gaan stap, hande vasgehou, gaan sit langs mekaar, sy tussen jou bene, kyk na die see, daai tipe ding, dit is vir my die romanse wat daarmee saamgaan. Dit is die romanse van romantiese liefde. Baie keer praat mense van liefde maak en mens praat baie daarvan in die huwelik, maar wat is regtig die verskil as jy die romanse uitlos tussen die liefdesdaad en tussen wat ander mense doen wat dit net elke dag wil doen. Daar is nie rerig 'n fisiese verskil nie ... dit is dit wat saam met die fisiese daad gepaard gaan wat dit verskillend maak. Dit is wat jy weet die ander persoon van hou, wat jy uit jou pad uitgaan om dit vir daai persoon te doen ... dit is romantiese liefde. |

| | |
|---|---|
| | |
| Navorser | As jy 'n naam moet gee vir hierdie totale prentjie van jou van romantiese liefde, wat sou jy dit noem? |
| Respondent 9 | Ek sou dit genoem het omgee, met passie. |
| | |
| Navorser | Sê nou maar romantiese liefde was 'n persoon buite ons wat daar op die stoel gesit het, en ek vra vir jou waar in die lewe het jy die eerste keer vir romantiese liefde ontmoet – wat sê jy vir my? |
| Respondent 9 | Die eerste keer is met my huwelik, met my vrou. |
| | |
| Navorser | Hoekom sê jy so? |
| Respondent 9 | Want dit is die eerste keer wat ek, en ek kom terug weer by die liefde vir my, jy weet. Jy het baie romanse gehad, maar ek het nooit verder gegaan as die romanse voor ek getroud was nie, en dit is hoekom vir my daai eerste keer in die huwelik, was vir my absoluut! Dit was vir my as jy kyk na die huweliksnag 'n ongelooflike romantiese liefde ... daai hele opbou van die dag, van die ekstase om haar die eerste keer te sien, saam met die mense daar te wees ... en jy wil eintlik nie die mense daar hê nie. Ek kon nie wag tot tot 10 uur (22h00) nie, dat ons net kon waai nie. En dan daarna by die *cottage* die miljoene knippies in die hare en jy moet daai knippies een vir een uithaal – dis romantiese liefde ... (Respondent 9 lag lekker as hy terugdink aan al die herinneringe en sy oë *sparkle!*) |
| | |
| Navorser | Jy is 'n geduldige man! En op watter wyse het romantiese liefde dit daai dag aan jou voorgestel? |
| Respondent 9 | Op 'n wyse dat jy gevoel het jy wil dit die res van jou lewe in jou en saam met jou hê. Dit is een van daai vriende, as jy dit met vriendskap wil vergelyk, een van daai boesemvriendskappe wat jy nooit sal laat gaan nie. Maar as jy kyk na boesemvriendskap, partykeer is julle nie so goeie vriende nie, jy baklei, jy is kwaad vir mekaar, maar daai boesemvriendskap breek nie, en dit is wat vir my daai romantiese liefde is. Dit is iets wat nooit sal breek nie – dit het sy op's en af's, maar dit gaan nooit breek nie. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Alles wat mens dink en glo het iewers 'n oorsprong, wat onderlê hierdie prentjie van jou oor romantiese liefde? |
| Respondent 9 | Weet jy my oudste broer en suster, omdat hulle soveel jare ouer is as ek. Toe ek in standerd 6 was is hulle getroud. So baie wat ek gesien het wat hulle gedoen het en hoe hulle met mekaar opgetree het ... dis waar ek dit gesien het. Definitief nie boeke nie, definitief nie TV nie, want dit is vir my vals, dit is vir my absoluut vals. |
| | |
| Navorser | Dat jy vir my baie beslis sê dat boeke en TV nie rerig hou prentjie beïnvloed het nie, dink jy nie mens trek hier en daar hier uit die 'valsheid' uit wat jy jou eie maak nie? |
| Respondent 9 | Ek dink wat jy daaruit trek is goed soos om nuwe maniere te probeer of om romanse op 'n nuwe manier te probeer benader – maar dit is nie vir my waar my prentjie se oorsprong vandaan is nie. As jy 'n mooi romantiese fliek vat ... dit is 'n *feel good* fliek en dus hoekom ek hou van goeie *endings* want ek sê altyd die lewe homself is so realiteit, jy wil nie nog in 'n realiteit fliek gaan sit nie. Dit is miskien waar die skeidslyn vir my kom, want terwyl ek daarna kyk dan dink ek: "ja *all great and well,* maar as dit werklike lewe was *it would not have happened like that.*" En dit is waar my die skeidslyn inkom, ek is te veel van 'n realis daarso. Ek sien dit en dit lyk alles baie *nice* ... maar dit werk nie altyd so in die werklike lewe nie. |
| | |
| Navorser | Het jou Ma en Pa se verhouding enige rol gespeel? |
| Respondent 9 | Hulle het 'n rol gespeel in terme van hoe hulle met mekaar opgetree het. Hulle was geweldig liefdevol met mekaar gewees, maar my Pa is baie baie vroeg dood. Ek was maar 11 toe hy oorlede is, maar op daai ouderdom stel jy nog glad nie belang in die teenoorgestelde geselskap nie. Om die waarheid te sê wat ek van hulle kan onthou is die manier hoe hulle teen mekaar opgetree het, die briefies in die yskas. Hy sou vir haar briefies in die yskas los in die oggend wat sê hy is nog lief vir haar, of hy sal haar gou bel en sê sy moet poskantoor toe gaan, dan het hy vir haar 'n faks van die plaas af gestuur ... dit het hy geweldig baie gedoen, of net vir haar 'n bos veldblomme gepluk. Hy is 'n geweldige |

| | |
|---|---|
| | romantikus gewees. Maar die lewe brei mens, en ek het myself ook altyd as 'n romantikus gesien, maar deur seerkry trek jy terug en jy is nie meer so romanties as wat jy gedink het jy was nie. |
| | |
| Navorser | Dink jy nadat jy Respondent 10 ontmoet het, het sy salf aan daai seerkry gesmeer en dit het weer na vore gekom? |
| Respondent 9 | In 'n klein mate – daar is goed wat ek nooit weer sal doen nie. Ek bedoel vir my vorige meisie het ek elke week, klokslag 'n bos rooi rose afgelewer. Ek sal dit nooit weer doen nie, nooit, nooit , nooit weer nie, want dit is net iets wat te veel gekonnekteer is aan daai seerkry. Vir Respondent 10 sal ek op die ingewing van die oomblik 'n bos blomme koop, en snaaks ek neig weg van die rooi rose af, omdat ek te veel 'n konneksie het met seerkry. |
| | |
| Navorser | Noem vir my 'n paar van romantiese liefde se eienskappe deur jou oë ... |
| Respondent 9 | Omgee, absolute omgee vir mekaar en daai diepe verstaan van wie en wat jy is, en ek ... ek wil uitbrei op die verstaan. Baie keer voel jy om romanties te wees met mekaar maar al wat jy wil hê is die *cuddle* en bymekaar wees, en jy wil niks verder gaan as dit nie, en dit is daai ander persoon se verstaan daarvan ook nou. Die bymekaar wees, daai absoluut net julle twee, niks anders nie, deel met mekaar wat vir jou belangrik is, wat vir my belangrik is. En ek dink altyd Afrikaners is nie baie goed om vir mekaar te sê waarvan hou ons, waarvan hou ons nie. Dis amper asof jy grootgeword het dat dit 'n taboe is, jy praat nie oor sulke dinge nie. Die ander ding is, is die verrassingselement. Daar is nie vir my in romanse 'n ding van jy beplan nou saam vanaand hierdie romantiese aand nie. Ja daar is tye daarvoor ook. Maar daar is vir my meer daai verrassingselement wat inkom, jy stap in die huis in en daar is klaar 'n bad vol water met sjampanje en *bubbles – when you least expect it.* Want jy het vandag gebel en jou maat het gehoor jy het vandag 'n vrot dag en hier stap jy in met sagte musiek in die agtergrond en ... die persoon wat absoluut uit sy pad uitgaan om die aand vir jou te maak. Daai romantiese liefde gaan nie oor jouself nie, dit gaan absoluut oor die ander persoon. Die ingesteldheid op daardie persoon om seker te maak dat dit vir daardie persoon romantiese liefde is. Uit die aard van saak sal dit vir jou ook |

| | |
|---|---|
| | wees. |
| | |
| Navorser | Jou stelling oor ander-persoon gesentreerd wees is vir my baie opmerklik, want ek het dit nog nie baie gehoor nie. Wat dink jy doen jy om romantiese liefde aan die lewe te hou? |
| Respondent 9 | Weet jy wat. Ek is baie reguit daaroor, romantiese liefde gaan vir my baie oor hoe jy lyk. Ek is jammer hoe ouer jy word, hoe verder jy kom, veral as jy getroud is ... na 'n paar jaar is daai emosionele passie, daai emosionele vonk wat daar was, soos jy aangaan gaan op en af en op en af. En jy weet ek wil hê as ek in die oggend uit die huis uitstap dan moet Respondent 10 vir my kyk en sê: "*sherbert*, ma' hy lyk nog deksels *sexy*!", en ek wil kyk na haar en dink sy is nog mooier as die dag toe ons ontmoet het. En daarom gesondheid vir my gaan nie net oor ek wil gesond lewe nie. Gesondheid vir my gaan oor ek wil goed lyk. Die klere wat ek koop – ek koop nooit klere sodat ander mense vir my kan sê ek lyk mooi nie, ek koop klere sodat sy vir my moet sê ek lyk mooi daarin. So die sorg van hoe ek as 'n persoon lyk is vir my geweldig belangrik om daai romantiese liefde te voed op die ou end van die dag. Mm, dit is moeilik, ek moet vir jou sê die oomblik as jy begin met kinders is die tye wat jy het vir romantiese liefde raak baie, baie minder, want daar is nie meer daai tyd wat jy by die huis kom en kan beplan dit is nou 'n romantiese aand nie. Hulle beplan vir jou. Vir my gaan dit dan op die ou end van die dag – jy weet baie mans as dit kom by *foreplay*, *ok* ons moet vinnig hierdeur gaan, en dit is nou net klaar. Ek bedoel ons moet nou daar kom want die kinders mag dalk nou wakker word, of wat ook al. Ek verskil, as die kinders wakker word *so be it*, dan stop ons net daarso en gaan kyk na die kinders en dan begin ons weer voor. En jy weet dit is vir my as ons daar kom dan spandeer ek tyd – regtig – dit is wat vir my deel van die romantiese liefde is, om baie, baie tyd daar in te sit en nie net kom ons doen dit gou, want dit moet nou gedoen word nie. |
| | |
| Navorser | Hoe dink jy het romantiese liefde oor tyd verander – was daar enige verandering van romantiese liefde oor tyd? |
| Respondent 9 | Dit het baie dieper geword. In die begin was dit die vonk, die passie, maar dit was vinnig verby. Dit was nie die verstaan van wie hou van wat |

| | |
|---|---|
| | nie, en waaroor gaan dit nie. Op skool dit wat jy gedink het van romantiese liefde, was gebaseer op wat jy gesien het op die TV, en dit is hoekom ek sê dit is so vals. Dit is van spring in die bed, doen die daad, klim uit die bed uit en *all is well.* Dit is nie waaroor dit gaan nie. Die oomblik as jy mekaar onmoet ook, die eerste huweliksnag dit is so van jy soek mekaar, jy vind mekaar en tog vind jy mekaar *actually* glad nie. Dit is eintlik 'n heeltemal verby mekaar ding. As jy terugkyk 'n paar jaar later na daai aand wat vir jou so absoluut fantasties was dan was die romanse daar, maar as jy na die *actual* daad kyk was dit so so oppervlakkig gewees dat dit eintlik *scary* is. Want daai aand het dit net oor jouself gegaan. Jy het geweet wat jou plesier verskaf, en terwyl jy plesier gekry het, het jy gedink "A *great!*" en gehoop die ander persoon het gekry. Waar vandag dit is wat vir my die groot verskil is, is dat jy gaan nie eintlik oor 'n romantiese liefde daad wat enigsins op jou ingestel is nie. Ek dink dit is vir my die groot verskil, is dat ek ingestel is op haar. Waarvan hou sy. As sy die aand as ons in die bed klim en ek mag voel maar ek is vanaand lus om seks te hê en sy is nie. Dan is daar daai verstaan – en dit is vir my lekker. Ek sal baie aande in die bed klim en haar net vashou en met haar lê en gesels. Daai verstaan, dit is wat vir my lekker is. |
| | |
| Navorser | Daar moes meer van jou op aarde gewees het. Wat dink jy is die funksie, die rol, die doel van romantiese liefde? |
| Respondent 9 | Dit is vir my nog steeds een van die *cornerstones* van 'n verhouding of 'n huwelik. Ja daar moet kommunikasie wees, ja daar moet verstaan wees, ja daar moet *commitment* wees. Ek het die uitstekendste boek gelees van Nicholas Sparks. Sy broer het vir hom gevra wat is die een ding wat belangrik is? Toe sê hy *commitment,* want jy kan die beste kommunikator wees, maar as jy nie *committed* is nie kan my praat soveel soos jy wil julle gaan nog steeds uitmekaar uitgaan. Maar bo op dit, dit help nie jy al al drie maar aan die einde van die dag bly jy saam met jou broer of jou suster nie. *Because that is what could happen,* of jou beste pêl nie. Jy weet – dit werk nie. Daarom sê ek romantiese liefde bly een van die *cornerstones.* |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Die impak van romantiese liefde op jou lewe – vertel my daarvan. |
| Respondent 9 | Wee jy wat ek moet vir jou sê jy gaan deur tye. Partykeer is dit vir my belangriker as ander tye. Partykeer is dit vir my baie belangriker om net saam met my familie te wees, net saam met Respondent 10 tyd te spandeer, net met haar te gesels. Maar ek moet vir jou sê vir my is dit die menswees tot *ultimate* vervulling. Dit is die huwelik tot *ultimate* vervulling, dit is die manrol tot *ultimate* vervulling. So dit is vir jou selfbeeld so belangrik om daai romantiese liefde aan die lewe te hou, want dit is van daai uitstap en ek weet ek word liefgehê by die huis vir wie en wat ek is, en maak nie saak wat in die dag gebeur nie, ek kom huis toe na hierdie nes, veiligheidsnes toe, waar ek liefgehê word ten spyte van wie en wat ek is. En romantiese liefde is die oomblik as jy jouself volkome oorgee aan iemand anders ten spyte van wie en wat jy is – dit is wanneer jy weet daai persoon het jou *absolutely* 100 % lief net soos wat jy is. |
| | |
| Navorser | Hoe verskil jou prentjie van romantiese liefde van jou maat sin? |
| Respondent 9 | Mm, dis baie interessant om te dink hoe verskil dit. Ek dink Respondent 10 hou baie daarvan om tyd te spandeer, om te gee. Respondent 10 is 'n geweldige gee-mens, meer as wat ek nog is. Respondent 10 is baie meer liefdevol, maar as dit kom by die romantiese liefde ek dink waar ons verskil op die oomblik is sy sal nog vra om lang ure in die bad te sit en gesels en daai tipe dinge te doen, waar op hierdie stadium van my lewe is ek net te *go*. (die respondent het 4 weke terug 'n posisie as Nasionale Verkoopbestuurder by 'n groot farmaseutiese huis aanvaar), jy weet daai ure in die bad begin vir my ... ek het dit nie, ek het nie tyd nie. Ek moet by dit uitkom, ek moet nog dit ... en dit is waar die verskil op die oomblik is, dat my dag het soveel ure en ek probeer soveel goed daar inpas, waar sy probeer sê *okay* kom ons *step back a little bit* jy weet daai tipe van ding. |
| | |
| Navorser | Respondent 9, dink jy die kultuur waarin jy grootgeword het het jou prentjie van romantiese liefde ondersteun? |
| Respondent 9 | Nie in die Afrikaanse kultuur nie. Die Afrikaanse kultuur is 'n baie bot |

| | |
|---|---|
| | kultuur. In die boeregemeenskap is dit iets wat nie oor gesels word nie. Daar is nie mense wat gesels het oor wat is romantiese liefde nie. Jy het nie eers met jou ouers daaroor gesels nie. Wat en wanneer en hoe hulle dit gedoen het weet *nobody* . Ons is nie eers gesê hoorie as die deur toe is mag jy nie inkom nie, so wanneer hulle tyd gemaak het daarvoor, weet ek nie, maar hulle moes, want ons is vier kinders (ons lag dat die trane loop). Dit is vir my die verskil, dit is vir my erg. Ek wil hê my kinders moet weet. Vir party mense is dit afskuwelik en hulle wonder hoe kan hulle dit na al hierdie jare nog doen. Maar ek dink dit is baie mooi, en ek dink my kinders moet weet as jy in die badkamer besig is en die deur is toe en jy gaan bad saam, dit is ons tyd. Ek soek 'n baie meer oop verhouding met my kinders. Ek soek 'n verhouding waarin hulle moet weet daar is niks verkeerd daarmee nie, maar met die regte persoon en dit is goed om te wag, en dis mooi om te wag en dis mooi om te geniet, maar dit is meer as die daad, dit gaan alles om daai persoon wat verstaan wie en wat jy is en alles doen vir jou om seker te maak op die einde dit geniet en kan sê ja ek was vervul gewees. Die kultuur was nie 'n gemeenskap wat hieroor gesels het nie. |
| | |
| Navorser | Voordat jy getroud is, wat het romantiese liefde vir jou vertel moet jy van jou maat verwag? |
| Respondent 9 | (Hy lag) Weet jy wat ek kyk nou ma' na my broer en suster-hulle. Dit was die klein goedjies gewees wat aanleiding gegee het tot dit. Dit was nooit hierdie groot dramatiese uiteet aande en Ok dis nou vanaand die aand nie. Dit was hierdie klein dingetjies wat jy kon sien. En dit is wat vir my van die begin af belangrik was. Daai klein dingetjies moet aanwesig wees. Daai stap verby mekaar, soen haar op die wang, of sy stap verby jou en vat aan jou boud. Daai tipe van ding. Dis klein goedjies, maar dis wat jy kon sien en dis snaaks as 'n buitestaander kon jy dit duidelik sien. Jy kon sien die atmosfeer begin gelaai raak en hoe dit opbou en dit is wat dit vir my gesê het. Romantiese liefde moenie hierdie groot wo-wha, dagboek uit ons beplan – werk nie so nie! Dis die klein goedjies. |
| | |
| Navorser | Hoe het romantiese liefde 'n invloed op julle/jou verhouding? |

| | |
|---|---|
| Respondent 9 | Dit bly vir my die *cornerstone.* As jy besig raak, sy gaan oorsee, daar is tye wat jy net nie bymekaar uitkom nie. En ek is nie een wat dink vir twee weke het ons nie romantiese liefde gehad, o flip, twee weke is verby nie, ons moet dit nou doen nie. Ek is nie so persoon nie. Of ek doen dit behoorlik en ek geniet dit en ek sit alles in, of ek doen dit nie. Dit is hoe dit is. Dit beïnvloed ons, want dit kan dalk partykeer te min gebeur omdat ek te veel ingestel is op die *full picture* van dit, maar die ding vir my is, die oomblik as jy dit gedoen het, voel jy net soveel nader weer aanmekaar, jy voel net jy kyk weer na daai persoon met ander oë en besef net daai persoon het my lief vir wie ek is, en ek het daai persoon lief vir wie sy is. Daai weer 'n keer eenword is ongelooflik, en vir die volgende week loop jy op *cloud number 9* en dink jy ek moet meer tyd maak. Maar die lewe is net nie so nie en daarom doen ek dit nie net om dit te doen nie. |
| | |
| Navorser | Maar ten spyte van die *full picture* bly daar daardie klein dingetjies, die soen op die wang, die knyp op die boud ...? |
| Respondent 9 | Ja dit is alles deel van romantiese liefde. Ek sal nooit uit hierdie huis uitstap sonder om Respondent 10 *goodbye* te soen nie. Mense sal dink dis simpel, waarvoor. Wat vir my lekker is party aande lê ons in die bed en ek dink ek het haar nog nie vasgehou nie. Dan sal ek omdraai en haar net vashou en vasdruk teen my. Of in die oggende as jy opstaan, daai stink asempie, staan voor die badkamerspieël, sy stap in, 'n lekker druk, jy weet. Dit is romantiese liefde. En jy dink my asem stink, jou asem moet ook seker stink. En jy aanvaar mekaar maar net so! Ek moet jou sê in die aand kan *funny* goed gebeur. Jy word in die aand wakker, hardloop om vir Megan te gaan kry, kom terug, sy kom van die ander kant af, jy bots met mekaar – dis *actually* 'n skok dat jy besef nie dis die ander persoon nie, en dan daai *okay* 'dis net jy!' Maar dis ook alles deel van dit. En die volgende dag lag jy jou hart uit oor dit wat gebeur het. |
| | |
| Navorser | Dink jy jou prentjie van romantiese liefde is 'n ideaal of is dit werkbaar? |
| Respondent 9 | Baie werkbaar. Dis realisties. Ek luister baie keer na hoe mense *propose* en hulle het hulle soontoe gevat en daar na 'n plek toe. Ek het klein in my woonstel 'n ete gemaak en op 'n tafel uitgesit en alles reg gedoen, |

| | |
|---|---|
| | ons favourite liedjie aangesit en toe *propose* en party mense kan dink 'ag *boring'*, maar dit weereens terug by wie en wat ek is. Dis daai ekstra insit, want ek wou hê sy moet sien ek het al die pad gegaan om haar gelukkig te maak, haar gereg voor te berei, ons liedjie op te sit. En ek soek nie ander mense daar nie. Romantiese liefde en romanse is vir mekaar, dit soek nie 'n derde, vierde persoon nie. So ja jy kon nou in 'n restaurant dit gaan doen het, maar regtig waar – met 50 ander mense wat jy nie ken om jou nie, dis nie wat ek wou gedoen het nie. So ek bly 'n geweldige realis daarso. Moenie vir my sê ek moet in 'n lugballon opgaan om romanties te wees nie ... *it's not gonna happen!* Ek is te vrek bang vir hoogtes! |
| | |
| Navorser | Dink jy dat jou huweliksmaat akkomodeer jou genoeg dat jy ook haar uitdrukking van romantiese liefde as 'n realiteit ervaar? |
| Respondent 9 | Ek dink so. Ek sal nooit vir jou sê ek en Respondent 10 het die perfekte huwelik nie. Ek dink nie daar is so iets nie. Maar die feit dat ons mekaar baie goed aanvul is fantasties. Van die begin af was dit net een van daai dinge gewees. Sy bring die goed uit my uit, ek bring die goed uit haar uit. Ons baklei omtrent nooit. En baie mense kan vir jou vra is dit omdat julle kies om nie te baklei nie, is dit omdat julle verby mekaar lewe, is dit omdat julle te veel dieselfde is. Nie een van daai is waar nie. Dis maar net ons vul mekaar werklik aan van verskillende kante af. En as ek met iemand getroud was wat nie in die farmaseutiese industrie was nie, was ek tien teen een vandag al geskei. Sy vul my aan op letterlik elke aspek van my werk. Daar is ook tye wat sy in die aand by die huis kom en sy is geweldig moeg, of ek is geweldig moeg, en sy los my net dat ek net rustig kan wees, net 'n boek kan optel en lees ... |
| | |
| Navorser | Respondent 9, jy het so baie met my gedeel, en ek het die gesprek terdeë geniet. |

**Respondent 10**

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 10 vertel vir my hoe lyk jou prentjie van romantiese liefde? |
| Respondent 10 | My idee van romantiese liefde is vir my 'n rustigheid, dis 'n gevoel wat jy kry in jou hart ook, daar is iets daar, en dis sag, dis mooi, dis onderskragend. |
| | |
| Navorser | Wat is romantiese liefde nie? |
| Respondent 10 | Dis nie afkrakerig nie, daar is nie perke daarop nie, dit word nie in 'n boxsie gesit nie. Dit moet opbouend wees. Alles wat die teenoorgestelde is van opbouend is romantiese liefde nie! Dit moet jy nie afkraak nie, dit moet jou nie verkleineer nie, dit moet jou laat goedvoel, dit moet jou opbeur. Dit moet jou laat sterk voel. |
| | |
| Navorser | Jy het nou-nou vir my gesê romantiese liefde is 'n gevoel in mens se hart ook. As ek vir jou vra om hierdie gevoel 'n persoon buite jouself te maak wat daar oorkant op die bank sit, wat gaan die persoon noem? |
| Respondent 10 | Vir my is dit baie maklik, want vir my is daar net een romantiese liefde in my lewe en dit is my man Respondent 9. Dit is die prentjie wat ek sien, en dit is die gevoel wat ek kry. |
| | |
| Navorser | Wat is die eienskappe van romantiese liefde? |
| Respondent 10 | Opbeurend, opbouend, saggeaard, onderskragend, ondersteunend, mm sterk ook. *Sparkle in the eye.* |
| | |
| Navorser | As romantiese liefde vir jou die man in jou lewe is, was Respondent 9 noodwendig jou eerste ontmoeting met romantiese liefde? |
| Respondent 10 | Ja, baie duidelik! Ek het nooit op skool nie, maar hier en daar met ouens uitgegaan, maar nooit ernstig nie. Ek het net twee kere in my lewe uitgegaan, en ek het altwee kere gedink, dit is nie dit nie: *This is not the real thing.* En toe ek vir Respondent 9 ontmoet het – *well* ons het mekaar geken en gesien by die werk – maar ek het niks van hom af geweet nie, en het glad nie kontak rerig met mekaar gehad nie. Toe ons die eerste aand uitgaan en ons begin met mekaar te gesels, aan die einde van daai aand toe het ek geweet dis dit! |

| | |
|---|---|
| Navorser | Hoe het dit gevoel? |
| Respondent 10 | Dis 'n baie sterk gevoel. Ek voel nou nog baie sterk daaroor. Baie mm 'n sterk gevoel wat jy absoluut voel jy blom. Dit voel net so reg, dis net so ... |
| | |
| Navorser | Jy laat my nou aan 'n song van Nicolas Louw dink wat sê: As jy langs my staan voel ek sterk en als voel reg! |
| Respondent 10 | Ja, dis 'n rustigheid in my gemoed, 'n opgewonde rustigheid. Ek voel nou nog presies dieselfde as wat ek daai aand daaroor gevoel het. Dit het nog niks vir my verander nie. As ek van Respondent 9 praat ook, dan voel ek nog elke keer daai gevoel in my hart. Dit is dit, en ek is so gelukkig om dit te kan weet. |
| | |
| Navorser | Respondent 10 hoe het Respondent 9 - romantiese liefde - homself aan jou voorgestel? |
| Respondent 10 | Ek sou nie sê hy het enige iets ander gedoen as die ander ouens nie – vir my was dit, ek weet nie, dit was net daai wete, daai sekerheid, daai gemak. Ek meen jy kom uit verskillende huise, verskillende agtergronde, jy kom met soveel dinge saam met jou in 'n verhouding ingestap ook. En die goeters wat ek daar gesien het en wat ek daar gevoel het, is vir my baie moeilik om dit vir jou te beskryf. Die romantiese liefde wat ek voel vir Respondent 9 is moeilik om te beskryf hoe voel dit of hoe lyk dit. |
| | |
| Navorser | Respondent 10, ons idees of gedagtes het gewoonlik 'n oorsprong, dit word onderlê deur iets, wat onderlê jou idees van romantiese liefde. Waar het jy oor romantiese liefde leer dink soos jy daaroor dink? |
| Respondent 10 | Ek dink in 'n groot mate sekerheid. Sekerheid dat maak nie saak wat gebeur nie, maak nie saak hoe dinge in jou lewe vorentoe uitval of hoe dit bymekaar kom nie. Ek dink dit kom baie van my Ma en Pa af ook. Die wete en die sekerheid dat hoe slegs dit ook al gaan en wat ook al met jou gebeur in jou lewe dat die liefde is altyd daar, en daai persoon is altyd daar vir jou, Dis daai sekerheid wat dit saam met dit dra. So romantiese liefde het vir my baie met sekuriteit en sekerheid te doen. |

| | |
|---|---|
| Navorser | Vertel vir my meer oor jou Ma en jou Pa se voorbeeld. |
| Respondent 10 | My Ma en Pa het baie anderste lewens. My Pa is 'n besigheidsman, met sy eie besigheid. Hy is baie betrokke met dit, baie ekstroverties, baie *social* en my Ma is ook baie *social*, maar sy was 'n huisvrou, sy weet niks van die besigheid nie. So hulle wêrelde is baie verskillend van mekaar, en tog hoewel hulle so uiteenlopend ver weg is, en hulle partykeer so verby mekaar lewe eintlik, is hulle nog steeds altyd baie lief vir mekaar. Daar was nog nooit 'n tyd wat ek kon sê ek wonder of hulle nog lief is vir mekaar nie. Daar was tye wat dit moeilik gegaan het, en ons deur diep goeters is en alles, maar hulle was altyd lief vir mekaar en maak nie saak wat nie jy maak dit werk, jy werk daaraan!! |
| | |
| Navorser | As jy sê jou ouers was altyd lief vir mekaar is daar in jou gedagtes 'n verskil tussen liefde en romantiese liefde? |
| Respondent 10 | Ja, romantiese liefde is iets wat tussen twee persone is. Ek meen jy kan vir mekaar liefwees, maar romantiese liefde is meer. Dit is die daad by die woord sit, mm in terme van om te wys jy is lief vir daardie persoon, en dis wat jy kommunikeer aan die wêreld ook. Vir my is daar net een, daar is net een romantiese liefde. En jy moet vir die wêreld wys, dit is my romantiese liefde! Dit is baie maklik om te sê ek is lief vir jou. Maar jy moet daad by woord sit vir my, in my siening en dan ook die feit... ja dit is een persoon en jy wys dit en daai spark is daar! Dis daai ietsie anderste en daai vlammetjie wat jou aan die gang moet hou. Daai gevoel in jou maag, daai vlinder in jou maag, daai gevoel. |
| | |
| Navorser | Is romantiese liefde vir jou baie omvattend? |
| Respondent 10 | Ja! |
| | |
| Navorser | Behalwe jou ouers se voorbeeld, was daar ook ander dinge wat jou ideës oor romantiese liefde help vorm het? |
| Respondent 10 | Dis vir my 'n baie mooi ding om te sien in'n *couple*. Ek soek dit! As ek 'n *couple* ontmoet ek soek dit uit. Ek sal gaan kyk, en jy kan sien bv |

| | |
|---|---|
| | goeie vriende van ons, as Wim na Ingrid kyk hy sien nie net vir Ingrid nie, dit is sy romantiese liefde. En jy kan dit sien in hulle altwee en hulle leef dit elke dag uit. So vir my is dit baie *visual*, en ek soek dit uit in mense ook! |
| | |
| Navorser | Vertel vir my of boeke, flieks, of kommunikasie met ander mense enigsins 'n invloed gehad het op jou siening van romantiese liefde! |
| Respondent 10 | Glad nie!! (Sy sê dit met 'n beslistheid.) Vir my, romantiese liefde ... ek meen flieks en boeke is alles fiksie,dis nie wat rerig gebeur nie. Vir my is dit iets wat jy sien in mense. Ek kom uit 'n baie groot familie uit. My Pa is een van 5 kinders. En met die drie boeties is baie gekuier. Elke naweek het al ons nefies en niggies gesien en die drie boeties het bymekaar gekom. En al drie daai *couples*, die liefde wat hulle vir mekaar gehad het, is my verwysingsraamwerk. Ek meen een van die *couples* het op 'n stadium geskei, en hulle is nou weer terug bymekaar. Ek dink nie enige van die ander faktore het enigsins vir my 'n prentjie geskep nie, my prentjie was van daai samesyn! Ek kan ook nie sê my ouers se prentjie is ons prentjie nie, ons prentjie werk heeltemal anderste. En is dit die prentjie wat ek in my kop gehad het? Dit is soveel meer as wat ek in my mooi gehad het. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my hoe verskil die twee prentjies. |
| Respondent 10 | My Ma-hulle het elkeen hulle eie lewens en hulle gaan elkeen op hulle eie aan. Hulle kry mekaar so hier en daar. Hulle *touch base*. Hulle het altwee baie besige lewens en hulle altwee baie *sociable* op verskillende maniere. Tog pas hulle perfek bymekaar. Ek meen die een vul die ander se swak punte en vice versa. En ons prentjie weer, ek dink ons kommunikeer 'n 1000 keer meer met mekaar, en ons weet en ons voel baie sterk oor mekaar en ons sê dit baie! Waar ek dink my Ma-hulle nie altyd doen nie. Die sekuriteit is daar en die sekerheid is daar, maar hulle praat nie baie daaroor nie. |
| | |
| Navorser | Het jou geestelike agtergrond of jou geloof 'n invloed gehad op jou siening van romantiese liefde? |

| | |
|---|---|
| Respondent 10 | Ek sou definitief ja sê. Meer in terme daarvan dat die geestelikheid en die godsdiens wat jy beoefen moet dieselfde wees. En daaroor voel ek baie sterk. Selfs klein goetertjies. Ek meen jou godsdiens is jou kultuur. Dis wie jy is, en wat jy is, en hoe jy dinge doen, en hoe jy dinge sien. Ek meen as daai fundamental blokke nie dieselfde gaan wees nie, gaan jy teenoorgestelde reaksie op elke ding hê wat gebeur. So, daarmee saam is ekstra konflik. Kry dieselfde blokke om mee te bou, en jy gaan dinge soveel makliker maak |
| | |
| Navorser | Respondent 10 dink jy ons het in 'n kultuur grootgeword wat romantiese liefde ondersteun? |
| Respondent 10 | Nee, en ek dink dit is half erger hoe ouer jy word. As ek dink aan my vriend op skool ook, daar is baie min van hulle wie se ouers die samesyn en sekuriteit gehad het. Daar is soveel van hulle wat kom uit gebroke verhoudings of geskei huise, en daar is 'n hele klomp van hulle wat uit 'n huis gekom het, waar daar 'n ma en 'n pa is, maar die ma en pa baklei so hulle betoon geen liefde, of romantiese liefde vir mekaar nie. Dit breek die huishouding eintlik op. Ek dink dit is 'n tendens wat al hoe meer gebeur. As ek kyk na onsself ook, dit is so maklik om van die bus af te val. Want ons is in maatskappye en werke waar jy socialise saam met die werk die hele tyd sonder jou lewensmaat. Ek bedoel wat 'n konferensie byvoorbeeld. Jy gaan partytjie die hele nag deur, daar is baie drank, die romantiese settings is oral – die kerslig en jy trek jou mooi aan die aand. Dit skep baie geleenthede. En as jy nie daai absolute sekerheid het nie in jou hart, en weet ek het soveel meer, wil ek dit rerig opbreuk. Wil ek rerig hierdie wat ek het, hierdie liefde en hierdie persoon en hierdie samesyn. Wil ek dit regtig op die spel sit. Baie ouens val in daai gat. In ons samelewing is daai en geskei en met daai een getroud. Nie dat dit in my eie opinie my sienings beïnvloed nie, maar TV was ook nog nooit so baie in mense se gesig soos vandag nie. |
| | |
| Navorser | Respondent 10 wat is die *significance* van romantiese liefde? |
| Respondent 10 | Dit maak van jou 'n sterker en beter persoon. En ek ken nou iemand ook, en as ek na haar kyk, hoe sy is – sy is nou onlangs geskei en sy is nie meer dieselfde persoon nie - ek bedoel daar is baie hartseer en dinge ook |

| | |
|---|---|
| | wat daarmee saamgaan. Maar ek voel as jy daai liefde en onderskraging het maak dit van jou 'n sterker en beter persoon. Jy het rustigheid in jou gemoed, jy kan die lewe aanpak met daai rustigheid en daai kalmte in jou gemoed. |
| | |
| Navorser | Vertel vir my wat jy dink van die rol van romantiese liefde? |
| Respondent 10 | Romantiese liefde is iets wat jy aan moet werk die hele tyd, jy moet dit nooit laat gaan nie, jy moet nooit dit net los ook nie, en jy moet konstant daaraan werk. Dis partykeer goed om te gaan sit, en dinge net agtermekaar te sit en te kan weet wat jy het. Jy kan nie terugsit en niks doen nie. Jy moet werk aan daai sekerheid. |
| | |
| Navorser | Wat doen jy om romantiese liefde aan die lewe te hou? |
| Respondent 10 | Jy moet dit wys vir die persoon, vir my is romantiese liefde in dade. In klein sowel as groot dade en ek sal vir jou 'n voorbeeld ook noem. Ek meen in my en Respondent 9 se situasie. Ons het altwee baie vol lewens en ons het altwee baie besige werksgoeters wat aan is. En jy is so moeg en so gedaan aan die einde van die dag. Die kleinste dingetjie, die kleinste bietjie hulp en onderskraging kan vir jou soveel beteken. Ek kan moeg van die werk af kom, en Respondent 9 sou al die kinders gebad het, en ek kan net gou die kossies maak en ons is klaar, of mm, ag ek weet nie daar is net soveel klein goedjies. Ek meen daai drukkie in die oggend is vir my baie belangrik. As mens rerig af voel, as jy moedeloos is en jy weet nie meer of jy kom of gaan nie en jy kan die telefoon optel en sê: 'ek wens jy was hier!' Dit is vir my baie belangrik. Jy sê en jy doen dit op baie verskillende maniere. Jy leer daai persoon so goed ken, jy kan sien hier kom hy nou by die deur ingestap en ek meen ek kan al vir Respondent 9 op soveel maniere lees en weet presies hoe hy voel. Ek weet nou bietjie pressure opsit, of nou moet ek heeltemal net terugstaan. Ons baklei verskriklik min eintlik, en as ek dink daaraan – dis omdat ons mekaar so goed al kan lees. Ons het nie nodig om alles te verander nie. Hierdie persoon is wie hy is en wat hy is en jy is lief vir hom soos hy is, jy wil hom nie verander nie. |
| | |

| | |
|---|---|
| Navorser | Respondent 10 het jou prentjie van romantiese liefde oor tyd verander? Kom ons sê byvoorbeeld van voor jou huwelik af tot na jou huwelik? |
| Respondent 10 | Daar is 'n basis wat dieselfde bly, daar is sekere goed wat ek dink jy altyd nodig het, maar dit raak meer en minder soos wat jou lewe aangaan. |
| | |
| Navorser | Verduidelik vir my die meer en minder ... |
| Respondent 10 | Toe ek en hy net getroud was, was dit vir my so belangrik om baie tyd saam met hom te spandeer, om al die goed saam te doen, en om saam te wees. Ons het verskriklik baie moeite met mekaar gedoen eintlik. En as jy kinders kry dan raak dit so besig dat jy nie meer by al hierdie goeters uitkom nie. Jy moet 'n ander manier kry om daai kontak met mekaar te kan maak. My siening sou ek sê, bly basies dieselfde, maar partykeer sou ek sê het jy bietjie meer ander goeters nodig. Soos die lewe aangaan en jy groter en volwasser word, het jy miskien minder van een ding nodig en meer van 'n ander ding nodig. Tyd byvoorbeeld het ek in die begin baie nodig gehad, en nou weet ek hy is lief vir my, hy gaan lief vir my en ons is getroud en ons is lief vir mekaar, daar is niemand anders nie, so ek het nie al hierdie tyd en bewyse nodig nie. Ek het meer sekerheid nou so daar is nou net daai lekker stywe vet druk in die oggend nodig – dit is genoeg, ek weet die liefde bly daar. |
| | |
| Navorser | Dink jy dat jou en Respondent 9 se siening van romantiese liefde verskil? En indien dit verskil hoe verskil dit? |
| Respondent 10 | Ek is seker daarvan dit sal verskil, ek bedoel mans en vrouens is baie verskillend. EK is 'n baie – ek het baie gevoel – ek voel baie. Baie groen persoonlikheid, very amiable, waar Respondent 9 is weer – persoonlikhede speel 'n baie groot rol ook – mans en vrouens doen dinge op 'n ander maniere. Die klein goetertjies wat ek partykeer sal raaksien weet ek sal hy nie eers weet wat dit is of hoe dit is, dit maak vir hom glad nie saak nie. |
| | |
| Navorser | Hoe dink jy kommunikeer jy romantiese liefde aan Respondent 9? |
| Respondent 10 | Ek dink hy het nodig om dit te hoor – ek sê baie vir hom ek is lief vir hom, ons sê dit baie vir mekaar! |

| | |
|---|---|
| Navorser | Wat laat hom nog spesiaal voel? |
| Respondent 10 | Ek dink dade ook – hy sal byvoorbeeld vir my 'n aand weggee om te gaan vir 'n *massage* en allerhande pampering, en ek dink hy hou ook van sulke goeters. Om hom bietjie te *spoil* sal hom laat spesiaal voel, en mm .... ek dink vir hom is dit ook baie belangrik om sy spasie te hê. Hy het nodig om so nou en dan sy plekkie te hê waar hy kan heengaan. Romantiese liefde vir hom, is om hom dit te kan gee. Om vir hom te sê gaan *gym* vir 'n uur en wees rustig en moenie *worry* nie – ek sal als hierso uitsorteer, ek's lief vir jou, gaan net en doen dit. En ondersteuning is vir hom baie belangrik. |
| | |
| Navorser | Respondent 10 watter verwagtings het jy van Respondent 9 gehad met betrekking tot romantiese liefde voordat julle getroud is? |
| Respondent 10 | Dat hy vir my sal liefwees ongeag wat! Wie of wat of hoe of waar dat liefde daar moet wees die hele tyd. Ek meen daar is fisiese aspekte van romantiese liefde, jy is tog aangetrokke tot 'n persoon as gevolg van fisiese goeters, maar wat aan die binnekant aangaan is baie meer belangrik, so mm my verwagtings is dat jy moet lief raak vir die persoon aan die binnekant, want ek meen die uiterlike gaan verander en dit gaan wegraak en enige iets kan gebeur dat dit van jou af weggeneem word en dan moet die liefde nog daar wees. Ek verwag dat hy my moet ondersteun en onderskraag soos wat die houe van die lewe gebeur en dan mm .... jy moet vir my lief wees vir wie ek is. Jy gaan *obviously* mekaar op 'n manier verander – maar die ding is, jy in jou kern bly jy – en dit gaan nie sommer verander nie, so aanvaar my vir wie en wat ek is. |
| | |
| Navorser | Het jou verwagtings na jou huwelik verander? |
| Respondent 10 | Nee! |
| | |
| Navorser | Wat het romantiese liefde vir jou oor jouself vertel voordat jy getroud is? |
| Respondent 10 | Ek kan onthou voordat ek vir Respondent 9 ontmoet het was ek vir twee en 'n halfjaar op my eie gewees nê, en daai geweldige alleen wees was |

| | |
|---|---|
| | vir my verskriklik. Ek meen jy het vriende en familie – ek het altyd klomp mense om my gehad maar ek was stoksiel alleen. Dit was vir my so dowwe, depressiewe alleenheid gewees en mm... die aand toe ek vir Respondent 9 ontmoet, toe weet ek dit is die einde daarvan. Hy is my sielsgenoot, en my beste vriend en die persoon wat my half kan volmaak . Hy maak my 'n beter en sterkter persoon. Voor ek Respondent 9 ontmoet het was daar 'n leemte, en toe ek hom ontmoet het was daar 'n daadwerklike verskil. |
| | |
| Navorser | Hoe beïnvloed romantiese liefde julle huidige verhouding? |
| Respondent 10 | Partykeer is dit so maklik om uitmekaar uit te leef. Ek bedoel jy het al hierdie goed wat rondom jou gebeur. Romantiese liefde op die oomblik hou ons bymekaar. Ongeag van al die ander dinge wat om ons gebeur – dit hou ons bymekaar! |
| | |
| Navorser | Dink jy julle het 'n invloed op romantiese liefde? |
| Respondent 10 | Ek sou se ja, behalwe dat dit ons romantiese liefde is, dit is wat dit vir ons simboliseer, dis ons prentjies en ons lewens. Maar dit is ook wat ons uitdra na buite toe, dit is wat ons vir ons kinders leer, dit is wat ons kinders by ons sien. Dis daai ding van mense wat jy ken wat na jou toe kom wat vir jou sê: 'joeg, julle is so mooi *couple*'. Ons is nie spesiaal of mooi of niks nie, dis ons liefde wat hulle sien, dis die romantiese liefde tussen ons. |
| | |
| Navorser | Is romantiese liefde 'n werklikheid, of is dit net 'n ideaal? |
| Respondent 10 | Vir my is dit 'n groot werklikheid. Daai soek wat ek gehad het, daai leemte, daai alleen wees. 'n Vriendin van my Ma het eenkeer vir my gevra: 'as jy nou enige iets kan vra, wat wil jy hê?' en ek het gesê, ek wil die liefde van 'n ander persoon hê, ek soek daai romantiese liefde. En soos ek sê die dag toe ek vir Respondent 9 ontmoet het toe het ek gekry wat ek wou gehad het en dit is nog steeds so! As ek aan Respondent 9 dink is die gevoel in my hart nog steeds dieselfde as daai eerste dag, dit het net meer innig geword, en dit is op 'n ander vlak ook nou. En jy leer hom ken nie meer as die enkellopende jong man op sy eie |

| | |
|---|---|
| | nie, dis die gevoel wat ek kry as ek aan hom dink as die Pa van my kinders, dis die gevoel wat ek kry as ek dink aan my beste vriend. |
| | |
| Navorser | Is romantiese liefde in 'n mens se lewe nodig? |
| Respondent 10 | O ja! Jy kan nie sonder dit nie. Ek kan nie sonder dit nie, ek het dit nodig. Ons is gemaak om deel te wees van mekaar, gemaak om hierdie wonderlike lewe te kan hê. As iemand vir my vra is dit die prentjie wat ek in my kop gehad het, toe ek gedink het aan getroud wees, kan ek net sê dit is BAIE MEER, dit is vir my tien keer meer as wat ek ooit gedroom het dit kan wees. So ek kan nie sonder dit leef nie! |
| | |
| Navorser | Is daar enige iets anders wat jy vir my wil vertel oor romantiese liefde uit Respondent 10 se oogpunt uit? |
| Respondent 10 | Dis 'n baie moeilike ding om in woorde uit te druk, maar uit my oogpunt uit is dit, dit wat my volmaak maak. Dit gee vir my sekuriteit en selfvertroue. En selfvertroue is vir my baie belangrik. As ek vir my kinders een ding kan gee in die lewe dan is dit om te weet oor selfvertroue en om te weet daar is mense wat lief is vir jou! Dit is om te kan weet dat 'n persoon vir jou so lief is, en jy moet dit koester, jy moet werk daaraan, jy moet dit beskerm maak nie saak wat die risiko's is nie. Weet wat jy het daarin en hou vas daaraan! Wat jy daar uit kry is wat die ander persoon daaruit kry. Dit werk na beide kante toe. |
| | |
| Navorser | Baie dankie Respondent 10, jy is 'n baie bevoorregte vrou! |